# PASTORALE TERAPIE AAN
# DIE PERSOON BO TAGTIG JAAR

deur

Roelof de Wet

Voorgelê ter voldoening aan die vereistes vir die graad

PHILOSOPHIAE DOCTOR

in die

Fakulteit Teologie: Departement Praktiese Teologie

aan die Universiteit van die Vrystaat

Bloemfontein

Promotor: Prof. Jan-Albert van den Berg

2010

************************

Opgedra aan Maria,  my eggenote en steunpilaar, wie se aanmoediging en positiewe gesindheid ‘n inspirasie was in die uitvoering en voltooiing van die studies.

************************

“Wie sal ‘n deugsame vrou vind? Want haar waarde is ver bo korale” (Spreuke 31:10)

****************************************************

# Verklaring

Ek verklaar dat die proefskrif wat hierby vir die graag Philosophiae Doctor aan die Universiteit van die Vrystaat deur my ingedien word, my selfstandige werk is en nie voorheen deur my vir `n graad aan `n ander universiteit/fakulteit ingedien is nie. Ek doen voorts afstand van die outeursreg in die proefskrif ten gunste van die Universiteit van die Vrystaat.

…………………… ……………………

R. de Wet Datum

# DANKBETUIGING

BY DIE VOLTOOIING VAN HIERDIE STUDIE LOF EN DANKSEGGING AAN DIE VADER IN JESUS CHRISTUS: O DIEPTE VAN DIE RYKDOM EN WYSHEID EN KENNIS VAN GOD! HOE ONDEURGRONDELIK IS SY OORDELE EN ONNASPEURLIK SY WEË! (ROM. 11: 33-36).

MY DANK AAN DIE VOLGENDE PERSONE EN INSTANSIES SONDER WIE DIE STUDIE NIE MOONTLIK SOU WEES NIE:

1. Aan ouers wat nie meer daar is nie, vir ‘n ouerhuis en ‘n geloofsgrondslag gelê waarop voortgebou kon word;
2. Aan prof. Jan-Albert van den Berg vir bekwame en toegewyde studieleiding, asook vir mededosente en -studente wat bygedra het tot groei en vorming;
3. Aan Maria vir haar meelewing en daadwerklike betrokkenheid, asook aan ons kinders en kleinkinders vir hulle ondersteuning;
4. Aan medegelowiges, familie en vriende, en in die besonder aan ds. Gerhard en Mollie Kemp, vir hulle belangstelling en ondersteuning;
5. Aan prof. Gert Mouton vir kundige en uitstekende taal- en tegniese versorging;
6. Aan die Fakulteit Teologie vir beurse wat toegeken is;
7. Aan die biblioteekpersoneel vir onontbeerlike hulp en bystand.

# INHOUD

Verklaring…….. ........................................................................................iii
Dankbetuiging…… ..................................................................................iv
HOOFSTUK 1: NAVORSINGSPROBLEEM EN DOELSTELLING…………………1
1.1 Navorsingsterrein ...........................................................................2
1.1.1 Fokus op persone bo 80 jaar............................................................2
1.1.2 Verstaan – 'n algemeen-menslike behoefte ..........................................3
1.1.3 Diakoniologiese uitgangspunt .........................................................4
1.1.4 Ontwikkeling van die tema ..............................................................7
1.2 Die navorsingsprobleem...................................................................8
1.3 ‘n Verwysingsraamwerk vir navorsing ................................................14
1.3.1 Paradigma en epistemologie..........................................................15
1.3.2 ‘n Paradigmaskuif.........................................................................15
1.3.3 Die paradigmabeginsel..................................................................17
1.3.4 Modernisme en postmodernisme ....................................................17
1.4 ‘n Christelik-wysgerige perspektief....................................................18
1.4.1 Relevansie ...................................................................................18
1.4.2 Christelik-wysgerige uitgangspunte.................................................19
1.5 Metodologie....................................................................................22
1.5.1 Die Teologie as vakwetenskap ........................................................22
1.5.2 Die Praktiese Teologie ...................................................................24
1.5.3 Pastorale beraad of berading ..........................................................25
1.5.4 Pastorale terapie ...........................................................................27
1.5.5 Pastorale narratiewe terapie ...........................................................28
1.5.6 Diakoniologiese posisionering.........................................................30
1.5.6.1 Betekenis en ontwikkeling............................................................30
1.5.6.2 Diakoniologie as prakties-teologiese vertrekpunt.............................32
1.5.6.3 Voorbehoude rakende die diakoniologiese benadering ....................33
1.5.7 “Postfoundationalism” ....................................................................36
1.5.7.1 Rasionaliteit as skakel tussen wetenskap en teologie ......................37
1.5.7.2 Transversale kommunikasie ..........................................................38
1.5.7.3 Praktykteologiese toepassing ........................................................40
1.5.8 Evaluering ....................................................................................42
1.6 Basis-, meta- en prakties-teoretiese uitgangspunte as hermeneutiese lense.46
1.7 Navorsingsmetodes.........................................................................49
1.7.1 Literatuurstudie .............................................................................49
1.7.2 Kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsing ..........................................49
1.7.3 Deelnemendeaksienavorsing..........................................................51
1.7.4 Beperkings ...................................................................................52
1.8 Navorsingsdoelstellings...................................................................52
1.9 Navorsingsplan...............................................................................53
1.10 Samevatting ..................................................................................55

HOOFSTUK 2: HERMENEUTIESE TEORIE EN PASTORALE MODELLE IN DIAKONIOLOGIESE PERSPEKTIEF ............................................58

2.1 ‘n Hermeneutiese denkraamwerk ............................................58
2.1.1 Die historiese ontwikkeling van metateoretiese hermeneutiese uitgangspunte ............................................59
2.1.1.1 Schleiermacher ............................................60
2.1.1.2 Dilthey ............................................61
2.1.1.3 Heidegger ............................................62
2.1.1.4 Gadamer ............................................63
2.1.2 Evaluering ............................................63
2.2 ‘n Sistemiese benadering ............................................64
2.3 Beklemtoning van die narratiewe benadering en storievertelling ............................................72
2.3.1 Paul Ricoeur............................................72
2.3.1.1 Die narratief in hermeneutiese perspektief............................................73
2.3.1.2 Evaluering ............................................76
2.3.2 Slot ............................................80
2.4 Postmodern-geïnformeerde epistemologie en die pastoraat ............................................80
2.4.1 Breë tendense van die postmodernisme ............................................80
2.4.2 Postmoderne narratiewe konsepte ............................................81
2.4.2.1 Metafoor en hermeneutiek ............................................81
2.4.2.2 Taal, hermeneutiek en dekonstruksie............................................82
2.4.2.3 Eksternalisering en hermeneutiek ............................................84
2.4.2.4 Unieke uitkomste............................................85
2.4.2.5 Sosiaal-konstruksionisme en hermeneutiek ............................................87
2.4.3 Samevatting ............................................88
2.5 Pastorale modelle diakoniologies beoordeel en toegepas............................................89
2.5.1 Diakoniologiese benadering ............................................89
2.5.2 Boisen se siening van die mens as lewende dokument ............................................90
2.5.3 Thurneysen se kerugmatiese model ............................................91
2.5.4 Rogers se kliënt-gesentreerde, non-direktiewe benadering ............................................94
2.5.5 Hiltner se eduktiewe model ............................................95
2.5.6 Adams se noutetiese reaksiemodel............................................98
2.5.7 Evaluasie............................................100
2.6 Indeling van pastoraal-terapeutiese modelle ............................................101
2.7 Samevatting............................................102

HOOFSTUK 3: PASTORAAL-TERAPEUTIESE FOKUS DEUR VERSKILLENDE LENSE OP DIE PERSOON BO 80 JAAR............................................103

3.1 Metateoretiese gerontologiese uitgangspunte ............................................103
3.1.1 Veroudering in die wêreld en in Suid-Afrika............................................104
3.1.2 Aftreeteorieë............................................106
3.1.3 Wins en verlies wat met die ouderdom gepaard gaan............................................108
3.1.3.1 Verlies ............................................109
3.1.3.2 Wins vir die ouer persoon............................................112
3.1.4 Ouderdomsfases ............................................115
3.1.4.1 Die eerste fase (65 -- 73 jaar) ............................................115
3.1.4.2 Ouer persone in die middelgroep (73-80)............................................117
3.1.4.3 Ouer persone in die groep bo tagtig jaar ............................................118

3.1.5 Taakvervulling by die ouer groep ....120
3.1.6 Pastorale terapie aan die demensielyer, in besonder aan diegene met Alzheimer se siekte....121
3.2 Pastoraal-terapeutiese uitgangspunte met klem op 'n teologiese basis-teoretiese lens ....123
3.2.1 Basisteoretiese pastorale terapie buite gemeenteverband....124
3.2.2 Basisteoretiese uitgangspunte en die hulpdissiplines ....125
3.2.3 Die pastorale gesprek ....126
3.2.4 Bipolêre spanning: basisteoretiese verantwoording ....129
3.2.5 Bipolariteit: hermeneutiese benadering en pneumatologie ....131
3.2.6 Die strewe na geloofsvolwassenheid ....133
3.2.7 'n Eskatalogiese perspektief....134
3.2.8 Godskonsepte in hermeneutiese benadering....135
3.2.9 Pastorale sorg en antropologie ....136
3.2.9.1 Geskape na Gods beeld ....137
3.2.9.2 In sonde ontvang en gebore ....139
3.2.9.3 Nuut geskep in Jesus Christus....140
3.3 Praktiese toepassing van pastoraal-terapeutiese uitgangspunte....141
3.3.1 Oriënterende meningsopname ....141
3.3.2 Profiel van inwoners ....142
3.3.3 Terugvoering ....143
3.3.4 Resultate ....143
3.3.5 Opmerkings in vraelysantwoorde ....144
3.4 Navorsingsverslag: Elise ....145
3.4.1 Eerste waarnemings deur verskillende lense ....147
3.4.1.1 Buitelyne van 'n dominante verhaal ....147
3.4.1.2 'n Alternatiewe verhaal neem vorm aan ....151
3.4.1.3 Elise se gemoedstoestand in basisteoretiese, metateoretiese en praktykteologiese narratiewe konteks....153
3.4.1.4 Dekonstruksie en eksternalisering ....154
3.4.2 Perspektiewe op Elise se gemoedstoestand deur 'n metateoretiese psigologiese lens ....154
3.4.2.1 Raadpleging van literatuur rakende "PTSD"-simptome....155
3.4.2.2 Hantering van ander sake wat aandag benodig het....156
3.4.3 Gesigspunte deur 'n basisteoretiese lens....157
3.4.3.1 Skrifoordenking ....157
3.4.3.2 Bemoediging deur praktiese wendings....158
3.4.3.3 Basisteoretiese antwoorde op die misterie van lyding....158
3.4.4 Verdere perspektiewe deur 'n praktyk-teologiese lens ....160
3.4.4.1 Geestelike volharding ten spyte van breuk met die kerk ....160
3.4.4.2 Die terapeutiese waarde van herinnering....161
3.4.4.3 Verwoording van positiewe gedagtes in gedigte ....161
3.4.4.4 Die waarde van gekoesterde verhoudings ....162
3.4.5 Samevatting ....163

HOOFSTUK 4: VOORTSETTING: PASTORAAL-TERAPEUTIESE FOKUS DEUR VERSKILLENDE LENSE OP DIE PERSOON BO 80 JAAR ..................164

4.1 ‘n Narratiewe prakties-teologiese lens ....164
4.1.1 Bipolariteit in ‘n sirkulêre model ....165
4.1.2 Praktiese teologie as model vir die teologie ....166
4.1.3 Kontekstuele denkraamwerk ....166
4.1.4 Aard van die hermeneutiese pastoraat ....167
4.1.5 Verruiming van hermeneutiese paradigma tot ‘n eko-hermeneutiese paradigma ....168
4.1.6 Die ervaring van sin as doel ....170
4.1.7 Verandering deur “narratiewe betrokkenheid” ....171
4.1.8 Konstruktivisme en sosiaal-konstruksionisme ....172
4.1.9 Ontwikkeling van ‘n “postfoundationalist” praktykteologiese benadering....174
4.2 Navorsingsverslag 2: Sylvia....175
4.2.1 Perspektiewe deur verskillende lense ....178
4.2.2 Die aanwending van metateoretiese psigoterapeutiese tegnieke in ’n prakties-teoretiese benadering ....186
4.2.2.1 Dekonstruksie ....186
4.2.2.2 Eksternalisering en unieke uitkomste....188
4.2.2.3 Versterking van alternatiewe verhaal ....190
4.2.3 Samevatting van metateoretiese psigoterapeutiese aspekte by Sylvia....190
4.2.4 ‘n Sosiaal-konstruksionistiese benadering....191
4.2.4.1 Diakoniologiese perspektiewe op die waarde van ‘n sosiaal-konstruksionistiese (MIV-positiewe) prakties-teologiese benadering ....194
4.2.4.2 Prinsipiële besinning oor die relevansie vir die huidige navorsing van ’n M.I.V.-positiewe prakties-teologiese benadering....198
4.3 Praktyktoepassing van aspekte van ‘n pastoraat van narratiewe betrokkenheid ....199
4.3.1 Praktiese toepassing van verskillende vorms van die verhaal....199
4.3.2 Praktiese toepassing van verskillende aanwendings van die verhaal ....201
4.3.3 Evaluasie....205
4.4 Navorsingsverslag 3: Joan ....206
4.4.1 Perspektiewe deur ‘n basisteoretiese lens ....208
4.4.2 Perspektiewe deur ‘n prakties-teoretiese lens ....210
4.4.3 Perspektiewe deur ‘n metateoretiese lens....213
4.5 Navorsingsverslag 4: Kallie ....214
4.5.1 ‘n Basisteoretiese hermeneutiese lens....215
4.5.2 ‘n Prakties-teoretiese hermeneutiese lens....216
4.5.3 ‘n Metateoretiese hermeneutiese lens....219

HOOFSTUK 5: EVALUERENDE OORSIG .......... 220

5.1 Sistemiese samehang .......... 221
5.2 Die pastoraat aan die persoon bo 80 benader uit verskillende perspektiewe .......... 223
5.3 Pastoraal-terapeutiese toepassings .......... 224
5.3.1 Indrukke ervaar deur 'n basisteoretiese lens .......... 225
5.3.2 Indrukke ervaar deur 'n praktiesteoretiese lens .......... 226
5.3.3 Indrukke ervaar deur 'n meta-teoretiese lens .......... 227
5.4 Persoonlike posisionering binne die Praktiese Teologie .......... 227
5.5 Bereiking van die navorsingsdoelstellings .......... 228
5.5.1 Werkswyse .......... 228
5.5.2 Aanwending van 'n hermeneutiese benadering .......... 229
5.5.3 Pastorale terapie en die hermeneutiese benadering .......... 229
5.5.4 Praktyktoepassing en teoretisering .......... 230
5.5.5 Vernuwing deur herinterpretasie van lewensverhale .......... 230
5.5.6 Aanwending van prakties-teoretiese uitgangspunte .......... 231
5.6 Die waarde van die studie vir die pastoraal-terapeutiese sorg aan die persoon bo 80 jaar .......... 232
5.7 Die navorser en die navorsing .......... 232

BIBLIOGRAFIE .......... 234

OPSOMMING (Afrikaans) .......... 255

ABSTRACT (English) .......... 257

LYS VAN FIGURE

Figuur 1: Skrifgefundeerde paradigmatiese verwysingsraamwerk .......... 20
Figuur 2: Pastoraal-terapeutiese benaderings .......... 47
Figuur 3: Hermeneutiese pastoralesorgmodel .......... 131
Figuur 4: Die kommunikatiewe pastoraat .......... 168

LYS VAN TABELLE

Tabel 1: Vraelyste beskikbaar gestel en respons .......... 143

TREFWOORDE .......... 259

KEYWORDS .......... 260

# HOOFSTUK 1

## NAVORSINGSPROBLEEM EN DOELSTELLING

Hierdie studie fokus op die behoefte aan pastorale berading en terapie aan die groeiende getal persone bo die ouderdom van 80 jaar. Metodologies verteenwoordig basis-, meta- en prakties-teoretiese uitgangspunte beskouings wat komplementerend bydra tot 'n pastoraal-terapeutiese geheelbeeld. Die navorsing geskied vanuit 'n diakoniologiese posisionering wat Jesus Christus as Hoof van die kerk in die sentrum van alle kerklike aktiwiteite plaas. Hierdie posisionering is dus normerend in die wyse waarop die verskillende lense aangewend word om na te gaan waaraan pastorale berading aan die bo-tagtigers behoort te voldoen.

Die toepassing van bogenoemde benadering in die praktyk geskied deur deelnemendeaksienavorsing van inwoners in 'n aftreeoord. Gespreksgenote val hoofsaaklik in die ouderdomsgroep bo 80 jaar. Vanuit die perspektiewe wat die verskillende lense bied, en met inagneming van die besondere behoeftes en kontekste van gespreksgenote, word verslag gedoen oor pastoraal-terapeutiese behoeftevervulling en bevindings in 'n narratiewe benadering.

In hierdie hoofstuk word die navorsingsterrein kortliks aangedui, asook die redes waarom 'n behoefte aan navorsing juis op hierdie gebied ervaar word. Die pastorale posisionering van die navorser en die metodologiese benadering word geskets. In hierdie verband word die aanwending van verskillende pastoraal-terapeutiese uitgangspunte as lense op die problematiek in die vooruitsig gestel. Die redes vir die fokus van die studie op bejaardes bo 80 jaar word aangedui in die lig van tendense in bevolkingstatistiek.

Verder word aandag gegee aan die hoofmomente in die verloop van die navorsing. Fasette wat aangeraak word, is die effek van die paradigmaskuif van modernisme na postmodernisme op die pastorale terapie, die rol van paradigmatiese verwysingsraamwerke en epistemologieë in die navorsing, en sinvolle teologiese diakoniologiese aansluiting by die Christelike Wysbegeerte van die Wetsidee.

## 1.1 Navorsingsterrein

Beginnende as ‘n strewe na korrekte begrip van religieuse geskrifte, het die hermeneutiek ontwikkel tot ‘n wetenskaplike beginsel wat wye toepassing vind. Dit sluit aan by die algemeen-menslike behoefte om te verstaan, en het besondere relevansie vir die pastorale terapie. Die implikasies van die diakoniologiese pastorale posisionering van die navorser vir ‘n hermeneutiese benadering word kortliks toegelig.

### 1.1.1 Fokus op persone bo 80 jaar

Daar word in hierdie studie verwys na persone bo 80 jaar en bo 65 jaar om bepaalde ouderdomsgroeperinge aan te dui. Hoewel hierdie ouderdomme dikwels gebruiklike afsnypunte aandui, moet duidelikheidshalwe gemeld word dat in hierdie navorsing veronderstel word dat persone wat 80 en 65 jaar oud is by die aangeduide kategorieë ingesluit is.

In die beplanning van die studie is aanvanklik na “bejaardes” verwys om ouer persone aan te dui. Oriënterende gesprekke het daarop gedui dat die aanvaarde terminologie vandag “ouer mense” of “ouer persone” is. Voorbeelde hiervan is onlangse Suid-Afrikaanse wetgewing, naamlik die *Older Persons Act* No. 13 van 2006, en die gebruik in gerontologiese literatuur (Hoffman 2009: 1). Die ouer persone met wie in die uitvoering van die navorsing gesprek gevoer is, is persone in die aangeduide ouderdomsgroep wat in ‘n aftreeoord woonagtig is. Enige gevolgtrekkings van die empiriese studie het in die eerste plek betrekking op die betrokke individue.

Daar is ‘n toenemende bewustheid van die geweldige toename van mense in die ouderdomsgroep bo 65. Demograwe verwag ‘n toename van 50% in die getal persone bo 80 vanaf 2000 tot 2010 as gevolg van onder andere vooruitgang op mediese gebied (Kinsella & Phillips 2005: 3).

Van Suid-Afrika se bevolking van 49.7 miljoen[1] was 3.5 miljoen (7.29%) in 2008 60 jaar en ouer (Statistics South Africa 2008). Volgens projeksies sal hierdie ouer bevolking teen 2050 byna verdubbel tot 6.4 miljoen, wat 13% van die bevolking sal verteenwoordig

[1] Hoewel die Afrikaanse Woordelys en Spelreëls (2009: 35) die komma as die enigste wetlik-erkende desimaalteken vir alle getalle voorskryf, is die gebruik van die punt gehandhaaf omdat baie mense en outeurs steeds hierdie gebruik volg.

(United Nations Population Division [UNPD] 2006). Ernstige mediese kondisies soos die verlies aan mobiliteit, gehoor en sig beperk die ouer persoon se vermoë om onafhanklik te bly funksioneer. In die V.S.A. byvoorbeeld, word 18% van persone bo 65 hierdeur geraak, en die persentasie styg met ouderdom (Cox 2001: 100).

In die lig van die stygende proporsie ouer persone in die gemeenskap verdien pastoralesorgvoorsiening dringend aandag. Ernstige studie van die verband tussen godsdiens en veroudering vind eers sedert die einde van die twintigste eeu plaas (Crowther *et al* 2002: 4). Daar is ‘n bewuswording van die spesiale pastorale behoeftes van ouer persone, wat dikwels nie meer tuis versorg kan word nie. Daar is ‘n behoefte aan die instandhouding van voortgesette waarde en menswaardigheid deur kontak met leraars of beraders, en met lidmate. Om die laaste dae voor afsterwing in verlatenheid deur te bring hou vir die bejaarde persoon erger vrees in as die dood self (Gerkin 1997: 222-223.)

1.1.2 Verstaan – ‘n algemeen-menslike behoefte

Die hermeneutiek as wetenskap van verstaan is van grondliggende belang vir die pastorale terapie. Uitgaande van die strewe na korrekte begrip van vroeë religieuse geskrifte ontwikkel die hermeneutiek deur die eeue aan die hand van hierdie literêre tradisie (W.A.T. deel 4 1961: 211). Met spesifieke verwysing na die teologiese hermeneutiek dui dit op ‘n soort lees wat die “implisiete beslissings” in die kanon self respekteer:

> Dié implisiete beslissings behels onder meer dat God drie-enig is, dié lewende Drie-enige deur die Bybel praat en daardeur bekend word, dáárin dat Hy mense roep, hulle vernuwe om deel te word van hierdie roeping, en belowe dat sy Woord en roeping nie leeg sal terugkeer nie, maar in vervulling sal gaan (Smit 2006: 171).

In die huidige tydsgewrig verbreed die skopus van die hermeneutiek om in algemeen-toepaslike sin ‘n wetenskap van verstaan te word. In die sosiale wetenskappe, byvoorbeeld, word die doelstelling van die hermeneutiek bondig soos volg omskryf: “hermeneutics aims at understanding the process of understanding” (Babbie 1998: 281). Bogemelde ontwikkeling en die toepassing daarvan in die pastoraat maak die hermeneutiese benadering vir die teologie ‘n saak van aktuele belang.

Die verlange om verstaan te word, is ‘n algemeen-menslike behoefte. Die kritiese waarde van *verstaan* word deur die hermeneutiese benadering beklemtoon. In die pastoraat kan hierdie benadering gesien word as ‘n vertolkingswyse wat detail in perspektief stel en onderlinge verhoudings verhelder. Daar is wye erkenning vir die belangrikheid van verstaan vir beide die mededeler as die ontvanger van boodskappe in die kommunikasiesituasie. Stephen Covey (1999: 235) beklemtoon die belangrikheid in die bedryfsbestuursituasie van ‘n ingesteldheid wat eers strewe om te verstaan en daarna om verstaan te word. Sodoende word ‘n ongekende vlak van begrip moontlik.

Hoewel waarheid en eerlikheid in kommunikasie primêre vereistes is, speel respek vir die psigiese gevoelsaspek ‘n deurslaggewende rol. Deur *onvoorwaardelike aanvaarding* word tot die kwalitatiewe ruimte van die siel en die ervaring van *menswaardigheid* deurgedring. Die angs vir verwerping en isolasie word dan oorkom (Louw 2005a:19). Sodanige kommunikasie dui op ‘n gesindheid van onderlinge konsiderasie wat reeds ‘n onderliggende basis van begrip veronderstel. In ‘n narratiewe benadering word hierdie ingesteldheid uitgedruk in ‘n gesindheid van *narratiewe betrokkenheid* (Müller 1996:15).

In kommunikasie met die ouer persoon bo 80 jaar is *wedersydse begrip* van die grootste belang. Aanvaarding en respek vir menswaardigheid speel hierin ‘n belangrike rol, veral omdat die ouer persoon dikwels met struikelblokke te kampe het in die kommunikasie-proses. Doofheid of verswakte gehoor kan ernstige hindernisse wees. Blindheid of swak visie kan tot isolasie lei en ‘n belemmernis in verstaan word. Algemene swak gesondheid of pyn is verdere faktore wat verstaan bemoeilik.

Die behoefte aan begrip is so oud soos die mens en geld alle vlakke van die persoonlikheid. Die mens se ewigheidsbesef is deur die eeue heen uitgedruk deur die *soeke na God in die wete van verbondenheid met die Skepper* (Alberts 2002: 13,20), by Wie alleen rus gevind kan word (Augustine 1952: 1). So het die hermeneutiek ook implikasies vir die geestelike dimensie van die mens.

### 1.1.3 Diakoniologiese uitgangspunt

Vir die gelowige vorm die Skrif as Godsopenbaring die grondslag van Christelik-teologiese nadenke. Dit dien as ‘n besondere hermeneutiese bril waardeur die unieke karakter van

die geskape werklikheid vanuit ‘n geloofsperspektief oorskou word. Hierdie lens bied ‘n diakoniologiese perspektief met die Skrif as vertrekpunt. Dit verteenwoordig nie ‘n wêreldvreemde uitgangspunt nie, maar huldig wel die beginsel dat die empiriese dimensie nie die teologiese karakter oorheers nie (Brunsdon 2006: 36). Dit sluit ook aan by die diensmotief in die begrip “diakonia”, wat verwys na die offerdiens van die kerk binne sosiale en kulturele gemeenskappe in die wêreld (Louw 2008: 73).

In die teologie gaan dit om verstaan van die geloofsinhoud. Hiervolgens is geloof die belangrikste sleutel vir die verstaan van die openbaringswerklikheid (Heyns & Jonker 1977: 130). Die konsekwente toepassing van hierdie beginsels vereis ‘n teologiese basisteoretiese uitgangspunt, waarin die perke van die mens se redelike verstaanvermoë erken word. Daarom staan die onsigbare dimensie van geloof in die teologie transpsigies primêr en staan die belydenis-komponent in die diakoniologiese pastoraat sentraal. Daarteenoor figureer die menslike potensiaal fenomenologies primêr in die psigologie en staan die empiriese komponent sentraal (Louw 1999: 300). Die Skrifwoord stel die mens se kennis in geloofsperspektief:

> My gedagtes is nie julle gedagtes nie, en julle optrede nie soos Myne nie, sê die Here; soos die hemel hoër is as die aarde, so is my optrede verhewe bo julle optrede en my gedagtes bo julle gedagtes (Jesaja 55: 8, 9 Nuwe Vertaling (NV) 1983).

In die transendentale dimensie van menslike bestaan word gepoog om bokant empiriese ervaringe uit te styg met behulp van die religieuse faktore van geloof en hoop (Louw 2005a: 133). Hierdie faktore is wel in kommunikasie met ouer persone van kritiese belang.

In hierdie studie word vanuit die volgende uitgangspunte navorsing gedoen: Basisteoreties word teologies-wetenskaplik verantwoording gedoen; praktykteoreties word moderne, postmoderne en “postfoundationalistiese” aksente verreken, en metateoreties word insigte uit ander vakwetenskappe verhelderend benut. Die diakoniologiese perspektief, wat die skriftuurlike Christelikediensgestalte-vertrekpunt as grondliggend beskou, word aangewend in die beoordeling en benutting van die gemelde uitgangspunte (Sien 1.6).

Die konvergensiemodel (Louw 1999) word as ‘n voorbeeld van ‘n diakoniologies-gebaseerde toepassing (Janse van Rensburg 2000: 4) van nader beskou. Basisteoretiese uitgangspunte in ander modelle word ook in oënskou geneem. As voorbeeld van ‘n

praktyk-teoretiese model word onder andere na verskillende fasette van die pastoraat van narratiewe betrokkenheid verwys (Müller 1996:1).

In die strewe na insig in die raaiselagtige spieëlbeeld van die aardse bedeling word rekening gehou met die onvolkomendheid van menslike kennis en die eskatologiese dimensies van ‘n toekomshoop:

> Nou kyk ons nog in ‘n dowwe spieël en sien ‘n raaiselagtige beeld, maar eendag sal ons alles sien soos dit werklik is. Nou ken ek net gedeeltelik, maar eendag sal ek ten volle ken soos God my ten volle ken (1 Korintiers 13: 12, N.V. 1983).

In die teologiese nadenke oor verstaan bring bostaande hermeneutiese perspektiewe ‘n mens tot ‘n besef van die begrensdheid van menslike vermoëns wat deur die Woord en die skeppingsorde neergelê is. Dit geld ook die soeke na kennis deur sistematiese wetenskaplike navorsing. Die erkenning van die Skrif as Godsopenbaring, die perke aan menslike kennis en menslike onvolkomenheid is grondliggend in hierdie navorsing.

Die gebrekkige en onvolmaakte verstaansvermoë van die mens geld veral die geestelike dimensie. Die dissipels het Jesus se herhaalde woorde dat hy in die hande van die mense oorgelewer en doodgemaak sal word en na drie dae sal opstaan, eers ná die kruisiging verstaan (Janson 2002: 10, 11).

Onbegrip van geestelike waarheid word ook geïllustreer deur Nikodemus, “die bekende leermeester van Israel” en geestelike leier, se ontoereikende begripsvermoë in sy gesprek met Jesus. Nikodemus se reaksie na aanleiding van Jesus se versekering dat niemand die koninkryk van God sal sien nie tensy so iemand wedergebore word, openbaar sy onbegrip van die onderliggende geestelike waarheid. Sy menslike onkunde, rasioneel gekoppel aan die konteks van sy bekende leef- en denkwêreld, bepaal sy denke oor die wedergeboorte:

> Daarop sê Jesus vir hom: “Dit verseker Ek jou: As iemand nie opnuut gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie.” Nikodemus vra Hom toe: “Hoe kan ‘’n mens gebore word as hy al ‘’n ou man is? Hy kan tog nie ‘’n tweede keer in sy moeder se skoot kom en gebore word nie?” (Johannes 3: 3, 4. N.V. 1983).

Daarteenoor plaas Christus die wedergeboorte in die geestelike dimensie, so totaal vernuwend dat dit as ‘n nuwe geboorte beskryf word. Die bogemelde Bybelse insident word as betekenisvol beskou vir teologiese nadenke, waar die vertrekpunt en verwysingsraamwerk eweneens in die geestelike dimensie setel as geloofsbasis vir rasionele denke.

1.1.4 Ontwikkeling van die tema

Kerngedagtes van hierdie hoofstuk sentreer rondom ‘n omskrywing van die navorsingsprobleem. Hierin word gefokus op verskillende hermeneutiese perspektiewe soos toegepas op die pastoraat aan ouer mense. *Die bewuswording van die eindigheid van die lewe in hierdie lewensfase en die behoefte aan geestelike verinniging* word in lewensverhale weergegee en volgens verskillende pastoraal-terapeutiese uitgangspunte diakoniologies onder die loep geplaas. Dit gebeur teen die agtergrond van die paradigmaskuif na ‘n hermeneutiese benadering en die debat met betrekking tot modernisme-postmodernisme. Die effek van die hermeneutiese paradigma en induktiewe beklemtoning word in oënskou geneem as faktore in die verstaan van die eie situasie in die lig van die Skrif, asook die beter verstaan van die Skrif in *eie konteks* (Van den Berg & de Wet 2008: 51).

Binne ‘n hermeneutiese benadering vorm die kerugmatiese dimensie deur onder andere Skriflesing en gebed ‘n belangrike faset van pastorale sorg aan persone bo 80. Daar is by hierdie mense die innerlike behoefte aan die belewing van *vergesigte van hoop*, asook om heelheid te ervaar deur die *verbinding van patrone en netwerke*, ook uit die verlede, te midde van die broosheid van hul eie situasie (Louw 2005b: 437).

In ‘n bespreking van ‘n verwysingsraamwerk vir die navorsing word die rol van paradigma en epistemologie geskets. Hierin word verwys na die implikasies van ‘n *paradigmaskuif* en die betekenis van die paradigmabeginsel vir konsekwente en geloofwaardige navorsing. Nuwere denke oor *transversale kommunikasie* word in die konteks van die navorsingsuitgangspunte in berekening gebring. Dit geskied te midde van paradigmatiese verskille en vakwetenskaplike tradisies, gesien vanuit ‘n “postfoundationalist” verwysingsraamwerk. Die betekenis van “postfoundationalism” word aan die hand van die literatuur omskryf (Van Huyssteen 2006:10).

Die diakoniologiese benadering as paradigmatiese vertrekpunt en die posisionering van die navorser word uiteengesit. Soos reeds gemeld word sinvolle aansluiting gevind by die Wysbegeerte van die Wetsidee. Hierdie Christelik-wysgerige benadering beklemtoon die *grondbeginsel dat religie wat in die hart setel*, hetsy gelowig of ongelowig, die religieuse fokuspunt daarstel vir alle wetenskaplike arbeid (Ouweneel 1993: 3).

Die unieke posisie van *teologie as geloofgefundeerde vakwetenskap* wat die openbaring van God bestudeer, word in oënskou geneem met inagneming van die implikasies vir die Praktiese Teologie en die pastoraat. In hierdie konteks word basisteoretiese, prakties-teoretiese en metateoretiese uitgangspunte in oënskou geneem.

Metodologies word verwys na toepaslike sosiaal-wetenskaplike benaderings met die oog op kwalitatiewe navorsing. Die verband met kwantitatiewe metodes en literatuurgebruik word oorweeg. Deelnemendeaksienavorsing word in die besonder van nader beskou as raamwerk vir ‘n narratiewe benadering.

## 1.2 Die navorsingsprobleem

*Demografiese tendense* in veroudering toon ‘n dramatiese toename in die proporsie van ouer persone in die bevolking. Dit hou implikasies in vir toereikende voorsiening in hulle behoeftes, in besonder ook op die vlak van pastorale hulpverlening. Die bedoeling is om hierdie problematiek aan te pak in konsekwente diakoniologies-gefundeerde ontginning, en deur aanwending van verskillende pastoraal-terapeutiese bekouings soos aangedui. Die unieke aard en behoeftes van die fokus-groep van persone bo 80 jaar geniet spesifieke aandag.

In die aanwending van pastoraal-terapeutiese lense word die praktyk aan teologies-gefundeerde uitgangspunte in ‘n basisteoretiese benadering getoets en gerig. Andersyds word ‘n prakties-teologiese praktyk-teorie-praktyk-spiralende werkwyse in ‘n narratiewe benadering gevolg. In hierdie proses word die vakwetenskaplik-eiesoortige aard van die Praktiese Teologie gehandhaaf met inagneming van die hermeneutiese paradigmaskuif. In hierdie verband moet rekening gehou word met Skrifvreemde postmodernistiese denkbeelde, sowel as met die positiewe aspekte van postmoderniteit en postfoundationalisme.

Metateoretiese insette vanuit vakgebiede soos die ontwikkelingsielkunde, gerontologie, psigoterapie en sisteemteorie lewer belangrike insette ter verheldering van die problematiek. Die implikasies van metateoretiese hermeneutiese ontwikkelings word in ag geneem in praktyk-teologiese toepassings. Aspekte hiervan is die klem op ‘n induktiewe benadering en kontekstualiteit soos in die konstruktivisme en sosiaal-konstruksionisme toegepas. In pastoraal-terapeutiese konteks behels dit nuwe singewing aan die individu se verhaal in die lig van die Skrif.

Die narratiewe hermeneutiese benadering bied ‘n basisteoretiese wyse van kyk na stories-luister. Dit word ‘n pastorale heuristiese strategie wat deur ontknoping lei tot ‘n nuwe verhaal deur konvergensie met God se verhaal. ‘n Prakties-teologiese benadering verleen insig in die ontginning van verhale op so ‘n wyse dat hulle eindelik in geherformuleerde vorm nuwe sin en dryfkrag in die lewe gee. Hierin dra gespreksgenote as mede-navorsers by tot die skep van nuwe betekenis in ‘n sosiaal-konstruksionistiese proses. Die dialogiese verhouding tussen die bestaande probleemsituasie en die kernwaardes van die Christelike verhaal vorm ‘n integrale deel van die pastoraal-terapeutiese proses.

Om veroudering in die konteks van die navorsingsprobleem te plaas, word kortliks na die wêreldwye situasie verwys. Daar word verwag dat daar teen 2050 1.5 biljoen mense bo 65 jaar sal wees. Dit is die resultaat van sukses in die stryd teen siekte en besering, onder andere as gevolg van beter openbare gesondheidsdienste, mediese vooruitgang en ekonomiese ontwikkeling (Kinsella & Phillips 2005: 3).

Daar word druk geplaas op die volhoubaarheidsvermoë van families, die staat en gemeen-skappe om in groeiende behoeftes te voorsien. In 2002 is die Second World Assembly on Aging gehou – 20 jaar na die eerste sodanige byeenkoms. Dis bygewoon deur 159 nasies wat dui op die universele bewustheid van die probleem. Daar is ‘n soeke na voorsiening vir ouer mense op sosiale gebied en na ‘n beleid oor veroudering. Een sorgwekkende bevinding was dat die oudste ouer persone (“the oldest old”), dit is diegene bo 80, die vinnigste groei. Demograwe verwag ’n 50%- vermeerdering in hul getalle vanaf 2000 tot 2010, en verdere groei van 37% vanaf 2010 tot 2020 (Kinsella & Phillips 2005: 3-5). Hierdie demografiese tendense het uiteraard implikasies vir pastorale hulpverlening en berading.

Geposisioneer binne ‘n diakoniologiese benadering word met die navorsing beoog om verskillende uitgangspunte in die pastorale terapie aan persone bo 80 jaar teoreties en prakties te ontgin. Daar word verwag dat die resultate lig sal werp op punte van ooreenkoms en komplementering ten opsigte van die uitgangspunte. Die konsep van lense word metafories gebruik in die perspektiviese waarneming van terapeutiese sorg in die pastoraat aan persone bo 80 jaar en verteenwoordig basisteoretiese, praktykteoretiese en metateoretiese gesigspunte.

Binne die aktuele ervaring van persone ouer as 80 jaar manifesteer die problematiek veral rondom die intensiewer bewuswording van die eindigheid van die lewe. Dit benadruk die pastorale taak om antwoorde en innerlike vrede te help vind (Louw 2005b: 424-425). Kwellende vrae by bejaardes is waarom die lewe moet voortgaan as dit met soveel pyn en lyding gepaard gaan. Ooreenkomstig die unieke aard van veroudering is die wyse waarop binne kultuur- en kerkverband in die behoeftes van hierdie ouderdomsgroep voorsien word, deel van ‘n holistiese benadering (Gerkin 1997: 224-225).

Die prakties-teologiese benadering as een van die lense waardeur pastoraal-terapeutiese sorg waargeneem word, beklemtoon meer as net ‘n gemeenskaps-kontekstuele ingesteldheid weg van individu-gesentreerdheid: Die hermeneutiese aspek daarvan behels ‘n nuwe verstaanswyse van die mens, waarin onder andere sisteemdenke sterk inspraak lewer. In hierdie opsig is daar sprake van ‘n hermeneutiese pastoraat waarin die lewensverhaal paradigmaties die plek word waar na sin gesoek word. In ‘n krisis word die geldigheid van die lewensverhaal betwyfel. Dan word daar gesoek na ‘n nuwe verwysingsraamwerk. In hierdie proses word ander verhale betrek, wat die geloofsverhale insluit (Müller 1996: 7, 9). Dit word gedoen in die besef dat die waarde van die Christelike verhaal in sigself opgesluit lê (Senekal 2006: 143).

Waar in die voorgenoemde prakties-teologiese benadering die pastorale problematiek in ‘n spiralende praktyk-teorie-praktyk-werkwyse gehanteer word, geld in ‘n basisteoretiese benadering teologies-gefundeerde uitgangspunte as ‘n basis waarvolgens die pastorale praktyk getoets en gerig word (Louw 1999: 28). In hierdie verband het ontwikkelings in die hermeneutiek grootliks bygedra. Oor tyd het die aard van die hermeneutiek verander vanaf ‘n tegniek vir die korrekte verstaan van veral godsdienstige geskrifte (Smit 2006: 7,8) tot ’n vakgebied met ’n groeiende teoretiese basis (Schleiermacher 1977; Dilthey 1927) wat geesteswetenskaplike toepassing gevind het (Gadamer 1976:xiii, Heidegger 1962,

Ricoeur 1991). Hierdie omwenteling in hermeneutiese denke het die omvang van 'n paradigmatiese verskuiwing aangeneem. Dit het epistemologiese konsekwensies met onvermydelike implikasies vir die teologie as eiesoortige vakwetenskap wat die Godsopenbaring bestudeer. Die wyse waarop die Praktiese Teologie die besondere studieveld benader, word hierdeur geaffekteer. In 'n diakoniologiese benadering val die klem op die  kommunikasie van die heil deur die getuienis en diens van gelowiges, as deel van die Christelike geloofsgemeenskap (Louw 1999: 9).

Metateoretiese hermeneutiese ontwikkeling lei tot die strewe om algemeen-geldende wetenskaplike hermeneutiese beginsels te vind. So word die universaliteit van die hermeneutiese perspektief deur onder andere Gadamer (!976: 103) as alles-omvattend beskou. Dit het implikasies vir die Praktiese Teologie. Louw (1999: 22) verwys daarna as 'n hermeneutiese paradigma:

> Dit beteken 'n verskuiwing in die kategorieë en konsepte wat gebruik word om die werklikheid te interpreteer.  Die verskuiwing na 'n hermeneutiese paradigma beteken dat die pastoraat minder by die verklaring van probleme betrokke is, en meer by die verheldering en verstaan van menslike probleme.

Múller (1996: 5) sien die hele studiegebied van die Praktiese Teologie as 'n *hermeneutiese proses* wat sistematies-gestruktureer is. Dit het die doel om die handelinge van mense in hulle verband met die Christelike geloofsgemeenskap "te verhelder en te vernuwe."

Uit bostaande blyk dat nuwe interpreterende maniere aangewend word om die werklikheid te verstaan en dat dus deur nuwe lense daarna gekyk word. wat fokus op verstaan eerder as verklaring. In die Praktiese Teologie beteken dit groter konsentrasie op menslike problematiek. Dit behels kontekstuele beklemtoning weg van 'n verklarende benadering, soos ook blyk uit die kategorieë in 'n meningsopname (Burger 1991). 'n Basiese onderskeidingsfaktor is die prioriteit vir en die plek van induktiewe en deduktiewe denke.

In die deduktiewe denke word 'n slotsom bereik gegrond op 'n bestaande premis, soos by-voorbeeld in sillogismes. Dit gaan dus daaroor om tot 'n gevolgtrekking te kom op grond

van ‘n bestaande vooropgestelde stelling (Louw 1999: 244). Na die verkennende fase volg teologiese konseptualisering, modelvorming en teologiese operasionalisering (Heitink 1993: 228). Waar die Skrif dus in pastorale terapie die grondslag van deduktiewe denke is, sal denke daarvolgens gerig word. So sal Bybelse beginsels op die pastorale situasie van toepassing gemaak word en riglyne vir die oplossing van probleme en regstelling van gedrag daarvolgens gemodelleer word.

In die induktiewe denke gaan dit om gevolgtrekkings gegrond op sintuiglike waarneming en vereenvoudiging deur klassifikasie en die vorming van begrippe. Dit maak gebruik van analogie deur bestaande kenmerke te gebruik om kenmerke van ‘n nuwe werklikheidsgebied te identifiseer (Louw 1999: 244). Voorbeelde van induktiewe benaderings is die konstruktivisme en sosiaal-konstruksionisme.

In die konstruktivisme is die waarnemer subjektief betrokke. Kennis word beskou as ‘n psigologiese konstruk binne die waarnemer. Dit word as minstens net so belangrik geag as die waarnemings wat gemaak word (Müller 1996: 33). In die sosiaal-konstruksionisme, daarteenoor, word kennis gevorm as ‘n “gedeelde konstruk binne ‘n interpreterende gemeenskap”. Dit het wel ook ‘n deduktiewe dimensie, wanneer bepaal word hoe die persoon in berading se Christelike verhaal kan help betekenis gee aan ‘n nuwe gedeelde realiteit (Senekal 2006: 143).

Van Huyssteen (1989: 773,774) bied die perspektief dat die normerende aard van die Skrif binne ‘n pastorale narratiewe epistemologie erken word. Die betekenis van die Skrif word in verskillende kontekste getoets. Aansluitend hierby wys Lester (1995: 31) in navolging van die gesinsterapeut Speed (1991: 401) op ‘n posisie wat beide objektiewe realiteit en subjektiewe konstruksie ernstig opneem. Sy noem hierdie konneksie “co-constructivism.”

Die vergestalting van die hermeneutiese benadering in die pastoraat is van belang as ’n breë raam waarbinne die problematiek aangespreek word. Binne die hermeneutiek in die breë gaan dit oor verstaan in die kommunikasie-situasie. In die hermeneutiese pastoraat gaan dit oor die verstaan van mense en hulle probleme in die lig van die Skrif, en oor die verstaan van die Skrif deur mense vanuit hulle situasie. Louw (1999: 97) verwys na die pastoraat as die ontmoetingsgestalte van die evangelie: “(B)inne die pastorale beraad het ‘n narratiewe aanpak die effek dat storievertelling en die luister na stories ‘n belangrike pastorale strategie word” (Louw 1999: 23).

Daar is reeds verwys na die heuristies doel van die luister na stories, totdat die “plot” ontvou en daar deur samesmelting met God se verhaal ‘n nuwe storie vorm aanneem (Louw 1999: 26). Die verbinding van konkrete gebeurtenisse in die lewe van die individu met Gods hand versterk die lewe soos ‘n rooi draad wat daardeur loop. Dit dien ook as ‘n lens in die interpretasie van toekomstige gebeurtenisse (Ganzevoort 2006: 21).

Müller (1996: 28) sien die betrekking van die verhale van ‘n persoon en die verhale van die Christelike geloofstradisie op mekaar as die beste weg van begeleiding tot sinbelewing. Aansluitend by bogenoemde gedagterigtings word die verhaal ‘n soek- en vindplek van sin (Müller 1996:9). Volgens die sosiaal-konstruksionistiese siening is die doel om die verhale so te ontgin “dat dit uiteindelik as geherformuleerde verhale nuwe betekenis en stukrag aan die lewe kan gee” (Müller 2000: 12). Hiervolgens is verandering ‘n narratiewe saak wat plaasvind waar daar narratiewe betrokkenheid is. Dit geskied binne ‘n ruimte van pastorale betrokkenheid waar ”… omkering (bekering?) plaasvind, ‘n herontdekking van potensiaal wat al die tyd daar was…” (Müller 1996: 29). Vanuit ‘n narratiewe epistemologiese uitgangspunt is die doel egter nie om verandering te bewerkstellig nie (Müller, Van Deventer & Human 2001: 77). Dit blyk egter dat fasilitering van verandering wel ‘n doelstelling is.

Die narratiewe benadering wil nie stories interpreteer deur rigiede gestruktureerde metodes nie. Dit wil eerder deur holistiese begrip alle mede-navorsers (“co-researchers”) betrek in ’n sosiaal-konstruksionistiese proses waar nuwe betekenis geskep word (Müller 2005: 86). Daarteenoor word daarop gewys dat die oogmerk van die basisteoreties-gefundeerde vier-fase pastorale gespreksmodel is om “verandering, vernuwing, beïnvloeding, perspektiefverbreding en volwassenheid te bevorder” (Louw 1999: 414, 423). Hierdie model sluit affektiewe, kognitiewe, konatiewe en normatiewe komponente in.

Müller (1996: 28,29) stem saam met Gerkin (1984,1986) as hy verwys na die dieper historiese wortels van onmiddellike praktiese probleme, sonder dat hy behavioristiese verandering voorstaan. Hy waarsku teen ‘n absolute standpunt wat teologiese fundering betref, omdat verandering ook vanuit die toekoms, en nie slegs uit die verlede nie, kan plaasvind. In die breë gesien, sluit sowel Louw as Müller se benaderings by Gerkin se gedagtegang aan:

> Thus, good pastoral work always entails a dialogical relationship between the issues and problems involved in the particular human situation at hand and the core metaphorical values and meanings of the Christian story (Gerkin 1991: 19).

Volgens die kerugmatiese uitgangspunt val die klem op Woordverkondiging deur gesprek. Dit het ten doel om deur vereenselwiging met ‘n Bybelse karakter of waarheid die sondaar tot lewensverandering te lei (Thurneysen 1963: 109). In die hermeneutiese benadering, daarenteen, val die klem op verstaan. Diakoniologies val dit wel binne die verband van en in verbondenheid met die Woord. Die pastorale situasie bied die geleentheid aan die pastor om die verhaal van die gespreksgenoot en die Skrifverhaal te verbind. Dit gebeur kreatief en lewe-gewend onder leiding van die Heilige Gees op ‘n wyse wat geestelike groei stimuleer. Die berader kan die boodskap van die verbond met sekerheid oordra aan die gelowige as verbondskind. So ook aan die bejaarde en ‘n einde maak aan twyfelvrae (Van der Vegt s.d.: 31). In die pastorale gesprek word die kerugma op ‘n persoonlike en intieme vlak oordeelkundig en ooreenkomstig die betrokke situasie aangewend. In pastorale hulpverlening is die Woord ‘n kragtige middel tot heil en vertroosting.

> Die woord van God is lewend en kragtig. Dit is skerper as enige swaard met twee snykante en dring deur selfs tot die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg. Dit beoordeel die bedoelings en gedagtes van die hart (Hebreërs 4:12 (N.V.).

## 1.3 ‘n Verwysingsraamwerk vir navorsing

Kernbegrippe en uitgangspunte wat as raamwerk vir die navorsing dien, word vervolgens aan die orde gestel. Hierin word onder andere aandag gegee aan die verhouding tussen ‘n paradigma en die epistemologie, en die betekenis van ‘n paradigmaskuif. In die besonder word verwys na die verskuiwing van ‘n modernistiese na ‘n postmodernistiese paradigma. Die implikasies vir Skrifinterpretasie en uiteindelik vir pastoraal-terapeutiese toepassings binne ‘n diakoniologiese paradigma word aangedui.

Daar word gewys op die vereiste van epistemologiese en metodologiese getrouheid aan ‘n gekose paradigma deur konsekwent daarvolgens te werk te gaan. Hoewel aangetoon kan word dat modernisme en postmodernisme ‘n gemeenskaplike nominalistiese tradisie deel,

word die paradigmatiese verskil tussen die twee verwysingsraamwerke in hierdie studie erken weens die skerp verskille in uitgangspunte rakende teologiese insigte.

### 1.3.1 Paradigma en epistemologie

‘n Paradigma verteenwoordig “…a frame of mind” (Janse van Rensburg, 2000: 2). Dit verteenwoordig ‘n denk- of verwysingsraamwerk wat die aard van die lens bepaal waardeur alle navorsingsaktiwiteite benader word. As ‘n vakwetenskaplike denkraamwerk vorm ‘n paradigma die kader of dissiplinêre matriks (Kuhn 1977: 297) waarbinne teorievorming in ‘n bepaalde wetenskap in ‘n bepaalde periode plaasvind (Heitink1993: 154).

Epistemologie as werkwyse waarop kennis binne ‘n paradigma aangewend word, is van oorkoepelende belang in navorsing. Die gemelde begrippe het relevansie in die huidige konteks waar daar sprake is van ‘n paradigmaskuif. Dit vereis konsekwente metodologiese toepassing ooreenkomstig ‘n gekose paradigma. Metafories bepaal die denkraamwerk die aard van die “skildery” in die raam. Met die skildery word verwys na die epistemologie, naamlik die wyse waarvolgens die verf aangewend word. Die kennis moet dus op so ‘n wyse aangebied word dat dit by die paradigma pas. As denkklimaat waarbinne navorsing plaasvind, bepaal die paradigma wêreldbeskouing en oortuigings (Janse van Rensburg 2000: 1,2) wat epistemologies in die wetenskaplike arbeid neerslag vind.

### 1.3.2 ‘n Paradigmaskuif

Wanneer een paradigma deur ’n ander vervang word, vind ‘n paradigmaskuif plaas. Dit dui op ‘n radikale omwenteling in wêreldbeskouing en verwysingsraamwerk (Janse van Rensburg 2000: 4). So val die klem by modernisme byvoorbeeld op vaste sekerhede en bewyslewering, terwyl die nadruk by postmodernisme relatief en tentatief van aard is. Hierdie klemverskuiwing in uitgangspunte of aannames vind dus weerklank in wetenskapsbeoefening en het epistemologiese en metodologiese implikasies.

Bogenoemde paradigmas hou implikasies in vir ‘n Skrifgebaseerde epistemologie wat die Woord as Godsopenbaring aanvaar: Enersyds moet voldoen word aan die aandrang op wetenskaplike bewyslewering om outentisiteit te bewys. Andersyds word kontekstuele en relatiewe interpretasie van die Woord vereis.

Verskillende paradigmatiese vertrekpunte lei tot uiteenlopende interpretasies van die Woord. As voorbeeld hiervan word verwys na die uitspraak van Jesus in Johannes 14 vers 6: “Ek is die weg en die waarheid en die lewe. Niemand kom na die Vader toe behalwe deur My nie”. Binne die konteks van die Woord as Godsopenbaring soos in die vleeswording van Christus verpersoonlik, hou hierdie woorde absolute eskatologiese konsekwensies in. In die konteks van die gesprek met Thomas en die dissipels mag dit in postmoderne sin gerelativeer word, asof daar ook ander weë na God is.

So is die erkenning van die waarheid van die Skrif ook implisiet in die formulering van ‘n prakties-teologiese hermeneutiese benadering wat lui dat dit beoog om “mense, binne hul leefkonteks, die sin en betekenis van die God-mens-verhouding (te laat) ontdek” (Louw 1999: 22-23). In hierdie verband speel bemiddeling tussen tradisie en ervaring ‘n aktuele rol om lewensin te ervaar (Heitink 1993: 187).

Binne ‘n diakoniologiese paradigma is die erkenning van die Bybel as die Groot Verhaal van die Christelike geloof ‘n vereiste vir sinvolle navorsing. Trouens, binne die wyer spektrum van pastoraal-terapeutiese narratiewe word die gesag van die Woord direk of implisiet erken in terme soos “dekor van die VERHAAL” (sic, Müller 1996: 85), die “meesterverhaal van die geloof” (Müller 1996: 26) of “metaverhaal” of “grand narrative” (Müller 1996: 86). Louw verwys onder andere na “God se storie” en die “Christelike verhaal” (1999: 25). Gerkin (1997: 109) verwys in hierdie verband na die geskrifte “containing the grounding narratives of a religious community that seeks to structure its life according to the sacred truths contained in that narrative”.

Die Skrif as ervaringstradisie bied ‘n “interpretasiekader” wat meespreek in wat ons ervaar. As voorbeeld van die profetiese vervullingsdimensie van hierdie gebeure verwys Heitink (1998: 115) na Jesus se identifisering met die bevrydingstemas van Abraham en Israel in die Ou Testament. Ná sy versoeking in die woestyn lees Jesus in die sinagoge in Nasaret uit die profesie van Jesaja voor. Jesus identifiseer met die Een van wie Jesaja (61:1-2) skryf. Hy beskryf Hom as gesalf om die evangelie aan armes te verkondig, om vir die gevangenes vrylating aan te kondig, blindes se gesig te herstel, onderdruktes in vryheid uit te stuur en “om die genadejaar van die Here aan te kondig” (Lukas 4:18-19). Jesus bevestig dit met die woorde: “Vandag is hierdie Skrifwoord wat julle nou net gehoor het, vervul” (Lukas 4:21).

Volgens hierdie treffende voorbeeld bied ‘n narratiewe hermeneutiese benadering die geleentheid tot die gee van sin op die basis van die ontvang en vind van lewensbetekenis. Jesus vind die bevestiging van sy Messiaanse roeping en lewensin in die profetiese Ou Testamentiese Skrifgedeelte.

### 1.3.3 Die paradigmabeginsel

Die paradigmabeginsel verwys na die nakoming van epistemologiese en metodologiese getrouheid aan ‘n gekose paradigma as vereiste vir geloofwaardige en konsekwente navorsing. Dit is onhoudbaar en teenstrydig om terselfdertyd twee kontrasterende paradigmas of voortspruitende epistemologieë as waar te beskou (Janse van Rensburg 2000: 57,58). Hierdie beginsel geld ook vir die aanwending en beoordeling van literatuur.

’n Voorbeeld van die onhoudbaarheid van die inkonsekwente aanwending van ‘n paradigma word in die volgende stelling geïllustreer. Hierin word gewys op die gebruik van absolute norme deur die postmodernisme wat andersins ‘n relativistiese sienswyse daarop nahou:

> At the very point of using an absolute norm to condemn the conduct of an individual or a group, the person becomes unfaithful to the very essence of the postmodern epistemology he or she purports to follow (Janse van Rensburg 2000: 58).

Die aanwending van transversaliteit om die probleem van paradigmatiese kommunikasie te oorbrug, word in ‘n volgende afdeling bespreek.

### 1.3.4 Modernisme en postmodernisme

Van Christelik-wysgerige kant word daarop gewys dat beide postmodernisme en modernisme deel in ‘n gemeenskaplike tradisie wat so ver as die 15de eeu teruggaan. Dit staan bekend as die moderne nominalisme. Hiervolgens weerspieël universele begrippe die modernistiese neiging en individueel-unieke kontekste die postmodernisme:

> …dat die wêreld *gekonstrueer* word deur die menslike subjek: hetsy deur universele verstandsbegrippe (die ekstreem-rasionalistiese posisie van

> Kant) of deur die aard van menslike sin- en betekenisgewing in individueel-unieke kontekste (Strauss 1998a: 13).

‘n Onderskeidende uniekheid met betekenisvolle historiese ontwikkelingslyne tussen die paradigmas word betwyfel. Dit beteken dat hierdie bewegings nie met fundamentele veranderings te doen het nie, maar wel met uitings van denkwyses wat uit dieselfde verwysingsraamwerk voortkom.

Hoewel daar dus ooreenkomste aangedui kan word, is die uitdagings wesensverskillend wat elk van hierdie verwysingsraamwerke aan die teologie stel: Postmodernisties geld byvoorbeeld die stelling dat geen waarheid of waardesisteem superieur teenoor enige ander is nie (“incredulity toward metanarratives” (Lyotard 1984: 37). Vanuit ‘n modernistiese paradigma, daarenteen, word die Skrif aanvaar as die beliggaming van die groot basiese waarhede (Janse van Rensburg 2000: 53).

Die paradigmas se benadering tot die Christelike godsdiens word bepaal deur die verwysingsraamwerk wat die religie van die hart bepaal. Deurslaggewend in die nominalistiese denke, dus beide modernisties as postmodernisties, is die ontbreking van “‘n erkenning van die God-gegewe orde vir en ordelikheid ván die werklikheid” (Strauss 1998a: 15).

Weens die skerp verskille in uitgangspunte rakende teologiese insigte word die paradigmatiese effek van die modernisme en postmodernisme in hierdie studie erken en in aanmerking geneem. Die dilemma waarvoor die postmodernisme as paradigma die teologie plaas, word in die volgende aanhaling verwoord:

> Hoewel ‘n gesonde relativering van wetenskaplike insig te waardeer is, is absolute relativisme vir Christene onaanvaarbaar. Wat word dan van die waarheid van God se Woord. Hoewel die invloed van tradisie (in sy breedste sin) erken moet word, is ‘n totaal kontekstuele wetenskapsbeskouing, ook in die teologie, net nie moontlik nie. Wat bly dan oor van grondmotiewe en konfessie? (Strauss 1998b: 104).

Daarteenoor het die modernisme eweneens die teologie voor aannames gestel het wat nie met geloof in God versoenbaar is nie, soos die verabsolutering van relatiewe waardes. Die wegbeweeg van die bogemelde verabsoluterings en die ruimte wat dit skep, word

bespreek. So ‘n ruimte word byvoorbeeld geskep deur ‘n konsep soos postmoderniteit in plaas van postmodernisme aan te wend

## 1.4 ‘n Christelik-wysgerige perspektief

### 1.4.1 Relevansie

Kennisname van Christelik-wysgerige perspektiewe in die huidige filosofiese debat word as relevant beskou vir ‘n gereformeerde apolegetiek. Die skriftuurlike paradigma wat in die Bybelse grondmotief van skepping, sondeval en verlossing vasgelê is, bied ‘n kritiese norm vir wetenskaplike denke. Die religieus-bepaalde aard van denke wat uit die hart voortkom, voed en rig alle lewensuitgange. Die breë implikasies van ‘n Christelik-wysgerige benadering vir die wetenskapsbeoefening word diagrammaties voorgestel. Raakpunte met ‘n diakoniologiese paradigma word aangedui.

### 1.4.2 Christelik-wysgerige uitgangspunte

In die filosofiese debat na aanleiding van die modernisme-postmodernisme paradigmaskuif is die mening uitgespreek dat ‘n gereformeerde apolegetiek sterk op die Christelike Wysbegeerte (Dooyeweerd 1979, Vollenhoven 1950) moet steun. Dit geld die “Bybelse inhoud van begrippe soos byvoorbeeld waarheid en kennis” (Strauss 1998b:104). Kennisname van die insette van die Christelike Wysbegeerte wil “alleen uitdrukking wees van ‘n kinderlike gehoorsaamheid aan Hom wat Skepper en Herskepper van hemel en aarde is” (Heyns & Jonker 1977: 107).

‘n Belangrike perspektief van die Christelike Wysbegeerte is die erkenning van ‘n pre-teoretiese grondmotief of “ultimate commitment” wat bepalend is in die wetenskapsbeoefening (Ouweneel 1993: I). Die geestelike krag of religie wat uit die wedergebore hart voortkom, onderskeie van alle ander hartsuitgange, staan in die brandpunt van die persoonlikheid. Dit is vanuit die hart dat dit “elke lewensuitgang voed en rig” (Strauss 1964: 19, 20). Omdat álle denke dus uit die hart voortkom en religieus bepaal is, is geen denke ooit neutraal nie. Die implikasie is dat geloof, as “’n bo-rasionele, bo-teoretiese insig van die mens se wedergebore hart, gewerk deur die Heilige Gees”, gesien word as die voorwaarde vir enige sistematiese teologiese teorie (Ouweneel 1993: 3).

Die Christelik-skriftuurlike paradigma in die Wysbegeerte van die Wetsidee is vasgelê in die grondmotief van skepping, sondeval en verlossing in Jesus Christus in gemeenskap met die Heilige Gees. Epistemologies sal dit neerslag vind in alle wetenskaplike denke (Dooyeweerd 1950: 3). Hierdie Bybelse grondmotief is nie 'n teoretiese waarheid wat 'n mens wetenskaplik kan verstaan nie. "Rather, it is the all-controlling, dynamic power of God's Spirit who must open our hearts to what God has to say to us…." (Dooyeweerd 1979: 95-96). Die bo-tydelike en bo-teoretiese religieuse inslag van die grondmotief beheer alle wetenskaplike denke. Hiervan is die Heilige Skrif "die temporele vergestalting" (Roets 1995: 273).

Na aanleiding van Christelik-wysgerige beskouings volgens die Wysbegeerte van die Wetsidee word 'n Skrifgefundeerde paradigmatiese verwysingsraamwerk hieronder diagrammaties voorgestel. Die lokus van hermeneutiese menslike betrokkenheid, en dus ook van pastorale interaksie, word aangedui. Dit is die gebied waar interpretasie plaasvind en waar "voorteoretiese grondmotiewe" bepalend is vir begrip.

*Figuur 1: Skrifgefundeerde paradigmatiese verwysingsraamwerk*

*Godsopenbaring (die Bybel)*
/---------/
/ /
/---------/
I
I
I
( )
( )
( )
v
*Geloof (hart van die mens)*
. . .
I I I
[*Hermeneutiese betrokkenheid: Interpretasie* van die Woord]
*(kognitief konatief affektief)*
*[Lewensuitgange: waardes deur die Skrif bepaal]*
"Bewaak jou hart meer as alles wat bewaar moet word, want daaruit is die oorspronge van die lewe" (Spreuke 4: 23, 1954-vertaling).

Figuur 1 illustreer enersyds die Woordverankerde religie. Vanuit die hart waar geloof gesetel is, fungeer dit normatief ten opsigte van aksie in al die lewensuitgange. Andersyds is die diagram tekenend van 'n diakoniologiese model wat deduktief in die waarheid van

die Woord gegrond is. Daardie waarheid moet interaktief in kontak met die lewe self en die problematiek van die lewe, dus ook induktief, vrugbaar en groeiskeppend aangewend word. Metafories is die wedergebore hart die lens vir die Godsopenbaring om deur die verskillende lewensuitgange in die skeppingswerklikheid tot dade oor te gaan.

## 1.5 Metodologie

Duidelike omskrywing van vakwetenskaplike begrippe word as van basiese belang beskou. In die volgende paragrawe word verskillende begrippe bespreek. Heersende perspektiewe oor die teologie as vakwetenskap word nagegaan in die lig van die tradisionele siening van die teologie as eiesoortige vakgebied en draer van dié meesterverhaal. Terselfdertyd behels dit raakpunte met metateoretiese vakgebiede wat die werklikheid bestudeer, insluitende mense se geloof en hul stellings oor God. Hierby vind die Praktiese Teologie noue aansluiting as die studie van mense se kommunikatiewe handelinge in diens van die evangelie.

Pastorale terapie word in hierdie navorsing as ‘n inklusiewe term gebruik vir die wyer veld wat naas pastorale terapie ook pastorale sorg en pastorale berading insluit. In ‘n hermeneutiese konteks val die klem op die lê van die verband tussen krisiservarings en die Godsopenbaring. Dit kom veral sterk na vore in die aanwending van ‘n pastorale narratiewe benadering, waar die menslike verhaal teen die skriftuurlike Verhaal gespieël word wat tot ‘n samesmelting lei. Sodoende word die doel bereik om ‘n nuwe verhaal tot stand te bring wat die lewe gee singéwend in nuwe kanale laat vloei.

### 1.5.1 Die Teologie as vakwetenskap

Die uniekheid van die teologie bestaan daarin dat “…die struktuur en die eise van die openbaringswaarhede…” bepalend is vir die teologie (Heyns & Jonker 1977: 127). Dit word beskryf as “…a science sui generis with its own character and its own rationality. These nuances are evoked by the structure of revelation and the act of faith founded on it…” (Van Huyssteen 1989: 20). Epistemologies word suiwer narratiewe teologie deur Van Huyssteen bevraagteken, want “in the end (it) ignores the question of truth and the problem of the shaping of rationality in theological reflection” (Van Huyssteen 1989: 774).

Meer onlangs word gespekuleer oor die moontlikheid van “a new form of natural theology” (Van Huyssteen 1998: 35). Daar word gesoek na ‘n omvattende epistemologie wat inter-dissiplinêre nadenke moontlik sal maak sonder om dit onder die dominansie van “ideological metanarratives” te stel (Van Huyssteen 1998: 35). So ‘n evolusionêre epistemologie “may indeed facilitate an interdisciplinary account of all our epistemic activities” (Van Huyssteen 1999: 5). Die verdere ontwikkeling in hierdie denkrigting,

naamlik "postfoundationalism" (Van Huyssteen 2006), word in 'n volgende rubriek bespreek.

Hierteenoor word die teologie tradisioneel bedryf binne die teoretiese denksisteem van die algemene wetenskapsleer. Die voorbehoud word gestel dat dit niks van sy eie aard mag verloor nie as "wetenskap wat die openbaring van God" bestudeer (Heyns & Jonker 1977: 13,14). Die rede hiervoor is dat teologie en die menswetenskappe "vanweë hul 'objek' elk 'n eiesoortige identiteit" besit (Louw 1999: 568). In hierdie verhouding geld die asimmetriese faktor, die Chalcedonpatroon, wat bepaal dat openbaring waarneming voorafgaan (Louw 1999: 558).

Hermeneuties gaan dit in Christelike teologie oor geloof wat soek om te verstaan (*fides quaerens intellectum*) as 'n "diskoers aangaande God en 'n verstaan van God vanuit 'n geloofs- en heilsperspektief" (Louw 1999: 562). Dit behels die verwoording van die Christen se vrae in 'n krisis binne die groter Christelike narratief (Gerkin 1997: 99,100).

Teologie word ook gesien as antwoord op die openbaring:

> Teologie is die wetenskaplike en die deur die tyd bepaalde antwoord op die openbaring van God aangaande Homself en Sy direkte verhouding tot die kosmos (Heyns & Jonker 1977: 137) .

Die bestaan van God kan nie deur wetenskaplike metodes bewys word nie. Teologies moet egter deurgaans met God rekening gehou word. Daarom vorm geloof 'n belangrike dimensie van teologiese besinning en moet dit in 'n hermeneutiese denkraamwerk neerslag vind. 'n Postmodernistiese paradigma wat "grand narratives" ontken, bring die geloofsdimensie in die gedrang. In 'n legitimasie-krisis vra dit: Wie se storie, wie se interpretasie, wie se gesag en kriteria, en hoekom? In diakoniologiese aanwending moet die narratief binne 'n paradigma geplaas word wat nie die waarheid en werklikheid van die narratief of die direktiewe aard van pastorale sorg, berading en terapie in gevaar stel nie (Janse van Rensburg 2000: 62).

Die inkonsekwentheid van 'n postmodernistiese standpunt wat die Bybelse meesterverhaal verwerp, is duidelik. Terwyl alle meesterverhale verwerp word as relatief word 'n nuwe metanarratief as absolute waarheid in die plek daarvan gestel. Hierdie nuwe

metanarratief proklameer as die ware verhaal van kennis dat alle verhale relatief is (Van Hoozer 2001: 10).

Die teologie vertoon raakpunte met die metateoretiese bestudering van die geskape werklikheid. Dit gebeur byvoorbeeld in die kommunikasie van die Bybelse boodskap binne en buite die gestalte van die kerk as instelling ooreenkomstig die geloof van Christengelowiges. Prakties-teologies kom "empiriese konsekwensies" (Louw 1999: 118) hier naas die openbaring na vore, wat alleen indirek geken kan word en wel deur menslike ervaring (Heitink 1993: 114).

Behalwe die studie van die Godsopenbaring is teologie dus ook die studie van mense se geloof en hulle religieuse stellings oor God (Heyns & Pieterse (1990: 4). Hiermee word die fokus op geloof as studie-objek geplaas en word in 'n konfessionele benadering erkenning gegee aan die korrelatiewe en kontekstuele dimensies van die pastoraat. Die klem val op die mens as ontvanger van die Skrifboodskap, wat hermeneuties dui op die noodwendigheid van 'n induktiewe werkwyse binne die Skrif as deduktiewe raamwerk. Hiermee word reeds geraak aan die studieveld van die Praktiese Teologie.

### 1.5.2 Die Praktiese Teologie

Praktiese Teologie as deel van die ensiklopedie van die teologie dui op raakpunte met die praktyk en handel oor mense se godsdienstige handelinge. Dit word ook omskryf as mense se kommunikatiewe handelinge in diens van die evangelie (Firet 1987: 260, Heyns & Pieterse 1990: 1,11) in die kerk en ander sosiale instellings (Immink 2005:156). Die ooreenkoms in al die praktiese uitingsvorme van die kerk "is dat het verhaal van God centraal staat", maar hulpverlening staan in die konkrete lewe en lewensverhaal van spesifieke mense sentraal. Praktiese Teologie word dan gesien as "hermeneutiek van de geleefde religie" (Ganzevoort 2007: 22,23). Die Praktiese Teologie as die "amptelike vakke" of as studie van kerklike handeling, waarin die Christelike karakter sentraal staan, word deur baie vakgenote as te eng gesien (Ganzevoort 2006: 151). Die kommunikatiewe empiriese en geloofsaspekte word soos volg samevattend gestel:

> Onder praktische theologie als handelingswetenschap wordt hier verstaan de empirisch-georiënteerde theologische theorie van de bemiddeling van het christelijk geloof in de praxis van de moderne samenleving (Heitink 1993: 18).

Die bewustheid van prakties-teologiese ontwikkelinge as ‘n wegbreek van die afhanklikheid van dogma na ‘n groter mate van outonomie word ook in die Rooms-Katolieke Kerk ervaar (Viau 1999: x).

Die fusie van die horisonne van betekenis en begrip (Gadamer 1975: 269-274), uitgebou in die begrip van “interpretive guidance” (Gerkin 1991: 68,70) vorm deel van die narratiewe hermeneutiese perspektief, wat soos volg verwoord word:

> Practical theology, seen from a narrative hermeneutical perspective, involves a process of the interpretive fusion of horizons of meaning embodied in the Christian narrative with other horizons that inform and shape perceptions in the various arenas of activity in which Christians participate (Gerkin 1986: 61).

Binne Praktiese Teologie as ‘n sistematies-gestruktureerde hermeneutiese proses word gepoog om menslike handelinge en houdinge vernuwend op te helder. Dit gaan oor handelinge en houdinge wat in verband staan met die Christelike geloofsnarratiewe vanuit ‘n teologiese gesigspunt (Müller 1996: 5). In die verhalende kultuur van die gesin (of ander sosiale groepering) word gevra of dit “die basiese Christelike waardes van liefde, respek en sorg vir medemense fasiliteer” (Müller 2002: 17).

### 1.5.3 Pastorale beraad of berading

Pastorale berading wat onderliggend is aan heling en terapie behels ‘n vertrouensverhouding, artikulering van die probleemstorie en konstruktiewe singewende gesprek. Opbouende gesindhede, hanteervaardighede en besluitnemingsbevoegdheid en die fasilitering van geestelike groei vorm belangrike aspekte hiervan. Immink (2005: 230, 231), soos ook Hiltner (1958: 111) en Louw (2008: 446,447), beklemtoon die belangrikheid om negatiewe gevoelens by die gespreksgenoot met empatie te hanteer. ‘n Onvoorwaardelike gesindheid van aanvaarding as instrument van God se liefde moet daarin weerspieël word.

Pastorale berading vloei voort uit pastorale sorg as troos en hulpverlening vanuit die gemeente met die oog op lidmate se geloofsvolwassenheid. Dit strek ook wyer en sluit

vrae aangaande geloof en die lewe in. Verandering word beoog deur probleme in die pastorale gesprek metodies en gestruktureerd te hanteer. Psigopastorale houdinge word beskryf as peilend, troostend, beoordelend, interpreterend, empaties en versterkend. Diagnosties word die rol van Godsvoorstellinge op geloofsgedrag geïnterpreteer. Die trialogiese karakter van die pastorale gesprek verwys na die Heilige Gees as beïnvloedingsfaktor. Hierin word die vaardighede van die pastor in 'n pneumatologiese perspektief ingeskakel (Louw 1999: 304,305).

Geestelike en etiese heelheid lê aan die hart van die toepassing van helende, terapeutiese metodes met die oog op groei en genesing deur die oorkoming van krisisse (Clinebell 1984: 26). In die narratiewe benadering word groei herstel deur die lewensverhaal in 'n ander verwysingsraamwerk te plaas. Tesame met die herstel van geestelike lewenskrag kry stagnasie aandag ook op ander terreine soos die psigo-fisiese en psigo-sosiale.

Op nasionale vlak word gemeenskappe se leefwyse ingrypend beïnvloed deur die ontwrigtende uitwerking wat relokalisering of hervestiging kan hê. Daar vind 'n breuk met bekende lewensomstandighede plaas. Tesame daarmee bring globalisering nuwe situasies en eise na vore. Die geslotenheid van gemeenskappe word deurbreek deur wêreldwye kulturele invloede. Kerklike betrokkenheid vereis *interpenetrasie* deur bewuste pastorale aanwesigheid, insig en beskikbaarheid op probleemvlakke. So word God se teenwoordigheid beliggaam op 'n wyse waardeur die gemeenskap nuwe betekenis in die lewe ontdek (Louw 2002:  85) wat etos en groei bevorder.

'n Intersubjektiewe benadering en empatiese luister na mense se verhale sluit nie die behoefte aan rigtinggewende berading uit nie. Skrifgebruik moet nie slegs helend en ondersteunend wees nie, maar moet ook verkondiging en etiese leiding insluit. Die genesende krag van vergifnis in Christus behoort die vertrekpunt van pastorale berading te wees. Hierdie aspekte behoort altyd deel van die pastorale proses te wees, selfs as besef word dat die persoon nie Christelike vermaning sal aanvaar nie (Janse van Rensburg 2000: 74).

Hierteenoor laat 'n postfoundationalistiese benadering binne 'n sosiaal-konstruksionistiese denkraamwerk die inisiatief aan gespreksgenote ("mede-navorsers") oor om verhale op nuwe wyses te interpreteer (Müller 2005). In die diakoniologiese benadering wat in hierdie

studie gevolg word, word gestreef na ‘n gebalanseerde posisie waarin sosiaal-konstruksionistiese uitgangspunte versoen word met ‘n diakoniologiese epistemologie.

1.5.4 Pastorale terapie

Clinebell (1984: 26) onderskei tussen pastorale sorg, pastorale berading en “pastoral psychotherapy”. Laasgenoemde beskryf hy as die toepassing van langtermyn-rekonstruktiewe terapeutiese metodes waar groei diepgaande of chronies ingekort is as gevolg van krisiservarings. Langdurige blokkering van groei deur krisisse kan tot ingrypende komplikasies lei wat selfs mediese ingryping mag noodsaak (Clinebell 1984: 26).

Pastorale sorg en pastorale berading in die algemeen verwys na die wyer veld van pastorale aktiwiteit en ondersteuning. Pastorale terapie het die konnotasie van ‘n terapeutiese doelstelling met die oog op genesing of heling deur die aanwending van pastorale hulpmiddele. In hierdie studie word ‘n streng onderskeiding nie gehandhaaf nie. *Pastorale terapie* word as ‘n vakwetenskaplike inklusiewe begrip gebruik om die verskillende vorme van pastorale betrokkenheid in te sluit.

Waar kerugmatiese modelle inhoud ten koste van verhouding benadruk, word daarop gewys dat in die terapeutiese pastoraat die verhouding belangriker is as die inhoud. Die ideaal is integrasie van die twee aspekte, soos in ‘n hermeneutiese pastoraat nagestreef word (Ganzevoort & Visser 2007: 96). In pastorale terapie handel dit oor die gebrokenheid van die lewe en hulp in ‘n tyd van krisis. Hoogte- en laagtepunte in die lewe van die gespreksgenoot word in ‘n geloofsperspektief aangeraak. Die pastor help die gespreksgenoot om sy of haar konkrete *condition humaine* te verstaan in die perspektief van die saligheidsopenbaring (Immink 2005: 280, 281).

Die *geestelike dimensie* is ‘n onontbeerlike bepalende faktor en uitgangspunt in die pastorale terapie. Die hermeneutiese benadering vind juis aansluiting by die lê van die verband tussen die krisiservaring in die lewe en die Godsopenbaring. In ‘n samelewing waar grense en waardes verbrokkel, kan tegnieke uit die sekulêre hulpdissiplines nie die sentrale doelwitte vervul van ‘n pastoraat wat die betekenisse en waardes van die Christelike tradisie beliggaam nie. Dit moet voortkom uit die kernwaardes en singewing

gewortel in die Bybelse geskrifte as primêre tekste van die Christelike narratiewe tradisie (Gerkin 1991:15).

Die terapeutiese funksie sluit aan by die barmhartigheidsbediening as deel van die priesterlike amp van gelowiges volgens die hervormingstradisie soos deur Luther in ‘n brief oor pastorale leiding uiteengesit (Gerkin 1997: 42). By die ouer persoon wat ‘n vroeër era met meer gevestigde waardes beleef het, dikwels met diepgewortelde geïnternaliseerde godsdienstige oortuigings, verleen die teruggryping na en toepassing van Bybelse kernwaardes ‘n onontbeerlike dinamika aan die helingsproses.

Hoewel “therapeou” aanvanklik gebruik is as mediese term, verkry dit in die Nuwe Testament ‘n wyer betekenis. Dit word gebruik in verband met diens (“diakonia”) wat terapeuties verbind is aan versoening en nie slegs aan die fisiese genesing van siekes nie. ‘n Voorbeeld hiervan word gevind in Markus 1:34: “Hy het baie siekes wat allerhande kwale gehad het, gesond gemaak en baie bose geeste uitgedrywe”. Nie alleen is hulle kwale genees nie, maar hulle het ook geestelike bevryding en oorwinning ervaar. Verdere voorbeelde is opgeteken in Matteus 4:23 en 8:16. Deur Jesus se diakoniologiese terapie word siekte onder die heerskappy van die koninkryk van God geplaas. Die eskatologiese perspektief relativeer siekte. Deur evangeliese terapie word die vlam van hoop aangesteek (Louw 2008: 87,88).

### 1.5.5 Pastorale narratiewe terapie

Pastorale narratiewe terapie dui op die toepassing van narratiewe metodes in die pastoraat. Dit kan nader omskryf word as die “hermeneutiese ontleding van menslike ervaring” soos wat dit uiting vind in die taal van geloof en godsdienstige simboliek (Louw 1999: 165). Hierdie narratiewe verwysingsraamwerk vorm die grond vanwaar die sinsvraag gestel word. Gerkin (1986: 54) sien dit as ‘n hermeneutiese proses binne die verhalende konteks van die bediening wat die transformasie van die menslike storie ten doel het en dit vir toekomstige kreatiewe moontlikhede oopstel. Die beskrywing en verklaring daarvan is dikwels die enigste wapen teen lyding – daarom is die narratief ‘n uitstekende terapeutiese hulpmiddel (Du Toit 1990: 4).

Pastorale gesinsterapie word omskryf as “die terapeutiese proses waar die menslike verhaal teen die Bybelse Verhaal gespieël word, met die doel om die totstandkoming van ’n nuwe verhaal te fasiliteer” (Van den Berg 1999: 9). Hierdie omskrywing het ook

relevansie vir pastorale terapie in ander sosiale verbande en beklemtoon die rol van die narratief in die terapeutiese proses. Die pastorale aard daarvan lê in die verhelderende rol van die Evangelie as spieël waardeur die menslike verhaal tot nuwe verhaal omvorm word.

Die narratiewe hermeneutiese benadering bied ‘n praktyk-teoretiese lens waardeur die stories wat persone van hulleself vertel, hulle waardes interpreterend uitdruk. Sodoende word betekenis in konteks toegeken om sin aan die lewe te gee. Deur die herhaalde vertel van die lewensverhaal word die verlede en die toekoms vernuwend en konstruerend in kongruensie met mekaar gebring. Die deskundige leiding van die terapeut in sy/haar betrokkenheid fasiliteer die konstituerende vertelling (Müller 1996: 30).

In die geval van MIV-pasiënte is die waarde van die narratiewe terapeutiese benadering bevestig. Dit is naamlik om hoop te vestig deur God se teenwoordigheid en trou in die kweek van ‘n gesindheid van groei. Dit geld veral die internaliseringstadium wat volg op impak en regressie en gevolg word deur rekonstruksie en konstruksie (Louw 2008: 447,449).

In die geval van ouer persone wat krisiservarings na ‘n lang lewe moet verwerk, bied die narratiewe pastorale terapeutiese proses die geleentheid tot die interpretasie en herinterpretasie van stories. In ‘n sinvolle integrasieproses lei dit tot die belewing van nuwe perspektiewe en nuwe groei. Die verandering van fokus wat hervertelling by ouer persone meebring, blyk uit die gesprek met bejaarde persone in Gugulethu. Hierdie persone het dikwels haglike omstandighede beleef en vir hulle is herinneringe uit die verlede ‘n ligpunt (Van Dongen 2004: 74). Die aanwending van die narratief as hermeneutiese lens word as besonder relevant beskou in die pastoraat aan ouer mense. Individue in hierdie ouderdomsgroepe se langtermyn-geheue is dikwels nog uitstekend selfs wanneer korttermyn-geheue minder effektief is. Dit is ‘n gawe wat positief aangewend kan word om by te dra tot die bevordering van kulturele kontinuïteit in die daarstelling van ‘n harmonieuse geheel (Gerkin 1997: 216). Hul voorliefde vir verhale uit die verlede bied die geleentheid tot ineensmelting van die verhale-konteks, insluitende die verhaal van die Skrif (Louw 1999: 23). Die narratiewe epistemologiese perspektief van die transformasie van die menslike verhaal ontsluit as toekomsverhaal kreatiewe terapeutiese moontlikhede (Müller 1996: 5). Die beskrywing van die gesin gesien as ‘n “verhalende kultuur” (Müller

2002: 15) het ook relevansie vir die een-tot-een-gesprek wat die geleentheid bied tot verhaalontwikkeling binne die gespreksgenoot se unieke eie-aard en verhoudings.

As voorbeeld van die helende uitwerking van vertelling, word verwys na die teenwerking van die ervaring van angs deur herinneringsterapie ("reminiscence therapy"). Deur ouer persone aan te moedig om die verlede te onthou en herinneringe met die terapeut te deel, word hulle gehelp om ou situasies van konflik te onthou en te verwerk. Sodanige situasies mag onderliggend wees aan angstigheid en kan terapeuties beredder word (Koenig & Weaver 1998: 85).

Die betrekking van die verhale van mense en die verhaal van God word ook as sirkelvormig voorgestel, en wel as 'n aaneenlopende spiraal wat dui op die voortgang van die verhaal. In hierdie proses lei "vervreemding" tot 'n nuwe betekenis- en antwoord-moontlikheid, waarin herkenning en ontsluiting 'n rol speel. Tussen ontsluiting en antwoord is 'n spasie vir eie verantwoordelikheid en keusevryheid, die ruimte van die Gees "die waait waarheen Hij wil" (Ganzevoort & Visser 2007: 124).

### 1.5.6 Diakoniologiese posisionering

In die lig van die diakoniologiese paradigma wat aan die navorsing ten grondslag lê, is dit relevant om hierdie uitgangspunt in meer detail te beskryf. Aansluitend by 'n omskrywing van die begrip word 'n kort historiese oorsig van die historiese ontwikkeling gegee. Die betekenis van die diakoniologiese benadering as prakties-teologiese vertrekpunt word bespreek. Ten slotte word bepaalde voorbehoude wat deur die navorser in ag geneem word in die toepassing van 'n diakoniologiese benadering uitgelig.

#### *1.5.6.1 Betekenis en ontwikkeling*

Die aard en ontwikkeling van die diakoniologie is die benadering waarvolgens Praktiese Teologie deduktief bedryf word by wyse van teoretiese teologisering met die oog op die praktyk. Dit behels 'n gerigtheid op die kerk en sy dienste, waarin die opleiding en afrigting van predikante met die oog op hulle ampswerk in ag geneem word. Die diakonaat dui egter op 'n bestaanswyse van die gemeente eerder as dat dit slegs die werk van enkele ampsdraers is (Heyns & Jonker 1977: 301).

Abraham Kuyper het, teenoor Schleiermacher, die supranaturale karakter van die openbaring gekies met die Heilige Skrif as die *principium divisionis* vir die teologie (Heitink 1993: 79). Die bo-natuurlike aard van die skriftuurlike Godsopenbaring veronderstel die geloofsdimensie as poort tot geestelike kennis. By Kuyper het ook die benaming diakoniologiese vakke vir die Praktiese Teologie ontstaan. Ingedeel volgens die kerklike ampte deur Christus ingestel, fungeer hulle as orgaan van die kerklike organisme (Van der Laan 1979: 156).

Aansluitend by die Nederlandse post-Kuypergroep vind die konfessionele benadering redelik sterk aansluiting by die tradisioneel-Gereformeerde definisie van die Praktiese Teologie as primêr ‘n studie van die Woord wat uitgaan van die perspektief van die dienste van die kerk. Dit vind aansluiting by die beskouinge van H. Jonker (1983), wat in sy hermeneutiese benadering gewaak het teen die verlies van die teologiese aard van die Praktiese Teologie. In die besonder wou hy die verlies van die handhawing van Bybelse norme voorkom. Hy bepleit ‘n deduktiewe Praktiese Teologie wat die induktiewe bydraes van die hulpwetenskappe sinvol in ‘n omvattende eenheid integreer (Jonker 1983: 14).

Hoewel Jonker se hermeneutiese benadering tot die Praktiese Teologie enigsins wyer omskryf word as dié van Kuyper, volg hy dieselfde breë gedagterigting. Hiervolgens was die Praktiese Teologie, wat as amptelike teologie of diakoniologie in protestantse kringe in Nederland beoefen is, se totale funksie *hermeneuties* van aard. Die Praktiese Teologie moes die Bybel vanuit die gesigspunt van die kerk en sy ampte bestudeer en teorieë daarstel vir uitvoering deur die kerk. Sy deduktiewe werkwyse beteken dat konsekwent vasgehou word aan sy uitgangspunt om die waarheid van Gods Woord as waarheid vir die mens werklik te maak en dat die wese van hierdie diens vanuit die Waarheid self benader word:

> …dan houden wij konsekwent aan ons uitgangspunt vast, gaan deduktief te werk en benaderen het wezen van deze dienst vanuit de Waarheid zelf (Jonker 1983: 284).

In Suid-Afrika het W.D. Jonker (1981: 39) basies dieselfde siening gehuldig, naamlik dat dit in die amptelike vakke (Praktiese Teologie) gaan om die *lees, verstaan en vertolking van die Heilige Skrif in diens van die diakonia.*

*1.5.6.2 Diakoniologie as prakties-teologiese vertrekpunt*

"Diakoniologie" is saamgestel uit die Griekse woorde *diakonia* (diens) en *logos* (woord), en dui op die diens van die Woord van God. *Die Bybel fungeer dus as vertrekpunt wat as paradigma die klimaat bepaal waarbinne die kennis toegepas word.* In hierdie sin is daar sprake van 'n diakoniologiese paradigma en 'n diakoniologiese epistemologie wat konsekwent toepassing in ooreenstemming met die *paradigmabeginsel* vereis.

Ten opsigte van die praktiese werk van die kerk behels dit dat 'n *basisteorie* waarop die praktiese werk gebaseer is, kennisneem van en in ooreenstemming moet wees met wat die Woord sê. Die diakoniologiese epistemologie erken dus "the objective truth of the Bible", soos beliggaam in die beginsels wat uit die Bybel afgelei word. In teenstelling hiermee ontken postmoderne epistemologie alle meesterverhale en vasgestelde afsluitings (Janse van Rensburg 2000: 77).

Om dieselfde rede (ontkenning van die gesag van die Bybel) sal modernistiese epistemologie wat die rede verabsoluteer onaanvaarbaar wees binne 'n diakoniologiese epistemologie. Die omskrywing van die Bybelse waarheid as "objektiewe waarheid" word as problematies ervaar binne die konteks van hierdie studie. Die standpunt wat gehuldig word, word hieronder uiteengesit.

In die ontwerp van 'n basisteorie erken die diakoniologiese benadering die waarde van metateoretiese insigte uit die geesteswetenskappe. Dit sluit die gebalanseerde gebruik van empiriese en fenomenologiese navorsing in. Die benutting van metateoretiese navorsing moet egter geskied sonder dat dit die teologiese aard van die praktiese vakke verander.

Die diakoniologiese benadering erken dat die geloofslewe op 'n werklike verhouding tussen God en die mens berus. 'n Intersubjektiewe verhouding beteken dat bewustelike kommunikasie plaasvind. Ons ken God deur sy Woord – sy trou en liefde – en deur die Woord ontvang ons sy beloftes van vergifnis, regverdiging en ewige lewe in Jesus Christus, waarop ons in die geloof antwoord (Immink 2005: 241-243).

In die sentrum van alle kerklike aktiwiteite plaas die diakoniologie dus Jesus Christus as Hoof van die kerk, as Koning, Priester en Profeet. Dit word aanvaar dat Christus die kerk-

like ampte, afgelei van sy eie ampte, gegee het sodat die verskeidenheid van dienste van die Woord sy teenwoordigheid en gesag kan reflekteer (Janse van Rensburg 2000: 78).

Die diakoniologiese uitgangspunt erken die noodsaaklikheid van die ontwikkeling van prakties-teoretiese of praktyk-teologiese metodes in die uitlewing van dienste van die Woord, insluitende pastoraal-terapeutiese dienste, in ooreenstemming met ‘n Skrifgebaseerde basisteorie.

*1.5.6.3 Voorbehoude rakende die diakoniologiese benadering*

In die aanwending van ‘n diakoniologiese epistemologie in die pastoraat, uitgaande van ‘n basisteorie, word die volgende voorbehoude in ag geneem:

- Die diakoniologiese epistemologie erken die “objektiewe waarheid” van die Bybel sonder om biblisisties of fundamentalisties te wees, maar wel deur Bybelse beginsels toe te pas (Janse van Rensburg 2000: 78). In verband met die verwysing na die “objektiewe waarheid” van die Woord, word by die standpunt van die Christelike Wysbegeerte van die Wetsidee aangesluit. Daarvolgens word ruimte gelaat vir die feilbaarheid van menslike persepsies en die onontkombare rol van persepsie in religie, wat soos volg omskryf word: Die geestelike krag of religie wat uit die wedergebore hart voortkom, onderskeie van alle ander hartsuitgange, staan in die brandpunt van ons persoonlikheid, vanwaar dit “elke lewensuitgang voed en rig”. Omdat álle denke dus uit die hart voortkom en religieus bepaal is, “is geen denke ooit neutraal nie” (Strauss 1964: 19,20). Daarom dat die paradigma waaruit wetenskap beoefen word, deur die hart as religieuse middelpunt in alle denke neerslag vind. Daar word dus verkies om na die geopenbaarde waarheid van die Heilige Skrif te verwys, eerder as na “objektiewe waarheid”.

- ‘n Diakoniologiese epistemologie laat ruimte vir die gebruikmaking van insigte uit die hulpwetenskappe, insluitende die resultate van empiriese en fenomenologiese navorsing. Die voorwaarde is dat die teologiese aard van die Praktiese Teologie nie deur die toepassing van insigte uit die hulpwetenskappe verander moet word nie. Bybels-gefundeerde uitgangspunte word as normatief beskou in die toepassing van metateoretiese insigte en teorieë in prakties-teologiese toepassings, met ander woorde toepassing in ooreenstemming met die *paradigmabeginsel*.

- Die Skrif bly die finale kenbron vir die teologie se waarheidsgehalte; die empirie is slegs ‘n medium waardeur “die Skrif in sy aktualiteit noukeurig en betroubaar verklaar en gekommunikeer word” (Louw 1999: 121). Hoewel ‘n diakoniologiese epistemologie in ‘n basisteorie gefundeer is wat Bybelse beginsels beliggaam en dus deduktief ingestel is, behoort die erkenning van ‘n gebalanseerde deduktiewe/induktiewe beklemtoning nie vreemd daaraan te wees nie. Waar daar in die pastorale terapie op menslike probleme gefokus word, is daar ‘n groot behoefte aan intense betrokkenheid by persone aan wie hulp gebied word. Daar is ‘n saak uit te maak vir die plek van beide die benaderings van die betrokke deelnemer (“engaged participant”) en die onbevange waarnemer (“detached observer”) in die prakties-teologiese navorsing en terapie (Dreyer1998: 23). In ooreenstemming hiermee is die vereiste van die hermeneutiese benadering dat beide die verstaan van mense en die verstaan van die evangelie tipies is van pastorale sorg (Müller 1991: 186).

- Illustrerend van hierdie stelling is die volgende: Op terapeutiese vlak het die siening van “die waarheid” van ‘n gespreksgenoot soos dit binne daardie persoon se lewensituasie en oortuigings beleef word, kontekstuele geldigheid. Dit moet op meriete beoordeel word sonder om dogmaties daarteen gekant te wees. Hermeneutiese begrip van hierdie “waarheid” is onontbeerlik wanneer so ‘n persoon sinvol gehelp moet word. Vanuit Christelik-religieuse standpunt moet sodanige “waarhede”, waardeur ons ‘n persoon beter kan leer ken, steeds relatief tot die Bybelse waarheid beoordeel word.

- In hierdie verband is Foucault se siening van waarheid waarna deur White & Epstone (1990: 19, 20) verwys word, insiggewend. Hy sien waarheid nie as objektiewe of intrinsieke feite oor die aard van persone nie, maar as “constructed ideas that are accorded a truth status.” Hierdie “waarhede” is normaliserend deurdat hulle norme konstrueer. Rondom hierdie norme word persone se lewe en individualiteit gevorm. Hierin sien hy ‘n vorm van mag wat diensbaar maak. Vir die pastorale terapeut is hierdie siening belangrik. Dit beklemtoon die belangrikheid om agter die persoon in terapie se individuele sienings en idees te kom. Dit sluit ook idees in rondom die religieuse norme wat sy/haar lewe rig – en wat so ‘n persoon gewillig maak om globale en unitêre kennis-”liggame” te ondersteun. Hier verwys hy na die “objective reality”-kennisgebiede van die moderne wetenskaplike dissiplines wat mense se lewens tot ‘n bepaalde modus bestem (Foucault 1980: 94).

- Die verhalestudies waaroor in hierdie navorsing verslag gedoen word, getuig van die behoefte hierbo genoem. Sodanige betrokkenheid vereis diepgaande belangstelling in die lewens van die betrokke individue deur induktiewe meelewing. Hiervoor maak die hermeneutiese en narratiewe benaderings voorsiening. Dit beteken egter nie dat die deduktiewe dimensie agterweë gelaat word nie. ‘n Spiralende werkwyse, waarin praktyk en teorie mekaar afwissel en waarin die verhale van die individu en die verhale uit die Christelike tradisie op mekaar betrek word (Browning 1991; Müller 1996), is waardevol vir effektiewe hermeneutiese berading en terapie, en kan binne ‘n diakoniologiese epistemologie geakkommodeer word.

- Vandag word pastorale terapie deur terapeute en beraders ook buite die formele kerklike opset beoefen, wat implikasies inhou vir die pastorale rolvervulling (Ganzevoort & Visser 2007: 27). Daarmee hang die professionalisering van die beroep van geestelike versorger saam (Heitink 1998: 212). Pastorale terapeute word opgelei en lewer buite kerkverband dienste in inrigtings soos skole, hospitale en tehuise vir bejaardes. Die vraag kan gevra word of die diakoniologiese begrensing van die pastoraat tot die kerklike ampte nog realisties is. Die navorser is van mening dat dit wel realisties kan wees, mits die wyer betekenis van die koninklike, priesterlike en profetiese ampte daaraan geheg word as gawes wat aan alle gelowiges toebedeel word. In hulle hoedanigheid as Christene strek hulle werksterrein dan ook wyer as die kerk as instelling, om alle arbeidsvelde waar daar behoefte is of nood bestaan, in te sluit. Hiervolgens staan die pastorale terapie in verband met die diens *(diakonia)* van Christus wat vryspraak en heil vir die mens verwerf het en deur die geloof lewensvernuwend werk. Die konteks waarbinne troos meegedeel word is die gelowiges as liggaam van Christus (Louw 1999: 516).

- As ‘n benadering wat met ‘n modernistiese era geassosieer word, word die negatiewe aspekte van ‘n modernistiese rasionalistiese paradigma dikwels ook aan die diakoniologiese benadering toegeskryf. Voorbeelde hiervan is ‘n oorbeklemtoning van die belangrikheid van die rede, van dogmatisme en van fundamentalistiese teologiese sienings (Janse van Rensburg 1999:36). ‘n Pastorale benadering soos die diakoniologie behoort nie gekortwiek te word deur die bagasie van ‘n wetenskaplike paradigma nie. Die konsekwente toepassing van ‘n diakoniologiese epistemologie behoort daarop bedag te wees om mistastings in hierdie verband in die reine te stel. Dieselfde geld vir die verwringing van ‘n diakoniologiese epistemologie deur

postmoderne denkbeelde soos relativisme of die verwerping van metanarratiewe, wat die Bybelse Verhaal insluit, daarin te verweef. Kenmerkend hiervan is Derrida (1996: 336,359) se uitspraak dat die Boek in sy soeke na waarheid 'n afsluiting ("closure") verteenwoordig wat teen die grein van die essensie van syn ingaan.

- Die vraag moet gevra word of daar vandag steeds rede is om die diakoniologie *per se* as fundamentalisties te etiketteer? "Fundamentalisme" word gekoppel aan die oortuiging dat die Bybel onfeilbaar moet wees omdat dit die Woord van God is en deur God geïnspireer is. Verder glo fundamentaliste dat alles in die Bybel letterlik opgeneem moet word (König 2006:172-174). Kritiek op fundamentalisme sluit aan by postmoderne sienings wat die "typically modernist notions" van objektiewe waarheid, universele rasionaliteit en outonome individualiteit as onhoudbaar beskou (Van Huyssteen 1999: 119).

- In reaksie op menings in die dagbladpers, wat aansluitend by bogemelde sienings, die prediking van die charismatiese kerke as "fundamentalisties en hul teologie as oppervlakkig" beskryf, reageer Burger (2004: 9) dat die rede vir hierdie etikettering eerstens die geloof in die heilsfeite aangaande Jesus, en tweedens "die geloof in die waarheid en integriteit van die Bybel as die Woord van God" is. Hoewel die diakoniologie dus biblisisme en fundamentalisme vermy, sal dit volgens bogenoemde uitgangspunte steeds as fundamentalisties beskou kan word.

### 1.5.7 "Postfoundationalism"

In die lig van kritiek teen modernisme, sowel as van die onaanvaarbaarheid van sommige postmodernistiese uitgangspunte, word 'n "postfoundationalist" benadering voorgestel wat die gemelde probleme kan oorkom (Schrag 1992; Van Huyssteen 1999, 2006). Dit behels die afstand doen van "modernist notions of objective truth, universal rationality, and autonomous individuality", maar ook van "extreme forms of deconstructive postmodernism and the adoption of relativist forms of non-foundationalism or contextualism" (Van Huyssteen 2006:10).

Dit word as belangrik geag dat in hierdie studie van hierdie nuwe benadering kennis geneem word as 'n moontlike oplossing vir die teologies onaanvaarbare aspekte van bogemelde verwysingsraamwerke. Binne 'n diakoniologiese paradigma moet bogenoemde

onaanvaarbare modernistiese denkbeelde in die lig van die Skrif krities beoordeel en geakkommodeer word. Ook onaanvaarbare dekonstruktiewe en relativistiese postmodernisme is diakoniologies aan dieselfde kriteria onderhewig in ooreenstemming met die paradigmabeginsel.

"Postfoundationalism" wil hierdie probleme konstruktief konfronteer deur die tot stand bring van 'n nuwe paradigma wat negatiewe elemente van beide modernisme as postmodernisme wil uitskakel. Die term *postfundamentalisme*, wat die konnotasie sou hê dat dit na 'n benadering verwys wat fundamentalisme soos in die laaste twee paragrawe onder 1.5.6.3 beskryf, transendeer, word nie as beskrywend beskou van die "postfoundationalist" paradigma nie. Om hierdie paradigma duidelik te omskryf, en by gebrek aan 'n Afrikaanse term met dieselfde betekenisinhoud, word gebruik van die terme "postfoundationalisme" en "postfoundationalisties" gehandhaaf.

### *1.5.7.1 Rasionaliteit as skakel tussen wetenskap en teologie*

In die besinning oor die huidige vorm van die eeue-oue problematiese verhouding tussen geloof en rede, word rasionaliteit deur Van Huyssteen (1998:9; 2004: xv; 2006: 12) gesien as die sleutel om die verskillende kennis-domeine te oorbrug. Postmodernisme se bedreiging van rasionaliteit – "…it is *rationality* itself that has been the prime focus of the postmodern challenge" (Van Huyssteen 1999: 3) – hou in dat ons ons identiteit as menslike wesens kan verloor. Daarom moet gesoek word na rasionaliteit "in discourses as different as theology and the sciences" (Van Huyssteen 1999: 3).

Dit plaas 'n verantwoordelikheid op die mens om ook die redes vir geloofskeuses te artikuleer. Daar word gewys op die feit dat postmoderne dekonstruksie van Westerse metafisika en epistemologiese fundamentalisme die moontlikheid van 'n interdissiplinêre gesprek uiters problematies gemaak het. Dit het gebeur deur ontslae te raak van "modernity's metanarratives" en die erkenning van aparte tradisies en "local theologies" (Van Huyssteen 1998: 5, 6).

Vanuit 'n diakoniologiese benadering is die bostaande basiese uitgangspunt problematies. Volgens dié uitgangspunt word aanvaar dat van moderniteit se metanarratiewe (wat die postmoderne interpretasie van die Bybel en Christelike tradisie insluit) ontslae geraak is. Hiermee word 'n kernuitgangspunt van die postmodernisme aanvaar wat nie die

meesterverhale, insluitende die Bybel, erken nie. Hiermee word ook afstand gedoen van 'n grondwaarheid van die Christelike godsdiens en van 'n Christelike paradigma. Die redenasie is dat, omdat die postmodernisme waarheid vasmaak aan kontekstuele ervaring en lokale teologieë, moet nou vanuit daardie paradigma geredeneer word (Van Huyssteen 1998:5).

Terwyl dit diakoniologies nie die bedoeling is om "overarching, foundationalist rules for interdisciplinary dialogue" (Van Huyssteen 1998: 7) voor te skryf nie, maak dit aanspraak om binne die vryheid van 'n skriftuurlike paradigma te beweeg sonder dat epistemologies-vreemde reëls van moderne of postmoderne kant in dialoog opgedwing word.

Daar word kennis geneem van natuurwetenskaplike kritiek oor geloof se dogmatiese, nie-empiriese, konsensus- en geloofgebaseerde benaderings. Daarenteen word die natuurwetenskaplike benadering gesien as hipoteties, oop vir evaluering en kritiek, en rasioneel. As wyse van besinning is dit "…incommensurable with, and vastly superior to, religious faith and theological reflection" (Van Huyssteen 1998: 9).

Teenoor die wysheid en die geleerdheid van die wêreld wat tot niet sal gaan, staan egter "…Christus die krag van God en die wysheid van God. Wat vir die wêreld die onsin van God is, is groter wysheid as die wysheid van mense…" (1 Kor. 1: 24,25). Indien hierdie grondbeginsel in ons wetenskaplike arbeid misken word, is ons nie meer besig met Christelike teologie nie.

*1.5.7.2 Transversale kommunikasie*

Binne postfoundationalistiese persoons- en domein-spesifieke rasionaliteit en die uniekheid van dissiplinêre diskoers word transversale uitreiking oor dissiplinêre grense as 'n doelwit gestel (Van Huyssteen 1999: 15). Die transversale meetkundige metafoor verwys na 'n lyn wat deur twee of meer meetkundige figure sny. Die universaliteit van 'n oneindige lyn en die spesifieke punt van 'n lynsegment word verbeeld. Dit stel 'n spesifieke gesprek tussen dissiplines voor, "in between universal rationality and incommensurability" (Stone 2006: 1146) met die oog op interdissiplinêre toepassing:

> I also argue for the idea of transversality as a heuristic device that opens up new ways for crossing boundaries between disciplines, and for

> identifying those interdisciplinary spaces where the relevance of scientific knowledge can be translated into the domain of Christian theology, and vice versa (Van Huyssteen 2004: xv).

Met verwysing na “Alone in the World” (Van Huyssteen 2006), wys Stone (2006: 1147) op die implikasie van bogenoemde siening. Dit beteken dat ons nie hoef te kies tussen premoderne tradisie, modernistiese universele rasionaliteit en postmoderne relativisme as dié bron van waarheid nie. Punte van oorvleueling en snylyne van gedeelde rasionele kwessies kan binne ‘n transversale rasionaliteit aandag geniet.

In praktyk beteken transversale beweging tussen ‘n moderne en ‘n postmoderne paradigma byvoorbeeld nie om “relativisme koersloos (te) koester nie”. Dit behels dat waarheidsaansprake teengestaan mag word, dat insig nie volledig is nie en nodig het om langs ander sienings geplaas te word (Van den Berg 2006b: 165).

Diakoniologies gesien beteken relativisme wat nie koersloos is nie dat koersaanduidende Skriftuurlike norme gevolg moet word. In die hantering van teenstand teen waarheidsaansprake word die onvolkomenheid van menslike insig erken, maar die openbaringsdimensie van die Christelike geloof bly steeds rigtinggewend.

Dit word beweer dat reglynige botsing van religieus-begronde standpunte vermy kan word deur die betekenisverskil tussen postmodernisme en *postmoderniteit* uit te lig en te ontgin. Sodoende word postmodernisme nie reglynig en antiteties teenoor modernisme gestel nie (Clayton 2003: 212). Postmoderniteit “dra ‘n klem van ‘n kritiese dialoog of redekritiek met ‘n bepaalde paradigma…” (Van den Berg 2006b: 165). Daardeur word die weg geopen word tot die ontginning van transversale dialoog aangaande gemeenskaplike kruispunte van snylyne.

Binne ‘n diakoniologiese benadering is daar ook wel die ruimte vir dialoog wat nie antiteties geposisioneer is nie en wat paradigmatiese uitgangspunte respekteer. Binne die geloofs-dimensie van die Christelike godsdiens sal die antitetiese teenoorstelling van die religieus-gewortelde geloof-ongeloof-teenstelling steeds bepalend wees. Dit stem ooreen met die Christelik-wetenskaplike uitgangspunt dat religie wat in die hart setel alle lewensuitgange deurdring, ook die kognitiewe. Dit sal dus ook in die wetenskapbeoefening grondliggende religieuse verskille blootlê (Dooyeweerd 1950: 3).

*1.5.7.3 Praktykteologiese toepassing*

In praktykteologiese toepassing beteken postfoundationalisme ‘n beweging verby die grense van Praktiese Teologie as ’n formele, rasionalistiese onderneming en verby die relativisme van anti-fundamentalistiese teorie. Praktiese Teologie moet dus hiervolgens vanuit ‘n konkrete en spesifieke oomblik van praxis ontwikkel (Müller 2005: 72). Die postfoundationalistiese prakties-teologiese konsep word deur Muller (2003; 2005) ontwikkel as ‘n “HIV/VIGS- narratiewe praktiese teologie”. Die oomblik van praxis waaruit die Praktiese Teologie hiervolgens ontwikkel, behels die uitkomste van dialoog met MIV/VIGS-lyers wat as mede-navorsers (“co-researchers”) (Müller: 2005: 82) betrokke is. Dit sluit besinning uit die perspektief van die teenwoordigheid van God in. Sodoende word die band met basiese vorme van teologiese besinning in stand gehou (Müller 2005: 73,74).

Die voorgestelde prakties-teologiese benadering word uitgewerk binne die sosiaal-konstruksionisme, wat as nuwe paradigma

> …moved beyond certain ways of understanding. It has moved beyond structuralism and also beyond constructivism. It corrects the subjective, individualistic, and intra-psychic ideas on the construction of realities within constructivism. At the same time it is a protest against relativism and an emphasis on the value-driven processes through which preferred realities are socially constructed (Müller 2003: 298,289).

Daar word dus afstand gedoen van die konstruktivistiese beskouing dat ‘n objektiewe toestand gediagnoseer word, waarna intellektuele ondersoekers optree wat die passie verloor het om persone se lewens te verander. Daarteenoor moet, sosiaal-konstruksionisties, elke persoon se eie “konstruk” van realiteit, wat deur sosiale interaksie bepaal word, gerespekteer word, want. dit word aanvaar dat daar nie iets soos waarheid in sigself bestaan nie.

Diakoniologies word ‘n beswaar hierin gesien dat die waarheid van die Bybel as meesterverhaal nie erken word nie. Die terapeut mag dus nie sy/haar Bybelse konstruk van die werklikheid teenoor ‘n gespreksgenoot wat ‘n ander siening toegedaan is, as gesaghebbend laat geld nie (Janse van Rensburg 2000: 50,51). Diakoniologies sou daar

ruimte gemaak moet word vir die Christen-terapeut om, binne die konteks van die gesprek, saam ‘n perspektief te ontwikkel waarin die Bybelse waarheid verdiskonteer word. Dit kan alleen geskied nadat die gespreksgenoot se siening en unieke emosionele en geestelike belewenis van die werklikheid leer ken is. Aansluitend by bostaande sienswyse word die volgende prakties-teologiese scenario's geskets:

> Waar die pastorale terapeut, in die konteks van hierdie studie, oorwegend met belydende Christene in gesprek tree, geld die argument dat dit sin maak dat aandagtig geluister word na die gespreksgenoot se siening van die werklikheid, ook in Christelike konteks. Dit word nie absolutisties aanvaar nie, want binne die konteks van Christelike gesprek is daar die geleentheid tot verruiming van gesigspunte, tot die samesmelting van horisonne.

> Wanneer die pastorale terapeut in berading gaan met ‘n ongelowige of nie-Christen, is dit die keuse van die kliënt om die pastorale terapeut, wie se Christelike oriëntasie bekend is, te raadpleeg. Die berader tree steeds op uit hoofde van sy of haar innerlike oortuiging. Insae in die kliënt se werklikheidsbeeld bly van kardinale belang vir sinvolle uitkomste. In hierdie konteks bied die benutting van transversale kommunikasie soos hieronder bespreek die moontlikheid om sinvol tussen verskillende gesigspunte te beweeg.

1.5.8 Evaluering

Die nuwe postfoundationalistiese gedagterigting en die idee van transversale kommunikasie tussen dissiplines en paradigmas, sowel as praktyk-teologiese toepassings, is kortliks hierbo bespreek. In die konteks van die studie word standpuntinname vanuit 'n diakoniologiese posisionering as relevant beskou.

Die volgende aanhaling dui op die voorwaardes vir deelname aan die "Gifford Lectures" wat verband hou met bogemelde teologiese navorsing:

> …(T)he lecturers should "treat their subject as a strictly natural science, the greatest of all possible sciences, indeed, in one sense the only science, …without reference to or reliance upon any supposed special exceptional or so-called miraculous revelation. I wish it to be considered just as astronomy and chemistry is" (Van Huyssteen 2006: 1).

Bostaande aanhaling uit die Testament van Lord Gifford gedateer 21 Augustus 1885, verwoord die uitgangspunt wat van aanbieders van "Gifford Lectures" in die uitbouing van "Natural Theology" verwag word. Hierdie lesings is in 2004 aan die Universiteit van Edinburgh aangebied (Van Huyssteen 2006: ix) en is die basis van die publikasie "Alone in the world? Human uniqueness in science and theology" (Van Huyssteen 2006).

Die uitgangspunte van die "Gifford Lectures" verhef die menslike rede tot die hoogste gesag en ontken die wesentlikheid van wonderwerke, wat intrinsiek aan die Bybelse Christelike geloof is. Dit sluit aan by die beweging wat in die negentiende eeu in die naturalistiese soeke na versoening tussen wetenskap en teologie vanaf Europa ook in die Kaapse kerk neerslag gevind het (Murray (1942: 343-402). Andrew Murray verwys daarna in 'n lesing gepubliseer op 9 Mei 1868 getitel "Die Moderne Teologie" as uitdrukking van die (destydse) moderne bewussyn, "die oortuiging van die onveranderlike natuurorde wat rus op die universele wet dat elke gevolg sy oorsaak binne die natuur het". Hiervolgens mag geen feite wat waargeneem word dus deur die bonatuurlike verklaar word nie. Die raaisel van die eeue sou opgelos word deur die volkome versoening tussen geloof en wetenskap (Murray 1942: 347,348).

Die voorgaande word by wyse van agtergrond tot die breë gedagterigting hierbo geskets. Hoewel Van Huyssteen (2006: 39-40) die uitvoering van Lord Gifford se vereistes as “virtually impossible” beskou, sien hy daarin die uitdaging vir ‘n integrerende en interdissiplinêre kontemporêre praxis vir teologie en die wetenskappe. Hy sien dit ook as geleentheid om as ‘n interdissiplinêre probleem die kwessie van menslike uniekheid op te volg.

Prinsipieel vanuit ‘n diakoniologiese standpunt is die uitgangspunte van die Gifford-lesings nie aanvaarbaar nie, weens die negering van die geloofs- en openbaringsdimensies. In soverre hierdie uitgangspunte weerklank vind in die fundering van interdissiplinêre samewerking in rasionaliteit en evolusionêre ontwikkeling ten koste van die bogemelde dimensies, is dit om dieselfde redes diakoniologies onaanvaarbaar.

Van Huyssteen stel dit egter duidelik dat hy nie ‘n universele rasionaliteit bepleit wat geldig is vir alle lewensdomeine nie. Hy bedoel wel dat “theology cannot formulate its own idea of reason independent of philosophy or the rationality of other reasoning strategies” (Van Huyssteen 2006: 12). Die skrywer van hierdie proefskrif verstaan hieronder dat ‘n wetenskaplike denkwyse wat diakoniologies gebaseer is, of Christelik-wysgerige uitgangspunte wat byvoorbeeld in die Wysbegeerte van die Wetsidee gefundeer is (sien 1.42), onaanvaarbaar is vir “postfoundationalistiese” rasionalisme.

Daar is ‘n radikale verskil tussen ‘n rasionalistiese, naturalistiese wetenskaplike uitgangspunt en ‘n teologiese geloofsuitgangspunt wat die bestaan van wonderwerke aanvaar. Dit is ‘n verskil wat té radikaal is om met behoud van integriteit deur albei partye aanvaar te word.

Die effek van postfoundationalistiese rasionaliteit op die geloofs- en openbaringskarakter van teologie blyk byvoorbeeld uit die volgende stelling:

> But in a postfoundationalist approach to theology, there would be no recourse to foundationalist certitude by bestowing on our canon(s) objective truth or indubitable knowledge (Van Huyssteen 2006: 29).

Die teologie kan slegs die standpunt waarop dit staan, prysgee met verlies van eie identiteit en bestaansgrond. Waar die volgende stelling waar is van die verskillende studierigtings, geld dit ook vir die bestaansreg van teologiese uitgangspunte:

> We may well wonder whether any domain of study can boast of generally accepted insights. For isn't it true that theories provide a specific reconstruction of reality – and for that very reason is bound to differ? (Immink 2005: 182).

Daar word op gewys dat teologie as vertrekpunt 'n oortuiging huldig wat nie rasioneel verdedig kan word nie – geloof in die realiteit en aktiwiteit van God (Immink 2005: 182). Viau (1999: 82) maak die stelling, as 'n fundamentele gegewe van geloof en teologie, dat die eintlike, wesentlike voorwerp van Praktiese Teologie ononderskeibaar is. En wanneer ons van God praat, weet ons dat hierdie Realiteit wat ons koester ver bokant menslike begrip geplaas is (Viau 1999: 83). In interdissiplinêre dialoog moet dus voorsiening gemaak word vir die geloofsbegronding van teologiese uitgangspunte wat nie rasioneel bewysbaar is nie.

Transversale interdissiplinêre dialoog binne 'n diakoniologiese benadering vereis dat metateoretiese insette van ander vakwetenskappe in ooreenstemming met die uitgangspunte van 'n diakoniologiese paradigma geskied. Indien nie, is 'n naturalistiese uitgangspunt wat die bestaan van wonderwerke ontken wat nie binne die wetmatighede van die skeppingsorde verklaar kan word nie, dan 'n logiese gevolg in die beoordeling van geestelike waarhede. 'n Voorbeeld hiervan is die benadering in die publikasie "God? Geloof in 'n postmoderne tyd" (Du Toit 2000). Hiervolgens word uit die bestaan van 'n energieveld tot die konklusie gekom dat 'n "spirituele" dimensie bestaan. Uit die onvernietigbaarheid van energie wat 'n fisiese gegewe is, word afgelei dat die lewe nie kan ophou nie, 'n "onsigbare lewe" wat "in terme van die natuurwette" nooit kan ophou nie (Du Toit 2000:112). Christelik-wysgerig word daarop gewys dat uit die aanname dat "energie….die grondslag van alles in die skepping is", nie logies volg dat 'n "*energieveld* verdoop kan word tot 'n geestelike (spirituele) werklikheid nie" (Strauss 2002 c: 581).

Die benadering hierbo is simptomaties van wat beskryf is as "a confessional and theological dilemma that reaches into the heart of the church's existence" (Britz 2002: 354). Hierdie verskeurdheid wat steeds in teologiese denke manifesteer, kan kortliks soos

volg geskets word: die openbaring is wáár deur die "theopneustiewonder" en staan in die teken van duidelikheid. Daarteenoor word die Bybel as "deur God ingegee" afgewys, omdat dit onwetenskaplik en "ontdaan van enige integriteit" is om met vooropgestelde idees na die Bybel te gaan (Du Toit 2000: 68, 85).

In die bespiegeling oor die kwessie van natuurlike of bonatuurlike benaderings word egter bevestig dat postfoundationalisme albei moontlikhede ooplaat. Hierdie verskil word tewens uitgelig as

> …..possibly the most crucial and telling difference between theology and the sciences. The focus on this kind of ultimacy or mystery is unique to the experiential resources and epistemic focus of theology, and definitely sets it apart from the very focused empirical scope of the natural sciences (Van Huyssteen 2006: 17).

Bogemelde skrywer spreek die verdere oortuiging uit dat postfoundationalistiese rasionaliteit dit moontlik maak vir persone met sterk persoonlike godsdienstige oortuigings om aan plurale interdissiplinêre gesprek deel te neem. In die proses kan hul oortuigings ongeskonde bly, maar hulle word terselfdertyd teoreties bemagtig om verby tradisionele kontekste aan kritiese selfbesinning deel te neem (Van Huyssteen 2006: 17).

Ter wille van wetenskaplike integriteit moet dit prinsipieel gestel word dat waar transversale kommunikasie in hierdie studie aangewend word, die voorbehoud geld dat rasionaliteit nie ongekwalifiseerd as gemene deler beskou word nie. In die bepaling van transversale kruispunte sal die geloofsfaktor as definiërend van 'n diakoniologiese paradigma steeds bepalend wees en steeds die primaat geniet bo rasionele uitgangspunte. Hierin kan met die volgende stelling oor die verhouding geloof-rede saamgestem word: Dit is "…..uit God gebore, maar vir die mens geskik; hoër as die rede, maar nie teen die rede nie – in werklikheid 'n *redelike godsdiens" (*Murray 1942: 2).

Ten einde reg te laat geskied aan die paradigma-beginsel is die volgende uitgangspunte rigtinggewend in hierdie studie ten opsigte van die benutting van metateoretiese insigte uit ander dissiplines:

> Nevertheless we may conclude that we can learn and borrow from strategies, although we must reiterate that it is not necessary to accept a conflicting *paradigm* in order to use its *strategies.* We would rather argue that it is important to place such strategies within a compatible (Christian) paradigm. If we take a diaconiological point of departure, such strategies may then be founded on biblical principles and indications (Janse van Rensburg 2000: 38).

Waar dit in hierdie aanhaling gaan oor die toepassing van postmodern-gefundeerde konsepte, is dit eweneens waar dat die aanwending van modernistiese tendense soos "die absolute greep van die rede" (Louw 1999:18) aan die toets van geloof en openbaring binne 'n Christelike paradigma onderhewig is.

## 1.6 Basis-, meta- en prakties-teoretiese uitgangspunte as hermeneutiese lense

Die metaforiese verwysing na die aanwending van verskillende pastoraal-terapeutiese uitgangspunte as lense dui op die waarneming en aanwending van die pastorale terapie vanuit verskillende invalshoeke. Die lense verteenwoordig 'n bepaalde progressie in die praktykteologiese ontwikkeling, waarin die teologiese basisteorie die eerste ontwikkelingsfase verteenwoordig. In hierdie fase word basiese teoretiese konsepte ontwikkel wat verseker dat prakties-teologiese aktiwiteite nie verskraal word en die teologiese en wetenskaplike karakter van die vak aangetas word nie (Heitink 1993: 235). In die tweede metateoretiese fase word daar uitgereik na aanvullende kennisgebiede ter uitbouing en verheldering van basisteoretiese denke en word die kennisbasis verbreed en geïntegreer vir gebruik in die pastorale praktyk. In die derde fase vind verdere verfyning en integrasie plaas wanneer basis- en metateoretiese uitgangspunte in wisselwerking met die praktyk daartoe lei dat meer gesofistikeerde praktykteologiese metodes en strategieë tot stand kom.

Aspekte van die teologie as vakwetenskap wat reeds aangeraak is, dui op uiteenlopende sienings wat in hierdie verband uitgespreek is. Dit raak in besonder ook die Praktiese Teologie as dissipline van die teologie. Waar in hierdie studie verskillende uitgangspunte in die Praktiese Teologie en die pastoraat in teorie en praktyk aan die orde gestel word, word die indeling in die onderstaande grafiese voorstelling (Janse van Rensburg 2000: 89) as uitgangspunt gebruik. 'n Kritiese faktor in die indeling is die teorie van kommunikatiewe

handelinge wat bepaal dat sosiologiese werklikhede kommunikasie-handelinge bepaal (Habermas 1981). Kontekstuele nood bepaal dus teorievorming (Janse van Rensburg 2000: 83). Daarteenoor staan die diakoniologiese benadering met die skriftuurlike openbaring as uitgangspunt soos in Figuur 2 aangedui.

*Figuur 2: Pastoraal-terapeutiese benaderings*

A…………B……….I
DIAKONIOLOGIE I
I I
C….……I…………D…….……I
PRAKTIESE TEOLOGIE I
I I
E....……I……….F
POSTMODERNISME

Praktiese teoloë wat ‘n *diakoniologiese* epistemologie volg, word onder A – B ingedeel. Voorbeelde hiervan is Louw (1999: 53) en Heitink (1998: 70) wat albei bipolêre benaderings volg. Heitink sien die verhouding tussen goddelike heil en aardse werklikheid in aansluiting by Berkhoff as komplementêre begrippe, ‘n *analogia relationis.* Louw se konvergensiemodel, daarenteen, plaas “die fokuspunt en oorwig in die geloofs- en eskatologiese perspektief” (Louw 1999: 53).

‘n Basisteorie vorm ‘n belangrike faset van hierdie uitgangspunte as kriterium om “veral empiriese materiaal te orden met die oog op die verhoging van die pastor se bedieningseffektiwiteit“ (Louw 1999: 4). Vir Heitink (1993: 17) is die evangelie self, die koms van Gods Ryk in die wêreld, die basis van ’n “kritisch-theologische theorie”. In die lig van Heitink (1993: 148-151) se siening van die noue verhouding tussen teorie en praktyk in spiraalvormige wisselwerking word hy saam met Zerfass in die tweede groep onder C tuisgebring (Janse Van Rensburg 2000: 89. 90).

Diegene onder C sluit praktiese teoloë in wat wel binne die teorie van kommunikasie-handelinge werk, maar vir wie die Bybel die vertrekpunt en hoofbron van navorsing is. Hulle verteenwoordig ‘n diakoniologiese epistemologie met ‘n metodologie van kommunikasie-handelinge (Janse van Rensburg 2000: 89) volgens die definisie van Heyns & Jonker (1977: 301). Hiervolgens word die dienswerk van die gemeente

"georganiseer en gestimuleer deur die amp van die diaken, maar gaan (dit) nie in die dienswerk van die diaken op nie. Dit is veelmeer 'n wyse van bestaan van die gemeente…" 'n Voorbeeld van iemand wat so 'n metodologie volg, is Malan Nel (Janse van Rensburg 2000: 89). Zerfass (Zerfass & Greindsche 1974) se model verteenwoordig egte wisselwerking tussen teorie en praktyk met 'n praktiese probleem as beginpunt wat dan dadelik aan teologiese tradisie getoets word.

Die tweede groep praktiese teoloë het 'n skuif weg van diakoniologie gemaak deur nie meer die Bybel as vertrekpunt te neem nie, maar wel die waarde van die Bybel in hulle handelinge te erken. Teorie en praktyk staan in gesonde interaksie. 'n Voorbeeld hiervan is Heitink (1993: 148-150) se bipolêre model. In hierdie groep val ook teoloë wat wel Heitink en Zerfass se modelle onderskryf, maar hulle nie steur aan teologiese basisteorieë, Skrifverwysings en kerklike dogmas nie (Janse van Rensburg 2000: 89,90).

'n Derde groep praktiese teoloë word onder D aangedui as radikales wat hul verwerping van die Bybel as bron van epistemologiese debat aanvoer. Van hulle sien ook enige belydenisverbintenis as teenstrydig met 'n wetenskaplike teologiese benadering en ondersteun die postmoderne uitdaging aan alle "waarheid." Die laaste groep stem oor die algemeen ooreen met die postmoderne benadering tot teologie (Janse van Rensburg 2000: 92,93).

Die basisteoretiese diakoniologiese benadering in hierdie studie word in die beskouings van navolgers van die uitgangspunte in die A – B – C – sektore van bostaande groeperings toegepas. Die prakties-teoretiese uitgangspunt met 'n afwisselende praktyk-teorie-praktyk-benadering (Browning 1991: 7) en gebaseer op 'n sosiaal-konstruksionistiese pastoraat van betrokkenheid (Müller1996: 1) sou onder die tweede groep geplaas word, met oorvleueling na die E – F-as. Hier sou ook die postfoundationalistiese MIV-positiewe Praktiese Teologie (Müller 2003, 2005) geplaas word wat, voortbouend op die sosiaal-konstruksionisme, van die *geval* as praxis-moment uitgaan (Müller 2005: 74). Vanuit 'n postfoundationalistiese benadering van transversale interdissiplinêre dialoog (Van Huyssteen 2004) word wegbeweeg van absolute rasionalisme en relativisme. In die lokale kontekstuele situasie word besin oor die ervaring van die teenwoordigheid van God deur sosiaal-konstruksionistiese besinning van na-vorsers en mede-navorsers. Binne bogemelde uitgangspunte word die praktykteologiese assimilering van *metateoretiese insette* in oënskou geneem. Hierin word oorwegings soos

die paradigmabeginsel en moontlike postfoundationalistiese en transversale oorbruggingswyses in ag geneem.

In verdere besprekings word die beskrywing “prakties-teoreties” as generiese term vir algemeen-wetenskaplike toepassing gebruik. “Prakties-teologies” of “praktykteologies” dui op die vakwetenskaplike aanwending van ‘n prakties-teoretiese uitgangspunt in die teologie. Metateoretiese uitgangspunte verwys na aanvaarbare teorieë uit die hulpwetenskappe wat aangewend word om ‘n teologiese basisteorie toe te lig of te operasionaliseer.

## 1.7 Navorsingsmetodes

### 1.7.1 Literatuurstudie

‘n Oorsig van die literatuur is ‘n belangrike faset van kwantitatiewe sowel as kwalitatiewe navorsing. Kennis van wat oor ‘n onderwerp geskryf is, is ‘n voorvereiste vir die navorser, selfs in deelnemende navorsing. Kennisname van foute wat in vorige navorsing gemaak is, kan waardevol wees (Collins 1999: 45). Dit gaan dus oor die kritiese evaluering van literatuur en die vasstelling van die relatiewe waarde van bronne in die konteks van die navorsing. Bronne word krities benader as ‘n nuttige maar feilbare bron van idees oor wat gebeur in die studieveld. Dit vorm ‘n basis waarop alternatiewe maniere gevind kan word waarvolgens vraagstukke ingeklee kan word. In die oorsig en benutting van literatuur dien bronne dus as meer as blote beskrywings van vorige navorsing of teorieë. Daar word gekonsentreer op relevante studies en teorieë eerder as om die hele veld te probeer dek (Maxwell 1998: 77).

### 1.7.2 Kwalitatiewe navorsing grondliggend

*Kwalitatiewe bestudering en beoordeling van inligting is grondliggend in hierdie studie. Kontrasterend word die kwantitatiewe benadering kortliks gestel*. Hierin gaan dit oor die insameling en interpretasie van kwantitatiewe gegewens deur kundig-geformuleerde vraelyste as basis vir gesprekvoering. Waar dit onprakties is om ‘n totale universum in te sluit word met steekproewe gewerk. Statistiese metodes word dan aangewend om geldige resultate te verkry.

In die studie het die navorser wel van ‘n oriënterende vraelys gebruikgemaak. In die eerste plek het dit gedien as ‘n nuttige aanknopingspunt en om breë tendense rakende die behoeftes en gesindhede van individue ten opsigte van berading te bepaal. Met uitsluiting van diegene in die siekeboeg (grotendeels ernstig verswaktes en Alzheimer-lyers) is al die inwoners van ‘n aftreeoord betrek. As bloot verkennende en nie streng statistiese kwantitatiewe ondersoek nie, is waardevolle aanduidings vir die kwalitatiewe navorsing wel verkry.

In hierdie navorsing word nie van hipoteses as basis vir verdere ondersoek en bewysvoering gebruik gemaak nie. Volgens Blaikie (2003: 13) kan geformuleerde hipoteses nuttig wees om antwoorde te vind op “waarom”- vrae, maar is in ‘n groot deel van sosiale navorsing onnodig of ontoepaslik, soos ook in hierdie studie. Hier gaan dit nie soseer daaroor om deur die aanwending van hipoteses antwoorde op spesifieke vrae te vind nie, as om mense te help om hulleself en hulle omstandighede in die lig van die Skrif beter te verstaan. Hiertoe word hoofsaaklik van deelnemendeaksienavorsing in ‘n narratiewe benadering gebruik gemaak.

Sosiale navorsing het in die verlede kwantitatief gefokus op statistiek, eksperimentele ontwerp en opnames. In die meer onlangse verlede het die klem verskuif na ongestruktureerde onderhoude en teksanalise in historiese studies. Die huidige tendens gaan interpreterend te werk in navorsing oor sosiale verandering wat onderwerpe soos kultuur, ouderdom, ras en geslag betrek. Dit is daarop ingestel om die verhouding van die navorser en die nagevorste beter te verstaan (Denzin & Lincoln 1994:ix), maar is vakkundig- en onderwerp-gerig volgens die navorsingsvereistes van die sosiale wetenskappe.

Gesprekvoering in deelnemendeaksienavorsing kan ook as ‘n vorm van ongestruktureerde onderhoudvoering gesien word. Dit word aangewend in ‘n poging om gedrag te verstaan sonder om volgens beperkende kategorieë te werk te gaan (Fontana & Frey 1994: 365,366). In ‘n narratiewe benadering vorm dit die breë raamwerk waarbinne kwalitatiewe navorsing in hierdie studie gedoen word. Hierdie benadering vorm deel van die wyer veld van sodanige navorsing om byvoorbeeld vas te stel hoe identiteit ontwikkel en verander gedurende die stadiums van die lewe. So is die waarde van integrerende en instrumentele herinnering by ouer mense nagevors en terapeuties suksesvol aangewend (Clandinin 2007:195) wat uiteraard belangrike aanwysers vir hierdie studie inhou.

Kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsing word wel komplementêr aangewend, maar die insette wat beide benaderings kan lewer, moet duidelik afgebaken word. Die rede hiervoor is dat paradigmatiese verskille oor die aard van kennis en die wyse waarop dit gegenereer word, deeglik in ag geneem moet word (Morgan 2006: 169). Kwantitatiewe navorsing behels ook 'n kwalitatiewe keersy, in die sin dat kwantitatiewe data onderhewig is aan interpretasie (Costello 2002: 60).

### 1.7.3 Deelnemendeaksienavorsing

In hierdie studie word hoofsaaklik van deelnemendeaksienavorsing gebruik gemaak. Hierdie tipe navorsing word gekenmerk deur die intense betrokkenheid en deelname van persone uit die veld van ondersoek in die navorsingsproses (Sarantakos 2005: 11).

In die konteks van diensleer en teologiese onderrig kom die volgende aspekte van deelnemendeaksienavorsing na vore in 'n metodologie van betrokkenheid:

Deelnemers word as navorsingsmedewerkers erken. Dit beteken dat al die medewerkers in 'n besondere navorsingsprojek betrokke en deelnemend is. Die stemme van deelnemers het onmiddellik praktiese waarde waarin nuwe aksente deur gesprekke geartikuleer word. Metodologies word aan betrokkenheid uitdrukking gegee deur 'n wisselwerkende praktyk-teorie (aksie – kritiese refleksie) wat geleentheid bied vir die verstaan en verfyning van die eksperimentele leerproses (Van den Berg 2006a: 700,701).

Bhana (2002: 228,230) beklemtoon die veranderingspotensiaal van deelnemendeaksienavorsing deur gedeelde kennis.

Bereiking van die volgende doelwitte word in die proses nagestreef:

- Die voortbring van kennis in 'n aktiewe vennootskap met diegene wat deur die kennis geraak word, en met die spesifieke doel om hulle sosiale, opvoedkundige en materiële omstandighede te verbeter. Outentieke kennis van die menslike en sosiale wêreld kan net verwerf word in die proses om daardie wêreld te verander. Werklike verandering kan slegs plaasvind as dit gepaard gaan met skuiwe in die kennisbasis van die betrokkenes. Deelnemendeaksienavorsing wil as tussenganger dien tussen individuele en kollektiewe behoeftes. Dit gee aandag aan die spanning

tussen navorser en "nagevorsde" deur met hulle, as volle vennote, navorsing te doen, eerder as oor hulle, en kennis te ontgin van onder af boontoe, eerder as omgekeerd.

- In navorsing onder kinders wat geraak word deur geweld en MIV/VIGS in swart Suid-Afrikaanse woonbuurte is die narratiewe benadering in deelnemendeaksienavorsing met "research participants" gebruik. Deur te werk met die konsepte van *"downward mobility, grassroots, and a view from the bottom"* (Van den Berg & Pienaar 2005: 100), word inligting vanaf 'n grondvlak-perspektief verkry. Medewerkers word as "co-researchers" beskou en kennis is die gesamentlike produk van navorsers en noodlydendes.

Die hermeneutiese implikasies van 'n deelnemende aksie-benadering spreek vanself. Deur verhalestudies word deelnemendeaksienavorsing in hierdie studie illustratief toegelig, met die klem op die betrokkenheid en deelname van alle gespreksgenote (Strydom 2002: 419). Sien ook 4.1.5 en 4.2.4.1 insake deelnemendeaksienavorsing.

### 1.7.4 Beperkings en etiese aspekte

In die evaluasie van navorsingsresultate moet die volgende beperkende omstandighede in ag geneem word: Daar is 'n groot mate van homogeniteit in die groep wat bestudeer is. Gespreksgenote weerspieël die algemene samestelling van die bevolking van 'n aftreeoord met 'n Christelike karakter wat oorwegend uit Afrikaans- en Engelssprekende blankes in 'n stedelike milieu bestaan. Dit weerspieël dus nie die wyer bevolkingsamestelling nie. Hierdie feit moet in afleidings uit die bevindings in ag geneem word. Etiese voorskrifte rakende vertroulikheid is nagekom soos verder aan aangedui.

## 1.8 Navorsingsdoelstellings

Dit is bekend dat ouer persone as persentasie van die bevolking drasties aan die toeneem is as gevolg van beter lewensomstandighede en ontwikkelinge in die mediese wetenskap. Meer bejaardes in die ouderdomsgroep bo 80 beland in inrigtings waar versorging-dienste vir verswakte bestaan, omdat hulle versorging nie meer deur familie behartig kan word nie. Pastoraal-terapeuties het persone in hierdie kategorie spesiale behoeftes as gevolg van die ingrypende verandering in hulle lewensomstandighede en gesondheid, wat

aanpassings verg. In die lig van bogenoemde scenario is dit ‘n doelstelling van die navorsing om die navorsing op persone bo die ouderdom van 80 toe te spits as diegene wat die ingrypendste deur die omstandighede geraak word.

Die verwagting is dat ‘n narratiewe hermeneutiese pastorale benadering aan persone in die gemelde ouderdomsgroep geleenthede tot kommunikasie en ontboeseming sal bied in omstandighede wat dikwels vereensamend is. Op hierdie ouderdom waar daar ‘n behoefte is aan die integrasie van lewenservarings binne ‘n eie geloofsbelewenis, kan juis die vertel en hervertel van lewensverhale tot so ‘n uitkoms bydra. Dit bied dan ook die geleentheid tot hermeneuties-sinvolle verbinding van verhale met die Skrif.

Daar word verwag dat ‘n ondersoek van pastoraal-terapeutiese benaderings en toepassings lig sal werp op die toepaslikheid en effektiwiteit van verskillende uitgangspunte, metafories deur lense verteenwoordig, in die pastorale bediening van ouer mense. Praktiese toepassing van teoretiese besinning geskied aan die hand van gevallestudies van bejaardes in ‘n aftreeoord.

Deur deelnemendeaksienavorsing word gespreksgenote betrek as navorsingsvennote wie se insette dan in praktykteologiese perspektief geplaas word. Proefondervindelike ervaring van aspekte van praktyktoepassing mag ook deur sinvolle refleksie teoretisering terugwerkend affekteer en komplementeer.

In ontmoetings met ouer persone word die narratief pastoraal- terapeuties aangewend as ‘n middel om mense se gedagtes en lewens in nuwe bane te stuur deur die herinterpretasie en herskrywing van hulle lewensverhale teen die agtergrond van die Skrifverhaal. Sodoende word verfrissende en vernuwende vergesigte van hoop moontlik binne die eskatologiese toekomsdimensie van die Skrif.

## 1.9 Navorsingsplan

Nadat die navorsingsprobleem en doelstellings in *hoofstuk 1* aan die orde gekom het, word die ingrypende ontwikkelinge die afgelope eeue, en in die besonder gedurende die afgelope dekades, in die sistematiese denke oor die hermeneutiek, in *hoofstuk 2* nagegaan. Dit word in die konteks van ‘n hermeneutiese denkraamwerk, sisteemdenke en ‘n narratiewe benadering diakoniologies beoordeel. Daar word gefokus op aspekte wat

toepaslik is in die pastoraat aan persone bo 80 jaar met spesifieke verwysing na pastoraal-terapeutiese praktyk. Postmodern-gefundeerde psigoterapeutiese konsepte word in oënskou geneem en bespreek met die oog op pastoraal-terapeutiese aanwending. Pastorale modelle wat verskillende aksente verteenwoordig, word so ver moontlik toegelig met voorbeelde uit die praktyk en geëvalueer vanuit 'n diakoniologiese gesigspunt.

In *hoofstuk 3* word toepaslike metateoretiese gerontologiese gesigspunte in die konteks van die tendens van groeiende ouer bevolkings behandel. Die besondere behoeftes aan berading en terapie wat met die fisiese, psigiese, sosiale en geestelike veranderings gepaard gaan, word in oënskou geneem met besondere verwysing na die persoon bo 80 jaar. Ter verheldering van die lensmetafoor volg 'n bespreking van die aard van 'n basisteoretiese prakties-teologiese uitgangspunt, toegelig aan die hand van toepaslike praktykteologiese modelle. In 'n meningsopname word 'n profiel van inwoners van 'n aftreeoord vasgestel met verwysing na hulle pastorale beradingsbehoeftes. In 'n eerste navorsingsverslag word die veelsydige perspektiewe vanuit die verskillende invalshoeke deur die onderskeie lense gebied. Hierdie perspektiewe word aangewend om in die gerekonstrueerde verhale van die gespreksgenoot nuwe betekenis en geestelike groei te fasiliteer.

In *hoofstuk 4* word 'n lens gekonstrueer op grond van 'n narratiewe prakties-teologiese uitgangspunt met besondere verwysing na 'n pastoraat van narratiewe betrokkenheid. Kennis word geneem van die implikasies van die ontwikkeling van 'n "postfoundationalistiese" praktykteologiese benadering. In drie verdere navorsingstudies word die verskillende lense benut om 'n saamgestelde beeld te kry van die pastoraal-terapeutiese behoeftes van die drie gespreksgenote en hulle in die lig daarvan tegemoet te kom. Hiertoe word die rekonstruksie van hul verhale deur die ontwikkeling van nuwe insigte en die pas van die Bybelse Verhaal op hul eie lewens instrumenteel.

In *hoofstuk 5* word 'n evaluerende oorsig gegee van die indrukke ervaar deur die toepassing van die verskillende lense. Evaluasie van die bereiking van navorsingsdoelstellings en van die waarde van die studie vir die pastoraal-terapeutiese sorg van die persoon bo 80 jaar word onderneem.

1.10 Samevatting

Inleidend is gewys op die algemeen-menslike relevansie van die verstaan-fenomeen. Die fokusgroep van hierdie studie is aangedui as persone in die ouderdomsgroep bo 80 jaar. Die navorsingsproblematiek handel oor pastorale berading en terapie aan die persoon bo 80 jaar. In dié verband word kennis geneem van die ontwikkeling van ‘n hermeneutiese paradigma wat ook die Praktiese Teologie ingrypend beïnvloed, met besondere verwysing na die modernisme-postmodernisme-paradigmaskuif. Pastoraal-terapeutiese benaderings word vanuit ‘n diakoniologiese posisionering waargeneem deur metaforiese prakties-teologiese lense, wat basisteoretiese, meta-teoretiese en praktykteologiese uitgangspunte verteenwoordig. Die waarneming deur verskillende lense word verhelder deur verwysing na aspekte van tipiese modelle wat die verskillende pastorale uitgangspunte verteenwoordig.

Die gevolge van metateoretiese ontwikkelinge in die hermeneutiek en die effek daarvan op die pastorale terapie word verdiskonteer. Die rol en funksie van deduktiewe en induktiewe benaderings in die pastorale terapie word aangedui. Die plek van die hermeneutiek as ‘n sleutelaspek in pastorale sorg word in oënskou geneem, in besonder met verwysing na die beter verstaan van God in die konteks van die lewe, en van die lewe in die lig van die begrip van die Bybel.

Pastorale terapie en berading aan persone bo 80 jaar is geïdentifiseer as ‘n aktuele probleem. Die ontwikkeling van algemene hermeneutiese teorie sedert die agtiende eeu word in oënskou geneem, asook die ontstaan van ‘n hermeneutiese paradigma wat geesteswetenskaplike en teologiese navorsing beïnvloed. Die implikasies word verdiskonteer van hierdie veranderinge vir die Praktiese Teologie en die pastoraat – met besondere verwysing na die pastoraal-terapeutiese bediening aan persone bo 80 jaar.

Nuwere tendense in die ontwikkeling van prakties-teologiese denke word krities bespreek in die lig van die navorsing. Posisionering in ‘n diakoniologiese paradigma word gemotiveer met verwysing na die implikasies vir prakties-teologiese toepassing. Die vereiste van paradigmatiese konsekwentheid en voortvloeiende epistemologiese konsekwensies word oorweeg in die konteks van modernisme (moderniteit) en postmodernisme (postmoderniteit) as teenoorstaande paradigmas. Die implikasies van ‘n postfoundationalistiese benadering vir die pastorale praktyk word oorweeg.

‘n Sirkulêre, wisselende praktyk-teorie-praktyk-werkwyse word in die aanbieding van navorsingsmateriaal gevolg. Metodologiese posisionering, wat hoofsaaklik literatuurstudie en deelnemendeaksienavorsing behels, word uiteengesit. Die onderskeiding tussen basisteoretiese, prakties-teoretiese en metateoretiese uitgangspunte as lense word getref met die oog op die realisering van verskillende perspektiewe in praktyk-toepassing.

Die begrippe paradigma, epistemologie, paradigmaskuif en die paradigma- beginsel word bespreek met spesifieke verwysing na modernisme en postmodernisme as paradigmas wat praktyk-teologiese navorsing beïnvloed. Christelik-wysgerige perspektiewe volgens die Wysbegeerte van die Wetsidee word betrek as potensieel verhelderend in verband met aspekte van die problematiek, soos die religie-bepaaldheid van wetenskaplike uitgangspunte. ‘n Pastorale navorsingsmodel gegrond op Christelik-wysgerige uitgangspunte word grafies voorgestel. Onder metodologiese aspekte word die eiesoortigheid van teologie as vakwetenskap en die Praktiese Teologie as kommunikatiewe handelinge in diens van die Evangelie bespreek. Die doelstellings van pastorale beraad as verandering deur gesprek, en in besonder deur die verhaal, met nadruk op die geestelike komponent as deel van ‘n barmhartigheidsbediening, word nagegaan.

Die basisteoretiese en prakties-teoretiese uitgangspunte of lense word geplaas binne ‘n klassifikasie van groeperings wat strek van diakoniologies en Skrifgefundeerd tot groeperings wat radikaal wegbeweeg van die Bybel. Binne hierdie indelings word gefokus op ‘n basisteoretiese diakoniologiese benadering in ‘n konvergensiemodel en ‘n afwisselende praktyk-teorie benadering in ‘n pastoraat van narratiewe betrokkenheid. Die implikasies van die ontwikkeling van ‘n postfoundationalistiese MIV-positiewe Praktiese Teologie wat vanuit ‘n spesifieke oomblik van praxis ontwikkel word in oënskou geneem. Die plek van literatuurstudie in die navorsing asook kwalitatiewe, kwantitatiewe en deelnemendeaksienavorsingsmetodes word bespreek.

Die navorsingsdoelstellings van die studie word aangedui as verbandhoudend met die antwoorde wat op die probleemstelling na vore kom. Dit gaan in die besonder oor die ontwikkeling van duidelike konsepte rakende die toepassing van hermeneutiese, narratiewe beradings- en terapeutiese metodes om op die beste wyse in die spesifieke behoeftes aan persone bo 80 jaar te voorsien in daardie besondere lewensfase.

In die uiteensetting van die navorsingsplan word die beoordeling van hermeneutiese teorie en modelle in die vooruitsig gestel, asook die invloed van metateorieë in ‘n postmoderne era. Basisteoretiese en prakties-teoretiese uitgangspunte word met verwysing na spesifieke modelle toegelig met die oog op pastoraal-terapeutiese toepassing met betrekking tot ouer persone. ‘n Diakoniologiese paradigmatiese posisionering word konsekwent gevolg.

# HOOFSTUK 2

# HERMENEUTIESE TEORIE EN PASTORALE MODELLE IN DIAKONIOLOGIESE PERSPEKTIEF

In die hermeneutiese paradigma wat geesteswetenskaplike ontwikkeling kenmerk, gaan dit om verstaan eerder as om te verklaar. Die sistemiese, konseptuele en narratiewe konsekwensies van hierdie paradigma vir die pastoraat (Louw 1999: 21– 24) word in die eerste afdeling van hierdie hoofstuk ondersoek in die lig van die diakoniologiese uitgangspunt. Die relevansie vir die pastorale behoeftes van ouer mense word aangedui. Postmodern-gefundeerde psigoterapeutiese metodes word bespreek met die oog op pastoraal-terapeutiese aanwending. Ten slotte word pastorale modelle bespreek wat verteenwoordigend is van verskillende uitgangspunte en dan diakoniologies geëvalueer. Waar relevante episodes uit gevallestudies voorhande is, word aanwending in die praktyk geïllustreer.

## 2.1 ‘n Hermeneutiese denkraamwerk

‘n Hermeneutiese denkraamwerk in die pastoraat veronderstel die hermeneutiese fundering van die kennisleer en dat deurgaans daarvolgens gedink en gewerk word. Louw (1999: 110) beskryf soos volg die paradigmaskuif vanuit ‘n vorige kousaliteitsdenkraamwerk na ‘n hermeneutiese benadering wat streef na verstaan word:

> Die paradigmaskuif wat beoog word, is ‘n skuif weg van ‘n metafisies-ontologiese aanpak (‘n verklaringsmodel van God in terme van abstrakte synskategorieë) na ‘n kommunikatiewe ontmoetingsmodel (‘n dialogiese en sistemiese verbondsmodel); weg van ‘n kousaliteitsmodel (oorsaak en gevolg) na ‘n meer persoonsmatige en hermeneutiese model (vertolking en verstaan); weg van ‘n metafisiese verstaan van God in terme van afstand na ‘n metaforiese verstaan van God in terme van eksistensiële kontekste (singewing).

Pastoraal beteken dit dat vanuit ‘n nuwe normatiewe wêreldbeskouing daarna gestreef word om mense binne hul lewensverband en omstandighede die verhouding met God sinvol te laat beleef of “verstaan”, dit wil sê sistemies en in narratiewe kommunikasie. Hermeneuties val die klem op die “tot verstaan kom” in ‘n ontmoeting waartydens leser en teks mekaar interpreteer (Ganzevoort & Visser 2007: 103). Dit hou in dat die werklikheid altyd ‘n geïnterpreteerde werklikheid is waarvolgens daar nie objektiewe feite is nie. Feite is altyd feite binne die verstaanshorison van die individu (Immink 2005: 191). Diakoniologies is hierdie stelling relatief aangesien die absolute waarheid van die Woord erken word.

Die hermeneutiese benadering verskil dus van die vorige modernistiese paradigma in die wyse waarop na verstaan gesoek word: Teenoor soeke na ‘n verklaring van menslike probleme binne ‘n skema van oorsaak en gevolg, word nou binne die konteks van die lewensverhaal na betekenis en sin gesoek (Tieleman 1993: 15).

Die hermeneutiese benadering beklemtoon dus “eksistensiële kontekste” teenoor ‘n tradisionele Skrifgefundeerde diakoniologiese uitgangspunt. In hierdie studie word gepoog om die winste van ‘n hermeneutiese benadering diakoniologies aan te wend en te verantwoord. Kontekstuele singewing vind plaas binne ‘n Skrifgenormeerde basisteoretiese raamwerk.

### 2.1.1 Die historiese ontwikkeling van metateoretiese hermeneutiese uitgangspunte

In die historiese ontwikkeling van hermeneutiese uitgangspunte kom die siening na vore dat die hermeneutiek verbreed moet word tot ‘n basis vir algemeen-geesteswetenskaplike navorsing. Sodoende verkry die tradisioneel-teologiese benadering ‘n metateoretiese inslag. Benewens ‘n relativistiese sienswyse en ‘n benadering van bevraagtekening, lei dit tot nuwe hermeneutiese perspektiewe.

Hierdie perspektiewe word nou krities ondersoek in die lig van geesteswetenskaplike denke. Daar word verwys na die bydraes van Schleiermacher met sy beklemtoning van die psigiese en kontekstuele. Dilthey verbreed hierdie siening met sy beskouing van die hermeneutiek as metode van kennisverwerwing in die geesteswetenskappe. Heidegger beklemtoon die rol van interpretasie om tot die wesentlike deur te dring, deur die projeksie van moontlikhede in ‘n gegewe situasie. Gadamer benadruk die belangrikheid van die

verlede. Deur die verskuiwing van horisonne moet tot verstaan gekom word, met taal as simboliese fasiliteerder.

*2.1.1.1 Schleiermacher*

Hierdie outeur formuleer sy beskouing van die hermeneutiek as ‘n kuns en tegniek soos volg:

> Das volkommene Verstehen einer Rede oder Schrift ist eine Kunstleistung, und erheischt eine Kunstlehre oder Technik, welche wir durch den Ausdruck Hermeneutik bezeichnen (Schleiermacher 1830: 24 aangehaal in Scholtz 1910: 24).

In sy teorieë oorweeg hy dan algemeen-wetenskaplike toepassings (Kimmerli 1977). Volgens die “algemene hermeneutiek” kry die hoorder (leser) deur inlewing en verstaan daadwerklik deel aan die uitleg. So word ‘n psigologiese element daaraan toegevoeg (Heitink 1993: 176). “Verstaan” vind plaas wanneer leser en skrywer saam deel kry aan die onderwerp (Ganzevoort & Visser 2007: 103). Schleiermacher beskou die hermeneutiek as algemeen-geldig in die lees en verstaan van heilige boeke, sowel as klassieke tekste (Maraldo 1974: 23). Hierin wyk hy af van die tradisionele uitgangspunt by die interpretasie van die Bybel ooreenkomstig reformatoriese grondslae as “dié waarheid … bo alles” in die Nederlandse Geloofsbelydenis (Ons glo ... 1992:11).

Met sy beklemtoning van die psigiese aspek as komplementêr tot taalbeheer, deur die inlewing van die luisteraar of leser in die rol van die mededeler, verskuif Schleiermacher die fokus na die ontvanger van die boodskap se induktiewe hermeneutiese belewenis:

> Keine Schrift kann vollkommen verstanden werden, als nur im Zusammenhang mit dem gesammten Umfang von Vorstellungen, aus welchen sie hervorgegangen ist, und vermittelst der Kenntnis aller Lebensbeziehungen, sowohl der Schriftsteller, als derjenigen, für welche sie schrieben (Schleiermacher 1830: 24 aangehaal in Scholtz 1910: 24).

Schleiermacher se insig in die onderlinge verbondenheid van die geheel en die samestellende dele in ‘n “hermeneutiese sirkel” beklemtoon ook die belangrikheid van konteks in

verstaan. Hierdie gedagterigting word uitgebou in latere hermeneutiese denke deur Gadamer (1976) en in die sisteemdenke (Von Bertalanffy 1968).

Schleiermacher se erkenning van skeptisisme en bevraagtekening as belangrik vir werklike insig, vind navolging by latere pastorale denke, byvoorbeeld deur Bons-Storm (1984, 1989). In radikale postmoderne dekonstruktiewe denke word hierdie soeke na begrip voortgesit. In 'n gesprek plaas Derrida (1997) die klem op die "difference". Hierdeur word die betekenis verwys "na ander betekenisse en nie na 'n buitetalige werklikheid". Dit gryp terug na 'n *negatiewe teologie* in die Westerse denkgeskiedenis (Strauss 2002: 590).

Pastoraal vind hierdie denke gestalte in 'n induktief-georiënteerde hermeneutiek wat sterker fokus op die mens en sy probleme. Diakoniologies kan nie met die ekstreme siening van Schleiermacher saamgestem word nie, as hy alle dogmas as slegs simbole verwerp (Roels s.d.: 425). Hieruit blyk die prerogatief wat hy aan die hermeneutiek toeken in die proses om die waarheid te vind. In sy Godsbegrip spreek hy hom uit vir 'n ervaringskennis in plaas van die gebruiklike konsep van God as 'n enkele wese buite en agter die wêreld: As "prediker van een religie zonder persoonlike God" glo hy selfs dat die ontkenning van die onsterflikheid van die siel geensins afbreuk doen aan die geloofsleer nie (Roels s.d.: 425).

### *2.1.1.2 Dilthey*

Hierdie outeur plaas die *mens* in die sentrum as grondslag vir die verklaring van kennis en kennisbegrippe. Hy neem die psigologie as uitgangspunt vir die verstaan van die geskiedenis en van al die geesteswetenskappe. Onder "psigologie" verstaan hy nie die natuurwetenskaplik-georiënteerde verklarende psigologie nie, maar 'n begrypende psigologie wat die sielelewe beskryf as 'n organiese geheel. Die erkenning van die relatiwiteit van elke vorm van geloof open volgens hom die weg tot die mens se bevryding en soewereiniteit:

> Das historische Bewusstsein von der Endlichkeit jeder geschichtlichen Erscheinung, jedes menschlichen oder gesellschaftlichen Zustandes, von der Relativität jeder Art von Glauben, ist der letzte Schritt zur Befreiung des Menschen. Mit ihm erreicht der Mensch die Souveränität, jedem Erlebnis seinen Gehalt abzugewinnen, sich ihm ganz hinzugeben,

> unbefangen, als wäre kein System von Philosophie oder Glauben, das Menschen binden könnte (Dilthey 1927: 290-291).

Hermeneuties word hiermee die neiging om die fokus vir verstaan op die mens te plaas, verabsoluteer in ‘n beweging na metateoretiese gemene grond met die geesteswetenskappe. Hierdie tendens waardeur die bestaan van absolute waarheid ontken word, word voortgesit in postmoderne denke (Derrida 1994: lxxvii; 26; Rorty 1991: 202)

Die belangrikheid van konteks word deur Dilthey (1983) beklemtoon. Hy voer aan dat verstaan van die geskiedenis ‘n dieper begrip van motiewe, strominge en verbande rakende mederolspelers moet insluit. Verstaan is vir hom die metode van kennisverwerwing in die geesteswetenskappe. Sodoende plaas hy hermeneutiese teorie in ‘n wyer metateoretiese konteks as Schleiermacher (1977: 27).

*2.1.1.3 Heidegger*

Vir Heidegger word verstaan daargestel deur die eksistensiële wese wat *potensieel* in syn aanwesig is. Volgens sy siening word ‘n onontkombare rol aan interpretasie toegeken:

> Understanding is the existential Being of Dasein’s own potentiality-for-Being; and it is so in such a way that this Being discloses in itself what its Being is capable of (Heidegger 1962: 184).

Syn, of “Dasein”, beteken dat ‘n gegewe situasie verstaan word wanneer die beskikbare moontlikhede deur projeksie aangegryp en ontwikkel word (Heidegger 1962: 189). Interpretasie gee uitdrukking aan dit wat “primordiaal” in die menslike bewussyn vasgelê is. Omdat “Dasein” sigself projekteer in moontlikhede “Dasein is constantly 'more' than it factually is” (Heidegger 1962: 185).

Heidegger se konsep van verstaan open nuwe postmoderne moontlikhede vir verstaan en interpretasie (Marx 1985: 78,9). Sy verduideliking van die essensie van taal en menslike syn lewer ‘n bydrae wat selfs dié van postmoderne denkers oortref (White1991: 50). Hy plaas die “wêreld” in ‘n kontekstuele en relasionele verwysingsraamwerk relatief tot dit wat mag wees deur te wys op die verbaal-tydelike aard van taal (Murray 1985: 96).

2.1.1.4 Gadamer

Vir Gadamer (1976 Editor's Introduction: xvi) is die verlede, in die verstaan van die hede, 'n alles-deurdringende, bemiddelende krag waardeur betekenis oorgedra word. Taal is die simboliese middel waardeur syn verstaanbaar word.

Gadamer (1979) erken die belangrikheid van uitlegmetodes. Vir hom vind begrip eerder deur intuïsie plaas as deur metodetoepassing. Dit gebeur In gesprek met ander deur gedagtewisseling, met tradisie of oor 'n bepaalde onderwerp. Dan ontmoet en verskuif die horisonne (die gesigseinders van verstaan) voortdurend. So kom die waarheid in dialoog na vore en word dit as sodanig herken. Die konsep van die ineensmelting van horisonne het relevansie vir pastorale dialoog (Gerkin 1991: 20) in 'n narratiewe benadering, waarvolgens die persoonlike verhale en die verhale van die Bybel op mekaar betrek word.

In die gespreksituasie val die klem op die gesproke woord en die verstaan van die betekenis van dit wat meegedeel word. Gadamer (1979: 347) stel dit soos volg: "….that he *(she)* understands not a particular individual, but what he *(she)* says..." Verstaan op 'n objek-objek-vlak word dus beklemtoon, anders as in Schleiermacher se subjektiewe benadering. Die hermeneutiese belangrikheid van beide benaderings, objektief en subjektief, word deur Dreyer (1998: 14) in oënskou geneem as hy dit onderskeidelik tipeer as posisies van distansiëring en "behoort tot".

2.1.2 Evaluering

Denke oor hermeneutiese teorie die afgelope twee eeue beklemtoon die belangrikheid van konteks. Die geheel-dele-verhouding in die hermeneutiese sirkel en die fusie van horisonne in dialoog word benadruk. Daar is groter bewustheid van die mens se psige in verstaan, maar ook van die waarde van distansiëring en bevraagtekening om tot die ware boodskap deur te dring. Die belangrikheid van Interpretasie as faktor in werklike verstaan en die simboliese rol van taal word uitgelig. Aspekte van bogemelde insigte figureer in die pastorale terapie, byvoorbeeld in psigologiese insette en kontekstuele betrokkenheid (Van den Berg 2006: 7), asook in die "postfoundationalistiese" toepassing van sosiaal-konstruksionisme (Müller 2003, 2005).

Die volgende aspekte in die ontwikkeling van hermeneutiese denke word as teenstrydig met ‘n diakoniologiese paradigma beskou:

- Die plasing van die mens in die sentrum as grondslag vir die verklaring van kennis en die relativering van geloof;

- Die betwyfeling van die gesag van die Skrif en die gelykstelling van die Bybel met sekulêre geskrifte;

- Die ontkenning en ignorering van basiese Skrifwaarhede;

- Verabsolutering van interpretasie as grondreël wanneer die hermeneutiek as basis vir die geesteswetenskappe voorgestel word. Die nadelige invloed van absolutistiese rasionalistiese denke op die teologie is analogies van die effek van sodanige eensydigheid:

  > Die eggo van ‘n eeuelange Westers-wysgerige tradisie van eensydige verabsoluterings klink onverhuld terug in die postmodernistiese aanspraak: ‘alles is interpretasie’ (Strauss 2002b: 118).

- Die wesenlike gevaar van die benadeling van die eiesoortigheid van die teologie as wetenskap deur die eise van algemeen-wetenskaplikheid moet in ag geneem word.

## 2.2 ‘n Sistemiese benadering

Met ‘n sistemiese benadering word verwys na die bewuswording van die totale situasie of omgewing om tot beter verstaan te kom. Dit word onder andere deur die konsep van die hermeneutiese sirkel en die geheel-dele-verhouding uitgedruk. Dit kom ook na vore in verhoogde deelnemer-bewustheid in dialogiese konteks met groter klem op die psigiese aspekte. Dit behels oopstelling vir mekaar en sensitiwiteit ten opsigte van die werklike betekenis van taal. Dit alles bring groter bewustheid van vooroordele en perspektiewe mee, en beklemtoon die rol van kommunikasie in die fusie van horisonne. Agterdog en bevraagtekening word belangrike strategieë om tot werklike bedoelings deur te dring.

Die sistemiese benadering vind toepassing in kontekstuele verband en neem die inherente dinamika van sisteme in ag. Dit neem in aanmerking dat persone funksioneer binne ‘n sisteem wat gedrag help bepaal. So byvoorbeeld speel koinoniale verband ‘n belangrike rol vir die lidmate van ‘n gemeente. Dit geld in besonder vir ouer persone, wat groot waarde heg aan hulle verbondenheid aan die godsdienstige sisteem.

Die diep geestelike wortels van die Christelike gemeente word soos volg verwoord in die Heidelbergse Kategismus (Ons glo ... 1992: 53): Die gemeente is deur God “tot die ewige lewe uitverkies (is), deur sy Gees en Woord….vergader, beskerm en onderhou (word) en dat ek daarvan ‘n lewende lid is en ewig sal bly.” Vir die lidmaat, en in besonder ook die ouer lidmate, het die gemeente eskatologiese betekenis wat bokant die sosiale uitstyg. Binne die gemeente kan werklike gemeenskap beleef word deur te deel en deel te hê, deur deel te neem en mee te lewe. Dit bewerkstellig die “ons”-verhouding waarin leed en lyding gedeel word wat lewens ten diepste raak (Van Loon 2001: 172).

In ‘n sistemiese benadering val die klem op die sisteem of konteks. Dit poog om die geheel te verstaan waarbinne probleme ervaar word, om sodoende “eko-sistemies” tot die kern van die problematiek deur te dring. In ‘n psigosistemiese pastorale benadering word die persoonlikheid van die mens in kontekstuele eerder as individualistiese sin ervaar (Graham 1992: 19). Dit beteken dat die siel verstaan word binne die dinamika van die verhoudingsnetwerk vanwaar roeping en verstaan van God uitgeleef word (Louw 2005a: 17).

‘n Sistemiese benadering sluit nie alleen die sigbare omgewing in nie, maar ook alle faktore of diskoerse wat op die probleem inwerk. Dit kan byvoorbeeld gangbare beskouings van die gemeenskap oor ‘n tersaaklike onderwerp insluit, of beskouings wat binne ‘n werksituasie of in ‘n vriendekring daaroor gehuldig word. In die godsdiensgemeenskap is die gesprek rondom geloofswaarhede en -ervarings byvoorbeeld kernbelangrik in ‘n bediening aan klein groepe vir die geestelike welsyn van geloofsgenote. Dit word gesê dat daar ‘n leemte in die hart is wat slegs God kan vul. By ouer persone bied hierdie kommunikasie, en ‘n verhouding met God ‘n skans teen afsondering en vereensaming (Koenig & Weaver 1998: 67,69). Hierdie veilige ruimte moet pro-aktief bevorder word. Eensaamheid by persone bo 80 jaar behels ‘n funksionele krisis deurdat hulle nie meer erken word binne die dinamika van verhoudings nie. Hulle plaas ‘n las op versorging- en ondersteuningsisteme, omdat hulle nie meer in die normale stelsel funksioneer nie (Louw 2008: 502).

Hoewel die sistemiese benadering dus via die wiskunde, fisika, die biologiese en geesteswetenskappe ontwikkel het met organisasie as basiese konsep, het dit pastorale relevansie. Dit word deur Von Bertalanffy (1968: 66) omskryf as “an organismic world-view taking account of those aspects of reality which were neglected previously”. In koinoniale verband het dit relevansie in die groter betrokkenheid en bewuswording van die problematiek van ‘n postmoderne wêreld soos dit die gemeente raak.

Die sistemiese denke of kubernetika open nuwe moontlikhede wat ook terapeuties relevant is. Paradigmaties beteken dit dat aanvaar word dat die geheel groter is as die dele, en dat sisteme oor ‘n eie dinamika beskik. Konstruktivisties is die terapeut steeds die deskundige in beheer. Die besef bestaan dat sisteme nie van buite maar subjektief van binne deelnemend ervaar moet word. In die sogenaamde tweedeorde-kubernetika word die rol erken van persepsies wat konstruktivisties subjektief in sisteme geskep word.

Die derdeorde-kubernetika vloei hieruit voort en beklemtoon sosiaal-konstruksionisties die sosiale proses in die narratiewe benadering en die toekenning van betekenis deur taal (Müller 2000: 56-58), asook die belangrikheid van die gespreksgenoot in die bereik van oplossings. Sisteemdenke verskil van analitiese sowel as van metafisiese en substansiële denke en moet in samehang met hermeneutiese denke verstaan word. Dit wil die verband tussen tekste en kontekste verstaan deur dit metafories en simbolies te vertolk. Waar dit daaroor gaan dat die geheel meer is as die somtotaal van die dele, gaan dit oor ‘n kwalitatiewe waardeoordeel binne ‘n bepaalde perspektief. So ‘n perspektief is genade. Dit beteken dat ons lewenskwaliteit bepaal word deur wie ons in Christus is en wie ons kan word deur die verlossende uitwerking van Gods Gees in ons lewens (Louw 2005a: 24,25). Binne ‘n teoreties-relatiewe benadering word die waarde van liniêre kousaliteit, afhangende van konteks en omstandighede, nie uitgesluit deur sisteemdenke nie (Becvar & Becvar 1996: 119), soos deur die erkenning van die bepalende rigtinggewende rol van Christus in die lewe van die gelowige.

Die sisteem waarbinne die pastoraat beoefen word, sluit onder andere die gemeente of koinoniale verband in. As ondersteunende sisteem wat in die besonder vir sy lede omgee, het die gemeente of gemeente-gebaseerde groepsverband besondere hulpverlenende waarde in die pastoraat. Die besondere waarde van die gemeenskap van gelowiges in hierdie verband moet opnuut waardeer en voluit benut word. Hieraan gee ‘n diakoniolo-

giese benadering volle erkenning. Hierdie hermeneutiese invalshoek het besondere relevansie vir hierdie studie in die lig van die relatiewe belang van konteks in verstaan. Die geloofsgemeenskap neem 'n spesiale plek binne die pastorale berading in (Gerkin 1984: 74). Die rol van die gemeente in empatiese pastorale ondersteuning kan teruggevoer word tot by die ontstaan van die Christelike gemeentes. Navorsing toon dat kerkgangers meer bevrediging uit die lewe kry en beter aangepas is. Vir afgetrede persone bied godsdienstige aktiwiteite nuttige geleenthede tot rolvervulling, sowel as 'n verskeidenheid sosiale aktiwiteite wat kontakgeleenthede met andere bied en sosiale isolasie teenwerk (Cox 2001: 376). Navorsing dui ook op die opbouende uitwerking van 'n positiewe belewenis van spiritualiteit op die gesondheid en suksesvolle veroudering van ouer persone (Crowther et al 2002: 613).

Die sistemiese benadering laat die klem val op beter verstaan van mense binne die konteks van ander, asook binne die konteks van die geheelsisteem. In koinoniale verband leef en ondervind gelowiges probleme of uitdagings nie in afsondering nie, maar as deel van 'n geloofsgemeenskap wat by mekaar betrokke is. Vir die toepassing van die hermeneutiese benadering in die pastoraat kan die inbedding van die hulpbehoewende gelowige in die gemeenskap van die gelowiges van kardinale belang wees. Dit is juis as deel van die geloofsgemeenskap dat die lewe en lyding, die vreugde en droefheid van die gelowige besondere betekenis kry. Binne hierdie konteks verkry die geestelike belewenis van die gelowige die diepste vervulling en die optimale geleentheid tot groei en geloofsvolwassenheid. Oates (1964: 221) verwys na die rol van die pastor in hulpverlening in die gemeente as 'n "'ministry of introduction', a ministry that is an alchemy of human relationships". Deur hierdie bediening word die onaansienlike wêreld van menslike lyding omvorm tot 'n nuwe wêreld van betekenisvolle en toegewyde persone vir die persoon in nood. In 'n tyd van wegbeweeg van die geloofsgemeenskap as bron van heling en groei, word die belangrikheid van houding en posisie "binne die dianamiese sisteem van verhoudingsnetwerke en 'n ruimte van verstaan en liefde (genade)" beklemtoon (Louw 2005: 6).

Verbondenheid aan 'n geloofsgemeenskap bepaal die besondere aard en waarde van betrokkenheid by ander sosiale verbande soos die gesin, die skool en verenigingslewe. Hierdie sosiale geloofsverbondenheid vorm 'n integrale deel van dit wat sin en betekenis aan die lewe gee en vorm 'n onontbeerlike faset van die hermeneutiese verstaan-proses. Ook in pastorale verband maak kennis van die rol van die sisteem in die lewe van die

gelowige beter begrip van die individu moontlik. Erkenning word só gegee aan die belangrikheid van die geestelike omgewing waarbinne die individu funksioneer en die verskillende invloede wat daardeur uitgeoefen word. Binne die konteks van die totaalbeeld is beter hermeneutiese verstaan van die individu moontlik. Die Christengesin is 'n spieëlbeeld van die gemeente as 'n hawe van hoop in 'n onstuimige wêreld waar ander waardes, norme en gebruike uitgeleef word. Te midde van onvolmaaktheid, "…sit die Christengesin as 't ware bakens neer om te vertel van hulle gerigtheid op die toekoms" (Müller 2002: 109-111). Vir die toegewyde Christen word hierdie toekomsgerigte rol deur die gemeente vertolk, in besonder ook by die ouer persoon waar familiebande dikwels aan spanning en droefheid as gevolg van siekte en dood onderworpe is.

Die tragiek van oud-word is dat in baie gevalle die betrokkenheid in die gemeente met die groeiende jare drasties gekortwiek word deur veral kwynende gesondheid. Verlies aan mobiliteit, gehoor of sig maak dit vir baie bejaardes problematies om 'n erediens by te woon. In gevalle waar gehoor en sig dit toelaat, kan die radio of televisie die funksie in die eensaamheid van 'n kamer of woonstel vervul. Dit kan egter nie die plek van 'n lewende betrokkenheid by 'n gemeente inneem nie. Soos Gerkin (1997: 206) tereg opmerk, kan die lewe vir die bejaarde steeds oneindig kosbaar, maar by tye uitmergelend pynlik wees. Dit is dan dat die kosbare geestelike rykdom wat in die lewe opgegaar is onskatbare waarde het. Dit is ook dan dat geput kan word uit die skatte van geloofsgemeenskap en die bewuste instandhouding van deel-wees van 'n onsigbare gemeenskap van gelowiges.

> *Die belangrike rol van empatiese meelewing van gelowiges in die handhawing en opbou van menswaardigheid blyk uit die verhaal van Japie, 'n 92-jarige inwoner van 'n kamer in die verswakte afdeling. In 'n vereensaamde bestaan met krimpende horisonne word die klein dingetjies van die daaglikse roetines van groot belang, ook in die belewing van menswaardigheid. Omdat Japie verliese gely het weens agtelosige hantering van geld, word sy fondse vir hom veilig bewaar in die kantoor. Hoewel reëlings getref is dat Japie items by die snoepie "op rekening" mag kry, het 'n sterk behoefte geblyk om 'n paar rand in sy sak te hê. 'n Reëling is getref dat Japie weekliks 'n kontantbedraggie kon ontvang – iets wat belangrik was vir sy belewing van menswaardigheid.*

*Ander behoeftes van Japie het gedraai om sy leefwêreldjie in die kamer, waar iets soos 'n onklaar televisie vir hom groot ongerief kon veroorsaak. Meelewing en belangstelling is in so 'n geval 'n waardevolle erkenning van deel-wees van 'n gemeenskap wat omgee. Hierin kan hy ook die vervulling beleef van die gebed wat daagliks in hom leef in die bekende woorde van Psalm 23: "Die Here is my herder; niks sal my ontbreek nie."*

Binne die geloofgemeenskap word kosbare hulpfunksies uitgeleef. Dit sluit in vereenselwiging met pyn en lyding ("compassion"), die ontdekking van lewensin te midde van nypende omstandighede, hulp om tekortkominge maksimaal te bowe te kom en die beter verstaan van die eie besondere situasie (Koenig & Weaver 1998: 54). Die betekenis van geloofservarings – daardie geleenthede wanneer God se liefde op die aandoenlikste wyse met die mens se lewe oorvleuel en 'n besef van uiteindelike lewensin vestig – vorm 'n kosbare basis waarop die ouer persoon steun (Kimble 2001: 36).

Vir bejaardes in 'n aftreeoord word die leefruimte drasties ingekort. Hulle is hoofsaaklik op mede-inwoners aangewys vir sosiale verkeer. Dit beteken kommunikasie met en aanpassing by mense wat uit verskillende agtergronde en milieus saam in 'n beknopte ruimte hulle lewens deel. Die volgende verhaal is tekenend van die antagonisme wat in sulke omstandighede kan ontwikkel:

*In die besondere geval het daar bittere kwaaivriendskap tussen twee bure ontwikkel wie se kamers langs mekaar geleë was: die een persoon, Rina, 'n gestremde persoon in haar sestigerjare; die ander 'n bejaarde dame van 84, Sylvia. Uit 'n vriendskap waar die ouer dame haar aanvanklik ontferm het oor die jonger vrou wie se moeder oorlede is, het die verhouding mettertyd versuur en uiteindelik die dominante faktor in hulle daaglikse lewens geword. Die redes hiervoor was die soms moedswillige onaanvaarbare gedrag van die jonger persoon en die streng korrekte en ontoegeeflike wyse van optrede deur die ouer dame. Deur gesprekke met die berader en gedragsverandering het 'n leefbare situasie tot stand gekom, waarin elkeen haar eie lewe kon lei. Tot daadwerklike verskoning vra en vergifnis kon beswaarlik gekom word. Die ouer dame het haar na die "wapenstilstand" weer bloedig vererg en die opmerking gemaak: "Ek wens ek kan Rina skop dat sy in die see val!"*

*Tydens ‘n gesprek waarin die onsmaaklike verhouding en ons plig as Christene om te vergewe ter sprake was, is die vraag aan die ouer dame gevra of sy Rina sal kan vergewe. Haar antwoord was dat sy haar sal vergewe, maar sy sal nie vergeet nie, daarvoor het sy te seer gekry. In die benouende omstandighede in ‘n aftreeoord mag dit wees dat slegs tyd, en ‘n besef van die grootheid van die genade in eie lewe te midde van pyn en kwynende gesondheid, uiteindelik heling in so ’n situasie kan bring.*

Ervarings in sisteemverband kan ‘n persoon se lewe rigtinggewend beïnvloed soos blyk uit die volgende verhaal:

*‘n Dame in haar tagtigerjare, Elise, het haar ervaring in berading gedeel. As gevolg van ‘n traumatiese ondervinding in kerkverband is haar geestelike lewe op ‘n wyse geraak wat selfs tot in haar ouderdom rigtinggewend sou bly. Op ’n tyd toe sy ‘n groot behoefte aan geloofsondersteuning en empatie gehad het, is haar tienerdogter tydens katkisasie van kerkweë blootgestel aan onsensitiewe kritiek oor kleredrag. Elise het in hierdie tyd gerou oor ‘n enigste seun wat in ‘n skietongeluk oorlede is, en haar huwelik was in stormagtige waters weens haar man se alkoholmisbruik. Waar sy begrip nodig gehad het van die geloofsgemeenskap, is sy deur kritiek vervreem en het sy elders ‘n geestelike tuiste gevind. By hierdie dame kon die uitwerking van die gemelde psigosistemiese invloed op haar lewensloop en haar ontwikkeling as mens by terugblik duidelik waargeneem word. Slegs haar geloof en spirituele meelewing het haar deur ‘n lewe vol beproewings staande gehou.*

Anders as die negatiewe uitkoms in die bogemelde geval, word in hierdie studie gefokus op die positiewe rol van verstaan en begrip in die pastoraat aan bejaardes in sistemiese verband. Dit mag ‘n bydrae lewer tot hermeneuties-verruimende fungering. In die besonder word aandag gegee aan konstruktivistiese en sosiaal-konstruksionistiese metateoretiese sistemies-sensitiewe uitgangspunte en die positiewe benutting daarvan binne ‘n pastorale hermeneutiese narratiewe benadering. In hierdie verband is die “epigenetiese beginsel” (Erikson 1959: 7) vir die pastor in gemeenteverband ter sake. Gedurende kritieke groeiperiodes van een stadium na ‘n ander behels dit die instandhouding van kontinuïteit wat die onontkombare diskontinuïteit in die oorgang van een stadium na ‘n ander oorbrug.

Identiteit ontwikkel te midde van krisisse. Die einde van ‘n fase is ‘n draaipunt wat weerloosheid, maar hou ook groeipotensiaal in (Louw 1999: 255). Die bejaarde wat aftree, of ‘n

hoër ouderdomsfase soos die tagtigerjare binnegaan, betree ‘n stadium waar belangstelling en betrokkenheid van groot waarde is. Deur groeigroepe kan in gemeenteverband aan die behoeftes van senior burgers aandag gegee word. Hierdie is ‘n lewenstadium waarin die groeiperspektief op die eie lewe problematies is, maar ook van kritiese belang kan wees (Clinebell 1984: 369).

Hierbo is verwys na die belangrike rol van die godsdienstige sisteem in die gelowige se gemeenteverbondenheid. Die geloofsaspek voeg ‘n onontbeerlike faset tot ‘n hermeneutiese sistemiese benadering in die pastoraat toe. Geestelike waardes van omgee en versorging en die eskatologiese geloofsperspektief wat hoop inhou, vorm belangrike “diskoerse” in ‘n pastorale sisteem van hulpverlening aan ouer persone. Dit geld veral wanneer die lewenseinde nader. Pastorale sorg as krisisbediening kan verstaan word as ‘n bediening in situasies van broosheid wat sinoniem is met bejaardheid. In der waarheid geld hierdie broosheid vir die lewe van die mens en die skepping in geheel. Nêrens kan die mens hom[2] wend vir stabiliteit, sekerheid en versekering dat die lewe soos ons dit ken, individueel of gemeenskaplik, sal verloop soos ons dit beplan nie (Gerkin 1997: 227, 228).

Teen hierdie agtergrond verteenwoordig bejaardheid, in besonder in die hoër ouderdomsfase, die kwesbaarste en broosste lewenstadium. Kwynende kragte en gesondheid stel die mens voor die onverbiddelikheid van die kortstondigheid van die lewe. ‘n Belangrike aspek van terapie aan hierdie persone is om hulle geestelike dimensie te peil en vas te stel of hulle in kontak is met hul dieper behoeftes, wat hul geloofslewe behels (MacKinlay 2001: 164). Dit is ook dan die tyd wanneer lewenswerklikhede buitengewone eise aan die geloofslewe en geloofsvolwassenheid stel, met die gepaardgaande hunkering na verdieping en geloofsversterking (Koenig 1994: 294). Hiertoe is gemeentebetrokkenheid en koinoniale gemeenskap van wesentlike belang vir die ouer persoon, selfs in die sterwensoomblikke. Ouer mense wat terminaal siek is se grootste vrees is om alleen te sterf (Koenig & Weaver 1998: 87).

---

[2] In wederkerende frases veronderstel die gebruik van “hom” in plaas van die verouderde “sig” albei geslagte.

## 2.3 BEKLEMTONING VAN DIE NARRATIEWE BENADERING EN STORIEVERTELLING

Die derde komponent van die hermeneutiese benadering in die pastoraat beklemtoon die benutting van 'n narratiewe benadering en storievertelling eerder as kerugmatiese Woordverkondiging. Die narratief is inherent aan die oordrag van die Bybel se boodskap en stel dus nie 'n nuwe modaliteit daar nie. Ricoeur (1991) het in die besonder uitgebrei op die voordele van die narratief in die hermeneutiek. Bruner (1986: 153) wys op die voordele van die verhaal: die beklemtoning van orde, sekwensie en toepaslikheid vir die studie van enige proses wat ontwikkeling behels. Dit is terselfdertyd liniêr en onmiddellik.

Die narratiewe benadering hou verband met die postmodernisme waarvolgens die groot verhale of ideologieë hul invloed verloor het. Die geloofsperspektief van buite is nie meer nodig nie, want dit is terug te vind in die lewensverhaal van die mens self deur die rol van geloofstradisie. Die pastorale gesprek sluit aan by die mens se herinterpretasie van die lewensverhaal in die lig van nuwe ervarings.

"Mensen helpen 'op verhaal te komen' is dus de kern van de pastoraat" (Heitink 1998: 80). Hiermee word natuurlik verwys na die publikasie van Müller (1996) "Om tot verhaal te kom". Daar word gewys op die terapeutiese waarde van die narratief soos aanvanklik in die psigoterapie ontwikkel (White & Epston 1990), onder andere deur die gespreksgenoot te erken as die kundige oor sy of haar lewe, deur die probleem vanaf 'n afstand te beskou deur eksternalisering, en deur die ontginning van die inherente moontlikhede van die gespreksgenoot (Ganzevoort & Visser 2007: 114).

Die interpretasie van die Bybel in narratiewe konteks vereis etiese verantwoordelikheid, selfkritiek en agterdog, asook beskeidenheid en ootmoed, omdat dit 'n sosiale of politieke handeling is wat mense se lewens beïnvloed (Smit 2006: 85). In 'n diakoniologiese benadering behoort so 'n geloofsuitgangspunt deurgaans epistemologies bepalend te wees.

### 2.3.1 Paul Ricoeur

Ricoeur gee in sy driedelige werk "Time and Narrative" (1983-1985) perspektiewe op die betekenis van die geskiedenis in die hermeneutiese proses. Hy wys in besonder op die rol van interpretasie en reïnterpretasie (konfigurasie en rekonfigurasie) in die verstaan van die

heilsgekiedenis (Heitink 1998: 74). Sy narratiewe beskouings word vervolgens van nader beskou.

Ricoeur stel die relevansie van die narratief as essensiële faktor in die verstaan van die lewe in hermeneutiese perspektief op ‘n besondere wyse. Hierin sluit hy aan by die denke van hermeneutiese teoretici, maar vorm hy ook ‘n skakel met die analitiese denkrigting (Immink 2005: 129). Kennisname van sy denke oor ‘n narratiewe benadering is belangrik in die konteks van hierdie studie.

2.3.1.1 Die narratief in hermeneutiese perspektief

In sy bespreking van die verband tussen die narratiewe handeling en die lewe neem Ricoeur (1991: 20-33) Aristoteles se konsep van “emplotment” of intrige as uitgangspunt. Hiervolgens word die intrige gesien as ‘n integrerende proses wat eers voltooi word in die lewende ontvanger van die “verhaalde” storie. Ricoeur omskryf die werking van intrige as ‘n sintese van heterogene elemente, waarin verskillende gebeure en insidente saamgevoeg word tot een storie. Gebeure en insidente is meer as dinge wat net plaasgevind het. Hulle dra by tot die voortgang van die verhaal, sowel as tot die begin en einde daarvan. Die “verhaalde” storie, in ‘n verstaanbare geheel georden, is altyd meer as die blote opeenvolging van insidente.

Ricoeur (1991: 21) onderskei ook die sintese van die intrige vanuit die volgende oogpunt: “…it organizes together components that are as heterogeneous as unintended circumstances, discoveries, those who perform actions and those who suffer them….” Al hierdie faktore maak die intrige van die een storie terselfdertyd harmonieus (“concordant”) en teenstrydig of wanluidend (“discordant”). ‘n Mens kry ‘n begrip van die samestelling van die storie deur dit te volg, wat reeds ‘n baie komplekse handeling is. Dit word gelei deur ons verwagtings oor die uitkoms van die storie. Ons pas ons verwagtings aan in die loop van die verhaal totdat dit ooreenkom met die slot. Ricoeur wys op die waarde van oorvertelling, deurdat dit die aandag vestig op die sintetiese aktiwiteit in die samestelling van die verhaal, in plaas van op die onverwagte aspekte daarvan (Ricoeur 1991: 22). Ten slotte is die intrige betrokke by ‘n sintese van ‘n reeks insidente, enersyds, en die wyse waarop die gebeure in die storie geïntegreer en tot ‘n hoogtepunt gevoer word. Dit beskryf hy as die konfigurasie (Ricoeur 1991: 22).

In die bogemelde verloop van die narratiewe proses word drie elemente onderskei: figurasie, refigurasie en konfigurasie:

> We are following therefore the destiny of a prefigured time that becomes a refigured time through the mediation of a configured time (Ricoeur 1984: 54).

In hierdie siening blyk 'n ooreenkoms met Heidegger se driedeling van hermeneutiese verstaan, naamlik voorverstaan, die projeksie van moontlikhede, en die toeëiening van sodanige moontlikhede met begrip (Vanhoozer 1991: 50). Heidegger dui hierdie stadia aan met die terme *Vorhabe, Vorsicht* en *Vorgriffe*. Hiermee fundeer hy die hermeneutiese sirkel van die geesteswetenskappe in 'n struktuur van antisipasie volgens die ware posisie van ons menswees (Ricoeur 1981: 69).

Ricoeur vereis toeëiening sowel as distansiëring om 'n teks te verstaan. Distansiëring bied die geleentheid tot kritiese lees (of luister) om verborge moontlikhede en verdringde gebeurtenisse uit die verlede in die hede in berekening te bring (Ganzevoort & Visser 2007: 104).

Die verskillende elemente van die intrige, naamlik samevoeging van insidente tot 'n eenheidsverhaal, die voorrang van harmonie oor diskordansie, en die wedywering tussen opeenvolging en konfigurasie, lei tot narratiewe verstaan wat 'n boodskap oordra. Dit sluit aan by die betekenis wat Aristoteles daaraan gegee het met die Griekse term "phronesis" (Ricoeur 1991: 23).

Ten opsigte van die paradoksale verband tussen die lewe en verhale, wys Ricoeur daarop dat die proses van komposisie, van konfigurasie, nie voltooi word in die teks nie, maar in die leser en, by implikasie, in die hoorder. Dit maak "the reconfiguration of life by narrative" moontlik (Ricoeur 1991: 26). Die leser se verbeelding word blootgestel aan die teks se ervaringshorison, en aan sy of haar werklike horison van aksie.  Hieruit vloei 'n samesmelting van horisonne, wat beteken dat stories vertel word, maar ook *gelewe* word – "lived in the mode of the imaginary" (Ricoeur 1991: 27). Hierin sluit hy aan by Gadamer se konsep van die "fusie van horisonne", wat deur Ricoeur beskryf word as 'n indeks van die dialektiek van deelname en distansiëring (Ricoeur 1981: 61).

Pastoraal-terapeuties moet met die neerslae van twee dimensies rekening gehou word, naamlik die gegewe uit ‘n persoon se eksistensiële situasie (‘n “language of force”) en gegewens van onbewuste oorblyfsels van die vroeë en later kinderjare (‘n “language of meaning”) (Gerkin 1984: 50). Anders gestel, bestaan die verhale van persone uit fiksie enersyds en andersyds uit ware gebeurtenisse. Dit is onafgeslote en word opgebou uit uiteenlopende fragmente (Ganzevoort & Visser 2007: 105).

Hierteenoor bevraagteken Ricoeur die “erroneous self-evidence according to which life is lived not told” (Ricoeur 1991: 27). Hy beweer dat lewe niks meer as ‘n biologiese verskynsel is solank dit nie geïnterpreteer is nie. In hierdie interpretasie speel fiksie ‘n bemiddelingsrol (Ricoeur 1991: 28). In die narratief word gepoog om die mengsel van handeling en lyding wat die ware vesel van die lewe uitmaak, skeppend na te boots. Steunpunte vir die narratief word dus in die handelings- en lydingservaring gesoek. Hy plaas egter nie simbole en poësie onkrities bo objektief-beskrywende taal nie (Ganzevoort 2007: 105).

Ricoeur noem drie aspekte waarin narratiewe verstaan in lewende ervaring veranker is. Die eerste een noem hy die semantiek van aksie, waarmee hy verwys na die vertroudheid met die konseptuele raamwerk van aksie. Sy slotsom is dat dieselfde “phronetiese” wyse van verstaan werksaam is in ons verstaan van aksie en die gevoelslewe as wat die geval is by die narratief. Tweedens verwys hy na praktiese simboliese hulpbronne, wat hy as immanente simboliek onderskei van die eksplisiete simboliek van praat en skryf. Antropologies behels sodanige simboliek ‘n beskrywingskonteks vir bepaalde handelinge. So kan die opsteek van ‘n hand byvoorbeeld, afhangende van konteks, die betekenis hê van groet of instemming. As derde anker noem hy die voor-narratiewe aard van menslike ervaring, wat regverdiging daarvoor is om van die lewe te praat as ‘n verhaal in wordende of ontluikende staat. So kan die lewe beskryf word as “an activity and a passion in search of a narrative”. Dit is nie toevallig dat ons praat van die storie van die lewe nie (Ricoeur 1991: 29). Pastoraal-terapeuties beklemtoon Ricoeur se benadering dat alle faktore in hermeneutiese verstaan in aanmerking geneem moet word: feite, magte en gebeure, maar ook interpretasies, betekenisse en narratiewe verslae. Pastorale aksie moet reageer op die besondere menslike situasie (Gerkin 1991: 61).

Ricoeur ken ‘n besondere plek toe aan “die wêreld van die teks” in sy siening van die taak van die hermeneutiek. In sy benadering verskil hy van Schleiermacher se siening dat die taak van die hermeneutiek die vasstelling van verskuilde sielkundige bedoelings behels:

> Hermeneutics can be defined no longer as an inquiry into the psychological intentions which are hidden beneath the text, but rather as the explication of the being-in-the-world displayed by the text. What is to be interpreted in the text is a proposed world which I could inhabit and in which I could project my ownmost possibilities (Ricoeur 1981: 112).

Die wêreld wat deur die teks voorgestel word, gee die geleentheid tot "fiktiewe ervarings". Ricoeur sien die aanbieding van 'n nuwe wêreld, 'n nuwe wyse om moontlikhede te sien, as die kenmerkende bedoeling van fiktiewe narratief (Vanhoozer 1991: 49). As illustrasie van die benutting van die fiktiewe skryfproses as metafoor word verwys na 'n pastoraal-terapeutiese toepassing waarin die verskillende stappe van aksie-agtergrond-ontwikkeling-klimaks-en- einde gevolg is in hulpverlening aan 'n dwelmverslaafde (Human 2001: 52).

Die siening dat dialoog tot die ontsluiting van die waarheid lei, word deur Ricoeur verder gevoer deur sy stelling dat dialoog wat tot kennis van die waarheid lei, mense oortuig en tot dade laat oorgaan. Hiervolgens gebeur werklike verstaan eers wanneer die lewe aangepas word by dit wat verstaan is.

*2.3.1.2 Evaluering*

Ricoeur het 'n unieke narratiewe hermeneutiese teorie ontwikkel waarin hy onder andere voortbou op die werk van Kant en Heidegger. Ricoeur gee 'n letterkundige oriëntasie ten opsigte van Kant se idee van kreatiewe verbeelding en Heidegger se denkbeeld van menslike tydsgebondenheid (Vanhoozer 1991: 51). Deur sy siening van die noue verbondenheid van die lewe en die verhaal open hy die weg vir terapeutiese narratiewe toepassings. Sy hermeneutiese sienings het vanselfsprekende implikasies vir die beradings- en terapeutiese praktyk, onder andere dat waarheid aangaande die persoon in berading in dialoog ontdek moet word om tot praktiese oplossings te lei. Balans moet gehandhaaf word met die normerende aard van die teologie.

Elemente van postmoderne invloede manifesteer in Ricoeur se idees: Heidegger se idees oor taal en syn kom na vore in Ricoeur se taalfilosofie en sy hermeneutiese epistemologie. In sy denke en bevraagtekening van 'n vaste vertolking van taal en die strategie van spekulering skemer die invloed van Nietzsche deur (Thompson 1981: 14). Die uitstel van

die bepaling van die betekenis van 'n teks toon ooreenstemming met skrywers soos Derrida en Leotard. Die betekenis van die teks kom na vore in die wisselwerking tussen teks en leser. Begrip wissel na gelang van die verandering van die konteks en is altyd op die horison. Sodoende word 'n vaste begrip en "logosentriese" taalbenadering vermy (Janse van Rensburg 2000: 85), want Ricoeur (1978: 101) sien die eenheid van taal as 'n probleem.

Die verplasing van die klem van die bedoeling van die skrywer na die dinamiese potensiaal van die teks (Heitink (1993: 140) skep nuwe verstaansmoontlikhede deur interpretasie en die produktiewe kreatiwiteit van die verbeelding. Voortgaande vertolking is nodig om die onverklaarbare en komplekse aard van ons bestaan te weerspieël en die gaping tussen teks en kultuur te oorbrug. So moet die skande van die kruis in die kleed van ons eie kulturele verstaanswêreld na ons kom (Ricoeur 1973: 210-211).

Omdat die Skrif deur die narratief tot mense kom, kan mense gelei word om die implikasies van God se narratief vir hul eie lewens te vertolk. Omdat elke narratief uniek is, volg Ricoeur die postmoderne neiging van 'n veelvoud van narratiewe met ooreenstemmende verstaansmoontlikhede. Onderhewig aan kontrole deur toetsing word die geskikste een spekulatief bepaal (Ricoeur 1978: 41). Dit gaan oor die keuse van die "proposed world which I could inhabit" (Ricoeur 1981: 112). Die toepaslike interpretasie(s) in 'n bepaalde narratief word dan deur Ricoeur (1978: 142) die diskoers of konstruk genoem.

Ricoeur se ingrypende denkbeelde rakende taalfilosofie en hermeneutiese epistemologie kom uit sy beskouings na vore. Die implikasies vir die losmaking van geykte betekenisse van woorde en die rol van die verbeelding in die beoordeling van die boodskap van die narratief is verreikend. In pastorale toepassing bring kulturele konteks die verhaal tot die vlak van die hoorder.

In sy benadering verskil Ricoeur van die postmoderniste of "poststrukturaliste" wat die "dood" van die skrywer of subjek as vertrekpunt beskou. Hiervolgens is die bedoeling van die skrywer nie belangrik nie, want die fokus is op die teks alleen (Janse van Rensburg 2000: 6). Vir Ricoeur (1978: 7), daarenteen, is die "ego" die vertrekpunt in die proses van verstaan:

Om jouself te verstaan voor ‘n wêreld is die teenoorgestelde daarvan om jouself en jou geloof en vooroordele te projekteer; dit is om werk en wêreld die horison van my self-verstaan te laat vergroot (Ricoeur 1978: 145).

Ricoeur se bedoeling is nie ‘n subjektivistiese benadering nie: Die ontmoeting tussen die “ek” en die konteks van die “ek” verplaas die hermeneutiese sirkel na ‘n ontologiese vlak (Ricoeur 1978: 145). Hierdie idee sluit aan by die beginsel dat beide die dialektiek van “behorende tot” (die ingewyde, lid van die binnekring) en distansiëring (die buitestaander-perspektief) in prakties-teologiese navorsing benut moet word (Dreyer 1998: 23-24). Daardeur is dit moontlik om die leefwêreld van die persoon in terapie te betree, sowel as om vanuit ‘n krities-reflektiewe posisie eie vooroordele in oënskou te neem.

Die subjektiewe element in Ricoeur se konstruktivistiese benadering waardeur die finale keuse by die “ek” berus om sy of haar realiteit vanuit die teks te skep, maak dit vatbaar vir misbruik. Dit word met reg beweer dat Ricoeur se konstruktivistiese hermeneutiese benadering die weg open vir ‘n postmoderne verwysingsraamwerk (Janse van Rensburg 2000: 88). Konstruktivisme het begin as ‘n radikale verandering in terapeutiese strategie, as ‘n eksperimentele toepassing van (postmoderne) epistemologiese, biologiese en kubernetiese konsepte (Tomm & Lannamann 1988: 37). Hiervolgens word konstuktivistiese terapeute deur hulself “as kataliste eerder as bekwame oorreders, as intellektuele ondersoekers eerder as pragmatiese probleemoplossers” beskou. Die aanname dat terapeute vir hulle kliënte kan voorskryf hoe om te leef word as arrogant beskou. Die sosiaal-konstruksionisme voer hierdie gedagte verder deur die klem te plaas op kennis as ‘n funksie van gemeenskaplike teksinterpretasie (Müller 1996: 81).

Prinsipieel kan in ‘n diakoniologiese benadering nie saamgestem word met konstruktivisme se mees basiese aanname nie (Janse van Rensburg 2000: 50), naamlik dat dit die passie verloor het om mense te verander (Maturana 1985: 43). Die onderliggende oortuiging dat elke persoon sy of haar eie werklikheidskonstruk het wat net so regmatig is as die terapeut s’n, het wel strategiese waarde in ‘n diakoniologiese benadering soos elders aangedui. In plaas van om hom of haar as die deskundige te sien, behoort ‘n “not knowing”-benadering deur die terapeut ingeneem te word. Sodoende word die kliënt as die deskundige gesien op grond van sy of haar eie werklikheidskonstruk wat gebaseer is op die vergelyking en dekonstruksie van narratiewe (Anderson & Goolishian 1992). Daar word met die siening saamgestem dat die pastor oor die kliënt(e) se lewe onkundig is, maar as

terapeut die vakkundige kenner is (Freedman & Combs 1996: 44; Van den Berg & De Wet 2008: 150).

In die konteks van Ricoeur se hermeneutiese benadering bly die probleem van subjektiwiteit bestaan. Om geldigheid te gee aan die kliënt se konstruk van die realiteit, moet dit inpas by die kliënt se siening van hom of haarself, van andere, van die probleem en van die wêreld. Die deurslaggewende faktor is die kliënt as subjek. Dit hou in dat selfs ‘n toegewyde Christen ‘n konstruk kan opbou, gebaseer op persoonlike eksistensiële nood, wat nie op korrekte Skrifvertolking berus nie (Janse van Rensburg 2000: 87,88). Die feit dat die konstruk ooreenstem met die betrokke persoon se persoonlike en wêreldbeskouing verleen geldigheid daaraan en daar moet dus nie gepoog word om dit reg te stel nie (Du Plooy 1995: 32). Daarenteen kan empatie met die gespreksgenoot se subjektiewe belewenis deur deelnemende betrokkenheid en liefdevolle beïnvloeding tot ‘n verandering in gesindheid lei, selfs in ‘n probleemgeval soos die volgende:

*Die geval van Annette, ‘n 65-jarige inwoner in die siekeboeg van ‘n aftreeoord, is illustratief van die dinamika van subjektiewe gewaarwordings. Die betrokke pasiënt het ‘n aantal jare gelede ‘n beroerte oorleef, waarna sy slegs in ‘n rolstoel oor die weg kon kom. Tydens kennismaking en ‘n aanvanklike gesprek kon sinvol gepraat word oor die persoon se situasie en aanvaardende belewenis in die siekeboeg. By ‘n latere geleentheid het Annette egter ‘n baie negatiewe gesindheid uitgestraal. Wat hierdie verandering teweeggebring het, kon nie vasgestel word nie, maar dit het duidelik berus op ‘n konstruk wat haar hele lewensuitkyk beheer het. Volgens haar het sy nou nie meer in God geglo nie, en het sy ook nie geglo dat die verpleegpersoneel hulle werk uit liefde verrig nie. “Hulle doen dit omdat hulle moet, want hulle word daarvoor betaal”. Hierdie gesindheid is ook in haar gedrag weerspieël, waardeur gedurig aandag aan haar gegee moes word, omdat sy van die bed of uit die rolstoel geval het. Hoewel hierdie toestand so ver moontlik ook met medikasie beheer moes word, is die gedrag ook ‘n weerspieëling van die mag van ‘n subjektiewe belewenis, waar die kliënt se siening van haarself, van andere en van haar omstandighede nie die basis kan wees vir ‘n sinvolle oplossing nie. Voortgesette liefdevolle betrokkenheid en leiding met die oog op gesindheidsverandering deur die vestiging van ‘n nuwe konstruk is vanuit ‘n diakoniologiese benadering die aangewese weg.*

### 2.3.2. Slot

In die voorafgaande paragrawe is die hooftrekke van ‘n hermeneutiese paradigma in die pastoraat geskets met verwysing na ‘n hermeneutiese denkraamwerk, ‘n sistemiese benadering en die beklemtoning van narratief en storievertelling. Aansluitend hierby is ‘n oorsig gegee van Ricoeur se siening van die fiktiewe narratief in hermeneutiese verband. Die relevansie van die verskillende aspekte van ‘n hemeneutiese pastoraal-terapeutiese benadering aan die ouer persoon is aangedui met verwysing na uittreksels uit toepaslike gevallestudies.

## 2.4 Postmodern-geïnformeerde epistemologie en die pastoraat

### 2.4.1 Breë tendense van die postmodernisme

Die effek van die postmodernisme is onontkombaar en kennisname daarvan en reaksie daarop is dus onvermydelik. Niemandt (2007: 9) vergelyk die impak waarmee die geloofsgemeenskap deur die postmoderne era getref is met ‘n “volmaakte storm”. Dit hou egter die positiewe in dat ‘n storm vol energie is en opwindende vernuwende moontlikhede inhou. In die volgende paragrawe volg dus perspektiewe op die postmodernisme of postmoderniteit (Van den Berg 2006b: 165) soos dit die pastorale terapie in besonder raak.

Dit is bykans onmoontlik is om “postmodernisme” te definieer, aangesien dit onlosmaaklik verbind is aan die term “modernisme”, waarvoor daar ‘n verskeidenheid van vertolkings bestaan (Janse van Rensburg 2000: 5). Die volgende kenmerke van die postmodernisme waaroor daar wyd ooreenstemming bestaan, kan as tiperend van ‘n postmoderne paradigma beskou word: Aggressiewe verwerping van moderniteit; afwesigheid van struktuur in die teks en dus geen vasstaande interpretasie nie; geen absolute waarhede of gevestigde waardes nie as gevolg van die “difference”-beginsel; algemene ooreenstemming dat die teks ‘n dinamiese en onafgeslote aard het wat dit onmoontlik maak om tot ‘n finale werklikheidsontleding te kom (Flax 1990: 188 – 189). Heitink (1998: 156) wys op die religieuse implikasies van die postmodernisme: die wegval van ideologieë, die plek-maak vir klein verhale, waarbinne die waarheidsvraag op die vlak van eie ervaring beantwoord word. Die spreke oor God het binne hierdie kulturele klimaat “radicaal problematisch” geword.

‘n Aantal postmoderne narratiewe konsepte word vervolgens bespreek met verwysing na hulle moontlike nuttige aanwending. As psigoterapeutiese konsepte verteenwoordig hulle metateoretiese bydraes wat binne ‘n prakties-teologiese diakoniologiese verwysingsraamwerk verhelderend en aanvullend benut mag word.

2.4.2 Postmoderne narratiewe konsepte

Psigoterapeutiese narratiewe konsepte soos dekonstruksie, eksternalisering en dominante, alternatiewe en probleem-versadigde verhale asook unieke uitkomste (White & Epston 1990: 41) vloei dus voort uit ‘n postmoderne paradigma wat in stryd is met ‘n diakoniologiese verwysingsraamwerk. Die ontkenning van die groot narratiewe, dus ook van die Bybel, is ‘n grondliggende paradigmatiese verskil. Die verwerping van “unitary truth claims” (White & Epston 1990: 26) beteken dat die Bybelverhaal as net maar nog ‘n verhaal beskou word.

Die plasing van die lewe in ‘n nuwe baan deur die vertelling en hervertelling van lewensverhale is intrinsiek tot die narratiewe benadering. In diakoniologiese verband behels dit dat die Skrif steeds normatief is in enige verandering. Unieke uitkomste wat as glansmomente uit eie ervaring in verhale voortspruit, bied die voedingsbodem vir ‘n ommekeer in die eie lewe – steeds in afhanklikheid van ‘n skriftuurlike perspektief. Dekonstruksie en eksternalisering wat innerlik-gekonstrueerde konsepte afbreek en verplaas geskied pastoraal teen die agtergrond van die skriftuurlike geloofswerklikheid. ‘n Induktiewe, mensgesentreerde benadering is vanuit ‘n diakoniologiese posisionering onderhewig aan deduktiewe Woord-inspraak.

Ontologies dui pastorale terapie op ‘n hermeneutiese onderneming van God met menselewens. Dit het ten doel om die geestelike dimensie van betekenisvolheid en die uiteindelike sin van die lewe in die aangesig van die kwaad en lyding te hanteer. Sonder die ontologiese element word Praktiese Teologie ‘n meganistiese werkswinkel wat die lewe probeer bestuur met ‘n resepteboek (Louw 2008: 18).

*2.4.2.1 Metafoor en hermeneutiek*

Metafore speel ‘n belangrike hermeneutiese rol in die narratiewe oordra van waarhede uit die Bybel in wisselwerking met die verhale van mense se lewens. Deur indirekte en analo-

giese taalgebruik wil ‘n metafoor iets oor God of geloofsake sê wat nie in rasionele taal uitgedruk kan word nie (Louw 1999: 23). Dit is ‘n metode om ‘n konsep, idee of verhaal te verduidelik, soos in Jesus se gelykenisse gebeur (Janse van Rensburg (2000: 8). So word die koninkryk van God byvoorbeeld verduidelik met die verhaal van die man wat sy besittings aan die sorg van sy slawe oorgelaat en op reis gegaan het (Luk.20:9-19). In die lewensreis as metafoor moet geblokkeerde paaie plek maak vir verborge alternatiewe wat betekenisse blootlê. Dit dui op die metaforiese aard van ons denke (Van den Berg 1999: 3).

Onoordeelkundige metaforiese toepassings in die teologie is aan kritiek onderhewig wanneer dit op die *modale dimensie* van die werklikheid appelleer (Strauss 2002b: 126). Verabsolutering van die metafoor kan tot ‘n verdraaide beeld van die werklikheid aanleiding gee. In postmodernistiese aanwending dien die metafoor as ‘n middel tot dekonstruksie waardeur gesoek word na die dieper betekenis van die teks “thereby anticipating further revelations of meaning”. Dit laat die weg oop vir ‘n “open-ended” interpretasie van die teks wat die ware bedoeling verduister (Janse van Rensburg 2000: 8).

*2.4.2.2 Taal, hermeneutiek en dekonstruksie*

Taal is ‘n sentrale begrip in die postmoderne denke as ‘n basis vir denke oor die samelewing, en dien as ‘n metafoor vir die lewe (Janse van Rensburg 2000: 6). Die lewe word gesien as ‘n teks wat in ‘n voortdurende proses van verandering is, waarin die betekenisse van woorde nooit vas is nie en interpretasie van konteks afhang.

In teksinterpretasie geld die postmoderne standpunt dat alleen die teks, soos dit deurkommunikasie van vorm en inhoud verander, die betekenis bepaal. Die outeur se identiteit of bedoeling geld nie as bepalende faktore nie (Janse van Rensburg 2000: 6). In dekonstruksie beteken dit interpretasie van die teks uit die perspektief van taal eerder as op grond van rede en konsep (Janse van Rensburg 2000: 9). Dit kan daartoe lei dat die werklike betekenis van die teks verdraai word soos in ‘n beskrywing van Paulus deur Nietzsche as “superstitious” en “crafty” (Kaufmann 1971: 76,77).

Dill & Kotze (1997: 20 – 21) spreek die mening uit dat die reduksionistiese siening van taal as ‘n stelsel op sigself in bogemelde sienings vervang word deur die kontekstuele

benutting van taal in die individu se besinning oor wesentlike sake. In die aanwending van postmoderne beskouings in ‘n diakoniologiese hermeneutiese narratiewe benadering moet die gerigtheid egter skriftuurlik-normatief wees.

Die hermeneutiese belangrikheid van taal word in narratiewe terapie erken: ‘n Gebeurtenis word eers ‘n ervaring wanneer daaraan betekenis gegee word deur taal daaraan te verbind. In dié proses kan ‘n “gedeelde taalkonstruk” tot stand kom deur die betrokkenheid van intersubjektiewe realiteite. Hier word verwys na werklikhede wat deur die betrokke partye innerlik op dieselfde wyse beleef en gekonstrueer word en as gedeelde taalsisteem die basis vir gesprek vorm (Müller 1996: 130). Volgens hierdie benadering word kennis gesien as die resultaat van ‘n sosiale proses en nie as die objektiewe beskrywing van eksterne realiteite nie (Kotze & Kotze 1997: 27). Vanuit ‘n diakoniologiese benadering “wat die etiek in bepaalde teologiese grondmotiewe fundeer” (Janse van Rensburg 1999: 161), is daar ‘n probleem met kennis wat subjektief gekonstrueer word sonder inagneming van skriftuurlike norme.

Dekonstruksie as postmoderne metode kan wel met vrug gebruik word in ‘n Skrifgefundeerde pastoraal-terapeutiese epistemologie (Janse van Rensburg 2000: 37). Dit word dan instrumenteel om die mens eskatalogies te rig na ‘n oorwinningslewe in Christus soos in die ontmoeting van Saggeus met Christus op sy weg deur Jerigo (Luk. 19:1-10). Met sy tuiskoms by Saggeus word geykte gesindhede gedekonstrueer “wat …(‘n) alternatiewe storie…na vore…. bring” (Van Heerden & Kotze 1997: 89). Deurdat die narratief hier in ‘n geloofsbedding vloei (Gerkin 1986: 19), word die “die isolasie van die eie vasgeloopte situasie in die hede deurbreek” (Janse van Rensburg 1996: 75). Die wesentlike waarde van sy geestelike erfenis word opnuut bevestig (Van den Berg & De Wet 2008: 154). Hierin vind Saggeus selfverwesentliking, en nie in die bou van ‘n nuwe identiteit in ‘n eie bevrydingsgeskiedenis nie (Van Heerden & Kotze 1997: 91). In die postmoderne terapeutiese benadering speel dekonstruksie ‘n sleutelrol, anders as Derrida se oorspronklike bedoeling dat dit as ‘n strategie moes dien en nie as ‘n sleutel nie (Janse van Rensburg 2000: 51).

Becvar & Becvar (1996: 89) sien die doel van dekonstruksie in postmoderne sin soos volg: Om “feite” te dekonstrueer deur die aannames, waardes en ideologieë waarop hulle berus, te omlyn en om onsself en ons konstruksies oor die lewe skepties en met humor te beskou. Toegepas op die terapie behels hierdie standpuntinname “healthy irreverence for

all teachers and teachings…..along with respect for the uniqueness of the client" (Becvar & Becvar 1996: 89). Ooreenkomstig 'n induktief-gerigte benadering geniet die uniekheid van die kliënt voorrang bo gevestigde waardes.

Bogenoemde benadering sou pastoraal ten koste van morele beginsels kon gebeur indien die Bybel nie as meesternarratief erken word nie. Hoewel Derrida dus die dryfkrag van dekonstruksie sien as die suspisie en kritiek van stelsels (Caputo 1997: 18) en Taylor (1984: 514) die ateïstiese inslag daarvan beklemtoon, kan dit in 'n oordeelkundige diakoniologiese narratiewe aanwending 'n waardevolle rol speel. Morgan (2000: 45) beskryf dit as die ontdekking, erkenning en "uitmekaarhaal" (dekonstruksie) van oortuigings, idees en praktyke wat 'n persoon se lewensruimte uitmaak, en wat bydra om die probleem en die probleemstorie in stand te hou. In hierdie sin word aansluiting gevind by die hermeneutiese beginsel van skeptisisme wat reeds by Schleiermacher (1977) en Bons-Storm (1984, 1989) as grondliggend na vore kom.

Die Bybelse aanwending van dekonstruksie word geïllustreer deur die verhaal van die Samaritaanse vrou in Johannes 4 (Janse van Rensburg 2000: 37). Die metode is dus nie van postmoderne oorsprong nie. In die Bybelse aanwending geskied dit op 'n eiesoortige antropologies en hermeneuties doelmatige wyse met skriftuurlik-bepaalde sinsduiding. Die ontdekking en ontleding van opvattings wat 'n persoon se kulturele agtergrond vorm en sy probleemverhaal versterk, word in die verhaal van Saggeus in die Lukasevangelie geïllustreer (Van den Berg & De Wet 2008: 153). Jesus se aanvaarding van Saggeus bring hom van sy gemarginaliseerde posisie as inhalige tollenaar tot die nuwe besef en inbesitneming van sy geestelike erfenis (Resseguie 2004: 109).

*2.4.2.3 Eksternalisering en hermeneutiek*

Eksternalisering verwys na die metode waardeur op 'n objektiewe wyse gefokus word op knellende kwessies deur aan hulle 'n eie persoonlikheid of identiteit toe te ken (Morgan 2000: 17). Dit het die effek dat afstand van die probleem geskep word, waardeur dit duidelik in afsonderlikheid waargeneem kan word. Daar word dus wegbeweeg daarvan om die persoon as probleem te ervaar, na 'n posisie waar die probleem self as die probleem gesien en as sodanig erken word. Die probleem word verder verbesonder as die verhouding wat die persoon tot die probleem het (Louw 2008: 448). Die fokus is dan weg van die

persoon as “probleem” en ‘n vry ruimte word geskep waarbinne dekonstruksie toegepas kan word (White & Epston 1990: 42).

Iets van hierdie verandering in fokus deur eksternalisering is ervaar in die verhaal van Elise:

*Elise, ’n bejaarde inwoner in ‘n aftreeoord wie se verhale-studie onder 3.5 aangeteken is, het haar gevoelens van angs en onsekerheid, simptomaties van posttraumatiese stres, beskryf as “brullende leeus met swiepende sterte”. Eksternalisering is na aanleiding hiervan toegepas aan die hand van die leeu as metafoor om sodoende haar gevoelens van angs te eksternaliseer. Die skrikwekkende beeld van die leeu is dekonstruktief as kragteloos voorgestel, ondergeskik aan die wil van God, soos geïllustreer in die verhaal van Daniël in die leeukuil. Daar is gepoog om die oorsake van haar vrese objektief met haar deur te werk en te dekonstrueer binne kulturele en godsdienstige kontekste.*

*Deur haar angs as ‘n magtelose leeu te personifieer, is daaraan ‘n naam toegeken. Sy kon oor ‘n afstand wat ‘n vry ruimte bied, haar angs sien vir wat dit was: naamlik haar verhouding tot die probleem. Met die afstand van die angs van post-traumatiese stresversteuring as gevolg van ‘n ernstige motorongeluk, kon gefokus word op heling van die emosionele letsels.*

*Hoewel eksternalisering ‘n aangewese hermeneutiese strategie was in die geval van Elise wat aan erge depressie gely het, was verdere behandeling deur medikasie aangewese weens die intensiteit van haar angsbelewing.*

*2.4.2.4 Unieke uitkomste*

Die begrip “unieke uitkomste” figureer sterk in die narratiewe terapie. Dit word beskryf as die identifikasie van glansmomente of glinsteroomblikke (Morgan 2000: 52) in die probleemversadigde dominante verhaal van die persoon in terapie. Hierdie momente vorm die boustene in die konstruksie van ‘n alternatiewe verhaal met ‘n nuwe en verstewigde (‘thickened”) storielyn. So kom ‘n nuwe storie tot stand. Morgan verduidelik unieke uitkomste soos volg:

> A unique outcome can be anything the problem would not like, anything that does not "fit" with the dominant story. They are instances/events that would be difficult to achieve in the light of the problem (Morgan 2000: 52).

Die terapeut se rol is om hierdie kennis meer op die voorgrond te bring deur die fasilitering van 'n ryker en vollediger beskrywing van die alternatiewe verhale in die persoon se lewe. Dit lei tot die herdefiniëring van die persoon self en sy verhoudings met ander mense (Van Heerden & Kotze 1997: 90) soos in die geval van Saggeus in die Lukas-evangelie (Lukas 19:1-10). Hier het die kennis van die Messias sy geloof as verbondskind en -erfgenaam vernuwe. In die Saggeus-verhaal beweeg geloofsgroei in 'n spiraal na die konvergensie-punt wanneer die volheid van die heil in Christus beleef word (Louw 1999: 14-15). Dit lei tot geloofsvolwassenheid (Louw 1999: 30) en die ervaring van hoop en dankbaarheid in die hermeneutiese ervaring van God se teenwoordigheid (Louw, 1999: 14). Deur die verrassende uitsprake van die Meester kom oorwinningskrag as unieke uitkoms trans-formerend in Saggeus se lewe na vore en die haas onmoontlike in die lig van die probleem word moontlik (Morgan 2000: 52; Van den Berg & De Wet 2008: 154).

Unieke uitkomste wat uit die gespreksgenoot se verhaal na vore kom, verskaf die sleutel tot 'n nuwe inkleding van die persoon se lewensverhaal. Die terapeut speel 'n fasiliterende rol deur terapeutiese, versoenende en "maieutic" insette (dit is insette wat geboorte en groei bevorder) (Clinebell 1984: 74) volgens skriftuurlike norme aan te wend. Hier word weer verwys na die verhaal van Elise.

> *'n Dominante storielyn, bepaal deur veel teëspoed, het in Elise se verhaal na vore gekom: finansiële kwellings, gesondheidsprobleme, pyn, kommer oor kinders en klein-kinders, die trauma van 'n motorongeluk. Hierby het verswarende omstandighede uit die verlede hul tol geëis: die verlange na 'n enigste seun, jonk oorlede in 'n skiet-ongeluk, drankmisbruik deur 'n eggenoot, egskeiding. Na mate haar verhaal ontvou, het heroïese situasies van konflikhantering aan die lig gekom, te midde van die stryd om liggaam en siel aanmekaar te hou.*
>
> *Unieke uitkomste wat eintlik nie te verwagte was in die lig van die "probleem" nie, het na vore gekom: Elise het geestelike krag geopenbaar deur 'n godsdienstige krisis te bowe te kom, moedige weerstand gebied en vernedering in 'n moeilike werksituasie*

*oorkom, en deur die koestering van familieverhoudinge kosbare bande versterk. Deur prominensie en sterker integrering van hierdie episodes in die lewensverhaal, kon hulle as unieke uitkomste boustene vorm vir nuwe perspektiewe.*

*2.4.2.5 Sosiaal-konstruksionisme en hermeneutiek*

Sistemiese denke, konstruktivisme en sosiaal-konstruksionisme verteenwoordig opeenvolgende paradigmas in die soeke na hermeneutiese verstaan. 'n Hermeneutiese sisteembenadering in gesinne lê byvoorbeeld klem op "sirkulêre prosesse, terugvoerkringlope en strukturele patrone". In 'n volgende epistemologiese golf, bekend as tweedeorde-kubernetika, verskuif die klem na die waarnemer eerder as die waargeneemde. In 'n meer perspektivistiese posisie aanvaar dit dat 'n beskrywing in die eerste plek iets vertel van die aanbieder van die beskrywing. Die derdeorde-kubernetika verteenwoordig 'n verdere paradigmatiese skuif, waarin die locus van kennis binne die gemeenskap van persone geplaas word. Die klem verskuif dus van die "senuweestelsel na die intersubjektiewe invloed van taal en kultuur, asook die hermeneutiese tradisie van teksinterpretasie" (Müller 1999: 1,2).

In die lig van die subjektiwiteit van 'n sosiaal-konstruksionistiese benadering en gemaklike subjek-tot-subjek-kommunikasie, word gewaarsku teen die prysgawe van objektiwiteit terwille van 'n werkbare metode (Becvar & Becvar 1996: 329). Ook metodologie is relatief en moet volgens die eise van die omstandighede aanpasbaar wees. Die buitestaanderperspektief waardeur die navorser ook homself krities bejeën, maak juis hiervoor voorsiening (Dreyer 1998: 24). Diakoniologies is hierdie perspektief veral relevant, waar die Woord as deduktiewe normatiewe element ter sprake is. Die geldige siening word deur (Van Huyssteen 1989a: 773,774) uitgespreek dat die normerende aard van die Skrif in 'n sosiaal-konstruksionistiese benadering erken word, maar dat die betekenis daarvan in verskillende kontekste getoets word

In konstruksionisme sowel as konstruktivisme word 'n gebalanseerde benadering wat waarnemer sowel as waargeneemde, objek sowel as subjek in aanmerking neem en diakoniologies belangrik geag. In hierdie verband opper Speed (1991: 401) 'n ko-konstruksionistiese benadering wat objektiewe realiteit sowel as subjektiewe konstruksie ernstig opneem. Die toepaslikheid van skriftuurlike norme op meerdere kontekste word met verwysing na die Saggeus-verhaal in die Lukas-evangelie toegelig (Van den Berg en De

Wet 2008: 152). Lukas se begrip van naasteliefde word gesien as só omvattend dat dit inderdaad aktualiteit vir verskillende kontekste verkry (Scheffler 1992: 69).

Janse van Rensburg (2000: 50) wys op die volgende aspekte van sosiaal-konstruksionisme: Die benadering dat die kliënt die ekspert is, dat die terapeut werk uit 'n "not knowing"-posisie en dat die sosiaal-konstruksionisme die passie verloor het om mense te verander. Wêreldbeskouing en etiek word in die sfeer van die individu of sosiale konteks geplaas. Daar is reeds verwys na die waarde van hierdie benadering om indringend tot die verstaan van die individu deur te dring. Die volgende voorbehoude is ter sake:

Die siening dat daar nie die wil is om die kliënt te verander nie, selfs nie as Bybelse beginsels dit voorskryf nie, maak nie sin in 'n diakoniologiese pastorale benadering nie. Hier word die belange van die individu vooropgestel in die lig van skriftuurlike waardes. Dit is waar dat die terapeut vir sy kennis van die kliënt hoofsaaklik afhanklik is van dít wat die kliënt hom meedeel, maar dit is ook waar dat hy/sy wel oor die vakkundige kennis beskik om so 'n persoon te hulp te kom en eties daartoe geroepe is om dit te doen.

'n Transversale benadering (Van den Berg 2006b: 165) is hier van toepassing. Hiervolgens word aanvaarbare postmodern-gefundeerde metodes benut om die leefwêreld van 'n persoon te betree, sonder om die etiese waardes van 'n pastorale vertrekpunt oorboord te gooi. Verandering in ooreenstemming met God se bedoeling word steeds beoog deur 'n pastorale narratiewe benadering na te volg, sonder direktiewe metodes op 'n wyse wat met 'n modernistiese benadering geassosieer word. In hierdie verband word die nakoming van duidelike riglyne voorgestel (Janse van Rensburg 1999: 163).

### 2.4.3 Samevatting

In 'n narratiewe benadering word saam met die kliënt 'n verhaal van nuwe betekenis gesoek. Hiertoe kan postmoderne metodes meewerk deur die kartering van 'n dominante storie, eksternalisering van probleem-versadigde beskrywings (Müller 1996: 165) en die skep van unieke uitkomste (Van den Berg & De Wet 2008: 154). Deur die objektivering en personifikasie van neerdrukkende probleme lei eksternalisering tot die ervaring van die probleem as 'n aparte entiteit. 'n Vry ruimte word deur dekonstruksie geskep (White & Epston 1990: 42). So word konflik verminder, die ervaring van mislukking vermy en samewerking verkry om nuwe moontlikhede tot aksie te open. 'n Ligter benadering teenoor ern-

stige probleme is moontlik en dialoog in plaas van monoloog word bevorder (White & Epston 1990: 39-40). Die gemelde benaderings kan met vrug binne 'n diakoniologiese verwysingsraamwerk gebruik word met inagneming van die aangeduide voorbehoude.

## 2.5 Pastorale modelle diakoniologies beoordeel en toegepas

Enkele pastorale modelle wat bepaalde hermeneutiese tendense verteenwoordig, word vervolgens beoordeel in die lig van 'n diakoniologiese benadering. Die benutting van meta-teoretiese insette om deur dialoog en kommunikasie tot beter insig te kom, word aangedui, asook die relevansie vir pastorale terapie aan ouer persone.

Verskillende pastorale modelle het relevansie in die lig van besondere omstandighede van gespreksgenote. Implikasies van toepassings vanuit 'n diakoniologiese posisionering word aangedui.

### 2.5.1 Diakoniologiese benadering

Aansluitend by die omskrywing van 'n diakoniologiese benadering in hoofstuk 1 word relevante uitgangspunte kortliks aan die orde gestel:

Basiese uitgangspunte van die diakoniologie berus op die fundering in Bybelse beginsels en benutting van geesteswetenskaplike ontwikkelings (Janse van Rensburg 2000: 77, 78). Saam hiermee word Jesus Christus as hoof van die kerk in die sentrum van alle praktiese kerklike aktiwiteite geplaas. Die ampte van Christus word beklemtoon in die antwoord op Sondag 12 vraag 31 van die Heidelbergse Kategismus: "Waarom word Hy *Christus*, wat Gesalfde beteken, genoem?":

> Omdat Hy deur God die Vader bestem en aangestel en met die Heilige Gees gesalf is (a) tot ons hoogste Profeet en Leraar (b), wat aan ons die verborge raad en wil van God aangaande ons verlossing ten volle bekend gemaak het (c); tot ons enigste Hoëpriester (d), wat ons met die enige offer van sy liggaam verlos het (e) en met sy voorbidding gedurigdeur by die Vader vir ons intree (f); tot ons ewige Koning, wat ons met sy Woord en Gees regeer en ons by die verlossing wat verwerf is, beskerm en bewaar (g) (Ons glo….1992: 47).

Ooreenkomstig hierdie belydenis word geglo dat Christus sy ampte meedeel aan die Kerk, dit is die gelowiges, en dat hulle dienooreenkomstig in sy diens staan. Die relevansie vir die pastoraat in die versorging en uitreiking na gelowiges en hulpbehoewendes spreek hieruit.

Die aanvaarding van die beginsels van die Woord as basiese uitgangspunt vir die lewe beteken dat dit nie gaan oor fundamentalisme nie, maar oor die interpretasie van die Woord as riglyn. Hoewel absolute objektiwiteit in hierdie bedeling nie haalbaar is nie, word die Woord van God erken as openbaring wat deur die Skrifte behoue gebly het. Ons geloof in die Skrifte is "veral omdat die Heilige Gees in ons hart getuig dat hulle van God is", en hiermee mag geen menslike geskrifte gelyk gestel word nie, "want die waarheid is bo alles", aldus die Nederlandse Geloofsbelydenis, artikels 5 en 7 (Ons glo…1992: 10, 11).

In die diakoniologiese posisionering ten opsigte van die benutting geesteswetenskaplike bydraes is die openheid vir metateoretiese kennis en insigte 'n belangrike positiewe riglyn. Die voorwaarde is dat kennis uit ander geesteswetenskappe binne 'n diakoniologiese paradigma aangewend moet word.

2.5.2 Boisen se siening van die mens as lewende dokument

Empatie met die noodlydende persoon vorm die die fokuspunt van Boisen se benadering. Op grond van sy persoonlike situasie as pastor en sy ervarings as psigiatriese pasiënt lewer hy 'n bydrae uit 'n besondere invalshoek.

Sy werk "The exploration of the inner world; a study of mental disorder and religious experience", beskryf Boisen (1936) se persoonlike omstandighede en ongesteldheid. Dit handel oor die hantering van sy periodieke geestelike versteuring binne die raamwerk van sy godsdienstige ervaring. Sy belewing van die gemis aan toereikende voorsiening vir die behandeling en sorg van geestelik-versteurdes berus baie sterk op die ervaring van eie behoeftes en nood.

In sy hermeneutiese benadering word die belangrikheid van begrip van die mens se "innerlike wereld" beklemtoon. Dit verg begrip van die taal waardeur die innerlike ervarings-

wêreld verbind is aan eksterne gebeurtenisse. Verstaan van die innerlike gebeur in 'n proses van interpretasie – 'n hermeneutiese taak. Vir Boisen is hierdie taak onderhewig aan al die probleme en moontlikhede van die interpretasie van 'n antieke dokument – met die verskil dat die mens 'n lewende dokument is wat homself openbaar in nuwe taal en gedrag wat die innerlike weerspieël.

In Boisen se induktiewe benadering word raakpunte met Schleiermacher en Dilthey teruggevind. Schleiermacher het verstaan van die persoonlike element in 'n persoon beklemtoon, waarvoor sielkundige en "divinatory" vermoëns nodig geag is. Gepaardgaande daarmee is intuïsie en verbeeldingryke insig in die bron van die boodskap vereis. So ook Dilthey se siening dat die mens se innerlike, sy gees, begryp moet word. Dit behels meer as kognitiewe gewaarwording. Dit sluit die belewing van gedeelde ervaring in, en beklemtoon die fundamenteel-historiese element. Betekenis en betekenisvolheid word as kontekstueel gesien. Dit vloei voort uit die situasie van plek en tyd (Gerkin 1984: 40,41).

By Boisen word 'n vroeë manifestasie van 'n induktiewe, psigies-begronde benadering waargeneem deur gestaltegewing van terapeutiese insigte uit eie nood gebore. Dit openbaar uiterste sensitiwiteit vir begrip van die mens se psige deur die taal waarin daaraan uiting gegee word. Dit plaas as voorloper klem op die mens se innerlike nood en konteks deur die herorganisasie van die lydende persoon se innerlike wêreld (Gerkin 1984: 51).

In 'n diakoniologiese benadering kan veel geleer word uit die empatiese ondertone van Boisen se model en in die bedag-wees op fyner nuanses in mededelings. In die besonder moet gelet word op simptome wat mag dui op dieperliggende psigo-fisiese ongesteldhede wat gespesialiseerde aandag mag verg. Hierdie aspekte het relevansie vir die pastorale terapie aan bejaardes. Inagneming van die wyse van blootlegging van die innerlike en die deurskemering van verskuilde behoeftes of ongesteldhede moet noukeurig waargeneem word.

2.5.3 Thurneysen se kerugmatiese model

Anders as by Boisen se sterk induktief-georiënteerde model, is die beklemtoning by Thurneysen die deduktiewe gebruik van die Skrif as dié een bron van kennis tussen die ander. Hy beskou die Skrif as die basis van kennis selfs waar dit kennis van die mens aangaan (Thurneysen 1963: 206). Hy erken die psigologie as besondere hulpwetenskap om

hom van sy kliënt se innerlike vergewis met die oog op die bring van die boodskap van vergifnis (Van Jaarsveld 2002: 56). Pastorale sorg is vir hom 'n bepaalde wyse van Woordverkondiging wat, anders as die prediking, in 'n gesprek voltrek word (Thurneysen 1968: 77). Kritiek op die kerugmatiese model wys daarop dat die kontakpunt met die mens ontbreek; die rigting is deurgaans van God na die mens (Immink 2005: 208).

Die deduktiewe benadering en primaat van die Woord in hierdie model is in ooreenstemming met 'n diakoniologiese uitgangspunt. Dit bevestig gemeente-gerigte herderlike sorg met 'n eiesoortige karakter. Die kernboodskap lê vir hom in die erkenning van die gesag van die Woord. Dit geld veral die soewereiniteit van God, die verdorwenheid van die mens en die verlossing van die mens deur genade en in afhanklikheid van die lewendmaking van die Gees (Van Jaarsveld 2002: 59,60). Diakoniologies sou kritiek op die model ingebring kon word weens die opgaan van die gesprek in 'n homiletiese gebeure ten koste van die elemente van ontmoeting en kommunikasie. Thurneysen is egter nie blind vir hierdie behoefte nie. Hy toon begrip vir die nodigheid van sensitiewe luister om die subjektiewe sy van die mens te verstaan en te vertolk (Thurneysen 1968: 91).

Elemente van Thurneysen se model kan met vrug in berading aan ouer persone gebruik word rondom skrifgebaseerde gesprek,. Daar moet gewaak word teen psigologiese reduksie deur 'n gebalanseerde pastorale benadering te volg as "… gespreksmatige konkretisering van die evangelie binne die lewenswerklikheid van gelowige mense" (Louw 1999: 88). So kan voldoen word aan ouer mense se behoefte om die Woord te hoor en dit in verband te bring met hul eie geestelike lewe.

'n Gesprek met die Woord as uitgangspunt het spontane reaksie en deelname uitgelok by Hilda, 'n bejaarde inwoner van 'n aftreeoord:

> *Na aanleiding van Johannes 4 het die gesprek gegaan oor Jesus se ontmoeting met die Samaritaanse vrou. Daar is op gewys dat Jesus as 't ware haar dieper geestelike dors dekonstruktief blootlê deur sy versoek om water. Geykte gesindhede word gedekonstrueer en die verborge gebrokenheid van ongelukkige (huweliks)verhoudings in haar lewe kom na vore. Jesus spreek haar bewustheid van eie minderwaardigheid as Samaritaan aan deur die betekenis van ware aanbidding en geestelike lewe aan haar te openbaar. Uiteindelik maak Hy Hom aan haar as die Messias bekend.*

*In ons gesprek wat ondertone inhou van die effek van jare lange sosio-politiese woelinge, ontdooi Hilda en kom die realisering van unieke uitkomste na vore as sy vertel van haar kinderjare op ‘n plaas in die Boland. Sy onthou die eerbied waarmee hulle as kinders die ouer bruinmense moes behandel. Sy vertel van haar Pa se aandeel om toe te sien dat Klonkies, een van die plaasarbeiders se kinders, ‘n goeie skoolopleiding kry. In ‘n mooi nadraai loop haar broer jare later vir Klonkies in New York raak waar hy ‘n pos by die Suid-Afrikaanse konsulaat beklee. In die loop van die gesprek kom grondliggende eienskappe in Hilda se karakter na vore as sy ‘n gediggie voorlees wat sy sedert haar kinderdae koester:*

*Bloumaandag*

*Die rykste man, die grootste vors*
*Kry ook maar honger, word ook dors*
*Kan ook maar (moet dit nie vergeet)*
*Op een bed slaap en drie maal eet,*
*Word ook maar siek, gee ook die gees*
*Dis stommiteit om iets te wees!*

*Nog ‘n versie, wat sy voorlees, “Tuin van my hart”, verwoord haar uitgaande lewenshouding (“Daelikse Woord” 46: Februarie 1993):*

*‘n Tuintjie het ek vir my geplant, waar*
*“dankies” weeld’rig groei.*
*Waar “kan-ek-help” en “kom tog weer”, en*
*“ag-dis-niks-nie” bloei.*
*‘n Bossie “bly om jou te sien”,*
*‘n boompie “laat my toe”,*
*Rye “sit tog maar” is daar, en*
*“kom-ek-wys-jou hoe”.*

*‘n Eenvoudige geestelike gesprek lei tot Hilda se openhartige getuienis, waarin kosbare herinneringe aan geestelike vervulling na vore kom van ‘n lewe saam met dierbares wat haar in die meeste gevalle reeds ontval het. Daar is dankbaarheid vir die*

> *goeie tye wat beleef is... herinneringe wat nou in 'n woonstel in 'n aftreeoord haar waardevolste besitting verteenwoordig. Dit verteenwoordig 'n innerlike rykdom wat sy in innige verhoudings op kenmerkende wyse deel.*
>
> *Die verhaal van Jesus se optrede open ook nuwe perspektiewe op 'n huidige lewenskonteks. Aan aspekte van eksistensiële nood – angstigheid oor fisiese gebreke en afnemende kragte, kommer oor finansies – word aandag gegee in Jesus se voorsiening in die lewe van die Samaritaanse vrou. Uiteindelik het dit vir Hilda gelei tot die belewing van sin te midde van nypende omstandighede.*

Die eenmalige gesprek met Hilda was 'n kosbare geleentheid tot 'n kykie in haar lewe en die deel van kosbare herinneringe. Nie lank ná hierdie ontmoeting het Hilda die tydelike met die ewige verwissel.

### 2.5.4 Rogers se kliënt-gesentreerde, non-direktiewe benadering

Rogers wou eintlik psigoterapeut of kliniese sielkundige eerder as pastor wees. In sy sterk induktief-georiënteerde benadering gaan dit vir hom om die gesondheid van sy kliënt, en nie om die kliënt se verhouding tot God nie. Hy staan 'n nie-direktiewe subjek-tot-subjek-benadering voor (Faber & Van der Schoot 1966: 25-27). Hy staan warme aanvaarding en die afwesigheid van dwang of persoonlike druk in berading voor, sodat die kliënt vry sal wees om sy/haar eie gewaarwordings en denkpatrone te herken (Rogers 1942: 113). Die gevoelens van die kliënt word as die belangrikste medium beskou om tot hom of haar deur te dring. Volgens Rogers se siening word verwag dat 'n empatiese benadering tot weder-sydse verstaan sal lei wat op 'n terapeutiese proses sal uitloop (Louw 1999: 47).

Adams (1970: 81-82) het sterk kritiek op Rogers uitgespreek. Hy wys daarop dat Rogers se stelsel op die liberaal-humanistiese uitgangspunt berus dat die oplossing van die mens se probleme in die mens self lê. Hy verwys dan na Rogers se nie-direktiewe benadering wat hy as bevestiging van die mens se sondige oortuiging sien dat hy/sy outonoom is en geen behoefte aan God het nie.

> The non-directive viewpoint places high value on the right of every individual to be psychologically independent (Rogers 1942: 127).

Terwyl Rogers beweer dat die berader negatiewe gevoelens moet aanvaar, erken en opklaar ("clarify') (Rogers 1942: 37), wys Adams daarop dat die Bybelse begrip van aanvaarding beteken aanvaarding in Christus wat vir hulle sonde gesterf het. Dit sluit beoordeling van sonde in, anders as permissiewe aanvaarding (Adams 1970: 84). Adams (1970: 87) spreek ook kritiek uit op die stelling dat nie gereageer moet word op die intellektuele inhoud van wat 'n persoon sê nie, maar op die onderliggende gevoel (Rogers 1942: 37). Volgens Rogers moet persone nie raad gegee word nie, hoewel die Bybelse benadering dit vereis (Adams 1970: 91).

Samevattend kan gestel word dat Rogers se persoonlikheidsteorie gelei het tot 'n visie van mense as groeiend, veranderend en basies konstruktief (Rogers 1979: 146). Empatiese kongruensie tussen die pastor se gesindheid en die kliënt se gevoel word 'n korrelasiepunt vir effektiewe kommunikasie in die pastorale bediening. Dit word egter problematies wanneer empatiese aanvaarding tot kriterium vir die effek van die openbaring verhef word (Louw 1999: 166,167). Binne 'n diakoniologiese benadering word empatiese interaksie belangrik geag, maar die skriftuurlike beginsels van redelike menslike afhanklikheid en aanspreeklikheid moet in ag geneem word.

2.5.5 Hiltner se eduktiewe model

In die eduktiewe model wil Hiltner dit wat in die mens aanwesig is na vore bring. Die Engelse term "educe" dui op "uittrek" of "te voorskyn bring" (Bosman, Van der Merwe & Hiemstra 1984). Dit verwys na die psigoterapeutiese vrystelling van helende krag wat innerlik aanwesig is.

Boisen se invloed en sy benadering van die "living human document" en klem op die mens se persoonlikheid, lei daartoe dat Hiltner (1958: 51) 'n pastorale sistematiese konstruksie uitwerk. Hierin word gewys op die dinamiese aard van teologie in hulpverlening en selfondersoek, as die ontvangs en assimilasie van geloof in 'n voortgaande proses. Tillich se korrelasiemetode wat die interafhanklikheid van die Christelike geloof deur eksistensiële vrae en teologiese antwoorde in ag neem, wek sy belangstelling (Hiltner 1958: 222,223).

Die verantwoordelikheid in pastorale sorg vir die heling van die hele persoon beteken die insluiting van psigo-sosiale herstel, wat ook deur ander professies gehanteer word. Hiltner het die taak van die pastor beklemtoon om op die "heelheid" van die persoon ag te gee.

Daarmee het hy 'n belangrike funksie aangedui van onvoorwaardelike aanvaarding, volgens Tillich se siening van die pastorale gesindheid (Immink 2005: 230):

> Where impairment is due to negative feelings, whatever their nature, healing begins by acknowledgement, acceptance, understanding, and assimilation of those feelings, and not through encouraging bright thoughts, verbal encouragement of the right feelings, and the like (Hiltner 1958: 111).

Hoewel Hiltner se empiries-georiënteerde model dus neig na 'n funksionele ervaringsmodel met klem op die natuur, naamlik die mens se innerlike potensiaal tot selfrealisering, ignoreer hy nie die teologie nie. Teologiese vrae moet ten opsigte van empiriese gegewens gevra word en wel vanuit 'n herdersperspektief (Louw 1999: 40). Sy bydrae lê by die plasing van pastorale berading binne die konteks van die kerk en bedieningsteorie en die opening van teologiese dialoog met die sielkunde deur prosesdenke (Gerkin 1984: 14).

Die volgende verdere episode uit die verhaal van Sylvia, 'n 84-jarige inwoner van 'n aftreeoord, illustreer die toepaslikheid van Hiltner se benadering ook in hierdie navorsing. In gesprekke met Sylvia moes aanvanklik baie sterk op haar innerlike, dikwels emosionele, belewenis gefokus word. 'n Eerste prioriteit was om die persoon as mens te leer ken, waar sy haar skielik midde-in 'n krisis bevind het*:*

> *'n Klag van aanranding op 'n bediende is teen haar ingebring. Niemand het haar weergawe as geloofwaardig aanvaar nie toe sy beweer het dat sý eintlik die slagoffer was. Die matrone, bure in aangrensende kamers en selfs haar eie seun was van mening dat sy versteurd was en 'n psigiater moes raadpleeg. Daarby is sy gedreig dat sy haar kamer kon verloor en in die verswaktesorg-afdeling opgeneem sou word. Die suggestie dat sy 'n psigiater moes spreek, het haar menswaardigheid aangetas. Die moontlike verlies van haar kamer en opname in die verswakteafdeling is deur haar ervaar as 'n aantasting van haar integriteit en verdagmaking van haar verstandelike helderheid en selfstandigheid.*
>
> *In gereëlde ontmoetings is aandagtig geluister na Sylvia se verhale. In die proses was dit moontlik om haar vertroue te wen. Aangesien sy erg hardhorend was en spontaan vertel het, het die berader noodgedwonge 'n luisterrol vervul, met vrae slegs waar*

*nodig ter wille van duidelikheid. Geleidelik het 'n prentjie na vore gekom van 'n sterk persoonlikheid, met opvattings wat oor 'n leeftyd gevestig is, en wat potensieel tot probleemsituasies kon lei.*

*Die berader was oortuig van Sylvia se geloofwaardigheid toe sy die aantygings teen haar ontken het en die agtergrond uit haar gesigspunt geskets het. Deur die berader se standpunt is die dreigende optrede teen haar voorkom. Die letsels aan haar selfbeeld deur die aandrang op konsultasie van 'n psigiater en die voorskryf van medikasie kon mettertyd met moeite verwerk word.*

*Die normalisering van verhoudings met die ander betrokke partye was 'n lang en moeisame pad. Agterdog het tot versteurde verhoudings gelei. Teruggetrokkenheid of uitsluiting ook as gevolg van die gehoorgebrek, en argwaan oor agteraf-praatjies het verhoudings versuur en laat skipbreuk ly. Haar gebrekkige gevoel van finansiële sekuriteit, ook as gevolg van vorige ervarings van verlies, het nie bygedra tot oplossings nie. Die gevoelens van verbittering en verontregting kon beantwoord word met die boodskap van ons eie behoefte aan vergifnis – wat diep in haar lewend was – en die verpligting wat dit op ons plaas om ook ander te vergewe. Kritiek teen die eduktiewe benadering, naamlik dat reg nie geskied aan geloofsontwikkeling nie, dat dit 'n gereduseerde mensbeeld handhaaf en dat die teologiese karakter van die beraad verlore gaan (Van Jaarsveld 2002: 66), is ondervang in die aanwending soos hierbo beskryf. Die sleutel hiertoe was die dieper-liggende geloofsfaktor en -intensie van die berader wat alleen toepassing kan vind as die voorafgaande empiriese grondwerk gedoen is.*

Bogenoemde verhaal illustreer hoe positiewe elemente van Hiltner se benadering tereg-kom in 'n besondere konteks. Dit sluit die behoefte aan intieme eksistensiële betrokkenheid in die lewe van die gespreksgenoot in. Aansluitend hierby word die aksent geplaas op empatiese luister, aanvaarding en erkenning van die waarde van psigologiese insig. Ten slotte moet konteks en die dinamiek van die gevoelsaspek in positiewe en negatiewe sin in ag geneem word (Van Jaarsveld 2002: 65).

In Sylvia se verhaal kom die hermeneutiese element na vore. Te midde van die druk en spanning van omstandighede kry sy deur narratiewe betrokkenheid beter insae in haar intense innerlike gebondenheid en eksistensiële problematiek. Dit bied die geleentheid tot

besinning oor die ewigheidsperspektief vanuit die Skrif, die boodskap van liefde en vergifnis. So word balans gevind tussen empirie en Skrif, tussen induktiewe en deduktiewe insette, en word kommunikatiewe wisselwerking in afhanklikheid van die Heilige Gees 'n werklikheid.

Die tradisionele spanningspole van natuur en genade is in Hiltner se model aanwesig met beklemtoning van die natuur, maar sonder om die genade te ignoreer (Louw 1999: 40). Binne 'n diakoniologiese benadering bied Hiltner se model ruimte om met vrug en die nodige balans benut te word soos in die bostaande gevallestudie gereflekteer.

2.5.6 Adams se noutetiese reaksiemodel

Adams se model is 'n reaksie teen Carl Rogers se kliënt-gesentreerde pastorale berading. Hy beskryf die fundamentele uitgangspunt van Rogers se liberaal-humanistiese gedagterigting as die geloof dat die oplossing vir 'n mens se probleme "lies in the man himself". Hy protesteer teen die geloof dat 'n mens as sielkundig-onafhanklike en outonome individu voldoende hulpbronne het wat deur non-direktiewe tegnieke getap kan word (Adams 1970: 81).

Adams baseer sy model nie op wetenskaplike gronde nie. Hy aanvaar die Bybel as die standaard vir geloof en praktyk wat die basis vorm en die kriteria daarstel waarop hy elke uitspraak grond. Aanvullend maak hy wel gebruik van bydraes van die vakwetenskappe. Met die psigiatrie het hy egter 'n probleem weens die humanistiese benadering daarvan (Adams 1970: xxi).

Kinders en kleinkinders vorm steeds die fokus van hulle bejaarde ouers en grootouers se belangstelling. Dit gaan dikwels met kommer en sorge gepaard. 'n Bejaarde inwoner van die aftreeoord, Alta, se kommer oor haar dertigjarige dogter Linda, wat by haar gekuier het, het onder die berader se aandag gekom. Die versoek is aan hom gerig om hulp te verleen. In ontmoetings met Linda is aspekte van die noutetiese benadering toegepas:

> *Dit het geblyk dat Linda 'n aantal jare gelede in 'n motorongeluk betrokke. Sy het ernstige kopbeserings opgedoen. Hoewel sy goed herstel het, is haar oordeelsvermoë in so 'n mate aangetas dat 'n kurator aangestel moes word om toesig te hou*

*oor haar sake. 'n Aansienlike bedrag sou deur die Padongelukkefonds aan haar oorbetaal word.*

*Die onmiddellike probleem was dat Linda 'n vriend gehad het wat saam met haar by haar moeder gekuier het.  Die vriend was werkloos en sy bedoelings was verdag in die lig van die fondse wat vir die dame beskikbaar sou kom.*

*In hierdie geval is voorsien dat noutetiese konfrontasie oor haar vriendskap die waarskynlike uitwerking sou gehad het dat Linda haar onttrek. Die geleentheid om hulp te verleen, sou daarmee heen wees. Linda se verhaal is empaties aangehoor en praktiese hulp is in verband met die afhandeling van haar sake aangebied. In die proses is sy attent gemaak op gevaarligte rakende haar verhouding. Sy het uiteindelik tot ander insigte gekom en die verhouding beëindig.*

*Nadat die probleemsituasie gehanteer is, kon Linda se werklike behoeftes aandag geniet soos dit in die loop van gesprekke na vore gekom het, naamlik as 'n behoefte aan sekuriteit, aan liefde in 'n vaste verhouding, en 'n verlange na haar kinders wat haar na aan die hart gelê het. 'n Diep geestelike ingesteldheid het ook geblyk uit die verhaal wat sy vertel het van haar ervaring in die hospitaal, terwyl sy ernstig siek en bewusteloos was. Sy het toe 'n "naby-dood"-ervaring gehad waarin sy aan die kant van 'n pragtige groen vallei gestaan het en die keuse moes maak om oor te gaan na die ander kant, of om te draai. Sy het gekies om terug te keer na haar kinders wat haar nodig gehad het.*

*Deur Linda se vertroue te wen deur nie aanvanklik nouteties te reageer nie, kon die berader haar uiteindelik wel help om rigting te kry. Haar innerlike nood is deur narratiewe betrokkenheid blootgelê en die verbintenis aan haar geestelike wortels as kind van die Here is versterk. Hermeneuties was die sleutel tot hulpverlening die opbou van 'n vertrouensverhouding en insae in die problematiek, psigies en andersins, van die gespreksgenoot. Linda se gevoelens ten opsigte van gebrek aan sekuriteit, onsekerheid oor die toekoms en letsels weens die ongeluk, kon gedekonstrueer word om aan haar 'n nuwe perspektief op die toekoms te gee. Hiertoe kon die belofte van finansiële onafhanklikheid en die geleentheid om nouer by haar kinders betrokke te wees, asook die vernuwing van haar geestelike wortels 'n positiewe*

*bydrae lewer. Die gerusstelling van haar moeder se kommer het ook rustigheid in hulle verhouding gebring.*

Nouteties is hier te werk gegaan op 'n wyse wat verandering bewerkstellig het deur te vermaan sonder om te konfronteer. In hierdie verband is aangesluit by een van die betekenisse wat in die Bybel aan "nouteties" geheg word. Dit hang saam met "didasko" wat beteken om te leer, "to teach" deur data te kommunikeer en inligting bekend te maak op 'n heldere, verstaanbare en gedenkwaardige ("memorable") manier (Adams 1970: 45). "Nouthesis" veronderstel ook die nodigheid van verandering by die persoon wat gekonfronteer word, wat deur ware berou daartoe in staat gestel word:

> Repentance is a change of mind leading to a new outlook in which faith in Christ brings about a change of purpose and a change of direction (Adams 1970: 69).

In Adams se model kan die spanning tussen natuur en genade weer, soos by Hiltner, waargeneem word. Adams beklemtoon egter die genade sonder om die natuur en skepping buite rekening te laat (Louw 1999: 40). Vanuit 'n diakoniologiese oogpunt kan Adams se model met vrug gebruik word, aangepas by die situasie, die behoeftes en omstandighede van die gespreksgenoot, soos hierbo geïllustreer. Deur die hantering en ontlonting van die psigiese probleemsituasie kan omstandighede geskep word waarin nouteties opgetree kan word. Die doel is die geestelike welsyn van die persoon in berading deur innerlike verandering teweeg te bring. Die bereiking van hierdie doelstellings word moontlik deur 'n narratiewe proses waarin die gespreksgenoot nuwe insae in omstandighede verkry. Die feit dat in 'n studie van mans bo 50, 40% bekeringservarings gehad het, dui op die belangrikheid van 'n noutetiese benadering onder ouer persone (Koenig 1994: 436).

### 2.5.7 Evaluasie

Die beklemtoning by Boisen, Rogers en Hiltner van die natuur, van kennis en begrip van die mens se innerlike in die hantering van die problematiek, toon aksentverskille. Elkeen bevat egter waardevolle elemente waaruit met vrug vanuit 'n diakoniologiese perspektief gebruik gemaak kan word. So verskil ook die nuansering van Thurneysen en Adams se modelle, hoewel albei Skrif- of genade-georiënteerd is. Al die modelle vertoon 'n interne spanning tussen natuur en genade – beide onvermybare elemente in die pastorale terapie.

Diakoniologies word ‘n verhouding tussen empirie en die Skrif vereis waarbinne die Skrif normerend is. Fasette van die modelle wat bespreek is, kan met vrug in ‘n diakoniologiese benadering benut word met inagneming van konteks en omstandighede soos in die gevallestudies aangedui.

2.6 Indeling van pastoraal-terapeutiese modelle

Die voorstelling in figuur 2 (1.6.1) benadruk dit dat Janse van Rensburg (2000: 83) die indeling na links bepaal na aanleiding van basisteoretiese Skrifgebaseerde uitgangspunte wat dus ‘n diakoniologiese epistemologie volg. Daarvolgens sou die modelle van Thurneysen en Adams in die A – B sektor tuisgebring word op grond van hul basisteoretiese Skrifgebaseerde uitgangspunte en diakoniologiese epistemologie.

In die geval van indelings na regs is Janse van Rensburg (2000: 83) se uitgangspunt dat sosiale werklikhede bepalend is vir kommunikasie-handelinge en dat kontekstuele nood teorievorming bepaal. Met hulle kliënt-gesentreerde uitgangspunte sou Rogers, Hiltner en Boisen se modelle onder D teregkom, met beweging na links of regs namate die Bybel as norm figureer.

In die voorgaande bespreking het dit duidelik geword dat die biplolêre spanning tussen natuur en genade en die oorwig na die een of die ander kant deurgaans ‘n faktor in die betrokke modelle is. Terwille van perspektief word kortliks verwys na die wyse waarop bipolariteit figureer in die modelle wat as tiperend van respektiewelik basisteoretiese en prakties-teoretiese uitgangspunte geld.

Deur hierdie probleem die fokuspunt van ‘n basisteorie te maak, gaan Louw in sy konvergensiemodel uit van die standpunt dat die verhouding tussen openbaring en fenomenologie nie komplementêr is nie. Hy plaas die oorwig aan die kant van die geloofs- en eskatologiese perspektief (Louw 1999: 53), in teenstelling met Heitink (1977) se komplementêre siening van natuur en genade. Heitink (1998: 112) herformuleer sy siening van die wederkerigheid van bipolariteit as die heilbrengende beweging wat van God uitgaan. Hierdie uitgangspunt, soos dié van Louw (1999: 53), pak die spanningsdimensie in die pastorale teologie aan, deur geloofshulp in ‘n pastoraat met ‘n eskatologiese perspektief as ontmoetingsgestalte van die heil te definieer. Behalwe dat ‘n diakoniologiese maatstaf

daargestel word vir die effektiewe ordening van empiriese materiaal (Louw 1999: 4), behels dit ook die ontwerp van ‘n pastorale antropologie in geloofsperspektief. Gespreksmodelle word ontwikkel binne die basisteoretiese uitgangspunt met insluiting van die terapeutiese aanwending van pastorale hulpmiddele (Louw 1999). Die konvergensiemodel word onder die A – B – sektor hierbo ingedeel.

Gebaseer op prakties-teologiese wysheid (Müller 1996: 1), sluit die pastoraat van narratiewe betrokkenheid aan by Browning se model wat vanaf teorie-belade praktyk as uitgangspunt ontwikkel (Browning 1991: 34). Die bipolêre spanningsverhouding wat tussen teorie en praktyk bereik word, stel nie die een ondergeskik aan die ander nie. Die beweging is “…from the known to the unknown … by means of analogy or the projection of a narrative about what is known into the context of the unknown” (Gerkin 1986: 53). Binne ‘n “phronetiese” inklusiewe denkraamwerk word teorieë in werking gestel (Müller 1996: 1-4). Hierdie model word saam met die kliënt-gesentreerde benadering van Rogers en die eduktiewe model van Hiltner onder D ingedeel.

## 2.7 Samevatting

In hierdie hoofstuk is ‘n oorsig gegee oor belangrike tendense wat die hermeneutiese benadering kenmerk. Die verbreding van hermeneutiese denke tot ‘n metode van grondliggende belang vir alle geesteswetenskappe is nagegaan. Ander kenmerke van ‘n hermeneutiese benadering is ook nagegaan, naamlik ‘n hermeneutiese denkraamwerk en die konteks van ‘n sistemiese benadering met beklemtoning van die narratief en storievertelling. Postmodern-geïnformeerde psigoterapeutiese konsepte en hul toepassing in die pastorale terapie in die konteks van ‘n diakoniologiese posisionering is bespreek. Pastoraal-terapeutiese modelle wat verskillende uitgangspunte beklemtoon, is beoordeel in die lig van hulle toepaslikheid vir die huidige navorsing. ‘n Breë indeling van pastoraal-terapeutiese modelle volgens aksentuerings in ‘n genade-natuur-kontinuum word voorgestel. Die implikasies vir pastorale terapeutiese sorg aan ouer persone is in die bogenoemde besprekings in aanmerking geneem.

# HOOFSTUK 3

# PASTORAAL-TERAPEUTIESE FOKUS DEUR VERSKILLENDE LENSE OP DIE PERSOON BO 80 JAAR

Met die oog op die studie-onderwerp – pastorale terapie aan ouer persone bo 80 jaar – word die kontekstuele verband in hierdie hoofstuk aan die orde gestel. In die besonder word perspektiewe met betrekking tot veroudering en die gerontologie as metateoretiese lense ondersoek. Relevante aspekte van ‘n basisteoretiese uitgangspunt as pastoraal-terapeutiese lens word bespreek met besondere verwysing na Louw (1999: 87-92) se konvergensiemodel en Gerkin (1984: 19; 1997: 110) se hermeneutiese teorie van pastorale berading. Deelnemendeaksienavorsing word benut om perspektiewe deur bogemelde lense verkry, te ontleed en te korreleer. Gesigspunte deur ‘n narratiewe prakties-teologiese lens word ook verreken.

Verslag word ook in hierdie hoofstuk gedoen van ‘n verkennende ondersoek in ‘n meningsopname onder inwoners van ‘n aftreeoord waar berading gedoen is. In ‘n eerste navorsingsverslag word ontmoetings met ‘n 82-jarige inwoner, Elise, bespreek in die lig van perspektiewe deur basisteoretiese, metateoretiese en praktykteologiese lense.

Prakties-teologiese uitgangspunte met betrekking tot laasgenoemde pastoraal-terapeutiese lens word in hoofstuk 4 uiteengesit, waarna toepassings uit verdere navorsingstudies gemaak word.

## 3.1 Metateoretiese gerontologiese uitgangspunte

God se identifikasie met lyding word in Jesus Christus geïllustreer as Hy Hom met noodlydendes vereenselwig (Kysar 1991: 51, 52). In Matteus 25:40 noem Hy ‘n goeie daad aan hongeriges, dorstiges, persone wat nie die nodige kleding het of siek of in gevangenskap is, ‘n daad wat aan Hom bewys is: “Dit verseker Ek julle: Vir so ver julle dit aan een van die geringste van hierdie broers van my gedoen het, het julle dit aan my gedoen.” Aangesien baie ouer persone aan armoede, siekte en beperkings van beweging en sintuie blootgestel is, word hulle ook pastorale voorwerpe van God se besondere sorg en liefdevolle aandag.

Identifikasie van die pastoraal-terapeutiese behoeftes van bejaardes vereis kennis van hulle lewensomstandighede. Hiertoe kan die navorsing bydra. Gerontologie is die wetenskaplike studie van die sosiologiese en psigologiese aspekte van veroudering by die mens. Die impak van veroudering op die individu en die samelewing word vanuit sosiologiese beginsels en teorieë bestudeer. Dit word aangevul met bydraes uit die sielkunde, antropologie, opvoedkunde, die mediese wetenskappe en ander vakgebiede. Die sosiologiese perspektiewe van funksionalisme en interaksie werp byvoorbeeld lig op die invloedryke ontkoppelings- en aktiwiteitsteorieë oor veroudering, soos aangevul deur die konflik-perspektief (Schaefer & Lamm 1995: 338). Geriatrie as vertakking van die mediese wetenskap gaan spesifiek oor die probleme en siektes van die ouderdom (Cox: 2001: 23).

### 3.1.1 Veroudering in die wêreld en in Suid-Afrika

Soos reeds aangedui, het die toename in die wêreldbevolking die afgelope 40 jaar, en in besonder van die persentasie ouer persone bo 65, ‘n groter bewustheid van die problematiek van ouer-word geskep. Die toestande van armoede, siekte en sosiale isolasie het onder die publiek se aandag gekom, en die studie van ouer persone wat voorheen min aandag geniet het, het begin toeneem (Cox 2001 :1,2). Met die groter bewuswording van die groeiende ouer bevolking was daar ook kennisname van hierdie persone se pastorale behoeftes. Besondere eise word aan die pastor en die gemeente gestel om te help met sake soos besluitneming oor veranderinge in lewenstyl en die akkommodasie van behoeftes in gemeenteverband (Gerkin 1997: 215, 216).

Die benadering tot die kwessie van veroudering as dringende en eskalerende probleem in Suid-Afrika word in die gebrek aan aktuele aksie in die volgende sektore weerspieël:

Die leerstoel in geriatrie wat in 1981 aan die Universiteit van Kaapstad ingestel is, is gevries en slegs die Universiteit van Kwa Zulu-Natal het tans so ‘n leerstoel. Hoewel modules oor psigo-sosiale aspekte van veroudering in onder andere prakties-teologiese kursusse aan verskillende universiteite aangebied word, geniet die breë sosiale aspekte van gerontologie nie op gekoördineerde basis aandag nie. Ná die onttrekking van aanvanklike ondersteuning vir gerontologiese navorsing deur die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing aan die Universiteit van Kaapstad, is die interdissiplinêre *Albertina and Walter Sisulu Institute of Ageing in Africa* in 2001 gestig. Die eerste en enigste tydskrif oor

veroudering in Afrika wat deur die navorsingsentrum aan die Universiteit van Kaapstad uitgegee is, die “Southern African Journal of Gerontology”, is sedertdien gestaak weens ‘n gebrek aan fondse. Beleid moet deur navorsing ingelig word en verskeie pan-Afrikaanse navorsingsinisiatiewe soos die *African Research on Ageing Network (AFRAN)* het die potensiaal om navorsing in Suid-Afrika te help uitbou. In Suid-Afrika het die Nasionale Departement Maatskaplike Ontwikkeling die primêre verantwoordelikheid om diensverskaffing aan ouer persone te fasiliteer. Sedert 1994 het die beleid verskuif van institusionele na gemeenskap-gebaseerde sorg. Die beleid is vervat in die Older Persons Act No. 13 of 2006.

Hoewel Suid-Afrika ‘n progressiewe grondwet het en ondertekenaar is van verskillende wêreld-beleidsinstrumente, ontbreek ‘n omvattende en geïntegreerde beleid oor veroudering en ouer persone steeds. Die uitdaging tans is die ontwikkeling van ‘n gerontologie wat vir Suid-Afrika toepaslik is. Hierin moet die verbintenisse van ouer persone met hul omgewing, met die breër gemeenskap en die familielede in ag geneem word (Hoffman 2009: 493, 494).

In ‘n uitgawe gewy aan “global aging. the challenge of success” (Kinsella en Philips 2005) word in die “population bulletin” ‘n globale oorsig oor aspekte van veroudering in verskillende lande gegee. Dit dui op die globale bewuswording van probleme wat met veranderende oudwordingspatrone saamhang. Statistiese vergelykings word getref oor sake soos gesondheidsveranderinge, generasie-verhoudinge en algemene welstand van ouer persone. ’n Toenemend sneller toename word aangetoon onder die ouer bevolking en ‘n laer lewensverwagting in die ontwikkelende lande, insluitende Suid-Afrika, vergeleke met ontwikkelde lande. In ‘n rubriek oor suksesvolle veroudering word die cliché aangehaal dat dit gaan oor “adding life to years, not years to life.” Volgens die Berlin Aging Study is aanpassing ’n sleutelkomponent hierin. Die gerontoloë Rowe & Kahn het bevind dat ‘n samevloeiing van die volgende drie elemente tot suksesvolle veroudering lei: die vermindering van siektes en siekte-verwante ongeskiktheid; die instandhouding van fisiese en verstandelike funksionering, en volgehoue aktiewe betrokkenheid in die lewe (Kinsella & Philips 2005: 18).

### 3.1.2 Aftreeteorieë

Die idee van "suksesvolle veroudering" gemeet in terme van toegevoegde lewensjare en voortsetting van 'n aktiewe lewenstyl kan neerkom op 'n onderbewuste ontkenning van die dood en 'n vrees vir oud word. Dit is tekenend van 'n gerontofobiese instelling (Kimble 2001: 32). Uiteindelik moet die dood, die uiterste lewensgebeurtenis, in die gesig gestaar word. Die doodsbewussyn kan ook seën inhou in die uitdaging wat dit aan die mens rig om die fundamentele lewenskwessies die stryd aan te sê (Louw 2008: 499).

Die verskillende teorieë wat verband hou met aftrede het implikasies vir die verloop van die latere lewe, ook op die ouderdom ná 80. Hierdie teorieë vorm as't ware die uitgangspunte of vertrekpunte waarvolgens die latere lewensjare beplan word, en die effek daarvan bly steeds relevant ook in die laaste lewensfases. Daar word dus 'n blik gewerp op implikasies vir die jare ná aftrede van die ontkoppelingsteorie, die aktiwiteitsteorie en die kontinuïteitsteorie.

- Die ontkoppelingsteorie

Die ontkoppelingsteorie sien die losmaking van die afgetredene van sy/haar omgewing en sosiale rolle, en voorbereiding vir die dood, as 'n natuurlike proses wat deur die bejaarde aanvaar word. Dit word gesien as 'n funksionele proses waarin die ouer persone terugstaan en die volgende geslag toelaat om oor te neem (Schaefer & Lamm 1995: 340).

Die negatiewe sy van ontkoppeling is die verlies van sommige van die kundigste, bekwame en ervare sosiale rolspelers. Dit behels ook verminderde sosiale interaksie en terugtrekking van vorige aktiwiteite, gevolg deur self-preokkupasie en uiteindelik die dood (Cox 2001: 41). Daar word gewys op die belangrikheid van voortgesette betrokkenheid met geliefdes, selfs en veral gedurende die sterwensproses (Koenig 1994: 445) as 'n tyd om onafgehandelde sake reg te stel. Hierdie behoefte tot verbinding met andere, ook gedurende die aftreejare en in die besonder aan die einde van die lewe, gaan saam met 'n sterk geestelike dimensie: die verlange na 'n verhouding met God en met ander mense wat omgee (Mac Kinlay 2001: 163).

In 'n positiewe sin kan ontkoppeling plaasvind deur radikale verandering van beroep of omgewing wat die geleentheid bied tot die ontginning van nuwe belangstellings. Voorbeel-

de hiervan is die onderneming van reise en die latere vestiging by die see of in die berge, of deur die beoefening van ‘n nuwe beroep. Kenmerkend van hierdie veranderinge is die uitoefening van beheer oor die proses van veroudering, die teweegbring van verandering deur aksie.

Onttrekking van aktiwiteite wat persone besig gehou het gedurende hulle volwasse jare is ‘n ander wyse waarop ontkoppeling plaasvind. ‘n Stadiger pas word algaande gehandhaaf en ontspanningsaktiwiteite en besoeke aan vriende neem die tyd en aandag in beslag (Gerkin 1997: 209,210).

Lauer (1992: 302) merk op dat, gegewe die neiging tot ontkoppeling, die verouderingsproses steeds aansienlike individuele diversiteit inhou, asook ‘n hoë mate van kontinuïteit ten opsigte van persone se leefstyl tydens hul jonger jare.

- Die aktiwiteits- en kontinuïteitsteorieë

Die aktiwiteitsteorie sien aftrede as ‘n aanpassingsproses waartydens aanpassing aangehelp word deur die beoefening van aktiwiteite. Die kontinuïteitsteorie kan gesien word as aansluitend hierby. Daarvolgens hanteer persone hulle aftrede deur die voortsetting van bestaande rolle waaraan hulle gewoond is, met uitsluiting van die beroepsrol. Daar word geredeneer dat die ouer persoon wat aktief bly, die beste sal aanpas. Die verbetering in die gesondheid van bejaardes deur die vordering op mediese gebied verleen ook groter geldigheid aan hierdie teorie (Schaefer & Lamm 1995: 339).

Veroudering in die styl van *kontinuïteit* kan dus beteken dat aktiwiteite beoefen word wat ooreenstem met dít wat die ouer persoon vroeër in die lewe gedoen het. Die dosent of leraar sal hom/haar byvoorbeeld besighou met die skryf van boeke, en die persoon wat lief is vir tuinmaak, met die verdere beoefening van tuinbou (Gerkin 1997: 208-214).

Die persoon bo 80 mag dikwels weens gesondheids- en psigologiese faktore nie meer kan voortgaan om geliefkoosde aktiwiteite te beoefen nie. Waar dit wel beoefen kan word, kan sulke aktiwiteite selfs in hierdie ouderdomsfase energerend inwerk op lewensbeskouing en selfbeeld. Elise Dykstra, een van die inwoners van ‘n aftreeoord aan wie berading gegee is, is ‘n voorbeeld van so ‘n persoon wat deur voortgaande skryfwerk haar voorliefde vir die lettere en kuns uitlewe. Terselfdertyd dien dit as ‘n uitlaatklep en ‘n wyse van kom-

munikasie wat isolasie deurbreek. Vir haar is dit ook ‘n voortsetting van betrokkenheid by die akademie, waar sy tot op ‘n hoë ouderdom studente met nagraadse studies behulpsaam kon wees.

Kontinuïteit word ook gesien as vervulling van ‘n geestelike behoefte (Koenig 1994:286) in ooreenstemming met die Bybelse boodskap van God as die Onveranderlike wat ons tot in die ouderdom sal dra: “Ook tot in julle ouderdom is Ek die Here, tot in julle grysheid sal Ek julle dra” (Jesaja 46: 4).

- Die konflikreaksie

Kritiek word op bogenoemde teorieë uitgespreek, omdat hulle nie die impak van die sosiale struktuur op verouderingspatrone in ag neem nie. Die vraag waarom sosiale interaksie “moet” verander of afneem met ouer-wording, word nie oorweeg nie (Schaefer & Lamm 1995: 341-342). Vanuit die futurologie word gewys wys op die behoefte dat leraars bo die ouderdom van 65 beskikbaar behoort te wees om ouer wordende gemeentes te bearbei.

### 3.1.3 Wins en verlies wat met die ouderdom gepaard gaan

Wins en verlies is dikwels ineengestrengel in die ouderdom: Afnemende kragte bied ‘n geleentheid vir geestelike groei in geloof, hoop en liefde. Die beperkings van ouer-word kan oorkom word deur geestelike gawes soos wysheid te ontwikkel. Die verlies-sindroom kan met ‘n visie van wins bekamp word: die afronding van lewenstake en voorbereiding vir die ewigheid. Vergeetagtigheid hoef nie te lei tot onttrekking nie, maar moet eerder met openlike gesprek en die gebruik van hulpmiddels teengestaan word.

Die sterker definiëring van karaktertrekke wat die ouderdom bring, moet positief uitgebou word deur groei in die Heilige Gees. Kwesbaarheid en die bewustheid van sterflikheid kan met ‘n positiewe lewensuitkyk en humor gebalanseer word. In hierdie afrondingsfase van die lewe moet vrede gemaak word met skuld en skuldgevoelens en die aanvaarding van volkome vergifnis in Christus beleef word (Louw 2008: 509-511). Binne die bogenoemde verwysingsraamwerk kom die werklike aard van wins en verlies wat die ouderdom meebring na vore.

*3.1.3.1 Verlies*

Met die groeiende jare word fisiese verliese ervaar. Reeds ná die ouderdom van 30 begin agteruitgang intree as gevolg van veroudering. Sintuiglike agteruitgang is die merkbaarste verlies gedurende die latere jare (Becker 1986: 52). Sonder die regte hulpmiddels lei dit tot sosiale onttrekking wat negatiewe gevolge inhou. Hoewel alle fisiese en psigologiese funksies nie agteruitgaan nie, word 'n groot aantal funksies wel deur ouderdom geaffekteer. Dit sluit onder andere die vel, die skelet-muskulêre sisteem, sintuie en reflekse, die asemhalingstelsel, die verteringstelsel en die senuweestelsel in (Lauer 1992: 276).

Die gevolge van die agteruitgang van fisiese funksies wat met die jare toeneem, is terughouding en regressie. Dit hang saam met die besef dat die degenerasie van funksies verlies van plooibaarheid en aanpasbaarheid meebring. Die teendeel moet ontdek word: ouderdom as 'n stadium van losmaking en verwydering van hindernisse. Só kan die gees, ten spyte van afnemende kragte, groei in 'n proses van hoop, geloof en liefde binne die Christelike hoop wat die dood transendeer en lei tot oorvloedige veerkragtigheid (Louw 2008: 509).

Veroudering gaan gepaard met die verlies van sosiale rolle. Met aftrede word die beroepsrol verloor, wat lei tot die verlies van selfwaarde deur die prysgee van finansiële en sosiale mag (Brunsdon 2006: 74). Met die verlies van sosiale rolle en status kan die verlies van sin in die lewe gepaardgaan. Sinloosheid en eensaamheid kom volgens studies wydverspreid onder bejaardes voor (Berger & Berger 1972: 327).

In sy ontwikkeling van logoterapie word die soeke na sin deur Victor Frankl as die primêre motiveerder in die lewe gesien. Hiervolgens is die onvervreembare innerlike vryheid wat die mens in staat stel om keuses te maak die faktor wat die lewe betekenisvol en doelgerig maak. Hy konkludeer dat lewensin in lyding gevind moet word, want lyding is 'n onuitwisbare deel van die lewe. Sonder lyding en die dood is die menslike lewe onvolledig. Selfs te midde van sy lyding in 'n konsentrasiekamp het Frankl as Jood die onwrikbare versekering ervaar: daar is 'n dieper betekenis in die lewe! (Frankl 1964: 66, 67).

Vir die Christen wat aan die einde van die lewenspad lyding ervaar, is daar groot troos daarin dat Christus juis deur die uiterste lyding plaasvervangend die hoogste vervulling van lewensin gedemonstreer het. Deur sy dood-oorwinnende opstanding het Hy 'n heer-

like eindverwagting daargestel vir dié wat Hom volg. Die herstel van lewensin en die verwerking van gevoelens van verwerping, alleenheid en vrees deur onder andere rolverlies, kan gevind word in die vashou aan die geloof in die Christelike waardes van eskatologiese hoop en empatie (Koenig 1994: 284-286). Hierdie verankering in die geloof kom sterk na vore in die lewe van die gespreksgenote by die aftreeoord.

Die ervaring van die reduksie van ruimte en eksistensiële moontlikhede moet met die groeiende jare oorkom word deur die ontdekking van verruimende geestelike funksies. So ‘n funksie is byvoorbeeld wysheid. Met meer tyd beskikbaar vir besinning, herinnering en nadenke kan die ouer persone hul wysheid en ervaring gebruik om ander te verryk. Die ervaring van eensaamheid weens die verlies van vriende, kinders en liggaamskragte moet met ‘n visie van wins teengewerk word. In die hoë ouderdomsfase kom dit neer op die afronding van lewenstake en voorbereiding vir die ewigheid (Louw 2008: 510).

Die gevoel van eensaamheid en isolasie wat ervaar word, word uitgedruk deur Ella, ‘n negentigjarige met wie Grenier (2008: 203) gesprek gevoer het: “The thing that bothers me most of all is all my very, very good friends have all passed away….I am very happy the good Lord let me live all these years, but I am so unhappy about the fact that I am alone so much”.

Alleenheid op sigself is nie die probleem nie, maar dit word een as dit lei tot isolasie en powere verhoudings, waardeur die kameraadskap en intimiteit verloor word wat krities noodsaaklik is vir ‘n gesonde en gelukkige lewe (Lauer 1992: 280). Groei in intimiteit met God en ander mense word as ‘n geestelike taak gesien vir diegene wat ouer word (MacKinlay 2001: 163). Studies van ouer persone dui daarop dat die probleem nie soseer eensaamheid is nie, maar die behoefte om ‘n ware besef van lewensin te hê. Die verlies aan verhoudings en bande met ander mense kan oorkom word deur ‘n verdieping van die geestelike verhouding met God. Hierdeur kan die verlies van ander verhoudings te bowe gekom en diep innerlike bevrediging verkry word (MacKinlay 2001: 98, 99).

Ander vorms van verlies wat met aftrede en die verlies van beroep en status saamhang, is die volgende: Die verlies van identiteit en van mag wat emosionele gevolge inhou, ekonomiese verlies en die verlies aan veiligheid, wanneer verswakking mense ‘n makliker teiken maak vir uitbuiting en misdaad. Onafhanklikheid, ‘n kosbare aspek van menswaardigheid,

bly dikwels in die slag wanneer na ‘n inrigting verhuis moet word, of wanneer ‘n motor prysgegee moet word.

Omdat tyd nie meer gestruktureerd gebruik word nie en dikwels doelloos verwyl word, kan dit ervaar word as ‘n verlies. Wanneer daar ‘n innerlike doelloosheid heers en ‘n persoon se opinie verontagsaam word, word geestelike verlies ervaar. Menswaardigheid, wat as ‘n basiese geestelike behoefte geïdentifiseer word, is ook verbind aan die grondslag vir persoonlike waardigheid wat die Skrif bied, onafhanklik van gesondheid of produksievermoë (Koenig 1994:288). In Psalm 8:6 word die besondere waardigheid van die mens soos volg verwoord: “U het hom net ‘n bietjie minder as ‘n hemelse wese gemaak en hom met aansien en eer gekroon.”

In die omstandighede van verlies-belewing kom die waarde van godsdiens na vore in die konsep van “gero-transendensie”, wat ‘n meta-perspektiwiese skuif van materialisties na ‘n meer kosmiese en transendente visie impliseer. Dit beteken die internalisering en integrasie van waardes wat gedurende die lewe gekoester is en nou tot werklike vervulling en singewing kom (Louw 2008: 507). Dit geld in die besonder ook vir die persoon bo 80 jaar.

Buiten psigiatriese en neurologiese kondisies is die ernstigste chroniese toestande wat die ouer persoon se vermoë kortwiek om onafhanklik te bly, dié wat hulle mobiliteit beperk. Die persone bo 65 wat geraak word, is in 2001 in die konteks van ‘n ontwikkelde land reeds op 18% gestel, en die persentasie styg met ouderdom (Cox 2001: 100). Die drastiese ervaring van die verlies aan mobiliteit deur ouer persone word deur Grenier (2008: 199-200) soos volg beskryf:

> *‘n 90-jarige Kanadese vrou, Margaret, het vertel hoe die “ongeluk” wat sy deur ‘n val gehad het, haar lewe verander en haar selfvertroue geknou het. Sy was bang en senuagtig en het dit vermy om ‘n bus of trein te gebruik. Al die bejaarde dames met wie gesels is, het benadruk hoe hulle dinge stadiger moes vat. Hierin het die probleem om steeds van die bus gebruik te maak, uitgestaan. Ander wyses om oor die weg te kom (“of getting around”) is dikwels vermeld as deel van hulle ervaring van* broosheid.

Die wye voorkoms van die verlies aan mobiliteit vir die ouer persoon blyk ook daaruit dat vier van die gespreksgenote in hierdie studie se beweeglikheid in verskillende grade in-

gekort is. Een van hulle, Joan, is reeds ‘n aantal jare bedlêend as gevolg van ‘n heupbreuk gepaard met ‘n val, terwyl die ander almal met looprame oor die weg kom.

*3.1.3.2 Wins vir die ouer persoon*

Fisiese en psigiese wins kan spruit uit ‘n rustiger lewe waaruit die druk van ‘n verpligte werksprogram verwyder is. Nuwe sosiale rolle wat ontwikkel word as gevolg van meer vrye tyd kan positief ervaar word. Meer aandag en tyd wat aan verhoudings bestee word, hou kosbare voordele vir die bejaarde in. ‘n Gebalanseerde uitkyk en lewenstyl deur die wysheid van ouderdom meegebring, kan in ‘n sterker selfbeeld tot uiting kom. Groter vryheid bring mee dat meer gegee kan word in vrywillige diens. Groter geestelike ontvanklikheid kan lei tot ‘n sterker besef van die eindigheid en gebrokenheid van die lewe. Deur geloofsgroei kan die einde hoopvol en sonder vrees tegemoet gegaan word in die wete dat die boeie van die dood in Christus oorwin is.

Volgens Fowler (1981: 106) gaan die mens deur stadia van geloofs- of geestelike ontwikkeling soos in die geval van psigo-sosiale ontwikkeling. Die rigting wat in Fowler se werk aangedui is, is vandag steeds relevant. In ‘n bespreking van sy denke dui MacKinlay (2001: 114,115) aan dat ouer persone waarskynlik in stadium 3 tot 6 aangetref sal word. Stadium 3 staan bekend as sinteties-konvensionele geloof, wat konformisties en eintlik tiperend van die latere jeug is, maar tog ook by ouer persone aangetref word. Die vierde stadium, genoem die individuatiewe-refleksiewe stadium, sentreer gesag in die “self” en is krities ten opsigte van kennis en advies van andere. Die vyfde, paradoksies-konsoliderende stadium, word beskryf as ‘n gebalanseerde, inklusiewe geloof wat ‘n openheid teenoor andere en hul sienings openbaar en daarin slaag om paradoksale polariteite in spanning te hou. Dit word gekenmerk deur ‘n nuwe nederigheid en besef van interafhanklikheid.

Die laaste stadium van geloof, universaliserende geloof genoem, is raar en word net in later jare aangetref. Dit word as selfloos bestempel en behels die afstanddoening en transendering van die self ter wille van die transformasie van die huidige werklikheid in die rigting van transendentale aktualiteit (Fowler 1981: 200). Die bereiking van so ‘n stadium wat met tevredenheid en berusting gepaard gaan, kan sekerlik as ‘n winspunt vir die ouer persoon beskou word. MacKinlay (2001: 15) spreek die mening uit dat heelparty inwoners in inrigtings waar bejaardes verpleeg word, hierdie geloofstadium openbaar.

Die rustige gemoedsgesteldheid wat ouer persone dikwels openbaar, in besonder ook in die ouderdomsgroep bo 80, gee ‘n indruk van tevredenheid en die afwesigheid van wroeging en stres. In navorsing wat spesifiek na die waarde van ‘n positiewe geestesinstelling in die welsyn van ouer persone gedoen is, word gewys op die positiewe uitwerking wat so ‘n gesindheid op die algemene welsyn van persone het (Crowther et al 2002: 5). In die betrokke studie word spiritualiteit beskryf as die persoonlike soeke na die verstaan van uiteindelike lewensvrae, na sin en die verhouding met die heilige of transendentale. Die positiewe waarde daarvan hang saam met ‘n ontwikkelende en geïnternailseerde verhouding met die heilige of transendentale (Crowther et al 2002: 2).

Kimble (2001: 40) beklemtoon die belangrikheid van geloof as hy, aansluitend by Hillman (1999), pleit vir ‘n nuwe paradigma van veroudering. So ‘n paradigma behoort die geestelike dimensie as die inklusiewe en omvattende dimensie vir die verstaan en integrasie van die oudword-ervaring te erken. Dit omsluit alles wat nie deur die biologie, psigologie en ander wetenskappe begryp word nie.

Die ontdekking van lewensin vir die ouer persoon is in wese deel van ‘n geestelike oefening wat verwys na die spiritualiteit van integrasie. Dit hang saam met die aandag aan kwessies van lewenskwaliteit: om die waardes waarin ‘n mens glo, te weeg in die lig van die vraag oor wat werklik saak maak in die lewe. Vir die persoon bo 80 is sulke kwessies die hantering van verswakking in die lig van die werklikheid van die dood, asook die eutanasie-kwessie in die lig van lewenskwaliteit en die kwessie van die kunsmatige verlenging van die lewe (Louw 2008: 500, 501).

Selfs die krisisse wat gevorderde lewensjare inhou, kan benewens laagtepunte oor die langtermyn ook geestelike winste meebring. Die oorlewing van ernstige siektes en traumatiese gebeure soos ongelukke of aanslae deur misdadigers of terugslae in werks- en lewensomstandighede, of die ernstige siekte of dood van ‘n eggenoot, bring die bejaarde te staan voor skynbaar onoorkomelike situasies. Egskeiding, siekte, rampe of die dood van kinders en kleinkinders stel ondenkbare fisiese en geestelike eise aan die bejaarde. Vir die Christen-gelowige wat hierdie stryd deurmaak, kan dit tot verdieping en geestelike groei lei − ‘n nuwe besef van geestelike rykdom en volwassenheid. Die voldoening wat die ouer persoon kan bereik deur die sinvolle verwerking van ervarings spreek uit die verhaal van Magda, ‘n 82-jarige weduwee:

*Traumatiese gebeurtenisse het haar lewe op middeljarige ouderdom tot stilstand gebring op 'n stadium toe 'n pragtige toekoms voorgelê het: Haar man was suksesvol in 'n aktiewe loopbaan; twee pragtige dogters het op skool presteer, en haar moeder met wie sy 'n besondere noue band gehad het, het by hulle ingewoon. Toe gebeur die onverwagte: Haar moeder word terminaal siek aan kanker en ontval hulle. Nie lank daarna sterf haar eggenoot in die fleur van sy lewe aan 'n hartaanval.*

*As chroniese artritislyer was sy nie gesond nie en het voortdurend pyn beleef. Nie lank ná hierdie traumatiese gebeure nie het haar dogters hulle skoolloopbane voltooi en die huis verlaat om te studeer. Sy het vir jare alleen in die huis aangebly totdat sy haar in 'n aftreeoord gevestig het.*

*Tans geniet sy wonderbaarlik beter gesondheid as gedurende die grootste deel van haar lewe. Sy is steeds fisiek en geestelik aktief en produktief. Sy geniet die liefde en sorg van familie en vriende. Vanuit 'n geloofsperspektief het sy daarin geslaag om die swaar van die verlede sinvol in haar menswees te integreer in die ontwikkeling van gerotransendensie. Sy kan met oortuiging sê: "Ek verstaan nou hoekom die dinge met my gebeur het, en dat dit goed was dat dit só gebeur het. Ek verstaan nou dat die Vader 'n doel daarmee gehad het."*

Vanuit die literatuur kom hierdie perspektief van die vind van sin deur die bejaarde persoon na 'n lewe van swaarkry ook na vore in die volgende vertelling:

Die bewuswording van betekenis in 'n moeisame lewenstryd wat agter lê, spreek uit die verhaal van 'n ou dame wat haar lewe gewy het aan die versorging van 'n enigste kind – 'n kreupel-gebore seun. Retrospektief, asof vanaf haar doodsbed, sien sy haar lewe as vol betekenis, 'n lewe wat sy na die beste van haar vermoë geleef het: "I have done my best – I have done the best for my son. My life was no failure!" (Frankl 1964: 119).

Ook die verhaal van Elise illustreer hierdie waarheid. Liggaamlik gebroke deur ontberings en rampe het sy geestelik as 'n heel persoon anderkant uitgekom. Dit illustreer weer eens dat die ouderdom nie net in terme van biologie, psigologie en ander vakwetenskappe beskryf kan word nie. Die dieper betekenis daarvan moet deur transendentale godsdienstige simbole in 'n geestelike sin verstaan word:

> The introduction of such symbols of meaning in the midst of suffering and ageing, does not deny reality, but rather transcends it. This includes examining those occasions in which God's love most poignantly interfaces with a person's life and a sense of ultimate meaning is introduced (Kimble 2001: 37).

Die hoop word gekoester dat bejaardes se verhale in hierdie studie mag bydra tot groter insig in die verryking wat aan die einde van die lewe ervaar kan word ten spyte van teenspoed en swaarkry wat beleef is. Waar egpare saam kan aftree en saam 'n opwindende nuwe lewensfase kan betree met die geleentheid tot die verdieping van verhoudings en die geestelike lewe, staan dit "in die teken van genade" (Brunsdon 2006: 83). Vir die bo 80-jarige is 'n lewe saam met die huweliksmaat egter dikwels nie beskore nie en kan die agtergeblewe eggenoot/eggenote alleen maar herinnerings koester.

Om die mas op te kom, stel vir die persoon ouer as 80 besondere eise soos uit gespreksgenote se verhale blyk. Beproewende omstandighede kan alleen sinvol hanteer word in afhanklikheid van 'n geestelike basis soos deur die Skrif gebied (Koenig 1994: 285). Hierdie ouderdomsfase word deur Atchley (1976: 63-71) as die *termineringsfase* beskryf, wanneer basiese daaglikse verpligtinge nie meer nagekom kan word nie. Gespreksgenote in hierdie studie beleef reeds in 'n mindere of meerdere mate hierdie fase. Aspekte van die voorafgaande stabiliteitsfase is dikwels ook nog by die 80-jarige aanwesig.

### 3.1.4 Ouderdomsfases

Met die vooruitsig van die naderende lewenseinde bied aftrede uit 'n geloofsperspektief die geleentheid tot geestelike voorbereiding vir die eise wat die toekoms gaan stel. In 'n nuwe lewensfase stel aftrede die eis van aanpassing as verouderende persoon binne die sosiale verhoudingsruimte. Dit bied die geleentheid tot 'n meer diens-georiënteerde, empatiese lewenstyl.

#### *3.1.4.1 Die eerste fase (65-73 jaar)*

Die werklikheid van ouer-word dring geleidelik deur tot lede van hierdie ouderdomsgroep. Hulp rakende keuses in lewenstyl en persoonlike aangeleenthede is nodig en kan dikwels

deur gesprekvoering verleen word. (Gerkin 1997: 215). Tipiese besluite wat implikasies vir die latere lewe inhou, word deur die volgende situasies geïllustreer:

- Moet selfstandigheid prysgegee word deur die aanbou van ‘n woonstel op die perseel van ‘n getroude kind, ook ter wille van beskikbaarheid vir die kleinkinders? Is dit raadsaam om uit ‘n bekende omgewing en vriendekring te verhuis na ‘n afgeleë area, om in die laaste jare nader aan familie te wees?

- Hulp in verband met die uitlewing van ouer persone se voortgesette waarde vorm ‘n belangrike grondslag vir sinvolheid in die latere lewe. In hierdie verband skryf Erikson, Eriksen en Helen Q. Kivnic (1986: 294):

> From the past…we learn that the elderly of society were the transmitters of tradition, the guardians of ancestral values, and the providers of continuity…The interconnectedness of the social fabric, which stressed the interdependence of all age groups, tended to establish a harmonious wholeness…

Met die groter bewuswording van die eindigheid van die lewe, kom dikwels ook groter geestelike ontvanklikheid en ‘n vervullende geestelike lewe wat voortgesette betrokkenheid bevorder (Becker 1986: 69). ‘n Besef van die kosbaarheid van gegunde tyd en die onafwendbaarheid van die dood kan tot geloofsverdieping lei.

Fowler (1991: 94) wys op die twee bewegings in geloofsontwikkeling in verskillende lewensfases, naamlik groei en ontwikkeling aan die een kant en hersentrering en transformasie in Christus aan die ander kant. Volgens sy kognitief psigologies-georiënteerde teorie kan ‘n “geïntegreerde” geloofservaring in die jare ná 65 ervaar word. In hierdie vyfde konjunktiewe geloofstadium is daar ‘n “new reclaiming and reworking of one’s past …an opening to the voices of one’s ‘deeper self’” (Fowler 1991: 197,198). Vorige lewensfases “kom bymekaar” en tevredenheid en gemeenskap met God en die skepping word ervaar. Dit word beleef as ‘n ervaring van tuiskoms, waartydens afstand gedoen word van dinge en teruggekyk word op ‘n beroepslewe wat agter lê. Waar positiewe geloof nie ervaar word nie, mag die teensy ook waar wees, gekenmerk deur groeiende sinisme, wanhoop, lyding en bitterheid teenoor God en mense.

Daar word egter op gewys dat dit nie werklik moontlik is om geloofsontwikkeling volgens ouderdomsgroep te bepaal nie. Aansienlike oorvleueling tussen ouderdomstadia kan verwag word (Van der Walt 2005: 155). In die lig van die siening dat groeiende ouderdom besondere geloofseise stel aan kreatiewe innerlike gawes, kan kenmerkende tendense wel verwag word. Sodanige eise is byvoorbeeld om jouself te aanvaar soos jy werklik is, om die oppervlakkige prys te gee vir die dinge wat werklik saak maak, en om egtheid uit te leef en die krag van integriteit te koester. Om hierdie gawes ten volle te beleef, maak aanspraak op alle verstandelike en geestelike vermoëns van die bejaarde (Gerkin 1997: 218).

#### *3.1.4.2 Ouer persone in die middelgroep (73-80 jaar)*

Afhangende van individuele verskille in hulle lewenstyle kan in hierdie groep heelwat oorvleueling met die jonger en ouer groepe voorkom. Hierdie groep lewe van aangesig tot aangesig met die bewustheid van die onafwendbaarheid van die dood en ‘n toenemende afhanklikheidsbesef. Hulle moet hierdie sake in hulle self-verstaan integreer om moeisaam tot ‘n nuwe basis van selfwaarde te kom. Gebeur dit nie, kan wanhoop die gevolg wees (Gerkin 1997: 218). Sosiale psigoloë Whitehead & Whitehead (1992: 177) wys op hierdie periode as een waarin die uitnodiging tot egtheid, tot outentisiteit, tot ons gerig word wanneer ons in nadenke of gebed besef tot watter mate illusies en maskers in ons lewens ‘n rol speel. Dit vra dat hierdie dinge afgelê word om ons ware self te vind en te leef volgens die geestelike dinge. Dit lei tot ‘n besef van die krag van integriteit. Die verwerking van skuldgevoelens oor die verlede deur verootmoediging, sowel as geestelike groei deur verwondering, versoening, verbintenis en verkondiging wat as ‘n liturgie van aftrede voorgestel word (De Klerk 2005: 19-21), het in ‘n narratiewe benadering relevansie vir hierdie groep sowel as vir ouer persone.

Die gemeente as ‘n “community of memory” neem ‘n belangrike plek in die geheueskat van die Christen-gelowige in (Gerkin 1997: 236). Waar persone bo 80 dikwels nie meer by gemeenteaktiwiteite kan inskakel nie, behoort nogtans na die behoeftes van persone wat nog in staat is om deel te neem, omgesien te word. Hulpmiddels vir gesig- en gehoorgestremdes, die voorsiening van vervoer en die skep van geleenthede vir deelname in sosiale en gemeenteaktiwiteite is ter sprake. Die rol van sosiale betrokkenheid in geestelike welsyn word beklemtoon (Koenig & Weaver 1998: 16). In die behoefte aan geloofsversterking behoort voorsien te word ooreenkomstig die styl van liturgie en Woordverkondiging wat aan die ouer persoon bekend is.

*3.1.4.3 Ouer persone in die groep bo 80 jaar*

By hierdie groep, wat in baie gevalle verswakte bejaardes insluit, word die tragiek aangetref van lyding en afhanklikheid en die emosionele en psigologiese pyn wat dit meebring. Die persone vra na die rede en sin van hulle bestaan. Hulle het die sekuriteit van die lewe verloor, in die sin dat hulle die sekuriteit van waardes verloor het. Hulle mis dikwels die versekering dat die res van hulle lewens, insluitende hulle lewenseinde en die pad daarheen, betekenisvol sal wees. Navorsing toon dat die vrees vir ‘n lang, hooplose siekte die grootste vrees is wat bejaardes koester (Kiefera s.d: 91).

Pastoraal behoort aan die behoeftes van hierdie groep bejaardes aandag gegee te word deur betroubare inrigtings daar te stel vir diegene wat nie meer daarbuite kan oorleef nie. Die handhawing van hoë standaarde in sulke inrigtings word beklemtoon. Die behoefte aan belangstelling en sorg, van erkenning van die voortgesette waarde van die senior groep moet uitgeleef word by wyse van kontak deur leraars sowel as lidmate. Die vrees om alleen gelaat te word, om in verlatenheid die laaste dae deur te bring en te sterf, is erger as die vrees vir die dood. Ondersteuning en berading aan familie wat deur versorging of besluitneming betrokke is, behoort pastoraal aandag te geniet (Gerkin 1997: 222-223). Op ‘n meer persoonlike vlak moet die diepste behoefte van die ouer persoon raakgesien en erken word: om as ‘n persoon gesien en behandel te word. Dit behels ten diepste dat hulle menswaardigheid gewaarborg, erken en gerespekteer word (Louw 2008: 495).

Die behoefte aan volgehoue betrokkenheid op geestelik-godsdienstige vlak word geïllustreer deur ‘n 94-jarige wat reeds albei sy bene verloor het, maar steeds dien as ouderling en gereeld in ‘n rolstoel huisbesoek doen by wykslidmate in ‘n aftreeoord. Op hierdie wyse slaag hy as wewenaar daarin om die behoefte aan sosiale kontak te bevredig, emosionele en sielkundige isolasie teen te werk en steeds ‘n sin van geestelike roepingsvervulling te ervaar (Louw 2008: 503, 504).

Om voortgesette versorging en betrokkenheid te handhaaf, is dikwels byna onmoontlik gedurende die laaste dae, wanneer gebreke eenvoudige kommunikasie moeilik of onmoontlik maak. Solank die vermoë om te begryp nog daar is − by persone bo 80 van kritiese belang − moet die beste gebruik gemaak word van hierdie tyd om hulle voor te berei op dit wat voorlê. Tydens die fase wanneer begrip kwyn, word die waarde van nie-

verbale taal beklemtoon: “Die liefkosende aanraking is die mees fundamentele nie-verbale tegniek om ‘n geliefde te troos – dit gee aan die mens in sy sterwensnood ‘n troos mee wat woorde nooit kan kommunikeer nie” (De Villiers 1977: 38).

Hoewel die bejaarde dikwels nie as terminaal siek gediagnoseer mag wees nie, gee die wete van die tanende lewensjare en die sekere bewustheid van dít wat voorlê, aan hom of haar die geleentheid tot voorbereiding − soos vir die terminaal-sieke. In die geval van onverwerkte trauma moet die bejaarde gehelp word om die verskillende stadia deur te werk wat met die verwerking van trauma geassosieer word. Deur die verwerking van die ervaring van ontkenning en isolasie, woede, bedinging en depressie, mag die bejaarde persoon tot aanvaarding kom. Te midde van fisiese swakheid en moegheid mag die einde dan met ‘n mate van stille vooruitsien benader word (Kübler-Ross 1970: 99).

Die fisiese gemak van die sterwende persoon, helderheid van verstand en verligting van psigologiese toestande soos angs en depressie, is belangrik om die persoon die geleentheid te bied om aandag aan verhoudings te gee, insluitende en in besonder die verhouding met God. In ‘n studie onder pasiënte bo 60 in die V.S.A. waaroor in 1998 berig is, is bevind dat 90% van die respondente godsdiens belangrik ag om hulle situasie die hoof te bied. Van hulle het 50% dit as die belangrikste faktor beskou. Die waarde hiervan lê in die prysgee van beheer en die plaas van vertroue in die Opperwese (Koenig 2002: 20-23). Benewens die basiese biologiese, fisiese, sielkundige en sosiale behoeftes van die terminale persoon, is daar die geestelike verlange om met menswaardigheid, met hoop en betekenisvol te mag sterf (Louw 2008: 537, 538).

Vir mense van alle ouderdomsgroepe wat voor dood en verlies te staan kom, is dit belangrik om hulleself toe te laat om hulle hartseer en smart te verwerk. Vir die persoon bo 80, wat meer blootgestel is aan hierdie belewenis deur lang lewenservaring en die ouderdom van hulle lewensmaats, is die rouproses van besondere belang. Hierdie proses behels dieselfde basiese elemente as die verwerking van trauma. Die deurwerking daarvan stel ‘n mens in staat om daarmee saam te leef. Heling vind plaas in die heropbou rondom die verlies – hoewel die betrokke persoon nooit weer dieselfde sal wees nie (Kübler-Ross 2005: 230).

3.1.5 Taakvervulling by die ouer groep

Gekonfronteer deur die eindigheid van die lewe moet die bejaarde persoon ‘n keuse doen oor lewenshouding en lewensin. Taakstellend gaan dit oor die integrasie van waardes in die belewenis van God se trou, oor geloofsbevestiging binne die verbondsversekering van die sakramente, asook oor transendensie van die verswakte liggaam met die vooruitsig van die heropgewekte liggaam in Christus. Dit behels verder die belewing van intimiteit deur seksualiteit en aanraking, aanpasbaarheid, dankbaarheid en blydskap as uitdrukking van ‘n geloofshouding (Louw 2008: 512,513). Die transendensiegedagte sluit aan by die konsep van ego-transendering en vereenselwiging met goddelike waardes (Fowler 1981:200).

Gerontologiese studies (Koenig 2002: 1-3) het getoon dat 76% van ouer persone wat chirurgie ondergaan melding maak van hul geestelike behoeftes. Ook hier beskou byna 50% van die pasiënte hul geestelike behoeftes as die belangrikste. Vir hulle gaan dit daaroor om vrede te maak in verhoudings met God en mense, oor die belewing van sin, die skenk en ontvang van vergifnis, aanvaarding van dit wat in die lewe vermag is, en om afskeid te neem. Wat vir hulle saak maak is om beheer prys te gee in die geloof dat God hul omstandighede sal beheer, gegrond op sy liefde, wysheid en unieke kennis van hul situasie. Die nie-religieuse persoon ervaar dikwels dieselfde behoeftes aan die vind van betekenis, vergifnis en hoop, om afskeid te neem en vrede te maak met dit wat hulle van die hiernamaals verwag. Die pastor moet in bewustheid van die diepe behoeftes van die sterwende op gepaste wyse daarop reageer met die troos van die Evangelie.

Kensketsend van kostelike lewenswysheid wat met die jare ontwikkel, is die volgende bydrae van ‘n 80-jarige in ‘n predikantsrubriek:

> *Ons moet mense vergewe vir wat hulle is, sowel as vir wat hulle doen, want wat hulle doen, groei uit wat hulle is. Ons kan nie mense verander nie, en as ons kon, sou ons hulle dalk slegter gemaak het as wat hulle is. Daar is genoeg om onsself mee besig te hou deur onsself beter te maak, en andere gelukkig. Moet jou nie kwel nie. Wag en kyk, want nege uit tien keer sal wat ons vrees, nie gebeur nie. As dit wel sou gebeur, sal daar ook ander dinge gebeur wat die gevolge sal verander (Newton 1960: 292).*

### 3.1.6 Pastorale terapie aan die demensielyer, in besonder aan diegene met Alzheimer se siekte

Demensie verwys na die progressiewe en onomkeerbare agteruitgang van die kognitief-funksionele funksies van ouer-wordende persone. Simptomaties van hierdie toestand is geheueverlies, verwardheid en kommunikasieprobleme soos in Alzheimer se siekte, wat tans nog onomkeerbaar en onvoorkombaar is. Onder demensielyers neem die voorkoms van Alzheimer se siekte aansienlike afmetings onder bejaarde persone aan. Alzheimer-siekte en verwante demensies kom in drie stadia voor, naamlik lig, matig en ernstig, en kan ontwikkel oor 'n periode van 12 -- 22 jaar (Louw 2008: 517). Ten spyte van die kommunikasieprobleme wat deur lyers aan hierdie ongesteldhede ondervind word, kan hulle behoeftes nie deur die pastorale terapeut geïgnoreer word nie.

By die persoon met Alzheimer se siekte gaan breinfunksies agteruit en kom persoonlikheidsveranderinge voor. In 'n geestelike benadering moet die pastorale terapeut in ag neem dat dit steeds dieselfde persoon is en dat sy of haar synsfunksies nie verander het nie. Soos die verlies van ander organe se funksies aanvaar word, so moet die verlies van breinfunksies aanvaar word sonder stigmatisering (Shamy 2003: 45).

Pastorale werk met persone wat chronies siek en gestrem is, is nie maklik nie. Ten opsigte van diegene met demensie of Alzheimer se siekte, wat nie nuwe inligting kan inneem nie, is die taak nog moeiliker. In bewustheid van die nood en afhanklikheidsbesef kan die roepingsbewuste persoon meewerk tot innerlike heling van hierdie persone (Koenig & Weaver 1998: 57). Vir die persoon wat bewus is dat hulle Alzheimer se siekte het en dat hulle toestand besig is om te versleg, is dit 'n bron van kommer. Persone in hierdie situasie van toenemende afhanklikheid kan selfs selfmoord of genadedood oorweeg as geregverdigde oplossings (Mac Kinlay 2001: 158). 'n Belangrike vraag by gelowiges wat met Alzheimer se siekte gediagnoseer is, is wat van hulle geloof sal word as hulle nie meer kan onthou nie (Shamy 2003: 21).

Simptomaties van persone wat die siekte in 'n ligte graad het, is die moeite wat ondervind word om die korrekte woord of uitdrukking te vind, asook om met konsentrasie te fokus. Dit mag lei tot ontkenning. Pastoraal-terapeutiese kommunikasie met hierdie persone moet só benader word dat hulle ervaar dat dit nie belangrik is om die semanties-korrekte woord te vind nie. Moontlike betekenis moet geantisipeer word om die persoon gemaklik te laat voel

met geheueverlies. Ryan *et al.* (2005: 50-51) beveel aan dat onthouversamelings vir sulke persone opgebou word van betekenisvolle geskrifte en prentemateriaal om kommunikasie aan te help.

Alzheimerlyers in die matige stadium kan niksseggende uitlatings maak. Hulle sal tot ‘n mindere mate geneig wees om gesprek te inisieer en neig om hulle te onttrek. ‘n Toename in geheueverlies en verwarring, asook in rusteloosheid en irritasie kan voorkom. In gesprek met hierdie persone is konsentrasie op bekende simbole en metafore wenslik, met minder klem op besonderhede. Visuele kommunikasie vir korter periodes word aanbeveel. Die speel van klankskywe of televisie-kyk kan nuttig wees (Louw 2008: 520).

Sorg aan demensie-lyers in die laaste stadium vereis dat tyd saam met hulle verwyl sal word. Hier tydens kan liefdevolle aandag gegee word en veral gefokus word op stimulering van die sintuie. So ’n diens kan deur vrywilligers verrig word wat ‘n opleidingsessie deur kundiges bygewoon het. Tydens ‘n Alzheimerseminaar vir Vrywilligers (Durban: Tuinsig-Aftreeoord: 28.04.2009) waarin leiding gegee is aan vrywillige werkers deur onder andere ‘n arbeidsterapeut en ‘n verpleegkundige, is die belangrikheid van die stimulering van die sintuie beklemtoon as aktiwiteite waarin gemeenskaplikheid en saamwees beleef kan word. Dit kan gebeur deur byvoorbeeld saam met hulle in die tuin te wees en die blomme te sien, te ruik en aan te raak, deur die proe-sensasie te aksentueer in die geniet van verskillende geregte, en deur saam na musiek te luister en ritmies mee te doen.

‘n Belangrike aspek waarmee die pastorale terapeut moet rekening hou, is die effek wat die saamlewe en versorging van ‘n Alzheimerlyer op die huweliksmaat het. Dit het geblyk uit die mededelings van ‘n deelnemer aan bogemelde seminaar wat saam met sy eggenote die verskillende stadia van Alzheimer se siekte meegemaak het. Die simptome van ‘n treurproses neem reeds in die periode voor diagnose ‘n aanvang, gevolg deur ‘n tweede rousiklus ná afsterwe (Potgieter, Heyns & Bam 2007: 57).

Belangrike faktore wat in die kontaksituasie deur die pastorale terapeut in gedagte gehou moet word, is onder andere die beoefening van karaktervriendskap waarin dit suiwer gaan oor die genot van saamwees. In kommunikasie is nieverbale kommunikasie belangrik, en eenvoud en duidelikheid van verbale kommunikasie in die erkenning van die interpersoonlike situasie. Die naspoor van eilande van herinnering deur bekende godsdienstige gebeurtenisse en bekende simbole vorm deel van kommunikasie met sensitiwiteit vir die

gevoelsaspek in ‘n saamweesbelewenis. In ‘n ontmoeting moet daar ‘n bewustheid wees van die behoefte aan erkenning, bevoegdheid, nuttigheid, hoop, die versterking van gevoelens en bevestiging van waarde wat by so ‘n persoon bestaan (Louw 2008: 521-526).

### 3.2 Pastoraal-terapeutiese uitgangspunte met klem op ’n teologiese basis-teoretiese lens

Die persepsie van die menslike situasie moet volgens hierdie uitgangspunt met groot begrip in verband gebring word met ‘n *samehangende en omvattende* basisteoretiese *teologiese raamwerk* (Gerkin 1979: 12). Só ‘n raamwerk moet hermeneuties verband hou met die verbinding van tradisie en ervaring (Heitink 1998: 69).

Aangesien dit nie moontlik is om binne die bestek van hierdie studie ‘n enigsins volledige teologiese raamwerk daar te stel nie, word gefokus op kernelemente van ‘n basisteorie. Toeligting geskied met verwysing na die konvergensiemodel van Louw (1999: 87-92) en Gerkin (1984: 19; 1997: 110) se “hermeneutical theory of pastoral counseling”. Hierdie basisteoretiese modelle word ontwikkel binne ‘n hermeneutiese paradigma.

Met die oog op pastorale terapie aan die persoon bo 80 word toepassing deur hierdie lens ondersoek in ‘n gevallestudie met ‘n gespreksgenoot van daardie ouderdom. Ter wille van die waarde van komplementerende uitkomste deur verskillende lense word metateoretiese en praktykteologiese perspektiewe ook beskryf. Hierdie twee perspektiewe word in hoofstuk 4 in meer besonderhede bespreek. Ter illustrasie van metodologie in ‘n praktykteologiese benadering word veral verwys na die pastoraat van narratiewe betrokkenheid (Müller 1996:15). In so ‘n praktyk-teorie-praktyk-spiralende benadering word nie in die eerste plek uitgegaan van ‘n basisteorie nie. Verantwoording van teologiese uitgangspunte is egter steeds nodig (Müller 1996: 45).

Kennis word ook geneem van ‘n “postfoundationalisties”-gefundeerde sosiaal-konstruksionistiese benadering. Nadenke oor God se teenwoordigheid soos saam met “mede-navorsers” (gespreksgenote) in die spesifieke situasie verstaan en ervaar, vorm die teologiese raamwerk of verband met tradisie. Mede-navorsers kan hierin ‘n waardevolle bydrae lewer tot verstaan en ervaring (Müller 2005: 84, 85).

In hierdie gevallestudies word anonimiteit gehandhaaf deur die gebruik van skuilname. Insluiting van navorsingsverslae geskied met toestemming van gespreksgenote.

Die ontwerp van ‘n praktiese teologiese ekklesiologie met die oog op die eiesoortige behoeftes van die swart bevolking – ‘n behoefte aan “globalisering van onder” – bied ‘n oorsig oor toepaslike basisteoretiese uitgangspunte. Dit gaan oor kerklike diakonaat en transformering met die oog op diens van die gemeente aan die wêreld benewens die verstaan en vertolking van die heilsboodskap. Die volgende basisteoretiese uitgangspunte is hier ter sprake: diakonia (diens en uitreiking), koinonia (onderlinge sorg), leitourgia (viering van God se teenwoordigheid) en marturia (evangelieverkondiging) (Louw 2002: 82, 83).

Dieselfde basisteoretiese uitgangspunte sou geldigheid hê in die oorweging van die geestelike behoeftes van persone bo 80 in ‘n aftreeoord. Ook daar gaan dit oor ‘n behoefte aan diens, aan onderlinge uitreiking en sorg na binne en buite om geloofsgroei te stimuleer. Ook daar bestaan die begeerte aan koinoniale samesyn en aanbidding, om die heilsgebeure te belig vanuit die eiesoortige basisteoretiese Christelike perspektief van troos, sorg en hulp. Kragtens die *ekklesiologiese opvatting* (Dingemans 1996: 32) van die kerk bly die Praktiese Teologie die belangrikste tussenganger tussen die boodskap en die samelewing (Louw 1999: 7,8).

### 3.2.1 Basisteoretiese pastorale terapie buite gemeenteverband

Aansluitend hierby moet aan die kerk in wyere sin gedink word as onsigbare liggaam van Christus op aarde, want pastorale diens aan die samelewing vind nie slegs binne gemeenteverband plaas nie. So hoef professionele beradingsdienste aan bejaardes in ‘n aftreeoord nie gelewer te word vanuit die amptelike dienste van die kerk nie. Sodanige dienste kan met goeie gevolg benut word deur die heterogene kerk- en taalgemeenskap waartoe inwoners behoort, veral ook waar inwoners nie geredelik by ‘n eie kerk kan inskakel nie. Dit gaan om Christelike geloofsbeoefening oor die grense van kerk en religie heen, wat uitdrukking vind in die waarheid “Ubi Christus – ibi Ecclesia” (Heitink 1998:218). Elise se verhaal is ‘n voorbeeld van ‘n situasie wat meermale voorkom waar kerkverband persone nie daarvan weerhou om beradingsdienste te gebruik nie.

*Elise het as jong alleenouer weens probleme met die kerk by ‘n charismatiese gemeente aangesluit. Oor die jare het sy steeds betrokke gebly by gemeentes van die betrokke genootskap op die verskillende plekke waar sy gewoon het. In die aftreeoord is met vrymoedigheid van die beradingsdienste gebruik gemaak wat vryelik beskikbaar was.*

*Hoewel ‘n diakoniologiese benadering die kerklike dienste as uitgangspunt het, word ‘n pastoraat los van kerkverband soms deur omstandighede genoodsaak. Dit geld veral persone in die hoër ouderdomsgroepe. Hier tree die berader of terapeut op in sy Christelike diakonale hoedanigheid as gelowige aan wie* die *priesterlike amp in besonder toevertrou is (1 Petrus 2: 9). Soos in die geval van Elise, kom kerkverband in die reël nie ter sprake in pastorale berading nie − die Evangelie en versorging is deurgaans op die voorgrond. Waar die behoefte en geleentheid bestaan om by ‘n kerkverband van eie keuse in te skakel, word so ver moontlik daarmee hulp verleen.*

Pastorale versorging in inrigtings wat mense uit verskillende agtergronde huisves, bring mee dat die berader nie as vanselfsprekend kan aanvaar dat gespreksgenote dieselfde geloofsreferensiekader deel nie (Ganzevoort (2007: 42). In Suid-Afrika beteken dit dat ‘n Christelik-georiënteerde inrigting selfs mense huisves wat glo aan ander geloofsoortuigings − selfs nie-Christelik – wat spesiale eise aan die pastorale berader stel, maar ook spesiale geleenthede bied. Dit beteken ‘n verdere uitbreiding van die geloofstaak van die berader in ‘n bediening wat rondom die kernwaardes van die Christelike geloof sentreer as barmhartigheidsbediening wat ook evangeliseringsaksente insluit.

### 3.2.2 Basisteoretiese uitgangspunt en hulpdissiplines

Die normatief-kritiese funksie van die teologiese basisteorie verteenwoordig ‘n eiesoortige teologiese perspektief. In hierdie studie veronderstel dit ‘n Skrifgefundeerde diakoniologiese paradigma as normerend in terme van samewerking met hulpdissiplines en die benutting van insette van metateoretiese geesteswetenskaplike terapeutiese teorieë (Louw 1999: 5).

Die effek van posttraumatiese stresversteuring op die geestelike lewe en die pastoraalterapeutiese hantering daarvan in die geval van Elise is relevant:

*Elise het volgens simptome wat sy ervaar het, vermoedelik aan ernstige en vertraagde posttraumatiese stresversteuring gely ná 'n ongeluk ses jaar tevore. Die beskrywing van haar toestand en die beoordeling daarvan in die lig van relevante literatuur word in 'n volledige navorsingsverslag uiteengesit (3.5). Hoewel medikasie en psigiatriese behandeling aangewese was, het dit op die weg van die berader gelê om veral pastoraal-terapeuties aandag te gee aan die effek op haar geestelike lewe.*

*Daar was ontwrigtende newe-effekte op haar geestelike lewe omdat die realiteit van die gebeure nie met die geloofspersepsie van die eie geestelike hulpbronne en die beeld van God as liefdevolle Vader rym nie. Die teodisee-vraag waarmee in omstandighede soos hierdie geworstel word, handel oor hoe lyding en die kwaad met die liefde en geregtigheid van God versoen kan word (Louw 2008: 129,130). Hierin moet die gespreksgenoot gelei word om eie lyding binne die eie Godsbegrip te verstaan. Ook Elise is deur vrae soos hierdie gekonfronteer en het by tye 'n ervaring van Godverlatenheid gehad. Die wyse waarop sy dit in die geloof gehanteer het, vind in haar gedigte weerklank.*

### 3.2.3 Die pastorale gesprek

Die siening van die pastorale gesprek wat op die opdrag van Christus berus en dus nie op eie gesag nie, geld as fundamentele basisteoretiese veronderstelling (Faber & Van der Schoot 1966: 136). Dit laat wel ruimte dat veranderinge en ontwikkeling binne die prosesmatige aard van die gesprek as dinamiese gebeure plaasvind (Smuts 1969: 262).

Binne die gesprekvoering is die basisteoretiese uitgangspunt van God as inisieerder van heil en heling bepalend. Die verbondmatige denke dui op 'n wederkerige verhouding tussen God en die mens, waarin God die eerste en die laatste woord het (Heitink 1998: 70). "Vanuit 'n verbondmatige perspektief kan gelowiges toegerus word om hulle lewe binne die raamwerk van die verbond te sien" (Janse van Rensburg & Hoffman 2003: 239). Dit het omvattende betekenis vir die pastorale sorg waar dit die genade-perspektief in die verhouding met God beklemtoon en aan die mens as bondgenoot vrymoedigheid gee.

Daarmee word nie die belangrikheid van die gedagtegang en motivering van die gesprekvoerder in die fasilitering van die pastorale ontmoeting ontken nie. 'n Voorbeeld van denke

in dié verband is Gerkin (1984:121-124) se aansluiting by Heidegger (1962:184) en Ricoeur (1984:54) se hermeneutiek.

Twee indrukke wat vir Gerkin bygebly het, is die bewustheid van ‘n blokkasie in die gespreksgenoot se lewe wat aanleiding gee tot die hermeneutiese vraag: Wat beteken dit? Dit lei tot die soeke na die storie van die persoon se lewe wat agter die verhale lê, om sodoende sy eie hermeneutiese vraag te beantwoord: hoe om dit te vertolk wat vir hom gesê word. In die gaping tussen sy voorverstaan en die gespreksgenoot se voorverstaan van die probleem en wat daaraan gedoen moet word, sien hy die gebied waarin die werksaamheid van die Heilige Gees verwag kan word. So word ook erkenning gegee aan God se werksaamheid volgens ‘n basisteoretiese uitgangspunt.

‘n Hermeneutiese benadering het die opset om die behoefte van die mens in die huidige tydsgewrig te bevredig: om God beter te verstaan en wel binne die verband van geloofservaringe. Hierin word van metafore en simbole gebruik gemaak om by te dra tot die verstaan van probleme of konsepte. Daar word wegbeweeg van kerugmatiese verkondiging na vertolking en storievertelling (Louw 1999: 23). Die gebruik van die narratief is hier belangrik, want die verhaal van die Woord en dié van die mens moet deur samesmelting of fusie bymekaargebring word.

Elemente wat beklemtoon word in narratiewe gesprekvoering is om só onbevange te luister dat jy bereid is om betrokke te raak by die ander se verhaal. Dit vereis die bewuswording van vooroordele, die luister na die hervertelling en herinterpretasie van verhale en ‘n bereid-wees tot verandering (Müller 2000: 35-36). Gesprekvoering vorder deur ‘n herhaalde siklus van versteuring-terugvoer-versteuring, waarin sowel die teenwoordigheid as die afwesigheid van nuwe gedrag inligtinggewend kan wees (Beckvar & Beckvar 1996: 121). In die hermeneutiese gesprekvoering van vervreemding en onthulling is daar ook die geleentheid om ‘n vreemde “werkelijkheid”, dié van die koninkryk van God, op te merk en die geleentheid te benut om geloof aan die orde te stel (Ganzevoort & Visser 2007: 143). Só word die verhaal van God as basisteoretiese uitgangspunt erken.

Belangrike faktore in ‘n gespreksituasie is die aanwesigheid van ‘n vertrouensverhouding, onvoorwaardelike aanvaarding, diens-gesindheid en ‘n duidelike kommunikasieboodskap deur woord en daad. Luistervaardighede moet woorde sowel as gevoelens in ag neem. Gepaardgaande hiermee is ‘n nie-direktiewe samewerkings- en onderhandelingstyl en

identifisering van gespreksvlakke waarin algemene ervarings en inligting meegedeel word, belangrik. Dit moet geskied deur subjektiewe en meer objektiewe interpretasie en reik tot by dieper waardes met die oog op die vasstelling van lewensin (Louw 1999: 310,311). Heitink (1988: 233) tipeer die pastorale verhouding as een van spanning tussen "'even-menselijkheid' en asimmetrie, nabyheid en distansie, persoon en rol".

Binne hierdie gespreksvriendelike konteks word die teologiese aard van die pastorale gesprek bepaal deur die trialogiese teenwoordigheid van die Woord en die Gees. Dit word verder gekenmerk deur die hermeneutiese vertolkende aard daarvan, asook deur mense in hul verantwoordelikheid as verbondsdeelhebbers aan te spreek met die antropologiese doelwit van groei tot geloofsvolwassenheid (Louw 1999: 307).

Die persoonlikheid van die pastor of berader is 'n sleutelaspek. Soos die pastor se persoonlikheid 'n belangrike rol speel in gesprekke met mense binne die gemeente, so bevind die terapeut hom- of haarself ook in 'n situasie van persoonlikheidsoordrag in die ontmoeting met 'n kliënt (Immink 2005: 227). Egtheid, opregtheid en openheid om 'n warm menslike verhouding daar te stel, is van die hoogste belang. Daarby is omgee en empatiese begrip nodig om innerlike betekenisse te peil. 'n Sterk besef van eie identiteit en van eie genade-nood as "wounded healer" is nodig, sowel as persoonlike lewendigheid of sprankel (Clinebell 1984: 416-419).

Die voorafgaande gedagtes beklemtoon die inagneming van 'n basisteoretiese grondslag van medemenslikheid en 'n gesindheid van omgee en liefde in die pastorale gesprek.

Enkele aanvanklike indrukke van 'n gesprek met 'n 82-jarige, by wie daar 'n groot behoef te aan vertroulike gesprek bestaan het, word hieronder weergegee:

> *As gevolg van haar ingekeerdheid in haarself en die aard van die dinge wat sy moes verwerk, het Elise niemand gehad met wie sy die intieme gedagtes wat haar besig gehou en gekwel het, kon deel nie. Sy het met vrymoedigheid deelgeneem aan die gesprek. Mettertyd kon dinge waaroor vrae bestaan het, aangeroer word, en kon daar deurgedring word tot unieke uitkomste in haar lewe … tot ervarings wat kon groei om aan 'n alternatiewe verhaal duideliker gestalte te gee. In die betreding van hierdie terrein is daar 'n groeiende bewustheid van afhanklikheid van die Heilige Gees in die bereiking van positiewe uitkomste.*

### 3.2.4 Bipolêre spanning: basisteoretiese verantwoording

Bipolêre spanning as 'n grondliggende kwessie in die pastorale ontmoeting word beklemtoon in Louw (1999: 14) se konvergensiemodel. Dit sluit aan by aspekte van Heitink (1977: 374-5) se bipolêre spanningsmodel. Eksplisiete of implisiete bipolêre spanning is deel van elke ontmoeting tussen die pastorale berader en die gespreksgenoot, en is dus 'n betekenisvolle basisteoretiese faktor.

Heitink beklemtoon die *bipolariteit* van pastorale sorg as helpende professie met 'n eie identiteit, met as eerste pool 'n antropologiese beginpunt en as tweede pool die lig van die Woord. Die pole staan in 'n spanningsvolle verhouding tot mekaar wat teen die agtergrond van die gereformeerde teologie "functioneren als een hermeneutisch principe". Binne die verbond beteken dit dat God en mens só op mekaar betrokke is "dat de ene niet zonder de andere tot haar recht kan komen" (Heitink 1977: 15).

Hierdie perspektief van wedersydse afhanklikheid of komplementarisme word deur Louw (1999: 88, 89) se konvergensiemodel ondervang deur die bipolêre spanning in 'n ontmoeting op te hef. Dit verteenwoordig Louw se siening dat die mens God nie aanvul in die ervaring van die heil nie, maar steeds vir die volheid van die heil van God afhanklik bly. Die Skriftuurlike eskatalogiese perspektief voorkom dat die bipolêre spanning verabsoluteer word, deurdat die konvergensiepunt bepaal word deur die ligbrekingspunt waar God en mens ontmoet. Vanuit die perspektief van grens- en krisissituasies wat die mens terugwerp op eksistensiële bestaanswortels en die verlange na sin binne 'n eksterne realiteit (Heitink 1998: 37) word besef waar die bipolêre oorwig lê. Dit bied ook balans tussen induktiewe en deduktiewe benaderings deur 'n werklikheidsgetroue hermeneutiese situasie tot stand te bring waarin die samesmelting tussen die verhaal van God en die verhaal van die mens gerealiseer word.

Ooreenkomste met bogenoemde gedagtes kom na vore in Gerkin se denke oor die ontwikkeling van basisteoretiese konsepte waarin hy soek na balans tussen die oplossing van menslike problematiek binne 'n Skriftuurlike raamwerk. Bipolêre spanning kom tot uitdrukking in Gerkin (1984: 19) se "hermeneutical theory of pastoral counseling" waarin hy 'n wegbeweeg van 'n eensydige deduktiewe kerugmatiese aanpak bepleit. Terselfdertyd wil hy nie tot die psigoterapie en die kliniese situasie beperk word nie. Dit is dieselfde span-

ning tussen die openbaringswerklikheid en die geloofsdimensie, en die fenomenologiese ervaringsdimensie wat deur Heitink (1977: 374-5) in sy bipolêre model uitgewys word. In ‘n latere publikasie, “Prophetic pastoral practice”, beklemtoon Gerkin (1991) die rol van die narratief en simbole in ‘n Christelike konteks:

> By the use of analogy, metaphor, and symbol, the people called Christian have attempted over the centuries to live their lives according to that primal narrative (Gerkin 1991: 16).

Gerkin is van mening dat empiriese studies ontoereikend is in die bepaling van maniere waarop narratiewe strukture gevorm word. Hy glo dat navorsing aangaande Bybelse konsepte (“images”) en metaforiese bronne ‘n pad mag open “through the cultural malaise with which we are afflicted” (Gerkin 1986: 129). Hy soek steeds na balans deur die groter gebruikmaking van Bybelse bronne in sy besef van die ontoereikendheid van empiriese studies.

Gerkin se bewustheid van die tekortkominge van die fenomenologiese benadering (Louw 1999: 24) word in sy boek “Prophetic pastoral practice” (1991) aangeraak. Hierin volg hy ‘n normatiewe lewensvisie wat die Christelike verhaal begelei en bepaal. Deur simbole wat verwant is aan temas soos teenwoordigheid, gemeenskap en roeping in die Bybel te identifiseer, verduidelik hy so ‘n normatiewe visie. Hierin kan die aansluiting van die pastorale hermeneutiek by ‘n kruis- en opstandingsteologie gesien word, wat die gedagtes van lyding, oorwinning en heling in pastorale terme oordra (Louw 1999: 25).

In sy “An Introduction to Pastoral Care” meld Gerkin (1997: 100) dat hy intens bewus geraak het van die ontoereikendheid van die psigoterapeutiese pastoralesorgmodel. Hy omskryf die taak van Praktiese Teologie soos volg:

> Practical theology becomes the task of maintaining the connections between the varied stories of life and the grounding story of the Christian community. Pastoral care becomes the community of faith’s living expression of that grounding story (Gerkin 1997: 111).

Sy narratiewe hermeneutiese pastoralesorgmodel word in Figuur 3 voorgestel.

*Figuur 3: Hermeneutiese Pastoralesorgmodel*

*The story of the Christian …….…..... Pastoral Care.……..….. ..The Particularity of*
*Community and its tradition Life Stories*

Die balans tussen die induktiewe en deduktiewe sye van sy model word beklemtoon deur die plasing van die pastorale sorg tussen die verhale van die Christelike tradisie en die mense se verhale. Hierdie sentrale plasing van pastorale sorg "suggests that its most fundamental caring purpose is to facilitate the process of connecting life stories to the Christian story and vice versa" (Gerkin 1997: 112). Die verbinding van lewensverhale met die Christelike verhaal word dan die middel tot die bereiking van sin en heil in die lewe van die individu.

In die pastorale ontmoeting met God moet die mens as verantwoordelike wese hart-grondige bereidheid openbaar om sake met God reg te stel ooreenkomstig die vereistes van die Woord. God se genade en vergifnis in Jesus Christus staan vas vir die boet-vaardige sondaar, met die "ligbrekingspunt" waar die heil ervaar word. Vanuit 'n verbonds-matige perspektief is die fokus op God wat in genade tot die mens nader, en selfs die mens se reaksie daarop is die genadewerking van God (Janse van Rensburg & Hoffman 2003: 242). "Julle is inderdaad uit genade gered, deur die geloof. Hierdie genade kom nie uit julleself nie; dit is 'n gawe van God" (Efes. 2:8).

3.2.5 Bipolariteit: die hermeneutiese benadering en pneumatologie

Aansluitend by die voorafgaande paragraaf beklemtoon die hermeneutiese benadering dat praxis nie bloot na menslike handelinge verwys nie. Menslike praxis kan nie losgemaak word van die praxis van God nie. "Praxis" sluit bedoeling en motivering sowel as die betekenis van handelinge in (Louw 2008: 18). Daar word dus verwys na God se betrok-kenheid binne die handelinge van die mens deur die pneumatologiese funksies van die Gees. Dit impliseer die normatiewe dimensie van 'n hermeneutiese model: Die teologiese norme agter en binne die mens se handelinge dui op 'n etiese dimensie. Al hierdie faktore is betrokke by die kommunikasie van die heil, getuienis en diens deur die Christelike geloofsgemeenskap (Louw 1999: 9).

In die hermeneutiese posisie word “in, met en onder” die tussenmenslike ontmoeting iets beleef van die ontmoeting met God, soos ‘n geskenk (Heitink 1998: 71). Heitink sien dit as ‘n vonk wat oorspring tussen die menslike verhaal en die verhaal van God. In ooreenstemming met die werksaamheid van die Gees in die lewe van gelowiges dui die pneumatologiese perspektief ook op die verbreding van die pastoraat tot die totale gemeente. Hierdie verbinding van die werk van mense met dié van die Gees in die teologie is ook kenbaar in ander wetenskappe (Ganzevoort 2007: 119).

Weens die dinamiese rol van vormende sosiale magte, en in besonder die krisiservaring van persone, meen Gerkin (1979:13) dat pastoralesorgbediening die wêreld deur ‘n wyer lens moet waarneem. Ten opsigte van mense se ervaring beteken dit dat dit gekoester moet word binne die “hermeneutic of openness to signs and symbols of the epiphany of God’s disclosure in the events of everyday life” (Gerkin 1979: 321). In “The living human document” (1984) bou Gerkin sy siening van hermeneutiese pastorale berading verder uit waar hy dit sien as

> …. a process of interpretation and reinterpretation of human experience within the framework of a primary orientation toward the Christian mode of interpretation in dialogue with contemporary psychological modes of interpretation (Gerkin 1984: 20).

Bogenoemde formulering dui op Gerkin se erkenning van die nodigheid van metateoretiese insette in die pastorale terapie. Terselfdertyd beklemtoon hy die belangrikheid van interpretasie in ‘n hermeneutiese pastorale proses.

Binne ‘n narratiewe hermeneutiese perspektief sien Gerkin dan die taak van Praktiese Teologie as die interpreterende fusie van horisonne beliggaam in die Christelike narratief met ander horisonne wat Christene se persepsies vorm. Pastorale teologie begin met menslike ondervinding en die poging om dit in ‘n sinvolle raamwerk van verstaan te plaas (Gerkin 1997: 224-5). Met spesifieke verwysing na die ouderdom, noem hy onder andere die probleme van die eindigheid van die lewe en van die versoening van lyding met die goedheid van God (die teodisee-vraag), wat om sinvolle verwerking vra (Gerkin 1997: 224).

### 3.2.6 Die strewe na geloofsvolwassenheid

In die pastorale arbeid is dit belangrik om kennis te neem van die strewe na geloofsvolwassenheid as doelwit. Dit dui op die taak om iemand gereed te maak om in God se teenwoordigheid te leef, en verwys na die nastrewe van geloofsvolwassenheid wat in die Skrif soos volg uitgedruk word:

> Al wat ek wens, is om Christus te ken, die krag van sy opstanding te ondervind, en deel te hê aan sy lyding deur aan Hom gelyk te word in sy dood, in die verwagting dat ek self deel sal hê aan die opstanding uit die dood (Fil. 3:10, 11).

In die nastrewe van hierdie doel word ‘n multi-dissiplinêre spanbenadering gevolg, deurdat van die insigte van die hulpwetenskappe gebruik gemaak word. Juis hierdie benadering maak die pastoraat egter bewus van die noodsaaklikheid om eiesoortige middele, naamlik die Skrif, gebed en die sakramente wat daarop ingestel is om die persoon te verander en te vernuwe, effektief en sistematies te gebruik as *heilsterapie* (Louw 1999: 13). Hierby sluit die begrip “heling” aan, waaronder verstaan word die positiewe uitkomste van ‘n pastorale ontmoeting vir die heling of integrasie van persone met die oog op hul geestelike gesondheid en welsyn in die ruimste sin van die woord (Heitink 1998: 131).

*Promissioterapie* dui daarop dat pastorale terapie binne die Skrifbeloftes en die trou van God plaasvind. Hierdeur word gefokus op die gee en ontvangs van sin in die besef van God se teenwoordigheid. Sodoende word geloofsgroei en geloofsvolwassenheid bevorder om God se teenwoordigheid hermeneuties te verstaan in dankbaarheid en in die ervaring van die opstandingshoop (Louw 1999: 14). Met verwysing na die genadewerking van die verlossing deur God wat ook sentraal staan in bipolariteit en *promissioterapie* verwys Immink (2005: 93) na die Dordtse Leerreëls:

> Maar deur die kragtige werking van dieselfde Gees, wat die wedergeboorte skenk, dring hy ook deur tot in die binneste dele van die mens, open Hy die geslote hart, versag Hy wat hard is en besny Hy wat onbesnede is. In die wil stort Hy nuwe eienskappe…
>
> Dan word die wil, wat nou vernuwe is, nie alleen deur God gedryf en beweeg nie, maar omdat dit deur God beweeg word, werk dit ook self.

> Daarom word ook tereg gesê dat die mens, deur die genade wat hy ontvang het, glo en hom bekeer (Ons glo ... 1992: 98, 99).

As basisteoretiese teologiese uitgangspunte is kennis van die grondwaarhede soos in die Belydenissskrifte verwoord vir die diakoniologiese beoefening van pastorale sorg en terapie van kritiese belang.

### 3.2.7 ‘n Eskatologiese perspektief

“Eskatologies” dui op die *begin* in die *einde*, en verwys na die nuwe skepping en die oorwinning oor die dood deur die opstanding. Hiermee word nie die “siel” of die mens se inherente psigiese vermoëns sentraal geplaas nie, maar geloof in God, en hoop en liefde as uitvloeisels van lewe deur geloof (Louw 1999:15). Die ryk van God met die spanning tussen die “reeds” en die “nog nie” hou vir ons die toekomshoop in (antisipasie) vanuit die dood en die opstanding van Jesus Christus (anamnese) (Heitink 1993: 36).

Vanuit ‘n eskatologiese lewensbenadering en die menslike soeke na sin kan ‘n teologie van bevestiging afgelei word. In pastorale sorg en berading beteken dit, benewens die huidige fokus op ‘n narratiewe benadering, ‘n terugkeer na ontologie en die betekenis en belangrikheid van ons “wees”-funksies (Louw 2008:16,17). In die ontwikkeling van geestelike integriteit as finale fase van geloofsontwikkeling by ouer persone (Fowler 1981:113) en die gepaardgaande ervaring van innerlike vrede, heelheid en transendensie (MacKinlay 2001:113), vorm die Christelike eskatologiese perspektief ‘n sterk basis vir gemoedsrus en geestelike balans. Die laaste “universaliserende” fase van geloof hang saam met ‘n proses van desentralisering van die Self, waarin geïdentifiseer word met God se perspektief van waardebepaling (Fowler 1991: 113).

Die geestelike waarde van die eskatologiese perspektief wat geloofsgedrag aan die abstrakte koppel, blyk onder andere uit die volgende:

- ‘n horison van sin gerig op die geheel van God se heil-gerigte vervulde beloftes en die mens se mees fundamentele behoefte;
- verbintenis aan die trou van God wat sekuriteit waarborg;
- normatiwiteit wat krities is ten opsigte van menslike selfsug en ‘n kritiese faktor ten opsigte van empiries ontwerpte teorieë wat net so op die pastoraat oorgedra word;

- geloof as die medium waarmee die pastor werk en wat die pastoraat stempel “tot ‘n eiesoortige dissipline deurdat die pastoraat onlosmaaklik gekoppel bly aan die rigsnoere van die Skrif en die Godsbeskouinge waarmee die geloof werk” (Louw 1999:91-92).

### 3.2.8 Godskonsepte in ‘n hermeneutiese benadering

Godskonsepte in ‘n hermeneutiese model hang saam met die wyse waarop God verstaan word. In ‘n oorsaak-gevolg-interpretasiewyse word na ‘n oorsaak in ‘n krisis gesoek, en God in sy almag kan dan as ‘n moontlike verklaring gesien word. Geestelike genesing vind plaas as basiese lewenskwessies gekoppel kan word aan ‘n toepaslike Godsbegrip. Geestelike groei vind plaas as ons skuld uitgewis word (soos in die teologie van die kruis), as ons vergewe word en ons skaamte verwyder word voor ‘n versoenende God (Louw 2008: 66, 67). Negatiewe konnotasies kan in sekere gevalle aan die Godskonsep gekoppel word en moet in ag geneem word. So kan die Almag van die Vader byvoorbeeld in die geval van geweldslagoffers as bedreigend ervaar word (Ganzevoort & Veerman 1999: 75).

Vier Godsvoorstellinge wat in ‘n krisis kan voorkom, is God as Heer (God in beheer); God as Sielsvriend (identifikasie met ons lyding); God as Ouer (wat koester en leer deur lyding); en God as Regter (as die Een wat oordeel en skuld aan die lig bring, maar ook vermaan tot bekering) (Louw 2005:114). Oorkoepelend oor al hierdie Godsbegrippe is daar die een van Christus as Groot Hoëpriester wat vir ons intree aan die regterhand van die Vader, ‘n Hoëpriester wat “medelye met ons swakhede kan hê”. Met medelye word verwys na die inlewing in ‘n ander se seerkry op so ’n manier dat jy saam met hom/haar seer kry (“sumpatheo”) (Du Toit 2002: 96).

Hipoteties word aanvaar dat geloofsvolwassenheid saamgaan met ‘n toepaslike basisteoretiese Godskonsep en funksionele teologiese persepsie. In die praktyk kan geloofsvolwassenheid dan hermeneuties-pastoraal bepaal word deur die gespreksgenoot te help om God in sy/haar lyding te verstaan en sy/haar gesindheid van hopeloos na hoopvol te verander (Louw 2008: 231).

3.2.9 Pastorale sorg en antropologie

In erkenning van die betrokkenheid van die pastorale sorg by die mens en die implikasies van geesteswetenskaplike antropologiese denke vir die pastorale ontmoeting en terapeutiese uitkomste (Van den Berg 2007: 3), word die volgende vertrekpunte vir 'n antropologiese benadering in hierdie studie as pertinent beskou:

- In 'n Christelik-wetenskaplike ondersoek van kern-antropologiese Bybelse gegewens word gewys op die teoretiese en praktiese probleme van 'n digotomiese antropologiese siening wat steeds deur baie Christene gehuldig word. Volgens hierdie siening bestaan die mens uit ten minste twee komponente, naamlik siel/gees/hart en liggaam/vlees. Die teoretiese probleme gaan oor die mens se oorsprong, huidige bestaan en lewe na die dood, terwyl so 'n siening ernstige praktiese probleme vir die daaglikse lewe van Christene inhou. Die konklusie is dat die Bybel nie 'n struktuuranalise van die mens bied nie, maar die hele mens belig uit verskillende perspektiewe, en wel "in die lig van die religieuse *verhouding* (van afhanklikheid) *tot God* of 'n ander laaste sekerheid" (Van der Walt 2009:145).

- Die verhoudingsmatigheid van 'n pastorale "beliggaamde-siel"-antropologie (Van den Berg 2007:18) word ook uitgedruk in die tradisionele betekenis van "siel" as "...die kwaliteit van posisies en houdinge wat mense inneem binne die dinamiese netwerk van verhoudinge" (Louw 2005:18).

- Die beskrywing van die mens as "besielde liggaam" en "beliggaamde siel" (Louw 2005:16) dui op die liggaamlike en geestelike kwaliteit van die mens:

> …menswees besit 'n spirituele dimensie waarbinne ons worstel met die vraag na sin en betekenis van menslike lewe…. Vanuit 'n eskatologiese perspektief dui siel op daardie lewenskwaliteit soos bepaal deur die kruis en opstanding (Louw 2005:16).

Daar word gewys op die innerlike lewe van die mens as 'n unieke dimensie van ons fisiese bestaan. "This does not necessarily lead to a form of dualism", maar dit gee erkenning aan die twee fasette van die mens, "a physical and a spiritual sphere that constantly interact" (Immink 2005: 22). Hiermee word uitdrukking gegee aan 'n belang-

rike verhoudingsfaset van die Christelike lewe: die verhouding met God wat Gees is en deur die Heilige Gees in die mens se lewe werksaam is.

- Hermeneutiese verstaan van die herstel- en singewingsproses is belangrike elemente in ‘n pastorale antropologie (Van den Berg 2007:17):

> Anders as in ‘n dogmatologiese antropologie, gaan dit in ‘n pastorale antropologie om ‘n verstaan van die mens in terme van sy/haar herstel (terapie) asook oor die begeleiding in terme van sy/haar soeke na lewensin (Louw 1999: 56).

- Hiermee word ‘n aanduiding gegee hoe ‘n antropologiese benadering berading en terapie beïnvloed. Dit is ‘n aspek in verband waarmee daar ’n leemte in die literatuur ervaar word (Louw 1999: 17). Daar word gewys op die implikasies vir die pastorale terapie van nuwe insigte op wetenskaplike gebied (Van den Berg 2007: 12), soos byvoorbeeld die liggaamlike verband met taal en rasionaliteit, en die afhanklikheid van spiritualiteit van die breinfunksies (Du Toit 2006: 127).

*3.2.9.1 Geskape na Gods beeld*

Pastoraal-antropologies is die skepping van die mens na God se beeld ‘n essensiële basisteoretiese gegewe. Paul Brand wat jare lank onder melaatses gewerk het, verwoord iets van die wonder van die mens geskape na Gods beeld. Hy visualiseer Adam as ‘n biologies-lewende mens. Toe God egter die lewensasem in hom ingeblaas het, het Hy ‘n nuwe gees in hom ingeblaas, “en hom met sy eie beeld gevul. Adam het ‘n lewende siel geword, nie net ‘n lewende liggaam nie.” Hoewel ons met die diere ‘n “biologiese skulp” deel, vorm dit slegs die draer van God se beeld. “Ons is nie ‘maar net mense’ nie. Ons is almal bomenslik” (Yancey & Brand 2005: 186). Die perspektief van die mens as geskape na Gods beeld werk indringend in op die verloop en uitkoms van die pastorale ontmoeting deur respek vir die inherente gawes en menswaardigheid van die mens.

Aanvullend tot hierdie siening wil die hermeneutiese benadering menswees binne konkrete sisteme verstaan en wil dit “mense help om hulself te verstaan binne die gebeure van elke dag” (Louw 2005: 17). ‘n Mensbeeld wat die skeppingselement beklemtoon, sal verantwoordelikheid en groei vooropstel, terwyl die sondeval-uitgangspunt skuld en mens-

like tragiek veronderstel, en die verlossingsmotief 'n positiewer mensbeeld lewer teen die donker agtergrond van die ellende (Ganzevoort & Visser 2007: 37). Basisteoreties behoort 'n gebalanseerde mensbeeld in 'n gees van versoening met al drie fasette, skepping, sondeval en verlossing, rekening te hou met inagneming van die eise van die pastoraal-terapeutiese realiteit.

Met verwysing na die interdissiplinêre kommunikasie deur transversale dialoog, word gewys op die betekenis daarvan vir praktiese teologiese antropologiese perspektiewe (Van den Berg 2007: 20). Sodanige perspektiewe vanuit verskillende vakwetenskappe kan medebepalend wees in 'n pastorale ontmoeting asook in die terapeutiese uitkomste. In pastorale konteks "sal die perspektiewe oor 'n 'beliggaamde-siel' onder meer beklemtoon dat my identiteit in terme van my liggaam verstaan sal word" (Van den Berg 2007: 17). Hierdie perspektiewe is besonder relevant ten opsigte van die persoon bo 80, aangesien die liggaamstoestand dan meer as ooit bepalend kan wees vir die toestand van die "hele" mens.

Dit word egter as belangrik beskou dat balans gehandhaaf word in die erkenning van die verhouding tussen geestelike en fisiese dimensies (MacKinlay 2001:121). Die doodtransenderende krag van die gees, wat lewenshoop genereer, spreek uit die verhaal van 'n Auschwitz-gevangene, Victor Frankl, wat in die wanhoop van liggaamlike vernedering vra na die sin van 'n hopelose, betekenislose wêreld "... and from somewhere I heard a victorious "Yes" in answer to my question of the existence of an ultimate purpose" (Frankl 1964: 39).

Histories is dit só dat die waarde van metateoretiese perspektiewe vir die teologie erken word (Janse van Rensburg 2000: 77). Binne 'n diakoniologiese verwysingsraamwerk kan transversale dialoog 'n sinvolle bydrae lewer. Die verstrengeldheid van faktore wat die totale menswees bepaal, spreek uit die situasie van 'n bejaarde in haar tagtigerjare:

> *Die noue verbondenheid van die verskillende fasette van die mens – liggaam, emosies, verstand – kom na vore in Elise se gebrokenheid, by wyse van spreke, na siel en liggaam. Geestelik en emosioneel gepynig deur 'n reeks traumatiese gebeurtenisse, fisies geknak deur ernstige beserings, geskei van en bekommerd oor geliefdes as inwoner in 'n tehuis, bly sy steeds dieselfde mens: 'n lewende siel in haar God-gerigte verhouding. Die inwerking van rasionele, emosionele, fisiese en psigiese faktore op*

*haar lewe is op die ou end bepalend vir haar geestelike belewenis en haar totale menswees. 'n Holistiese verstaan van al die kwaliteite wat haar synsfunksies bepaal binne die oorkoepelende en instandhoudende krag van haar geloof is die venster tot lewensin selfs in die lyding van oud-word en die onafwendbare nadering van die dood (Kimble 2001: 40). Geloof as gawe wat heenwys na die mens as wese met 'n ewigheidsbestemming word deur die Wysbegeerte van die Wetsidee (Dooyeweerd 1969) met reg aan die toppunt van die wetskringe geplaas wat die mens se kultuurkwaliteite omskryf.*

*3.2.9.2 In sonde ontvang en gebore*

Die sonde-gebrokenheid van die wêreld soos dit uitdrukking vind in die stukkende lewens van mense wat hulp nodig het, is 'n onvermybare deel van 'n pastorale antropologiese basisteorie. Hierdie perspektief op die mens as afhanklike wese en as gevalle sondaar is in berading/terapie noodsaaklik ten einde die mens te verstaan, maar ook om hom- of haarself te help verstaan in die lig van die nood aan 'n herstelde verhouding met God en die naaste. "Almal het afgedwaal, die laaste een het ontaard, daar is niemand wat goed doen nie, selfs nie een nie" (Psalm 53:4). Adams (1970: 105) het hierdie aspek baie sterk beklemtoon in sy noutetiese berading, waar hy dit koppel aan die bevryding wat skuldbelydenis en vergifnis inhou.

Die mens se verhouding met God moet vanuit sy/haar afhanklikheid van God verstaan word. Die Skrif spreek die mens aan as nuwe skepsel in Christus, en nie eerstens op grond van skuld nie. Die beeld van die mens in die Bybel is realisties en bring die mens tot skulderkenning en dank. As geskape wese het die mens 'n verantwoordelikheid tot en afhanklikheid van God. In die werklikheid waarbinne die mens as skepsel, maar ook as voorwerp van heil beweeg, is geloof die medium van werksaamheid. Die elemente van geloof, liefde, hoop, dankbaarheid en blydskap is die boustene van geloofsvolwassenheid wat pastoraal-antropologies dinamies op die toekoms gerig is (Louw 1999: 192-195).

*Hier word weer na die geval van Elise verwys, 'n persoon in haar tagtigerjare wat deur die lewe emosioneel, fisies en geestelik kaalgestroop is en niks meer kan aanbied nie. Vir so 'n persoon is bostaande perspektief 'n bevrydende een. Elise weet sy is in die laaste pylvlak na die eindpunt. Al wat sy kan aanbied, is haar hart, en die aanvaarding van die belofte van genade sonder verdienste. Hierdie wete gee vrede en die vermoë om die las van pyn en swakheid vir nog 'n dag te dra.*

*3.2.9.3 Nuut geskep in Jesus Christus*

Hoewel die mens as "beliggaamde siel" 'n eenheid vorm met wie deur liggaamlike vermoëns gekommunikeer word, is daar verhale van lewensveranderende Goddelike ingryping op 'n geestelike vlak wat die individu se lewe omkeer en in 'n nuwe baan plaas. Die verhaal van Paulus se ontmoeting op die Damaskus-pad (Hand. 9) is seker die bekendste voorbeeld van so 'n ingryping. 'n Hedendaagse voorbeeld van so 'n verhaal is die volgende wat deur 'n bejaarde meegedeel is:

> *As jeugdige wat 'n jaar se voorbereidende studie in teologie voltooi het, is my planne summier tot stilstand gebring deur 'n felle geestelike stryd wat my genoop het om my studies te staak. Vas oortuig van my onherroeplike verlorenheid het ek na byna 'n jaar se studie in wanhoop tuis 'n uitweg uit die geestelike doolhof gesoek. Na weke se worsteling het 'n radikale ommekeer in my geestelike toestand letterlik oornag plaasgevind.*
>
> *Met dieselfde oortuiging as die vorige ervaring van veroordeling het Skrifbeloftes van versoening en redding deur die bloed van Jesus 'n werklikheid geword, die wonderlike ervaring van verlossing – wat vir my hele lewe rigtinggewend sou wees. Volgens die siening van Ganzevoort (2006: 84) sou die soeke na die geheim van so 'n ervaring dien as 'n sleutel wat nuwe ervarings sou moontlik maak.*

Die ingryping van die Heilige Gees in die gees van die mens, wat die hele lewe oorspan, word in die Bybel as volg beskryf: "Iemand wat aan Christus behoort, is 'n nuwe mens. Die oue is verby, die nuwe het gekom" (2 Kor. 5:17). In die pastorale terapie hang die spanningsprobleem van die verhouding met God saam met die benadering in die pastoraat vanuit 'n "heel eiesoortige perspektief: die perspektief van die Christelike geloof" (Louw 1999: 4). Vanuit hierdie uitgangspunt beteken dit dat die heil van die nuwe mens in Christus deur God se genade die bepalende konvergensiepunt is en as fokuspunt en prisma die dinamiese kern van die pastoraat vorm.

### 3.3 Praktiese toepassing van pastoraal-terapeutiese uitgangspunte

As deel van die aksienavorsing en om nader kennis te maak met die betrokke aftreeoord se inwoners en hulle behoeftes beter te leer ken, is ‘n meningsopname gedurende 2007 gedoen. Hoewel inwoners nie maklik vanself na vore gekom het vir berading nie, het kontak in ‘n oriënterende meningsopname en opvolggesprekke wel die behoefte om oor probleme te praat, aan die lig gebring. Dit het die geleentheid geskep om positiewe verhoudings te inisieer. Breë tendense oor inwoners se ervarings en voorkeure kon vas-gestel word, hoewel sommige inwoners weens kwynende gesondheid minder geneë was om betrokke te raak.

3.3.1 Oriënterende meningsopname

Resultate van die meningsopname word hieronder weergegee, gevolg deur navorsingsverslae van gevallestudies. Hoewel toestemming van die betrokke persone verkry is om oor die ontmoetings verslag te doen, is in die navorsingsverslae deurgaans van skuilname gebruik gemaak weens vertroulikheidsoorwegings.

VRAELYS VIR INWONERS VAN DIE SENTRUM VIR BEJAARDES IN 2007

*Naam: …………………………………..* *Geboortedatum: ………………………..*
*Nommer van Kamer/Woonstel: …………*
Om die dienste van die berader op die beste wyse aan te wend, word jou terugvoer op die volgende vrae vriendelik versoek.
Merk antwoorde met ’n X.

1 Het jy al voorheen berading ontvang? Ja [ ] Nee [ ]
Indien JA, was dit in hierdie sentrum? Ja [ ] Nee [ ]
2 Het jy persoonlik al behoefte aan berading gehad? Ja [ ] Nee [ ]
3 Sal jy die beradingsdiens gebruik as jy hulp verlang? Ja [ ] Nee [ ]
4 Op watter gebied(e) bestaan die grootste behoefte aan berading by ouer mense?
Siekte en sterwensbegeleiding [ ]
Trauma [ ]
Eensaamheid [ ]

Depressie [ ]

Geestelike ondersteuning en versterking [ ]

Ander [ ]. Beskryf dit asseblief: ......................................................................................

5 Sou jy graag van tyd tot tyd deur die berader besoek wil word?

Ja [ ] Ek sal kontak maak as dit nodig is [ ] Nee [ ]

6 Waarmee hou jy jou graag besig?

Radio luister [ ]

Televisie kyk [ ]

Lees [ ]

Ander bedrywighede [ ]. Beskryf dit asseblief: ......................................................

5 Skryf asseblief enige opmerkings oor berading aan bejaardes:

……………………………………………………………………………………..

……………………………………………………………………………………..

……………………………………………………………………………………..

*Jou samewerking word op prys gestel.*

3.3.2 Profiel van inwoners

Persone in hierdie opname sluit persone onder en bo 80 jaar in en val dus in die laaste twee kategorieë soos deur Gerkin (1997: 217-223) geïdentifiseer.

Ongeveer ‘n derde van die 150 inwoners word gehuisves in woonstelle, waar hulle as enkelinge of getroudes nog grootliks onafhanklik oor die weg kan kom. ‘n Tweede tipe akkommodasie bestaan uit enkelkamers en ‘n paar dubbelkamers waarin semiverswakte ouer persone gehuisves word. Hierdie persone kan nog self oor die weg kom, gesamentlike eetgeriewe gebruik en sosiale geleenthede bywoon. Afhangende van hulle gesondheid, mobiliteit en sintuiglike vermoëns, is verpleeghulp vir hulle beskikbaar wanneer benodig. Medikasie en algemene gesondheid word gemoniteer.

Die derde groep bestaan uit verswakte bejaardes wat voltyds verpleeghulp en mediese sorg benodig. Hulle word in ‘n versorgingseenheid gehuisves in vier-, twee- en enkelbedkamers.

### 3.3.3 Terugvoering

In die meningsopname is die beste reaksie van die woonstelbewoners ontvang, terwyl persone in die semi-verswakte afdeling minder goed gereageer het. Die verswakte bejaardes in die versorgingseenheid is nie by die opname ingesluit nie, aangesien kommunikasie problematies is, veral met persone in verskillende stadia van Alzheimer se siekte. Die werklike getalle van persone van wie terugvoering ontvang is, word onder die resultate aangedui.

### 3.3.4 Resultate

In tabel 1 word aangedui dat die responskoers by die woonstelbewoners heelwat beter was as by die inwoners van die afdeling vir semi-verswaktes. Dit kan waarskynlik toegeskryf word aan die feit dat woonstelbewoners nog in 'n groter mate ingeskakel is by normale sosiale aktiwiteite en bereid is om aktief saam te werk in sake wat die welsyn van inwoners raak.  Die kamerinwoners, daarenteen, is dikwels weens fisieke en psigiese redes meer in hulself gekeer en minder geneë om deel te neem. Die totale responskoers is laag omdat van die bejaardes nooit in hulle lewe by sulke navorsing betrek is nie, van hulle lank nie meer skryf nie en moontlik 'n vrees het om hulle "hand op papier te sit".

Tabel 1: VRAELYSTE BESKIKBAAR GESTEL EN RESPONS

| Vraelyste | Woonstel-inwoners | Semi-verswaktes | Totaal |
|---|---|---|---|
| Beskikbaar gestel | 53 | 49 | 102 |
| Prosesseerbaar | 33 | 24 | 57 |
| Responskoers (%) | 62 | 48 | 56 |

In die onderstaande opsomming verwys die eerste syfer na woonstelbewoners, gevolg deur inwoners in die semiverswakte afdeling, wat tussen hakies aangedui word.

- Getal vraelyste geprosesseer: 33 (24) (totaal 57)'

- Persone wat voorheen berading ontvang het binne die aftreeoord 5 (11); persone wat elders berading ontvang het 4 (11).

Aangesien berading in die inrigting in die verlede geredelik beskikbaar was, bevestig hierdie reaksie die vermoede dat inwoners hulle nie maklik vir berading aanmeld nie. Hoewel die behoefte bestaan, neem inwoners nie maklik die inisiatief daarmee nie. Juis in hierdie opsig is verwag dat die meningsopname en persoonlike kontak die deur sou open vir verdere gesprekke.

- Op die vraag of daar 'n behoefte aan berading bestaan, het nege persone (16%) aangedui dat hulle wel so 'n behoefte ervaar.

- Uit die bewoners van woonstelle het 31 te kenne gegee dat hulle die dienste van 'n berader sal gebruik as hulle hulp benodig en twee het negatief gereageer. Van die kamerbewoners het ses aangedui dat hulle nie van berading gebruik sal maak nie.

- Op die vraag waar die grootste behoefte aan berading by bejaardes bestaan, is siekte- en sterwensbegeleiding deur 20 (9) aangedui. Eensaamheid en geestelike ondersteuning was die grootste behoefte by 18 (18), depressie by 16 (9) en trauma by 11 (4).

- Slegs sewe persone het aangedui dat hulle van tyd tot tyd deur die berader besoek sou wil word; 30 het verkies om van hulle kant kontak te maak as hulle besoek sou verlang.

- Die aktiwiteite waarmee inwoners hulle meesal besig hou, is soos volg aangedui in volgorde van frekwensie: Lees 27 (13); Televisie 24 (15); Radio 19 (13); Ander aktiwiteite 21 (9). Die Ander was veral toegespits op handwerk-aktiwiteite (byvoorbeeld naaldwerk en brei), invul van blokkiesraaisels en kuier.

3.3.5 Opmerkings in vraelysantwoorde

Die volgende opmerkings vanuit die ingevulde vraelyste weerspieël sterk behoeftes:

- *The elderly do have the need of a counselor, someone other than family (who really don't want to listen) and to unburden our loneliness and the fear of the unknown, and to be comforted.*

- *Deernis en belangstelling is belangrik. So dikwels word ons ouer mense afgejak en nie na geluister nie.*

- *Visit people who are too shy to come forward for help.*

- *Brief visitation of prime importance, i.e. from someone who cares for "the neglected – of no use – not loved – why doesn't God take me?" so prevalent in Old Age Homes.*

### 3.4 Navorsingsverslag oor Elise

In die navorsingsverslae wat hieronder volg, word die resultate van ontmoetings weergegee, gesien deur basisteoretiese, metateoretiese en praktykteologiese lense. Verslae van ontmoetings word grotendeels chronologies weergegee. Die feitelike weergawe van gesprekke word onderbreek deur opmerkings oor indrukke ervaar na aanleiding van die aanwending van die verskillende pastoraal-terapeutiese lense.

In die geval van Elise word die verslag van die eerste ontmoeting byvoorbeeld gevolg deur perspektiewe gesien deur 'n praktykteologiese lens. Daar word, wanneer relevant, terugverwys na aspekte van die verhaal. Gesigspunte gesien vanuit basisteoretiese en metateoretiese lense word aan die einde saamgevat.

Soos die verhaal ontvou, kom aspekte wat aandag vereis na vore, byvoorbeeld Elise se belewing van posttraumatiese stresversteuring. Daar word verwys na die verwoording van haar ervarings in digvorm, wat waardevolle aanvullende insae aan die berader bied oor haar innerlike belewenis. Ten slotte word die verslag van ontmoetings deur basisteoretiese en metateoretiese lense bekyk en samevattend daaroor berig.

In die ontmoetings met Elise is te staan gekom voor situasies waar geloofswerklikhede intens meespreek in nood deur krisisse teweeggebring. In omstandighede wanneer steunstelsels wankel waaraan lewenshoop en geloofsvertroue gekoppel is, moet nuwe hoop en betekenis ontgin word as ondersteuning op die laaste skof.

Die geduldige, begrypende luister na Elise se verhaal van nood in die lig van die Woord open nuwe toekomsperspektiewe. Die ervaring van traumatiese krisisse in 'n kwesbare stadium van die lewe kan 'n persoon daartoe bring om God so te leer vertolk dat geloof sin uitmaak binne werklike kontekste (Louw 1999: 110). Geloofsperspektiewe deur die narratief geopen, bied ankers wat dood-transenderende moed genereer.

Deur die ervaring van kumulatiewe gesondheids- en verhoudingsbedreigende krisisse in Elise se lewe het omstandighede ontstaan waar oorwinningskrag en -moed lewensbelangrike behoeftes geword het.

- *Eerste ontmoeting, Maandag 29 Januarie 2007*

*Op hierdie stadium was Elise 'n 82-jarige inwoner van 'n aftreeoord. In die loop van 'n hele paar maande waarin sy die berader ontmoet het, het 'n "verhaal van nood" ontvou (Müller 1996:107-109). Die beginpunt van haar verhaal kan teruggevoer word na haar belewenis rondom die dood van 'n seun. Hierdie verpletterende gebeurtenis is rigtinggewend in die vertolking van haar ervarings in 'n kernverhaal (Gerkin 1984: 20).*

*Die berader word aanvanklik onwillekeurig bewus van fisiese tekortkominge by die gespreksgenoot: moeisame beweeglikheid met behulp van krukke, hardhorendheid wat kommunikasie bemoeilik; letsels aan die gesig wat selfbewus verbloem word. 'n Skugter glimlag sê: Hier is ek, 'n mens wat deur die meule van die lewe gegaan het en moedig die stryd voortsit.*

Verskeie van die gebreke wat persone bo 80 tot 'n lewe van afhanklikheid bestem, is dus hier aanwesig. 'n Voortdurende stryd teen gebroke liggaamskragte moet dag na dag heroïes aangeknoop word. Volgens 'n indeling waarna MacKinlay (2001: 114) verwys, sou Elise getipeer kon word as 'n persoon wat die eerste stadium van aanpassing by die roldifferensiasie van die ouderdom suksesvol deurleef het. Sy staan nou by die tweede en derde stadia van liggaams- en egotransendering. Liggaamstransendering behels die strewe om probleme soos gestremdheid en pyn te oorkom. In ego-transendering gaan dit oor die bewuswording van die naderende dood wat 'n weg-beweeg van selfgesentreerdheid en 'n toename in selftransendering behels. Die trauma wat Elise as ouer persoon beleef, bemoeilik haar vordering in die laaste stadium.

Sy vertel van haar ervarings:

*"'n Motorongeluk sewe jaar gelede het my fisies gebroke gelaat. Ek het ernstige beserings opgedoen aan my gesig, bene en arm. Die arm moes feitlik herbou word en ek het drie heupvervangingsoperasies ondergaan. My spaarfondse is in die proses*

*gedreineer. As gevolg van die letsels van die gesigbesering voel ek selfbewus oor my voorkoms." (By tye probeer sy die letsels wegsteek deur te skuil agter haar hand.)*

*"Die egskeiding van my dogter 'n aantal jare gelede was vir my 'n ernstige terugslag. Ek het by op daardie tydstip by my dogter, Lida, en haar man gewoon. Voor die dreigende egskeiding het ek hulle egter verlaat en teruggekeer na Hillbrow waar ek voorheen gewoon het. Wat 'n teleurstelling het op daar op my gewag! Die omstandighede het drasties verskil van wat ek voorheen geken het. Op die koop toe word my motor gesteel. Dit was 'n groot slag, want die motor het vir my onafhanklikheid en bewegingsvryheid beteken."*

Tydens die gesprek het dit geblyk dat 'n ontwikkelde, kunssinnige mens agter die gebroke en afgetakelde voorkoms skuil. Deur die teenslae van die lewe het sy 'n teruggetrokke persoon geword wat nie maklik sosiaal verkeer en vriende maak nie. Sy het wel uiting vir haar emosies gevind deur die optekening van haar gewaarwordinge in digvorm. Sy het haar bereidheid uitgespreek om van die verse aan die navorser beskikbaar te stel.

### 3.4.1 Eerste waarnemings deur verskillende lense.

'n Mengelmoes van waarnemings en indrukke val op gedurende die eerste ontmoeting. Dit is moeilik om die verskillende perspektiewe streng uitmekaar te hou. Verskillende perspektiewe mag dus veral aanvanklik ineenvloei. Namate die tyd verloop, word dit moontlik om die verskillende insigte meer sistematies te groepeer.

#### *3.4.1.1 Buitelyne van 'n dominante verhaal*

Praktykteologies uit 'n narratiewe perspektief beskou, bied die kernverhaal rigtingwysers na 'n dominante verhaal (Morgan 2000: 7). Die breër kulturele konteks is aanduidend van die magte wat op Elise se lewe ingewerk het of steeds daarop inwerk (White & Epston 1990: 8, 19). Hierin speel die beleefde verhaal sedert haar kinderjare, haar huweliks- en gesinsgeskiedenis en haar beroepservaring, alles binne die konteks van kerk en kultuur, 'n bepalende rol. In die rekonstruksie van haar verhaal deur hervertelling maak die natuurlike plek vir God se Storie daarin verbindingskanale oop wat die potensiaal het om verandering in die hede teweeg te bring (Müller 1996: 105).

In hierdie eerste vertelling fokus die verteller op haar emosionele belewenis en die effek daarvan op haar lewe. Elemente van ‘n alternatiewe verhaal kom egter broksgewys na vore in haar moedige hantering van lewenskrisisse. In ‘n hermeneutiese beweging van verstaan is daar momente wanneer die twee pole van haar verhaal na mekaar toe beweeg. Dit dui op ‘n beter verstaan van die konvergensie van God se reddende en ondersteunende teenwoordigheid en genade en die betekenis daarvan te midde van die lyding en stryd van ‘n eie verhaal van nood.

*Elise se lewensverhaal word gekenmerk deur swaarkry en pyn waarin betekenisvolle gebeurtenisse uitstaan. Elemente wat daarin na vore kom, is haar ervaring van verwerping as kind toe die besef by haar posgevat het dat sy nie altyd in die geborgenheid van ‘n ouerhuis gekoester was nie. Die dood van haar seun in ‘n skietongeluk in 1969 het bykans ondraaglike pyn en trauma tot gevolg gehad. Sekondêre traumatiese gebeure volg as sy haar man in ‘n egskeiding verloor as gevolg van drankmisbruik. Hierdie ingrypende gebeure in ‘n verhaal van nood sou bepalend wees vir die patroon van haar toekomstige lewe, toe sy haar dogter as enkelouer moes grootmaak.*

*Ons eerste gesprek het spoedig gefokus op die motorongeluk waarin sy ‘n aantal jare gelede ernstige beserings opgedoen het. Sy was saam met haar kleindogter, Jolene en dié se vriendin op pad terug universiteit toe, toe die ongeluk gebeur het. Jolene is baie ernstig beseer en haar lewe het lank aan ‘n draadjie gehang, terwyl sy in die hospitaal gelê het. Haar vriendin wat bestuur het, is in die ongeluk dood. Elise is ernstig beseer en is in die hospitaal opgeneem. Intens bewus van haar magteloosheid om te help, het sy bowendien ‘n uitputtende geestelike stryd beleef.*

*In die konteks van die traumatiese gebeure uit haar vroeëre lewensjare, begryp ’n mens hoe Elise as sensitiewe mens haarself as‘t ware in ‘n kokon toegespin het. Die kosbaarste wat vir haar behoue gebly het, haar kind en kleinkinders, het sy as kleinode gekoester wat sin aan haar lewe gee.*

Opsommend kan die volgende gebeure as hoogtepunte in ‘n probleem-versadigde verhaal geïdentifiseer word (Morgan 2000: 14):

- ‘n Enigste seun, nog op skool, sterf in ‘n skietongeluk;

- Elise se huwelik loop daarna op die rotse, wanneer haar eggenoot in drank ontvlugting soek;

- Wanneer haar dogter, by wie sy gewoon het, se huwelik wankel, besluit sy om terug te keer na die stad − ’n skuif wat aan haar as enkelouer groot eise sou stel;

- Die kulminasie van haar teenspoed gebeur op 75-jarige ouderdom as sy ernstige beserings in ‘n motorongeluk opdoen. In dié ongeluk draai haar liefling-kleindogter by die dood om en sterf dié se vriendin.

Die hartseer oor haar seun se dood is verwoord in ‘n gediggie “Eensaamheid”, geskryf op die plaas ná die ongeluk. Enkele reëls daaruit lui soos volg:

*Diep gekwes deur wrede hande en verlangend na my enigste seun…*
*Wees gou, bou ‘n rookskerm om jou uiterlike*
*Dig en stewig om jou gebreekte jy geweef*
*Waar woorde en dade jou nie kan aankleef*
*En laat hulle sien die jy wat nie jy is*
*En glo dis joune wat nie joune is nie.*

In hierdie verse lees ‘n mens van Elise se intense hartseer en haar ontkenning daarvan na buite. Haar verdriet word agter ‘n “rookskerm” weggesteek; na buite straal sy ‘n beeld uit van “alles is wel”. Hierdie vers verwoord die gebeurtenis wat rigtinggewend sou wees in haar lewensverhaal. ‘n Metateoretiese opmerking uit die sielkunde is hier toepaslik. Simptome wat dui op posttraumatiese stresversteuring kom reeds ná hierdie voorval voor en manifesteer in vermyding (Coetzer 2008: 30) soos in die gediggie verwoord.

Elise se dominante verhaal dra die kenmerke van ‘n leed-versadigde verhaal wat kulmineer in die noodlottige motorongeluk. Hierdie lewensbepalende gebeurtenis en die nadraai konfronteer Elise met die volgende omstandighede ten tyde van die ontmoeting met die berader, wat hier net weer in konteks saamgevat word:.

- Terwyl Elise ernstig siek lê in die hospitaal, beleef sy ‘n innerlike geestelike stryd as ‘n skrikwekkende geveg met die duiwel. In haar ernstig-beseerde fisiese toestand ondervind sy die “impak-fase” van ‘n traumatiese ervaring, naamlik “psigiese verlamming”,

stygende angs en hulpeloosheid (Coetzer 2008: 28). Hierdie toestand kon tot haar weerloosheid in die ervaring van geestelike stryd bygedra het.

- Fisiese beserings in die ongeluk sluit die verlies in van tande en beskadiging aan die wangbeen wat rekonstruksie nodig sou maak. Verdere beserings sou lei tot heup-vervangings en die herbouing van ‘n arm. ‘n Pynlike rugbesering sou haar voortdurend herinner aan die ongeluk. Die traumatiese aard van ernstige beserings kan goed begryp word in die lig van die betekenis van die Griekse term trauma, naamlik “wond.” Die getraumatiseerde persoon is ‘n gewonde persoon en daar moet ‘n tyd vir heling wees (Coetzer 2008: 24).

- Mediese uitgawes as gevolg van hoë uitgekontrakteerde mediese fooie tydens opeen-volgende operasies het hoë koste en knaende kommer meegebring. Hiertoe het ontoe-reikende Padongelukkefonds-uitbetalings bygedra. May (1950: 68) wys op die katastro-fiese gevolge wat angs, vrees (wat met kommer saamhang) kan hê. Dit kan tot die persoon se dood lei, omdat geen ander oplossing voorsien word nie.

- Bekommernis oor haar dogter sou later bykom weens haar (Lida) se finansiële en gesondheidsprobleme as artritislyer, en alleen-ritte op afgeleë paaie wat deur haar pligte genoodsaak is;

- Joleen, Elise se kleindogter, het na haar wonderbaarlike herstel ‘n bron van kommer weens omstandighede rondom haar onderbreekte studies gebly. Hierdie kwelling sou later ‘n positiewe wending neem toe Joleen haar geroepe gevoel het tot studies in die sielkunde en haar suksesvol daartoe verbind het.

- Elise ervaar haar afhanklikheid van rook as ‘n onmiddellike probleem wat haar gesond-heid benadeel en ‘n bykomende finansiële las op haar lê;

- Hoewel sonder ernstige gevolge, is die motor wat haar by die aftreeoord moes aflaai ten tyde van haar intrek ongeveer ‘n jaar tevore, in ‘n ongeluk betrokke, wat hernude traumabelewing meebring;

- Op die stadium van ons gesprek voel sy haar steeds ‘n vreemdeling in die aftreeoord weens die gemis van ou vriende en die gebrek aan nuwes. Sy ervaar die lewe as ‘n vereensaamde mens;

- Haar innerlike gesteldheid word sprekend opgesom in haar eie woorde: “Ek het my geloof in mense verloor”.

Die gebrokenheid wat spreek uit Elise se dominante verhaal strek selfs verder terug as wat sy self kan onthou. Haar kennis daarvan spreek uit die volgende vers en is waarskynlik gegrond op die hoor-sê van grootmense tydens haar kinderjare:

*Alleen – verlate – verlore*
*ontydig geborene*
*nog ‘n baba – te veel ‘n*
*moeder te siek om almal*
*te beheer*
*by ‘n ouma, tannie en niggie*
*gedomp – was hul ooit*
*daarmee tevree en was die moederhart*
*vol wee?*
*En in die nag ‘n kindjie wat*
*skree wanneer ore of magie pyn!*
*Was daar geduld soos*
*net ‘n moeder kan gee?*
*en mamma so ver!”*

*3.4.1.2 ‘n Alternatiewe verhaal neem vorm aan*

Weer eens praktykteologies vanuit ‘n narratiewe benadering beskou, kom potensiële unieke uitkomste (Morgan 2000: 51) fragmentaries in die loop van ons gesprek na vore as potensiële stories waaraan ryker betekenisse geheg kan word (Sirr 2001: 37). Hiervan word kennis geneem as aanknopingspunte en buitelyne in die skep van ‘n alternatiewe verhaal (Morgan 2000:14). Potensiële unieke uitkomste presenteer as glansmomente rondom die besondere verhoudings met die kliënt se dogter en kleindogter, asook rondom die vreugde in die uitleef van haar skryftalent in haar digkuns. Die vaste grond in haar

stormgeteisterde lewe vind sy in toegewyde gebeds- en geloofsuitlewing. Verdere perspektiewe op unieke uitkomste dui op die dringende nood om vriendskappe en omgeeverhoudinge binne die aftreeoord te koester en uit te bou.

Die geesteskrag wat algaande geopenbaar is in die verhale van Elise se hantering van krisisse, is die basis vir die potensiële suksesvolle in- en uitlewing van die bogemelde bakens van hoop in die vollediger uitbouing van ‘n alternatiewe verhaal. Hiervan getuig die volgende voorbeelde:

- Die uitlewing van ‘n suksesvolle, vervullende loopbaan, onder andere by opvoedkundige inrigtings waar sy haar akademiese belangstelling kon uitleef;

- Die ervaring van werksbevrediging deur haar talente in te span met hulpverlening aan studente in die voltooiing van skripsies en werksopdragte;

- Die bevredigende gedeelde genoegdoening wat sy ervaar het in die beoefening van haar skryftalent, wat sy met haar dogter en kleindogter kon deel as begaafde mense met besondere geestesgawes;

- Die belewing van groot dankbaarheid vir die wonderbaarlike herstel van haar lieflingkleindogter, Joleen, wat na die ongeluk klinies dood was. Ná haar herstel was Joleen vasbeslote om haar studies te hervat, en soos gemeld, haar as kliniese sielkundige te bekwaam.

- Te midde van en na haar traumatiese ondervindings het Elise geloofsverdieping en -groei beleef. Sy was met groot dankbaarheid daarvan bewus dat sy − sowel as Joleen gedurende haar wonderbaarlike herstel − deur die gebede van baie gelowiges gedra is;

- Die fondament van haar lewe is steeds geloofskrag, dié krag wat haar deur haar veelbewoë lewe staande gehou het;

- Elise se outobiografiese verse en gedigte oor haar innerlike ervarings is vir haar ‘n uitlaatklep vir haar emosies en ‘n kommunikasiemedium waardeur sy intieme gedagtes met diegene ná aan haar kan deel.

Bewus van die potensiële waarde van Elise se skryfwerk in die beradingsproses, het die berader haar aan die einde van die eerste gesprek versoek om haar emosies op skrif te stel wanneer sy tuiskom.

*3.4.1.3 Elise se gemoedstoestand in basisteoretiese, metateoretiese en praktykteologiese narratiewe konteks*

- *Tweede ontmoeting, Dinsdag 30 Januarie 2007*

Die vers wat Elise na ons volgende ontmoeting saamgebring het, spreek boekdele van haar gemoedstoestand. Dit was duidelik dat haar gedagtewêreld intens beïnvloed is deur gebeure in haar dominante verhaal. Dit was aangewese dat insette vanuit al die verskillende pastoraal-terapeutiese invalshoeke dringend ingespan moes word om hulp te verleen. Elise se openhartige vers het soos volg gelui:

*Ek is moeg om emosies te beheer*
*‘n ‘alles wel’ masker te dra.*
*Die gelag in die nag*
*Vol brute krag,*
*Is dit jy noodlot?*
*Brullende leeus met*
*Swiepende sterte wag*
*Voor my deur om te verteer!*
*En geld-mal mense om my*
*Laaste vere te pluk.*
*Hoe kan ek alles beheer −*
*Heer?!*
*Geloof in U het my tot*
*Hier gedra maar nou*
*Wil ek swik.*
*Help my gou –*
*Die gang is donker*
*En nou!”*

Behalwe die angs wat uit hierdie vers spreek, is die wegsteek van Elise se ware gevoelens agter 'n "masker" opvallend – soos die "rookskerm" toe sy haar seun verloor het. In haar angs voel sy gekonfronteer deur die "brute krag" van die noodlot. Sy voel bedreig deur magte buite haar beheer. Die finansiële druk wat sy ervaar, dra by tot haar gevoel van magteloosheid. Sy bevestig haar geloof in die Here wat haar deur die lewe gedra het. Aan die einde bely sy die kwesbaarheid van haar geloof in 'n skietgebed. Sy lê haar kwesbare hart bloot as sy bid dat die Here haar deur hierdie donker en nou gang moet help.

*3.4.1.4 Dekonstruksie en eksternalisering*

Praktykteologies in 'n narratiewe benadering is die leeu in haar vers metafories aangewend om deur dekonstruksie en eksternalisering Elise se angs te verlig (Morgan 2000:17, 45). Haar belewing van angs as 'n brullende leeu is metafories aan die leeus in die Skrifverhaal van Daniël verbind, waar magtige leeus lamgelê word deur die Skepper wat hulle beheer. Daniël verwoord sy geloof soos volg: "My God het sy engel gestuur om die bekke van die leeus toe te sluit…" (Daniël 6: 23). Só is aan Elise gesuggereer kan die skrikwekkende leeu wat haar angs versinnebeeld, gekonfronteer word. Haar verhouding tot die probleem van angs kan so deur eksternalisering oor die afstand van 'n vry ruimte nuut beskou en uitmekaargehaal word.

Eksternalisering sou egter aangevul moes word ook met mediese anti-depressiewe maatreëls. Haar angsgevoelens was vermoedelik simptomaties van diepliggende probleme. Daar is geglo dat deur sielkundige literatuur 'n beter insig in haar gemoedstoestand verkry kon word in 'n hermeneutiese blik deur 'n psigologiese metateoretiese lens.

3.4.2 Perspektief op Elise se gemoedstoestand deur 'n metateoretiese psigologiese lens

Elise se verhaal en haar gemoedstoestand het die vermoede laat ontstaan dat sy aan posttraumatiese stresversteuring ("PTSD") ly. Haar verhaal en simptome val ook binne die volgende definisie:

> PTSD is die gevolg van die oorweldigende blootstelling aan 'n stresvolle insident of 'n reeks van gebeure, soos byvoorbeeld oorlog, verkragting of molestering. Dit is die normale reaksie van normale mense op 'n abnormale situasie (Coetzer 2008 :40).

*3.4.2.1 Raadpleging van literatuur rakende “PTSD”-simptome*

- Raadpleging van die literatuur oor die effek van ernstige motorongelukke op oorlewendes het bevestig dat die ongeluk simptome van posttraumatiese stresversteuring by Elise kon vererger of aanbring. Navorsing in die VSA en Australië toon dat onderskeidelik 38% en 25% van ongelukslagoffers voldoen aan diagnostiese kriteria vir posttraumatiese stresversteuring wat verskeie stresreaksies behels (Galovski & Veazey 2006: 2). Die eerste kategorie van stresreaksies handel oor die emosionele herbelewing van die traumatiese ongeluk deur nagmerries, herhalende en opdringende gedagtes en terugflitse. Hierdie stresreaksies stem ooreen met die opmerking dat die worsteling met trauma verbonde is aan die herinnering daarvan, en dat genesing deur vertelling ‘n belangrike faktor is (Coetzer 2008: 5).

- Die tweede reaksie-kategorie hang saam met ontwykende gedrag, deur vermyding van byvoorbeeld motorbestuur of selfs gedagtes of ‘n gesprek daaroor. Baie posttraumatiese stresversteuringlyers voel geïsoleerd in hulle ervaring en onttrek hulle aan vriende, familie en sosiale betrokkenheid. ‘n Gevoel van emosionele afgestomptheid word ervaar.

- Die derde groep reaksies manifesteer in die hiperopwekking van byvoorbeeld angs en spanning. Dit kan tot slaaploosheid, geïrriteerdheid en ‘n vinnige humeur lei, terwyl probleme met konsentrasie ook kan voorkom (Galovski & Veazy 2006: 2-3). Buckley (2007: 2) wys daarop dat die graad van fisieke besering, moontlike lewensbedreiging en lewensverlies van ander betrokkenes aanduidend is van die ontwikkeling van posttraumatiese stresversteuring. Na-ongeluksveranderlikes wat die ontwikkeling van posttraumatiese stresversteuring beïnvloed, is die mate van fisieke herstel van besering, die vlak van sosiale ondersteuning van naasbestaandes en die mate waarin hertoegetree (kan) word tot werks- en sosiale aktiwiteite.

In ‘n bespreking van bogenoemde navorsingsresultate met Elise is bevestiging gekry dat die bogemelde reaksies in mindere of meerdere mate by haar aanwesig was. Dit het tot beter begrip van haar toestand gelei. Haar reaksies het herbelewing van die gebeure, ontwykende gedrag en hiperopwekking van angs en spanning ingesluit. Sommige van die simptome het in intensiteit afgeneem namate tyd verloop het.

Vir die behandeling van reaktiewe simptome wat nie binne 'n jaar of selfs langer verdwyn het nie, word kognitiewegedragsterapie aanbeveel. Dit sluit in dat pasiënte ingelig word oor posttraumatiese stresversteuring, asook oor stres en hoe en waarom dit voorkom. Diepteontspanningstegnieke word aanbeveel om die effek van angs en gedagtes oor die ongeluk te bestry, met moontlike toevoeging van stresbeheerstrategieë. Blootstelling aan gevreesde stimuli, byvoorbeeld 'n besoek aan die ongeluksterrein, kan mettertyd volg. Leiding moet gegee word ten opsigte van verskillende maniere waarop die slagoffer aan die ongeluk en toekomstige bestuursituasies dink. Aandag behoort gegee te word aan verhoudingsprobleme wat sedert die ongeluk ontstaan het (Galovski & Veazy 2006: 3).

Behandelingsmetodes en prakties-uitvoerbare toepassings is met Elise bespreek, byvoorbeeld deur vriendskapsverhoudings aan te knoop om haar isolasie te oorkom. Bywoning van 'n Bybelstudiegroep is aanbeveel. Die wenslikheid van 'n besoek aan 'n psigiater is sterk aanbeveel.

*3.4.2.2 Hantering van ander sake wat aandag benodig het*

- Elise het my meegedeel dat sy nie medikasie vir depressie gebruik nie, aangesien haar maag baie gevoelig is vir sekere middels. Sy sou af en toe 'n kalmeerpil gebruik "om spanning te verlig". Hierdie wyse van hantering het ook gedui op die nodigheid van gespesialiseerde psigiatriese hulp.

- Elise se rookgewoonte het vir haar gesondheidsprobleme begin skep. Die probleem is met 'n kliniese sielkundige bespreek. Haar advies was dat Elise nie in haar fisiese en gemoedstoestand moes probeer om die rookgewoonte heeltemal op te gee nie, maar dat sy dit so ver moontlik moes beperk en matig beoefen.

- In verband met die swak uitbetaling deur die Padongelukkefonds waaroor sy ongelukkig gevoel het, is onderneem om met die betrokke prokureurs te skakel om uitsluitsel te kry oor die situasie.

### 3.4.3 Gesigspunte deur 'n basisteoretiese lens

In die verdere ontmoetings met Elise was daar steeds dikwels oorvleueling van perspektiewe soos gesien deur die verskillende lense. In die volgende bespreking word so ver doenlik onderskei tussen die resultate soos hulle presenteer vanuit die verskillende gesigspunte.

#### *3.4.3.1 Skrifoordenking*

In 'n volgende ontmoeting dra uitsluitsel oor verskillende kleiner en groter praktiese sake by tot die verligting van Elise se gemoedstoestand. Elke onsekerheid waaroor uitsluitsel verkry word, elke vorm van innerlike twyfeling wat versterkend aangespreek kan word, vorm brokstukke wat uiteindelik bydra tot die samestelling van 'n sinvolle geïntegreerde beeld van heelheid.

In die bewustheid van die diep-geestelike ondertone van haar menswees, het die berader dit gepas geag om Elise te versoek om bepaalde Skrifgedeeltes uit Job voor te berei. Hiermee word terselfdertyd 'n teologiese basisteoretiese benadering gevolg wat erkenning gee aan die diep-geestelike behoeftes van die mens in nood. Deur Job se uiterste ellende en wanhopigheid en selfs opstandigheid teen God in herinnering te roep, en die uiteindelike geseënde afloop van sy worsteling, is geglo dat bygedra kon word tot 'n nuwe perspektief op haar lyding.

Deur die Skrifoordenking sou 'n hermeneutiese passing kon plaasvind in die konteks van haar lewenservaring in die hede in die lig van die ewige waarhede wat deur die Woord tot gelowiges spreek. In die verse uit Job word beklemtoon dat die Here oor alles beskik, ook oor die rampe wat oor ons kom, waarmee ons nie raad het nie: "Maar vir die ramp wat God nou gestuur het, is ek bang, teen sy majesteit kan ek niks doen nie" (Job 31:23). Job is radeloos met sy pyn. Maar hy weet praat of stilbly sal nie help nie. In sy hart leef egter die versekering: "Ek weet dat my Losser leef, uiteindelik sal hy op die aarde triomfeer" (Job 19: 25).

*3.4.3.2 Bemoediging deur praktiese wendings*

Inligting word aan Elise deurgegee oor sake waaroor sy bekommerd was. Positiewe en negatiewe nuus word deur haar meegedeel. Sy voel rustig nadat haar besoek aan die kardioloog positief was, en dat haar inligting oor finansiële sake wat haar gekwel het, foutief was. Sy bevestig egter dat sy weens finansiële oorwegings nie ‘n psigiater kan besoek nie.

Op 20 Februarie het Elise goeie nuus toe “klein” probleme wat gekwel het, opgelos word. Sy ervaar dit as gebedsverhoring. Dit stem haar positief uit ‘n geloofsoogpunt. So byvoorbeeld is haar probleem met haar yskas wat beskadig is, oorkom toe sy onverwags ‘n yskas present kry. Haar positiewe gemoedstoestand en hernude hoop lei tot ‘n deurbraak toe sy haar herinneringe met die berader deel wat getuig van deursettingsvermoë tydens haar beroepslewe. Groot struikelblokke kon oorkom word deur haar moedige optrede.

Basisteoreties gewortel in haar geestelike lewe manifesteer hiermee die herinnering aan ‘n positiewe, oorwinnende lewenshouding. Prakties-teologies gesien, kom hiermee ooreenkomstig ‘n narratiewe benadering ‘n unieke uitkoms na vore as kragtige teenvoeter vir ‘n teleurstelling- en mislukking-deurdronge lewensverhaal. Die herbelewing van haar oorwinnende hantering van oorweldigende gebeure en haar verwoording daarvan, dien kennelik tot versterking in haar stryd teen afbrekende gedagtes te midde van die fisiese stremming van ouderdomsgebreke en pyn.

*3.4.3.3 Basisteoretiese antwoorde op die misterie van lyding*

Elise se treffende verhaal bring ‘n mens van aangesig tot aangesig met die misterie van lyding. Vrae oor lyding, maar ook die bewustheid van die genadewerk van die Heilige Gees te midde van onverstaanbare swaarkry kom na vore. Waarom hierdie intense lyding van ‘n gelowige aan die einde van haar lewe? Vir Elise bring dit te staan voor die worsteling om die eksistensiële ervaring van lyding te versoen met haar verhouding met 'n liefdevolle Vader.

Antwoorde op hierdie vrae mag gevind word in ‘n blik deur ‘n *basisteoretiese* teologiese lens. In gesprekke met noodlydende persone bo die ouderdom van 80 jaar kom die berader telkens voor die teodisee-vraag te staan. En dan bied die Evangelieboodskap die

vertroostende antwoord van God se raadsplan vir die mens se lewe, van sy oorvloedige genade en die misterie van loutering en geloofsvolwassenheid deur lyding.

Lyding word deur die gelowige altyd beleef teen die agtergrond van Christus se lyding en kruisdood. Vir die gelowige wie se lewe ingebed is in ‘n verhouding met God, soos in die geval van Elise, kom daar berusting en groei tot geestelike rypheid en volwassenheid. Dan word dit uitgespreek in oorwinnende geloofsvertroue as unieke uitkoms:

*As ek net sou opkyk, U was die heeltyd daar,*
*en ek het na die duisternis om my gestaar…*

of as sy jubel in haar dankbaarheid oor Joleen se gespaarde lewe:

*... weer eens het U vir my gewys*
*U is getrou aan u Woord …*

‘n Grondliggende perspektief, gesien deur ‘n *basisteoretiese lens,* kom hier na vore. Dit is naamlik die handhawing van bipolêre balans in die pastorale gesprek in die konteks van die pneumatologiese aard daarvan. Elise se gedigte spreek van die “ligbrekingspunt” in ‘n ontmoeting tussen God en die mens, waar heil meegedeel en ontvang word.

In haar geval word hierdie worsteling om vrede met God te vind, beleef in die pynlike omstandighede van haar situasie: fisiese lyding wat ervaar word in die gebrokenheid van haar liggaam, emosionele stryd en hartseer in die verlange na haar kind en kleinkind, die eensaamheid waarin sy haar kruis moet dra, en finansiële kwellings. Te midde van alles dring die troue liefde van die Vader tot haar deur en keer sy haar tot Hom.

Dit kom ooreen met die derde fase wat ‘n siek persoon beleef. Ná die aanvanklike akute ervaring van siekte as indringer word in ‘n tweede fase gesoek na verstaan en wysheid om die toestand te hanteer. In ‘n derde fase is daar dan die ervaring van lewensin en herbesinning or waardes en verhoudings (Louw 2008: 25). So kom die “praxis” van die mens en dié van God bipolêr in harmonie in ‘n hermeneutiese strewe om God met die mens se lewe te verbind (Louw 2008:18). Hierin is God die Gewer wat in genade uitreik in sy betrokkenheid deur die Gees en die mens die afhanklike ontvanger.

3.4.4 Verdere perspektiewe deur ‘n praktykteologiese lens

Toe Elise aangemoedig word om voort te bou op die positiewe herinneringe, volg verdere verhale van moed en deursettingsvermoë. Deur in geloof te volhard, oorkom sy byvoorbeeld probleme toe sy in Eshowe as werknemer vir twee jaar baie onregverdig behandel is. Waar sy later by ‘n universiteit onder ‘n outokratiese hoof werk, word die druk vir haar byna onhoudbaar. Maar deur haar “man” te staan, gooi sy nie die handdoek in nie en verkry sy ‘n oorplasing.

*3.4.4.1 Geestelike volharding ten spyte van breuk met die kerk*

*Op 9 Maart verhaal Elise van die moeilike tyd wat sy ná haar seun se dood beleef het toe daar ‘n breuk met die kerk gekom het. Dit het gebeur tydens die katkisasie van haar dogter. Daar het onaangenaamheid ontstaan rondom kleinlike kritiek oor Joleen se kleredrag. Dit het selfs die koerante gehaal as voorbladnuus! In hierdie tyd toe sy eintlik begrip en geestelike ondersteuning nodig gehad het, raak sy van die kerk vervreem. Hiermee beleef sy ‘n voortsetting van haar versadigde verhaal van leed.*

*Maar haar verhaal getuig ook van moed in die hantering van hierdie krisis. Sy sluit by ‘n charismatiese kerk aan en gaan voort om haar geloof uit te leef. Die verhaal van haar stryd oor wat sy geglo het reg is, vorm in hierdie kritieke fase van haar lewe die basis vir ‘n unieke uitkoms: Die bevestiging van haar geloofstrou en die voortgaande en hernude uitbouing van haar geloof in God. So word hierdie lewensanker, wat in die lewenstorms neig om te verskraal, opnuut versterk as die kernelement van haar lewe.*

*Die siening van haar eie moeisame stryd word in algemeen-menslike perspektief geplaas as sy die vordering op die lewenspad met ‘n tikkie humor verwoord. Eie kortsigtigheid word erken, maar daar is hoop…as ons opkyk!*

> *Die lewenspad het baie donker tonnels waar ons soms moet deur. Hierdie tonnels het ook nog ‘pot holes’ wat jou pootjie, laat struikel en kruip. Ook hekkies waar jy moet oor, klouter en klim. Doringdraadversperrings waaronder jy op jou maag moet seil en flentertjies klere agterlaat. Maar daar ver voor in die tonnel is altyd ‘n liggie wat skyn; in ons worsteling om staande voort te strompel, sien ons dit nie eens raak. Ons bly net vlak*

*voor ons kyk, kop omlaag – oë op die grond. Jy bid en jy dink: 'Het U my vergeet Heer."*

*3.4.4.2 Die terapeutiese waarde van herinnering*

'n Aspek van die genesende krag van die narratiewe meedeel van persoonlike ervarings uit die verlede, veral ook vir die ouer persoon, lê in die terapeutiese waarde van herinnering. Die Engelse term "re-membering" is beskrywend van 'n herverbinding aan plekke waarna verlang word en wat 'n emosionele tuiste bied. Dit sluit in die herinnering aan lewendes en dié wat reeds dood is wie se rolle deur die tyd verdof of vergete is (Morgan 2000: 77), soos wanneer Elise vertel van haar beroepskollegas. In sosiale sin skep "re-membering" die geleentheid om steeds volle lede ("members") van die gemeenskap te wees deur die oordra van ervaring en kennis, en deur deelname aan sosiale en kulturele verandering – dit waarna Elise streef in haar integrasie met mede-inwoners. Deur die oordra van verhale kan in 'n geringe mate gekompenseer word vir lewens wat dikwels stil en eensaam verloop agter die geslote deure van 'n woonplekkie in 'n aftreeoord (Van Dongen 2004: 116). Omstandighede mag wyd uiteenlopend wees, maar die ervaring van eensaamheid het algemene relevansie vir ouer persone, afgesien van ras of kleur.

*3.4.4.3 Verwoording van positiewe gedagtes in gedigte*

Ter versterking van die positiewe waarde van haar selfopenbaring deur haar skryfwerk as unieke uitkoms, versoek die berader Elise weer eens teen die einde van ons terapiesessies om haar gewaarwordings op skrif te stel. Soos die verwoording van herinneringe in gesprek en vertelling terapeutiese waarde het, kan die optekening van emosies in gedigte positiewe waarde inhou. In die geval van Elise kan daarin dikwels 'n groeipatroon waargeneem word wanneer haar ervaring van diepe wanhoop eindig in 'n visie van hoop en geloof.

Die volgende gedig illustreer die opmerking. Die uitdrukking van haar stryd teen wanhoop gaan oor in haar belydenis van die oorwinningskrag van haar geloof wat in hoop en dankbaarheid uiting vind:

*So donker die tonnel –*
*so fel my vrees –*

*Ek bid vir die soveelste keer*
*"Het U my vergeet, Heer?"*
*Ek lig my kop*
*en voor sien*
*ek lig – helder weerkaatsing –*
*redding in sig!!*
*Ewige Lig! Wat wyer uitkring*
*Die donkerte verdring.*
*As ek net sou opkyk U*
*was die heeltyd daar,*
*en ek het na die*
*duisternis om my gestaar.*
*Prys u Naam!*
*Dankie Heer!*

*3.4.4.4 Die waarde van gekoesterde verhoudings*

'n Ander bron van 'n unieke uitkoms wat steeds versterk en gekoester moes word as deel van 'n dominante verhaal, is Elise se innige en kosbare verhoudings met haar dogter en veral met haar kleindogter. Haar beker van dankbaarheid loop oor as sy skryf van Joleen se wonderbaarlike genesing na die ongeluk. Sy verwoord haar gewaarwordings soos volg:

*'n Klinkklare bewys*
*van U verstommende*
*wonderlikheid*
*2x is sy vir ons gegee*
*'n dubbele blessing…"*
*"... weer eens het U vir my gewys*
*U is getrou aan u Woord …*

*U laat my sprakeloos*
*verstom en gehumble…*
*Jesus, ewig getrou*
*altyd dieselfde*
*nes gister, vandag en sommer*
*more ook*

### 3.4.5 Samevatting

Elise se getuienis spreek van liefde en dankbaarheid oor soveel moois wat tog in haar en haar geliefdes se lewens tot stand gekom het. As verbondskind het sy die genade ontvang om haar lewe oor te gee aan die Ander, maar daarby het sy ook die moed om haar saak ernstig te stel (Janse van Rensburg & Hoffman 2003: 246). In hierdie ruimte het sy haar geloof behou as die krag wat haar dra en haar steeds in staat stel om geestelik te groei en die sekerheid van haar eskatologiese verwagting te ervaar (Janse van Rensburg & Hoffman 2003: 244).

Die soeke na antwoorde oor toereikende mediese en fisieke versorging, oor die voorsiening van die regte hulpmiddele, die hantering van psigiese probleme en die behandeling van waarskynlike vertraagde posttraumatiese stresversteuring lê in die visie wat 'n *metateoretiese lens* bied. Metateoretiese vakwetenskaplike insette is ingeroep met die oog op uiteindelike moontlike psigiatriese ingryping.

Die resultate van gerontologiese studies insake verouderingstadia is belangrik geag in die konteks van die navorsing. Elise beleef die simptome van die bejaarde groep bo 80 jaar volgens Gerkin (1997: 220) se indeling. Die tragiek van lyding en afhanklikheid en die gepaardgaande emosionele en psigiese pyn eis hul tol. Die uitwerking van die verskillende vorms van verlies, onder andere fisieke verlies deur geaffekteerde liggaamsfunksies, asook die verlies van sosiale rolle wat tot sosiale onttrekking lei, is relevant in die konteks van die studie (Becker 1986: 75).

Teenoor devaluerende, afbrekende sosiale sienings verleen die religieuse dimensie met die herskeppende krag daarvan in hierdie lewenstadium 'n bestemming en 'n doel (Kimble 2001: 36,37). Elise se ervaring weerspieël die scenario wat hierbo geskets is. Sy ervaar dit selfs in 'n meer akute graad as gevolg van die traumatiese gebeure in haar onlangse verlede. Insigte deur 'n *metateoretiese gerontologiese lens* dra verhelderend by tot pastorale begrip van haar situasie.

# HOOFSTUK 4

# VOORTSETTING: PASTORAAL-TERAPEUTIESE FOKUS DEUR VERSKILLENDE LENSE OP DIE PERSOON BO 80 JAAR

> To truly listen means to transcend your own autobiography, to get out of your frame of reference, out of your own value system, out of your own history and judging tendencies, and to get deeply into the frame of reference or viewpoint of another person (Covey 2004: 192).

## 4.1 'N NARRATIEWE PRAKTIES-TEOLOGIESE LENS

As voorbeeld van 'n narratiewe prakties-teologiese uitgangspunt as lens word vervolgens onder andere verwys na Müller (1996:1) se pastoraat van narratiewe betrokkenheid. Hierdie benadering is gebaseer op prakties-teologiese wysheid en dui op die teologiese integrasie van teorie en praktyk. Dit vind aansluiting by Browning (1991: 34) se model wat die prakties-teoretiese wetenskaplike proses in terme van *praktiese wysheid* definieer (Browning 1991: 34):

> The view I propose … goes from present theory-laden practice to a retrieval of normative theory-laden practice to the creation of more critically-held theory-laden practices (Browning: 1991: 7).

Hierdie benadering beweeg weg van basiese teorie en praktiese teorie. In die geïntegreerde sirkulêre model word heen-en-weer beweeg tussen praktyk en teorie. Die onderskeid tussen meta-, basis- en praktykteorie word vermy (Müller 1996: 1, 2). Praktiese denke begin by die praxis en keer terug na praxis ná die omweg deur teorie (De Lange 2004 :40). Deur hierdie benadering word 'n spanningsvolle, bipolêre verhouding tussen teorie en praktyk bereik, sonder dat die een ondergeskik is aan die ander (Heitink 1993: 149). Die

narratief as kommunikatiewe handeling bied ‘n eko-sistemies-inklusiewe perspektief waardeur kulturele en individuele ervaringe binne ‘n verstaanbare raamwerk geplaas kan word.

Die uitgangspunt wat gevolg word, staan bekend as “phronesis”, “wat ‘n inklusiewe denkraamwerk bied om verskillende teorieë te operasionaliseer” (Müller 1996: 1 – 4). Gebaseer op Aristoteles se begrip van “phronesis” stel Browning (1991: 39) die konsep van hermeneutiese gesprek voor, wat nie die aanwending van abstrakte universalieë op konkrete situasies inhou nie. Hy sien dit eerder as ‘n morele gesprek met enige soort menslike aksie, ‘n voortgaande dialoog met die vertolkings van die Christelike boodskap aan die een kant, en vertolkings en ervarings in kontemporêre kultuur aan die ander kant (Immink 2005: 193). Die gesprek word as moreel beskryf, omdat verstaan soos ‘n dialoog is waar vooroordele en verbintenisse (“commitments”) aangewend word in die proses van verstaan (Müller 1994: 20).

Hoewel die wetenskaplike metode van teorie-praxis-teorie geldig en toepaslik is, moet saamgestem word met die siening dat Praktiese Teologie in wese steeds teologie is en nie sosiologie en sielkunde nie. Dit handel met en besin oor

> … the praxis of God as related to the praxis of faith within a vivid social, cultural and contextual encounter between God and human beings (Louw 2008: 17).

4.1.1 Bipolariteit in ‘n sirkulêre model

In Heitink se bipolêre spanningsmodel dui die een pool op pastorale sorg as helpende professie met ‘n eie identiteit, dus ‘n antropologiese beginpunt, met die lig van die Woord as tweede pool (Heitink 1977: 374,375). Die twee pole funksioneer as ‘n hermeneutiese prinsiep wat dui op die onderlinge betrokkenheid en wedersydse afhanklikheid van God en mens binne die verbond (Heitink 1977: 15). Hy stel dit egter duidelik dat, binne die verbondmatige denke, “God hierin het eerste en het laatste woord heeft” (Heitink 1998: 70).

In die pastoraat van narratiewe betrokkenheid kan die wisselwerkende praktykteorie-metodiek in ‘n sirkulêre benadering gesien word as verteenwoordigend van die twee

pole. Dit vind aansluiting by Putman se kommunikatiewe pastoraat wat ‘n dialogiese relasie tussen ‘n “symbolencomplex” en persoonlike simbolisering beoog (Müller 1996: 9).

Diakoniologies sou die twee pole in die sin van wedersydse afhanklikheid van God en mens binne die verbond in ‘n sirkulêre benadering beteken dat die Skrif se gesag as meesternarratief deurgaans aanvaar word. Die komplementarisme wat die bipolêre spanningsperspektief inhou, is nie diakoniologies verantwoordbaar nie. Deur die konvergensiemotief word die mens se afhanklikheid van God vir die volheid van die heil erken, wat eskatalogies voorkom dat die bipolêre spanning verabsoluteer word (Louw 1999: 88, 89). Die eskatologiese perspektief sluit alle vorme van heling binne die reeds bestaande en die “nog nie”-dimensie in, wat die gelowige se nuwe korporatiewe status in Christus aandui (Louw 2008: 88).

4.1.2 Praktiese teologie as model vir die teologie

Browning (1991: 7) se perspektief sluit by bostaande aan as hy die vereiste stel dat die gelowige gemeenskap homself volledig moet konformeer aan die Woord van God soos in die Skrif geopenbaar – volgens hom die klassieke uitdrukking van die teorie-praktykmodel. Vir hom is Praktiese Teologie nie ‘n onderdeel van die teologie nie, maar die model vir teologie as sodanig, met “practical thinking …(as) the center of human thinking and … theoretical and technical thinking …(as) abstractions from practical thinking” (Browning 1991: 8).

4.1.3 Kontekstuele denkraamwerk

In die geïntegreerde sirkulêre model vorm narratiewe ervaringe die bipolêre verhouding in ‘n kontekstuele denkraamwerk (Müller (1996: 1). Verstelde teorieë spruit uit die projeksie van die narratiewe op die onbekende waaruit weer uitdagings aan die aanvaarde denkraamwerk gestel word (Müller 1996: 3,4). Die narratiewe benadering sluit aan by die begrip “kommunikatiewe handelinge”, wat vandag algemeen gebruik word in die teologie in navolging van Habermas (Müller 1996: 4). Dit vorm ook die kern van Gerkin se benadering van *praktiese narratiewe teologie,* waarby die volgende omskrywing aansluit met die klem op die hermeneutiese verstaanaspek en die verhale van die Christengemeenskap:

> Praktiese teologie is die sistematies-gestruktureerde, voortgaande hermeneutiese proses, waardeur gepoog word om menslike handelinge, wat verband hou met die verhale van die Christengeloofsgemeenskap, teologies te verhelder en te vernuwe. (Müller 1996: 4,5).

Die hermeneutiese en Skriftuurlike uitgangspunte sluit ook aan by Louw (1999: 22,23) se bespreking van die gemeente se koinoniale verband en singewing in eie lewe deur die ontsluiting van die verband met die Skrif. Die narratief figureer selfs sterker, met die klem op verstaan en betrokkenheid, ook in ‘n ekosistemiese verband (Müller 2000: 15; Ganzevoort & Visser 2007: 115). Die narratief is ingebed in ‘n sosiale konteks en is ‘n kreatiewe herrangskikking van narratiewe materiaal. Die “canonical framework” voorsien interpreterende sowel as normatiewe kriteria (Ganzevoort 2004: 56,57). Narratiewe word gesien as die beste manier waarop ‘n mens oortuigings kan oordra, want dit is meer lewensgetrou en dra meer waarde as groot denkskemas (Niemandt 2007: 24).

### 4.1.4 Aard van die hermeneutiese pastoraat

Histories word die hermeneutiese pastoraat voorafgegaan deur die deduktief-georiënteerde kerugmatiese pastoraat (Thurneysen 1963), en die kliënt-gesentreerde deelnemende pastoraat van byvoorbeeld Hiltner (1958). In die eerste geval word uitgegaan van die Christelike geloofstradisie of simbolekompleks, met die pastor tussen die simbolekompleks en die “pastorant”. In die tweede geval neem die pastor of berader die eerste plek in, gevolg deur die pastorant en die simbolekompleks in die laaste plek.

Met die hermeneutiese pastoraat word die lewensverhaal die uitgangspunt vir die vind van sin. Dit gaan oor die rekonstruksie van die lewensverhaal waarby die eie lewensverhaal en ander (geloofs)verhale betrek word. Hierdie benadering val binne Putman (1994: 154) se kommunikatiewe pastoraat waarin gepoog word “om die oordra van die “symbolencomplex” (SC) en die persoonlike simbolisering by mekaar te betrek in ‘n “dialogiese relasie” (Müller, 1996: 8, 9). Dit word in Figuur 4 voorgestel.

*Die problematiek van die bipolêre spanningsveld, van die balans tussen die induktiewe en die deduktiewe, word volgens bostaande model in die noue wisselwerking tussen teorie en praktyk deurlopend in die terapeutiese situasie gehanteer. Die induktiewe ingesteldheid binne ‘n ekosistemiese paradigma word bevestig deur die betrokke waarheidsbeskouing,*

*wat gevestig is in 'n gedeelde realiteit tussen die pastor en die persone in terapie, waarin betekenis in gesprek met mekaar geskep en ervaar word (Kotze & Kotze 1997: 33). Die pastor is 'n medespeler in die soeke na "waarheid" en nie die enigste onfeilbare draer daarvan nie' (Müller 1996: 16). Dit is nie in die eerste plek belangrik om "die waarheid" te ontdek nie: "Dit gaan eerder oor hierdie mens wat voor my sit se waarheid" (Müller 2000: 11).*

*Figuur 4: Die kommunikatiewe pastoraat (Putman 1994:154)*

```
                 __________
                 (   SC    )
                 (         )
                 (         )
                 (         )
       Pastor - (          ) -- Pastorant
                ( _________ )
```

*In die gevallestudie van Sylvia wat volg, is die klem op 'n induktiewe benadering as aangewese beskou vanweë persoonlikheids- en kontekstuele faktore. As 'n bejaarde persoon met sterk gevestigde oortuigings was sy vasgevang in 'n situasie waarin sy haar antagonisties teen (gewaande) bedreigings verweer het. In hierdie omstandighede moes die werklikhede wat haar gedrag bepaal saam met haar deur die berader ontgin word. Slegs op hierdie wyse kon haar vertroue gewen en haar gedrag aan moreel-etiese beginsels gemeet en uiteindelik daardeur beïnvloed word.*

4.1.5 Verruiming van 'n hermeneutiese paradigma tot 'n eko-hermeneutiese paradigma

Met die ekohermeneutiese benadering van Müller (1996: 14) word aangesluit by Gadamer se gedagte van die fusie of versmelting van horisonne wat tyd, plek en tradisie insluit. Hiervolgens is verstaan nie beperk tot begrip van die psigologiese gesteldheid van 'n ander nie, maar tot 'n inhoud waaraan deur 'n eie tradisie betekenis gegee is (Gadamer 1976: 273,4).

In die hermeneutiese dialoog word oor die grense in die gedagtewêreld van die "medesubjek" beweeg, om só tot 'n verstaan te kom waarin die totale horison van konteks, tyd, plek en tradisie versmelt (Müller 1996: 12). In hierdie proses moet die pastor 'n kort en 'n

lang geheue hê wat nie net resente ontwikkelinge onthou nie, maar ook die Christelike tradisie rondom versorging en bystand uit die verre verlede (Gerkin 1991: 59).

Die ekosistemiese epistemologie dien as ‘n denkraamwerk van waaruit die werklikheid in sy geheel oorskou kan word. Hierin fungeer “konstrukte wat deur logika en idees gekonstitueer word” (Müller 1996: 13). Met ‘n eko-hermeneutiese paradigma word uitgegaan van die ekosistemiese denke van die tweedeordekubernetiek of sosiaal-konstruksionisme met die klem op kennis as ‘n funksie van gemeenskaplike teksinterpretrasie (Müller 1996: 81).

Die sosiaal-konstruksionisme is voorafgegaan deur konstruktivisme wat die klem gelê het op die waarnemer eerder as die waargeneemde. Hieruit het die tweedeordekubernetika ontwikkel (Müller 1996: 81). Konstruktivisme sowel as sosiaal-konstruksionisme beklemtoon taal. Eersgenoemde is egter vanuit ‘n biologiese en individualistiese hoek ontwikkel, terwyl laasgenoemde sosio-linguïsties gefundeer is (Kotze & Kotze 1997: 29).

Waar die waarnemer dus etiese insette lewer soos in die sosiaal-konstruksionistiese benadering in Sylvia se geval, kan dit gesien word as ‘n konstruktivistiese ingreep. Die ekosistemiese raamwerk word wel behou, wat die klem plaas op die verstaan van die geheel se betekenis binne verskeie kontekste. Dit veronderstel opname in die betekenisgeheel. So word kulturele en godsdienstige agtergrond, gesins- en sosiale verhoudinge, taal en familieverbintenisse in die verstaan van Sylvia se verhaal in berekening gebring. Hierdie ekohermeneutiese paradigma lê die pastorale model van narratiewe betrokkenheid ten grondslag (Müller 1996: 10-13).

Die benadering in hierdie model gaan blote intellektuele verstaan te bowe in wat as ‘n teologie van betrokkenheid beskryf word (Müller 1996: 24). Louw (1999: 94) beklemtoon ook die aspek van betrokkenheid met die oog op egte kommunikasie tussen medemense. Hermeneuties word die klem gelê op ‘n empatiese verhouding waarin deur noue betrokkenheid tot die dieper dryfvere van die gespreksgenoot deurgedring word.

Ekohermeneutiese narratiewe terapie is begaan oor die wyer sosiale konstruksie van gesindhede en hoedanighede wat die individu verbind aan, benewens die familie, die sterk kulturele diskoerse wat mense se denke en gedrag bepaal (Morgan 2000: 45). Die betrokkenheid tussen leser en teks, hoorder en spreker, is só intens dat die teks hom met ons besighou, en nie andersom nie (Ganzevoort & Visser 2007: 104).

### 4.1.6 Die ervaring van sin as doel

Die sosiaal-konstruksionistiese paradigma behels primêr ‘n induktiewe fenomenologiese benadering in die soeke na sin, en vervolgens die betrekking van die verhale van die gespreksgenoot en die Christelike geloofstradisie op mekaar (Müller 1996: 28). Dit gaan om die reaktualisering in konkrete nuwe situasies van die werklikheid wat deur die ou (Bybelse) verhale opgeroep word (Ganzevoort & Visser 2007: 105). Die gelowige ervaar sin wanneer sy/haar persoonlike verhaal in harmonie is met die meesterverhaal wat deur die geloofsgemeenskap en die kerk in stand gehou word deur die vertelling en hervertelling daarvan.

Pastoraal word geglo dat sin gesoek word in ‘n verhouding met God. Dit gee samehang aan die lewe en konstitueer ‘n motief of dryfkrag vir die lewe. Samehang dui op die belangrikheid van kontekstuele harmonie. In die narratief geld dit ook vir die sinvolle konstruksie of rekonstruksie van die lewensverhaal, en die passing daarvan op die meesterverhaal (Müller 1996: 25-28). In die oordrag van geloof moet ‘n brug gebou word tussen die geloofstradisie van die verlede en ons Christen-wees in ‘n nuwe situasie (Heitink 1993: 176).

*In die pastoraat van narratiewe betrokkenheid word dit as die doel van die pastoraat gesien om ‘n egte soeke na sin te bevorder, dog nie in die sin dat die pastor geroep is “om iemand te help om sin te vind, of sin te gee nie. Dit is immers onmoontlik”. Die pastor moet wel so ‘n situasie “fasiliteer” (Müller 1996: 14). So kan sinvol aan die samehang van ‘n persoon se bestaan ‘n ervaring van betekenis gegee word. “Sin het te doen met ‘n dinamiese, voortgaande rekonstruering van die lewensverhaal op so ’n wyse dat dit sin maak”, op so ‘n wyse dat dit in nuwe situasies aangeveg en vanuit die kernverhaal van die lewe onderhandel kan word (Müller 1996: 27). Sodoende word die bronne van sin herontdek en word die lewensverhaal tot ‘n sinvolle samehang rekonstrueer.*

*Hierin kan die pastor profeties-kerugmaties (Thurneysen 1963; Adams 1970) te werk gaan, of passief-reflekterend (Rogers 1951), maar in die narratiewe benadering word dit gedoen deur die verhale van persone en die Christelike geloofstradisie op mekaar te betrek (Müller 1996: 28). Teenoor die basiese eksistensiële “skaduwees” van angs, skuld,*

*wanhoop en hopeloosheid, staan die "horisonne van sin": intimiteit en liefde, bevryding en versoening, hoop en sorg of omgee (Louw 2005: 101-103).*

Die vraag ontstaan of die sinvolle rekonstruksie van die lewensverhaal die afdoende pastoraal-epistemologiese antwoord is op die sinsvraag. Dit word aanvaar dat dit wel gebeur wanneer daar harmonie tussen die persoonlike verhaal en die meesterverhaal ondervind word, want "binne die pastorale konteks glo ons … dat ware verstaan onder andere veral daaruit bestaan dat sin gesoek word in 'n verhouding met God" (Müller 1996: 26,27). Hierdie tipe verstaan word bereik in 'n geestelike ontmoeting met God waarin 'n mens só gefassineer word deur die trou van God dat hy/sy anders begin leef (Louw 2005: 134).

Die fasilitering van die geleentheid om sin te vind, stel die pastor in staat om verandering in die persoon se lewe binne skriftuurlike norme te bevorder. Dit geskied in ooreenkoms met 'n diakoniologiese uitgangspunt soos dit in hierdie studie verstaan word en sosiaal-konstruksionisties strategies gehanteer is in die verslag van ontmoetings met Sylvia.

4.1.7 Verandering deur "narratiewe betrokkenheid"

Die pastoraat van narratiewe betrokkenheid is gefundeer in 'n narratiewe paradigma. Hiervolgens is die narratief die spilpunt waarom verandering draai omdat "verandering 'n narratiewe saak is. Verandering vind plaas daar waar narratiewe betrokkenheid ervaar word". Dit gebeur nie deur behavioristiese skuiwe, deur psigo-analities in die verlede te delf of deur oppervlakkige bekeringsbesluite nie, maar deur die lewensverhaal tot in die kern te herskryf (Müller 1996:29).

Dit beteken dat verandering in die individu plaasvind deur die ontginning van eie, herontdekte potensiaal. Diakoniologies beteken dit dat die spoor van God se vernuwingsproses in die persoon se lewe gevolg word en "die herkenning van die nuwe mens wat deur die Gees van God in staat was om lewensprobleme te hanteer" (Van Heerden & Kotze 1997: 92,93).

'n Skrifgefundeerde epistemologie beklemtoon dat diepgaande verandering in die mens alleen tot stand kom deur die verandering wat in die hart gewerk word deur die Heilige Gees wanneer die verlossingsboodskap van Christus se versoeningsdood aan die Kruis in die geloof aangeneem word. Hierdie diepgaande innerlike verandering in die mens is nie

alleen die bron van ewige heil nie, maar ook van heling tydens die aardse lewe. Die eskatologiese perspektief kan uitgedruk word as ‘n konvergerende vertolking van die verband tussen heling en verlossing (Louw 2008: 86).

Hoewel verandering in die pastoraat van narratiewe betrokkenheid in mense se lewens dus plaasvind deur die vertel en hervertel van hul lewensverhale, deur die herinterpretasie en rekonstruksie van ‘n kernverhaal, geskied dit binne ‘n “ruimte van pastorale betrokkenheid”. Hierdeur vind die passing van die eie verhaal binne die verhaal van die Skrif plaas.

> Om te verander moet daar ‘n omkering (bekering?) plaasvind, ‘n herontdekking van potensiaal wat al die tyd daar was, maar wat tydelik onderdruk is (Müller 1996: 29).

Die Skrif is dus ten diepste betrokke by verandering deur pneumatologiese betrokkenheid.

4.1.8 Konstruktivisme en sosiaal-konstruksionisme

Ter aansluiting word die verband tussen bogenoemde konsepte weer kortliks gestel. Die konstruktivisme word voorafgegaan deur die geloof in ‘n geordende, kenbare werklikheid met wette wat wetenskaplik ontsyfer kan word en dus op prosesse in die gesins- (of sosiale) sisteem gefokus het. Daarteenoor lê die konstruktivisme klem op die perspektief van die persoon wat ‘n beskrywing aanbied. Die klem verskuif dus van die geobserveerde na die waarnemer. Uit hierdie benadering vloei die sosiaal-konstruksionisme voort wat nie die waarnemer of die waargenome wêreld beklemtoon nie, maar wat kennisvorming binne die kommunikasie tussen die pastor en gespreksgenoot plaas (Müller 1996: 81).

As voorbeeld van ‘n konstruktivistiese metode word verwys na Capps (1990) se paradoksale konstruktivistiese benadering. Dit staan bekend as “reframing” en word deur Heitink (1998: 81-82) en Ganzevoort & Visser (2007: 194) vermeld. Hiervolgens word die metaforiese taal van die gelykenisse van die menslike biografie met die geloofstradisie verbind. Die probleem, stappe reeds gedoen en die plan om verandering te bereik, word geformuleer om tot die werklike punt te kom: die verbeeldingryke soeke na ‘n paradoksale wending in die verhaal. Iets hiervan word gedemonstreer in die verhaal van ‘n gespreksgenoot:

*Hettie was ‘n bewoner van ‘n woonstel in ‘n aftreeoord. ‘n Paar jaar tevore moes sy ‘n hartomleiding ondergaan. Toe met haar kennis gemaak is, het sy weer eens ernstige gesondheidsprobleme ondervind. wat gediagnoseer is as maagkanker. Die enigste hoop op oorlewing sou verwydering van die maag wees. Op haar ouderdom en in haar gesondheidstoestand het hierdie situasie vir haar voor ‘n uiters moeilike besluit gestel. As ‘n geloofstap het sy besluit om daarmee voort te gaan.*

*Die operasie het suksesvol verloop, maar haar eetgewoontes is drasties geaffekteer. Sy sou ook nie in die woonstel kon aanbly nie, maar na ‘n kamer moes verskuif waar die nodige versorging beskikbaar was. Sy moes van oortollige meubels ontslae raak. Daar was finansiële implikasies. In haar verswakte toestand het alles soos ‘n berg voor haar gelê.*

*Die vooruitsigte in die nuwe woonomgewing is positief aan haar geskilder, en ook die nuwe uitdagings en geleenthede wat dit sou bied. Die uitkoms was dat Hettie na ‘n paar maande van moeilike aanpassing die positiewe in haar situasie ontdek het. Sy het gefloreer te midde van die vriendskap en belangstelling van mede-inwoners. Haar verhaal het inderdaad ‘n paradoksale wending geneem. Dit wat as ‘n hopelose situasie in die vooruitsig gestel is, is deur die positiewe ontwikkeling van moontlikhede tot ‘n aanvaarbare nuwe realiteit omskep.*

Binne ‘n ekohermeneutiese paradigma word die pastoraat in ‘n sosiaal-konstruksionistiese verwysingsraamwerk geplaas. ‘n Werklikheidskonstruksie word deur die deelnemers gekonstrueer, waarin saam na die waarheid gesoek word en waarin na die persoon-in-terapie se interpretasie oor wat hy/sy beleef het, gevra word (Müller 1996: 16). Die geloofsperspektief word teruggevind in die lewensverhaal van die persoon self, in die wyse waarop hy/sy positief of negatief deur ‘n bepaalde geloofstradisie beïnvloed is (Heitink 1998: 80). In hierdie proses is metaforiese taal belangrik. Soos simbole lê dit ‘n verbinding tussen die eie werklikheid en ‘n ander werklikheid waarna die gebruikte beelde verwys. Geloofstaal is metafories, byvoorbeeld God as vriend. Verhale skep ook ‘n transisionele ruimte waarbinne verandering kan plaasvind (Heitink 1998: 170).

*4.1.9 Ontwikkeling van 'n "postfoundationalist" praktykteologiese benadering*

In aansluiting by die "postfoundationalistiese" uitgangspunte van kontekstualiteit, interdissiplinêre dialoog en transversale rasionaliteit (Van Huyssteen 2004) word 'n "postfoundationalistiese" MIV-positiewe praktykteologiese benadering voorgestel (Müller 2003, 2005). In hierdie benadering *word wegbeweeg van die konsep van 'n gevallestudie* van MIV- en VIGS-positiewe kinders. Inteendeel, die praxis-moment word gesien as die enigste spasie – die bepaalde lokaliteit, spesifiek beliggaam, en in 'n besondere situasie – waarin enige beslissings gemaak kan word (Müller 2005: 73):

> It is the moment of praxis which I will explore and cultivate in such a manner that a uniquely postfoundationalist practical theology develop out of it (Müller 2005: 74).

Terwyl die hermeneutiese benadering hier steeds onderskryf word, moet 'n besondere siening van verstaan daaraan toegevoeg word, naamlik verstaan binne en vanuit 'n lokale konteks. Vir betekenisvolle prakties-teologiese besinning oor die ervaring van die teenwoordigheid van God word die volgende vereistes in hierdie benadering gestel:

Lokale kontekstualiteit, sosiale konstruksie, tradisie-gerigtheid, naspeuring van interdissiplinêre betekenis en heenwysing verby die lokale (Müller 2005: 78, 79). Kragtens die ontwerp van die onderhawige navorsing vereis die partikulariteit van hierdie prakties-teologiese benadering dat 'n Praktiese Teologie *vanuit* dialoog en kontak met MIV- en VIGS-lyers ontwerp word.

Sosiaal-konstruksionisties word aangesluit by die postfoundationalistiese benadering van sosiaal-gekonstrueerde interpretasies en betekenis. So verwys interpretasies wat *ontvang* is in hierdie verband na tradisie en kulturele diskoerse. Die aansluiting by 'n narratiewe sosiaal-konstruksionistiese paradigma bied die voordeel van beter posisionering "against the relativistic tendencies in some approaches within social-constructionism and the narrative approach" (Müller 2005: 80).

Metodologie word in die volgende stappe uiteengesit: beskrywing van die spesifieke konteks; die luister na en beskrywing van in-konteks-ervarings; die interpretasie van ervarings sowel as beskrywing en ontwikkeling saam met mede-navorsers ("co-

researchers"); die beskrywing van ervarings soos geïnformeer deur interpretasie-tradisies; besinning oor godsdienstige en geestelike aspekte, in besonder oor God se teenwoordigheid soos dit in 'n spesifieke situasie verstaan word; die beskrywing van ervarings verryk deur interdissiplinêre ondersoek en die ontwikkeling van alternatiewe interpretasies wat verby die plaaslike gemeenskap heenwys (Müller 2005: 82).

## 4.2 NAVORSINGSVERSLAG 2: SYLVIA

- *Eerste ontmoeting, 19 Februarie 2007*

*Sylvia was ten tyde van die ontmoeting 'n 87-jarige inwoner van 'n aftreeoord waar sy 'n kamer as 'n verswakte bejaarde bewoon het. Sy was reeds 11 jaar in die inrigting woonagtig en het baie waardering uitgespreek vir die werk wat die direkteur en die verpleeg- en huishoudelike personeel doen. Sy het egter 'n probleem gehad met die personeel wat etes bedien en fooitjies verwag. Sy het geglo dat hulle afskeepdiens lewer as hulle nie fooitjies ontvang nie, en dat hulle selfs so ver sou gaan om die kos te "dokter", in so 'n mate dat dit haar maag geaffekteer het.*

*Hierdie klagte van Sylvia sou 'n deurlopende tema vorm in toekomstige gesprekke. Dit is as nodig beskou om met begrip te luister, ten einde agter die werklike probleem in haar lewe te kom namate die kernverhaal ontvou het (Müller 1996: 23). Uiteindelik moet onder die kognitiewe deurgedring word tot die vlak van die intuïtiewe, emosionele en affektiewe en van relasionele affiniteite (Gerkin 1991: 21). In hierdie verband is 'n "not knowing"-benadering (Ganzevoort & Visser 2007: 88) 'n waardevolle strategie.*

*'n Ander tema wat met die eerste kennismaking na vore gekom het, het betrekking gehad op haar seun, Niel. Dit het geblyk dat hy 'n tyd gelede deur inbrekers by sy huis gewond is en dat hy sy huis moes verkoop. Sy het met deernis en empatie daarvan vertel.*

- *Tweede ontmoeting, 26 Februarie 2007*

*By hierdie geleentheid raak die berader meer bewus van Sylvia se fisieke gebreke, onder andere dat sy baie pyn in haar ledemate verduur. Hoewel sy met moeite met 'n loopraam oor die weg kom, openbaar sy 'n veggees in die hantering daarvan. Haar*

*probleem met die diens kom weer te berde. Dit geld veral een of twee personeellede wat haar probeer "kondisioneer" om fooitjies te gee deur haar af te skeep met bediening, nie suiker op haar pap te gooi nie, of onbeskof op te tree.*

*'n Tweede verhoudingsprobleem kom na vore, en wel met een van die inwoners, met wie sy glad nie oor die weg kan kom nie. Dit blyk dat sy die probleme nie aanspreek deur daaroor te praat nie, maar liewer stilbly en daaroor tob. Haar kommunikasie-probleem word bemoeilik deur erge hardhorendheid, wat haar dikwels uitgesluit laat voel by gesprekke.*

*In gesprekke met Sylvia is die berader se rol hoofsaaklik dié van luisteraar. Hiertoe dra haar gehoorprobleem in 'n groot mate by. Sylvia, kort en klein van postuur, het baie sterk sienings oor sake en kan haar woord baie goed doen. Die luisterrrol gee geleentheid om indrukke te verwerk.*

- *Verslag van verdere gereëlde ontmoetings*

*Gedurende opvolgende ontmoetings gaan dit grotendeels oor die onmin tussen Sylvia en 'n ander inwoner, Ria. Ria is 'n ongetroude dame in haar sestigerjare wat verstande-lik effe gestrem is, maar wel in staat is om op haar eie oor die weg te kom. Ria het aanvanklik saam met haar moeder by die oord ingetrek. Haar moeder het haar later ontval. Sylvia het haar ontferm en 'n goeie verhouding met Ria gehad. Weens Ria se onaanvaarbare optrede deur byvoorbeeld geld en goed te leen en nie terug te gee nie, het die verhouding mettertyd versuur tot waar daar nou wedersydse onverdraagsaam-heid was. Deur neutraal na albei partye te luister kon die berader daarin slaag om 'n "wapenstilstand" te bewerkstellig.*

*In hierdie stadium het Sylvia se dominante verhaal begin vorm aanneem. Die belang-rikste kenmerke daarvan was: 'n onvermoë om goeie verhoudings te handhaaf gestimuleer deur agterdog teenoor mede-inwoners, personeel en verpleegpersoneel se motiewe; 'n beheptheid oor geldbesteding, waarskynlik veroorsaak deur die ervaring van gebrekkige sekuriteit in haar vroeëre lewe; en uiteindelik, 'n sterk fiksasie ten opsigte van haar seun, 'n enigste kind, en sy vrou.*

- *Ontmoetings gedurende September/Oktober 2007*

*Die vertrouensverhouding wat met Sylvia opgebou en gehandhaaf is, het skielik deur gebeure in September geblyk van kardinale belang te wees toe 'n krisis gehanteer moes word:*

*Sylvia is daarvan beskuldig dat sy 'n huishulp in haar kamer met 'n kierie geslaan het. Dit het gebeur toe die betrokke personeellid kos na haar kamer gebring het. Die huishulp se optrede was toe om dadelik die matrone te laat kom en haar saak aan haar te stel. Sylvia het later vertel dat sy net gesit en huil het toe die matrone met haar gepraat het. Weens haar doofheid is sy nie werklik by die gesprek betrek nie.*

*Hierdie episode was vir Sylvia traumaties − veral die feit dat die huishulp, Carol, gelieg het, en dat die matrone en van die ander inwoners Carol geglo het. Die berader het geduldig geluister na Sylvia se weergawe van die verhaal, waarvolgens sy onskuldig gepleit het. Sy het gedemonstreer dat sy nie eers sonder die kierie kan staan nie, wat nog van iemand slaan? Haar weergawe was dat die huishulp haar twee keer geklap het en toe die matrone laat kom het.*

*Die berader het geen rede gehad om haar storie nie te glo nie, aangesien hy haar leer ken het as 'n persoon wat baie gesteld was op die waarheid. In aanmerking genome dat sy in haar eie wêreldjie geleef het met haar eie baie sterk sienings en eienaardighede, het hy haar geglo. Die direkteur wat haar jare lank geken het, het ook haar weergawe geglo. Die swak verhouding met die matrone het egter reeds ver teruggegaan.*

*Die matrone het geëis dat Sylvia 'n psigiater moes gaan sien, anders sou sy na die kliniek verskuif word. Daar sou sy voltyds onder die toesig van verpleegpersoneel wees. Wat Sylvia ontstel het, was dat haar seun met die matrone saamgestem het. Dit was vir haar 'n vernedering dat hulle gedink het sy is versteurd. Die berader het egter 'n neutrale houding gehandhaaf en hom nie hiermee ingelaat nie. Geleidelik is die saak ontlont. Haar seun het haar wel geneem om 'n dokter te gaan spreek, en dié het medikasie vir kalmering en bloeddruk voorgeskryf. Die skuif na die kliniek het egter nie plaasgevind nie.*

In die nadraai van hierdie episode is die stadia van internalisering, oorweging van proaktiewe optrede, akkommodasie deur aanvaarding en uiteindelike doelwitformulering deurloop om ten slotte te kom tot gereedheid om die verskuiwing na die siekeboeg te aanvaar (Louw 2005: 104,105).

- *Verdere ontmoetings*

*In die loop van verdere ontmoetings het Sylvia se verhaal ontvou. Verskillende fasette het daarin na vore gekom. Hoewel die dominante tema (White & Epston 1990: 18) steeds deurgebreek het, het ander, positiewe ervarings na vore begin kom. Grondliggend was steeds die oorheersing deur agterdog en 'n negatiewe gesindheid teenoor die huishulpe, teenoor haar skoondogter en teenoor mede-inwoners.*

*Haar vermoede oor 'n negatiewe instelling teenoor haar by andere was dikwels gegrond op afleidings wat sy as baie sensitiewe persoon gemaak het uit persone se gedrag. Versuim om haar te groet, of 'n gesprek van ander onder omstandighede wat vir haar verdag gelyk het, was genoeg rede vir haar om 'n negatiewe gesindheid te koester. Maar sy sou hulle nie aanspreek nie, die vinger op die mond sit en sê: "Maar ek het stilgebly, niks gesê nie".*

*Gedurende opvolgende ontmoetings vertel sy van haar jonger jare op Ermelo en later op Odendaalsrus, waarvan sy mooi herinneringe koester. Gedurende haar seun se grootwordjare was sy positief by die gemeenskap betrokke. Sy het 'n Afrikaanse ma en 'n Engelse pa gehad. Sy was self met 'n Engelssprekende getroud. Nadat sy in die N.G. Kerk gekatkiseer het, het sy oorgegaan na die Metodistekerk.*

### 4.2.1 Perspektiewe deur verskillende lense

Die bespreking hierna gaan oor perspektiewe soos waargeneem deur die verskillende lense. Die perspektiewe is nie noodwendig streng volgens die verskillende benaderings gerangskik nie, aangesien die narratiewe aard van die materiaal soms 'n meer informele groepering tot gevolg het.

Narratiewe psigoterapeutiese benaderings het bygedra om perspektiewe deur 'n *prakties-teoretiese* lens te verhelder. Dit het die hooftrekke van 'n *dominante verhaal* aansluitend

by kerngegegewens in Sylvia se verhaal duidelik na vore laat kom. Ervarings in huweliks- en gesinsverband, onder andere, het gelei tot die ervaring op hierdie stadium van haar lewe en binne die beperkings van ‘n aftreeoord, van algemene verhoudingsprobleme. Hiertoe het ‘n behoefte aan finansiële sekuriteit waarskynlik sterk bygedra om verhoudings met haar kinders, mede-inwoners, verpleegpersoneel en huishulpe te versteur.

Tydens latere ontmoetings het die kern van ‘n *alternatiewe verhaal* begin ontvou. Weg van haar kommervolle klein wêreld kon sy die positiewe van die verlede herleef en het sy ook aan die einde van gesprekke haar dank uitgespreek vir die geleenthede waarin sy van haar lewe kon vertel in ‘n atmosfeer van vertroue. Haar waardering hiervoor beklemtoon die belangrikheid van vertroulikheid, ook in die skep van vertroue, veral waar ‘n gespreks-genoot juis daarna hunker.

Deur ‘n *metateoretiese* lens moes gerontologies ook in hierdie besondere geval rekening gehou word met die bykans onveranderlikheid van ‘n gevestigde denkwyse. Tyd en geduld was nodig vir unieke uitkomste om na vore te kom as positiewe aanwysers in ‘n klein-geworde wêreld.

*In verdere gesprekke skemer blyke van ‘n meer positiewe gesindheid deur, teenoor die huishulpe, teenoor die bestuur, teenoor die familie. Haar lewensverhaal ontvou verder. Haar man was gedurende die oorlogsjare in die Australian Royal Navy. In 1944 is haar seun gebore. Haar man is op daardie stadium Australië toe. Nadat hy sy werk verloor het, het hy teruggekom Suid-Afrika toe. Sy moes sy probleem met drankmisbruik so goed moontlik hanteer.*

*Ná sy dood 19 jaar gelede het sy by haar suster op Ermelo gebly. Later het sy na ‘n woonstel in Durban verhuis. Sy het ’n goeie verhouding met haar suster en dié se kinders gehad. Sy onthou die geleenthede toe hulle aan die Suidkus vakansie gehou het. Hulle was lief vir haar. “Niel (haar seun) was toe anders”. Natuurlik het dinge met sy huwelik verander. Die verhouding met haar skoondogter was gangbaar, maar Sylvia “het die afstand bewaar”.*

*Sylvia se gebrek aan finansiële sekuriteit kan vermoedelik teruggevoer word na haar omstandighede in die huwelik toe sy verplig was om hulle geldsake nougeset te hanteer. Deur haar verantwoordelike en spaarsame optrede was hulle in staat om in*

*later jare 'n huis aan die Noordkus te koop. Ná die verkoop van dié huis het Sylvia die uitstaande balans op haar seun se verband afbetaal.*

*Sylvia is nie spyt daaroor dat sy haar seun gehelp het nie. Die positiewe van haar daad word in gesprekke beklemtoon. Daar is egter 'n knaende kommer oor haar seun se finansies. Daar word gepoog om haar te laat insien dat sy haar deel gedoen het, en haar kinders toe te laat om as verantwoordelike volwassenes hulle sake te hanteer.*

*Niel het later sy huis verkoop en 'n huurhuis in 'n meenthuis-kompleks betrek. Sy finansies is steeds 'n bron van kommer vir Sylvia. Hoewel Niel gereeld sy verpligtinge ten opsigte van haar losies nakom, glo Sylvia dat haar skoondogter spandabel is en onnodig geld uitgee. 'n Positiewe wending in die verhouding met haar skoondogter blyk moeilik haalbaar. Besoeke aan die kinders word ook al moeiliker weens Sylvia se kwynende gesondheid. Verhoudings kry egter 'n hupstoot as haar kinders haar uitneem vir ete en daar geleentheid is vir openhartige gesprek. Die voortgesette belangstelling van haar kinders blyk 'n sleutelfaktor te wees vir haar welsyn.*

'n Ligpunt in die familiesage is Sylvia se verhouding met haar enigste kleinkind, Malcolm, wat voorheen getroud was. Hy is geskei as gevolg van "'n vrou wat bo hulle vermoë wou leef en heeltyd oorsee wou reis". Malcolm het later 'n verhouding met 'n vrou met drie kinders aangeknoop. Sylvia het die moontlikheid dat hulle later sou trou positief bejeën. Haar verhouding met haar kleinseun en haar opregte belangstelling in hom, vorm saam met die bogemelde faktore die boustene vir unieke uitkomste.

'n Mooi herinnering uit die meer onlangse verlede wat haar sorgsame geaardheid demonstreer, is dié Sylvia se vriendskap met 'n ander inwoner, Joe, wie se vrou in die aftreeoord oorlede is. Voor haar dood het Sylvia na haar omgesien deur byvoorbeeld vir haar toebroodjies voor te berei en voor te sit. Nadat sy vrou oorlede is, moes Joe se een been geamputeer word. In hierdie tyd het Sylvia hom bygestaan. Sy het selfs snags op 'n matras in sy kamer geslaap om hom te versorg. Die versterking van hierdie sy van haar persoonlikheid deur die koestering van verhoudings hou die belofte in vir 'n unieke uitkoms.

In die geheel illustreer Sylvia se verhaal die problematiek van sinvolle berading aan hoogbejaardes met gevestigde denk- en gedragspatrone. Enkele "deurbrake" is wel gemaak

hoewel standhoudende vordering moeilik bereikbaar was. Hierin was sterk invloede uit haar jeug en verlede werksaam. Van Heerden & Kotze (1997: 84,85) verwys na relasionêre strukture as deel van die geskape werklikheid wat ‘n geestelike kwaliteit het wat die mens se diepste wese beïnvloed en ‘n toestand van slaafse onvryheid meebring (Kol. 1: 16). Deur die geloof kan die Christus-gelowige uit die magsgebied van die sonde (Efes.2:1) bevry en in die kragveld van die Heilige Gees geplaas word (Kol. 1:13) (Van Heerden & Kotze 1997: 87,88).

Soos aangetoon sal word, is deur eksternalisering gepoog om neerdrukkende aspekte in Sylvia se dominante storie in perspektief te stel en unieke uitkomste te versterk. Hierin is die Christelike oorwinningskrag oor magte en sonde waarna hierbo verwys is, ‘n kragtige middel tot verandering in denke en gedrag en kom die benutting van basisteoretiese perspektiewe in die verwesenliking van doelstellings deur praktykteoretiese metodes ter sprake.

Op ‘n tydstip toe Sylvia baie beswaard was oor die insident in haar kamer en veral een werknemer daarvoor verantwoordelik gehou het, het die berader uit die bloute ’n skoot in die donker gewaag en aan haar gesuggereer dat die betrokke persone dalk eersdaags nie meer daar sal werk nie. Teen die verwagting in kan veranderinge plaasvind.

Tot almal se verrassing gebeur dit toe dat ander verskaffers vir maaltye aangestel word. Al die ou personeel sou moes gaan. Dit het hierdie klagte tot ‘n besliste einde gebring, en ‘n positiewe impak op Sylvia se denke en geloofslewe gehad. Die klagtes oor die kondisionering vir fooitjies en die swak kos het weer by geleentheid kop uitgesteek, maar was nooit weer oorheersend nie. Hierdie insident het ‘n deurbraak in Sylvia se denke verteenwoordig, want dit het aan haar gedemonstreer dat geykte gedagtepatrone wat mense gevange hou, op onverwagte wyse deurbreek kan word. Basisteoreties hou so ‘n deurbraak ook geloofskonnotasies in vir die gelowige wat worstel met bindende magte.

‘n Ander voorval het betrekking op die verhouding met ‘n nuwe buurvrou met wie verhoudings van die begin af versuur was oor dié se inmenging en kritiese reaksies teenoor Sylvia. Die buurvrou was ook indirek betrokke by die voorval met die huishulp in Sylvia se kamer. Toe gebeur dit dat die buurvrou siek word en maagkanker gediagnoseer word, met ‘n feitlik terminale prognose. In haar reaksie het Sylvia vrede gemaak met haar buurvrou en haar met empatie bejeën.

Ook hier het veranderde omstandighede ‘n verandering in ‘n geykte gesindheid teweeg gebring. *Praktykteoreties* het die ernstige siekte van haar buurvrou Sylvia voor ‘n situasie gestel waarin sy vir haarself moes rekenskap gee van haar waardes in die lig van die dood. Dit het die eksternaliserende uitwerking gehad dat ‘n ruimte geskep is vanwaar sy haar probleem met hierdie spesifieke verhouding in perspektief kon sien vir wat dit werklik is, naamlik haar eie gesindheid. Dit het vordering in die rigting van ‘n unieke uitkoms in haar verhoudingslewe moontlik gemaak.

*Basisteoreties* skep hierdie situasie vir die gelowige persoon die geleentheid tot herbesinning oor basiese Christelike waardes en die persoonlike uitlewing daarvan. Ook hierdie perspektief sou nie sonder betekenis by Sylvia verbygaan nie.

Uiteindelik kan die betekenisvolle afleiding gemaak word dat die ontmoetings met Sylvia, die geleenthede tot ontboeseming vir haar belangrike terapeutiese waarde gehad het. Te midde van afsondering en eensaamheid het dit vir haar ligpunte gebied en goeie herinneringe teruggeroep. Alles het egter gebeur binne haar eie afgeslote wêreldjie, binne haar eie “waarheid”. Deurbrake in haar vasgelegde denke en gebondenheid aan “magte” wat bepalend was vir haar opvattings en handelwyse, hoewel gering, het wel plaasgevind en gesorg vir bevrydende oomblikke en vernuwende perspektiewe.

Verdere basisteoretiese perspektiewe word belig deur die visie wat hierdie lens op die verhaal van Sylvia bied. In die berader se voorverstaan van Sylvia se probleem-deurdrenkte verhaal en die geleidelike verkryging van nuwe insigte namate die verhale ontvou, vind daar ‘n proses van ineensmelting of “fusie van horisonne” plaas (Gadamer 1975: 269-274; Gerkin 1991: 20). So het daar in die loop van die narratief-gekonstrueerde “betekenishorison” wat tydens die dialogiese proses oopgegaan het aangaande haarself en haar leefwêreld, ‘n fusie van horisonne in bogenoemde sin plaasgevind (Gerkin 1984: 44, 45).

Dit het byvoorbeeld sterk na vore gekom in die verdwyning van haar onverbiddelike weerstand teen die verskuiwing uit die privaatheid van haar kamer na die kliniek waar sy beter versorging sou ontvang. Hierdie gedagteskuif het ‘n ingrypende innerlike omwenteling weerspieël wat van tweërlei aard was. Eerstens moes sy die griewe wat sy teen die verpleegpersoneel gekoester het, omswaai na ‘n positiewe gesindheid van aanvaarding en

erkentlikheid. Tweedens het dit erkenning geverg van die onafwendbare tekens van verswakking in haar gesondheidstoestand en haar toenemende versorgingsnood. Die kentering in haar denke sou uiteindelik lei tot bereidheid om die verandering te aanvaar.

Pastoraal-terapeuties het haar ervaring en verwoording van ‘n situasie van nood, vasgevang in ontkenning en negatiewe persepsies, ook gelei tot ‘n verbreding van horisonne. Dit behels ‘n teruggryp na en die herwaardering van geestelike wortels. Die geestelike aspek van herinnering hang hiermee saam, wanneer finale betekenis aan episodes uit die perspektief van die ouderdom toegeken word (MacKinlay 2001: 62).

Sylvia se herinnering aan die geloofsgrondslag wat in haar ouerhuis gelê is, het iets hier-van weerspieël. As klein dogtertjie moes sy die Bybel gaan haal wanneer huisgodsdiens gehou is. Daarná moes sy vrae oor die gelese gedeelte antwoord. In haar worsteling as 87-jarige verswakte bejaarde het sy geworstel om skeefgetrekte verhoudings reg te stel. Dit het haar gebring op die rand van ‘n ineenstorting (Louw 2005: 106) met die wanhopige erkenning: “Ek kan nie meer nie!”. In die greep van ‘n ouderdomskrisis, soos deur Sylvia beleef, word die herinnering aan geestelike grondslae uiteindelik herwaardeer. Dit is dan, in die soeke na lewensin te midde van lyding, dat die kruis van Christus dui op die ontdek-king van ‘n lydende God wat betekenis aan die lewe kan verleen (Louw 2008: 225).

Die waarom-vraag in lyding is nie ‘n “rationele verklaringsvraag” nie, maar ‘n vraag na die grond van bestaan, die grond van vertroue (Ganzevoort 2006: 88). In die ontvouing van die lewensverhaal is dit die taak van die pastorale berader om, getrou aan die sentrale betekenis van die Christelike geloofstradisie, as vertolkende pastorale gids op te tree (Gerkin 1991: 19).

Die wisselwerking tussen die tradisie wat Christelike identiteit en sorg teenoor hulp-behoewende individue, gesinne en die gemeenskap bepaal en definieer, vind uitdrukking in die verhaal van Sylvia. Hierin is die berader, die verpleeg- en mediese personeel as ver-teenwoordigers van die geloofs- en versorgingsgemeenskap, maar ook die eie gesin, familieverband en die wyer gemeenskap as die leefwêreld waarbinne die verhaal afspeel, tekenend van die interpreterende struktuur van pastorale sorg (Gerkin 1997: 26). Hierin vorm die geestelik-pastorale sorg en heling van die liggaam ‘n belangrike verband (Bouwer 2004: 127), veral ook in die konteks van bejaardheid.

*Basisteoreties* geïnterpreteer volgens Louw se konvergensiemodel, illustreer Sylvia se verhaal die konvergensie tussen die twee pole, dié van God en dié van die mens. Soos aangetoon, sluit dit ook aan by die konsep van die fusie van horisonne (Gerkin 1991: 20). In die geval van Sylvia is daar die nader-beweeg vanuit die verstrengeldheid en ingeperktheid van haar eie klein wêreld na die konvergensiepunt, die punt van ontmoeting met God en die ervaring van die heil in Jesus Christus (Louw 1999: 92,93). Mettertyd kom daar by haar die bereidheid tot vergifnis teenoor diegene deur wie sy haar verontreg gevoel het.

Die belewing en uitlewing van vergifnis word van kritieke belang in hierdie lewensfase van snelle fisiese en verstandelike agteruitgang. Pastorale gesprek alleen en meelewende luister kan dit nie vermag nie. Soms is dit ‘n drastiese gebeure, die dood van ‘n geliefde of die ernstige, lewensbedreigende siekte van ‘n teenparty, wat kentering bewerkstellig. Met die tyd kom nuwe perspektiewe na vore deur beter begrip en insig, wanneer episodes uit die verlede verhaal en herhaal word. Verhale wat aanvanklik met groot erns en wroeging meegedeel is, kan later selfs met ‘n tikkie humor en ‘n glimlag herbeleef word as gevolg van die versagting wat deur oorvertelling en nuwe perspektiewe teweeggebring word.

In hierdie proses was Sylvia se toenadering dikwels skoorvoetend, soos wanneer sy ‘n versoenende houding teenoor ‘n mede-inwoner inneem as kanker gediagnoseer word. Wanneer die sieke beterskap ervaar, openbaar Sylvia egter minder vergewensgesindheid. Dit is egter juis dan, wanneer volgens die konvergensiebeginsel die inisiatief steeds by God berus, dat die hoop nie beskaam nie. Dit mag tewens verdere fisieke en emosionele aftakeling van die betrokkene inhou voordat ‘n eskatologiese ewigheidsperspektief op die probleme van die eie klein leefwêreld kentering meebring.

Die *basisteorie* soos verteenwoordig in die konvergensiemodel bied ‘n lens op geloofsgroei by Sylvia wat sporadies deurbreek. Die innerlike gebrokenheid waarmee sy worstel, blyk as sy plegtig haar getuienis uitspreek oor die Here se betrokkenheid in haar hele lewe. Haar grondliggende kommer oor eksistensiële probleme word, eg menslik, pas daarna verwoord in die versugting: “As ek net my handdoeke kan terugkry!” Haar kommer het gegaan oor handdoeke wat uit haar kamer verdwyn het.

Die beweging na geloofsvolwassenheid, ook by die persoon bo 80, bly ‘n oorhoofse basisteoretiese doelwit wat binne ‘n pneumatologiese perspektief nagestreef word. Hier moet *metateoretiese gerontologiese* perspektiewe in berekening gebring word, wat onvermy-

delik die geloofslewe van die bejaarde kenmerk en beïnvloed. Uiteindelik behels die bereiking van die bogemelde basisteoretiese doelwit, ook by die bejaarde persoon, die betrokkenheid van die Heilige Gees in die verandering van die mens deur die ommekeer van eg-menslike sondige neigings en gesindhede.

In die verhaal van Sylvia kon blyke van sodanige betrokkenheid bespeur word. Die ommekeer wat só teweeggebring word, lei tot 'n groter bewuswording van "God se genade vir die mens en die versoening in terme van Christus se Middelaarsfunksie" (Louw 1999: 151,152). So is tradisie as die kanaal vir verlossing én menslike aanvaarding, die Woord sowel as geloof, belofte sowel as gehoorsaamheid gepaardgaande elemente van die verlossing (Immink 2005 : 97).

Hierdie lewensomkerende omstandighede en bewuswording geld in die besonder ook vir die bejaarde. In die lewe van Sylvia sal die samevloeiing van verskillende faktore hopelik ook lei tot groter vrede en sielerus vir haar aan die einde van die pad. Sulke faktore sluit onder andere ook beklemmende kontekstuele omstandighede in soos die vrywillige prysgawe van 'n groot mate van onafhanklikheid; toenemende liggaamlike verswakking en pyn wat elke dag se lewe kenmerk; en die versagting in verhoudinge en bewustheid van afhanklikheid van die Skepper.

'n *Basisteoretiese aspek* van besondere belang vir die gemoedsrus en vrede van ouer persone is die versekering van vergifnis. Vergifnis is in gesprekke met Sylvia te berde gebring in verband met konfliksituasies waarby sy betrokke was. Die nodigheid van vergifnis vir elkeen van ons, in ons gebroke lewens, is beklemtoon. Terselfdertyd verwag die Here dat ons ook andere moet vergewe wat ons benadeel.

Sylvia se reaksie met betrekking tot haar ergste irritasie in die oord, naamlik die gestremde Ria, was dat sy haar sal vergewe, maar dat sy nie met haar enige kontak wou hê nie. Ria het 'n soortgelyke houding ingeneem. Hoewel daar dus vormlike vergewing was, het versoening in die sin van die herstel van die gebroke verhouding nie plaasgevind nie (Ganzevoort & Veerman 1999: 86).

Ten opsigte van die verpleegsusters het Sylvia aangevoel dat hulle gedrag teenoor haar afgekoel het. Dit was nodig dat die berader Sylvia van tyd tot tyd daarop attent moes maak dat goeie verhoudings met die verpleegpersoneel vir haar van groot belang is, aangesien

sy moontlik enige tyd in die siekeboeg kon beland waar sy geheel van hulle afhanklik sou wees. In dié verband is aan die betrokke personeel meegedeel hoe Sylvia hulle verhouding ervaar het, met die versoek dat hulle daarna moet streef om dit te normaliseer. In hierdie verband is wel met die verloop van tyd in die rigting van versoening beweeg.

### *4.2.2 Die aanwending van metateoretiese psigoterapeutiese tegnieke in 'n prakties-teoretiese benadering*

#### 4.2.2.1 Dekonstruksie

Herhalende temas in Sylvia se verhale het die geleentheid geskep tot dekonstruksie om sodoende tot die dieper verhaal agter haar lewe deur te dring. Hiertoe was dit nodig om haar verhale met "argwaan" of "suspisie" uitmekaar te haal. Terselfdertyd kan die prakties-teologiese en metateoretiese uitgangspunte in hierdie narratiewe benadering in aksie gesien word as lense waardeur die gegewens uit verskillende hoeke belig word. Hierdie benadering gaan uit van ervarings gegrond op kontekstualiteit, lokaliteit en pluralisme, waaruit teorieë voortspruit wat aan die bestaande epistemologie getoets kan word (Müller 1996: 3). Deur dekonstruksie word gepoog om agter die werklike beweegredes vir probleemgedrag te kom in die lig van die idees en praktyke van die breër kultuur (Morgan 2000: 45).

Een so 'n opvallende, in 'n sekere sin alles-oorheersende tema was Sylvia se diepliggende besorgdheid oor die wyse waarop geld bestee word, en haar oordrewe beheptheid en sorg waar dit gaan oor persoonlike besittings. Ten diepste kon hierdie karaktertrek dekonstruktief teruggevoer word na haar kinderdae uit 'n gemengde Engels-Afrikaanse ouerhuis. In die historiese konteks van destyds was 'n gemengde kulturele agtergrond nie bevorderlik vir die ontwikkeling van persoonlike sekuriteit gevestig in 'n eie identiteit nie. Die gebrek aan geborgenheid word krities wanneer drankmisbruik by die vaderfiguur gesinsverhoudings versteur. Gepaardgaande met finansiële beperkings en tekorte is dit 'n resep vir gevoelens van insekuriteit.

In die verdere verloop van haar lewe tree Sylvia in die huwelik met 'n Engelssprekende en verbreek haar institusionele godsdienstige ankers deur na die Metodistekerk oor te gaan. In hierdie huwelik leef sy haar hunkering na sekuriteit uit deur nougeset na die geldsake van die gesin om te sien. Sy is die een wat geld deponeer en sorg dat daar gespaar word.

Waar haar eggenoot in gebreke bly, neem sy verantwoordelikheid vir die gesin se finansiële welstand. Haar soeke na die sekuriteit van ‘n veilige hawe vind ook neerslag in haar moederlike betrokkenheid by die welsyn van haar enigste kind, ‘n seun, en die presiese beplanning en uitvoering van haar totale lewensinrigting.

Aansluitend by die bostaande scenario is Sylvia se kritiese houding in latere jare teenoor haar seun ten opsigte van sy rol in die huweliksverhouding. In die proses vind die vervreemding van haar skoondogter plaas. Dekonstruerend sou ‘n mens dit kon terugvoer na die finansiële hulp wat sy ‘n aantal jare vantevore aan haar seun verleen het deur haar spaargeld aan te bied om sy huisverband af te betaal. Met verloop van tyd is die huis verkoop as gevolg van ‘n inbraak waarin haar seun verliese gely het en aangerand is. ‘n Huurhuis is daarna deur die kinders betrek, wat volgens Sylvia se oordeel duurder is as wat hulle kon bekostig. Daarby openbaar haar skoondogter spandabelrige koopneigings wat nie Sylvia se goedkeuring wegdra nie. Ook bekommer dit haar as haar kinders haar nie gereeld kom sien nie, of agterstallig raak met die betaling van haar losies waarvoor hulle verantwoordelik is. In so ‘n geval vermoed sy onmiddellik finansiële probleme.

‘n Opvallende aspek van Sylvia se interpersoonlike verhoudinge in die aftreeoord is die agterdog waarmee die optrede van mede-inwoners bejeën word. Aan die wortel hiervan lê vermoedelik ook ‘n finansieel-gekoppelde sekuriteitsbehoefte. ‘n Goeie verhouding wat skipbreuk gely het juis rondom die kwessie van persoonlike diefstal of wangebruik van middele getuig hiervan. Swak kommunikasie as gevolg van die gehoorprobleem dra by tot ‘n situasie waarin enigsins onvriendelike gedrag, gekoppel aan ‘n verdagte gesprek, verwydering van mede-inwoners meebring.

Agterdogtige gedrag manifesteer eweneens teenoor huishulpe. Hulle word daarvan verdink dat hulle afskeepvoedsel bedien aan inwoners wat nie fooitjies gee nie. Herhaal-delik word huishulpe verdink dat hulle kos “gedokter” of vergiftig het wanneer Sylvia maagongesteldheid ervaar. Hoewel die genoemde aantygings ‘n element van waarheid mag ingehou het, was dit moeilik verifieerbaar, aangesien ander inwoners nie normaalweg oor dieselfde probleme gekla het nie.

Dekonstruksie van aspekte van Sylvia se dominante verhaal het bepaalde probleme uit-gelig en illustreer hoe die verhouding tot die probleem die probleem kan word (White &

Epston 1990: 40). Die ervaring het egter getoon dat diepgaande verandering van denke en gedrag in die geval van hierdie bejaarde persoon slegs in ‘n geringe mate suksesvol was.

4.2.2.2 *Eksternalisering en unieke uitkomste*

In die loop van die gesprekke met Sylvia het verhale na vore gekom wat ‘n ander perspektief op haar probleem-versadigde vertellings geopen het. Die verhaal van haar noue vriendskap met Joe en sy vrou, mede-inwoners in die aftree-oord, werp lig op ‘n ander sy van haar persoonlikheid. Joe se vrou was terminaal siek toe hulle inwoners geword het, en Sylvia het dit op haar geneem om spesiale aandag aan haar te gee. Na haar dood het die hegte vriendskap met Joe voortgeduur (White & Epston 1990: 41).

Fasette uit hierdie verhouding weerspreek eintlik die dominante, probleem-deurdrenkte verhaal van sekuriteitsbehoeftigheid wat hierbo beskryf is. Een van die helder verhaalflitse uit hierdie tyd fokus op Joe en Sylvia saam aan die etenstafel. Joe is rojaal met die fooitjies wat hy aan die kelnerinne uitdeel, met gevolglike voorkeurbehandeling en ruimskootse porsies wat aan hom en Sylvia uitgedeel word. In hierdie omstandighede word Sylvia se hunkering na sekuriteit op die agtergrond geskuif. Joe se finansiële vermoë en vrygewigheid verlig ook haar stres oor ‘n moontlike tekort aan kontant wat meer onlangs ervaar is, en die verwerkliking van onvervulde behoeftes. Op hierdie wyse is Sylvia bevry om ‘n “ligter, effektiewer en minder stresvolle benadering tot dodelik-ernstige probleme” in te neem. In hierdie situasie kon sy miskien selfs ‘n besef kry van *die probleem in haar lewe wat die probleem is*, in plaas van die persone en verhoudings wat as gevolg daarvan problematies geword het (White & Epston 1990: 40).

Met Joe se kwynende gesondheid en verlies aan mobiliteit het die sorgende, omgee-kant van haar karakter sterker na vore gekom. Soos reeds gemeld, het sy so ver gegaan dat sy snags haar matras op Joe se kamervloer gegooi het om daar te wees vir hom. Haar optrede het haar in botsing gebring met ander inwoners, omdat sy snags hulle rus versteur het deur na-ure van die hysbak gebruik te maak! Wat egter sterk deurkom in hierdie verhaal van haar is die vermoë om ‘n vriendskapsverhouding te handhaaf en met getrouheid deur te voer tot die einde toe, tot Joe se dood. In hierdie episode is elemente teenwoordig wat die “geleefde ervaring” van haar dominante verhaal weerspreek en gapings open tot die giet van die lewensverhaal in ‘n alternatiewe, “unieke weergawe”. Dit gebeur deur vrae wat aanmoediging gee tot die vertel van alternatiewe stories, deur die in-posisie-

plaas, generering of heropwekking van sodanige stories wat sin sal maak van die unieke uitkomste (White & Epstone 1991: 40,41; Morgan 2000: 4).

In die geval van Sylvia het die motief om hierdie doel te bereik, gelei tot verdere verhale uit die tyd voordat sy in die aftreeoord kom woon het. Hieruit het haar deelname aan die sosiale lewe na vore gekom, soos onder andere uitgeleef in haar liefde vir dans. Positiewe verhale oor goeie verhoudings met familie met wie sy aangename vakansies deurgebring het, vorm ook boustene vir ‘n unieke uitkoms. Haar liefde vir en goeie verhouding met haar kleinseun en haar belangstelling in sy welsyn in ‘n verhouding met ‘n dame met drie kinders uit ‘n vorige huwelik, het die positiewe aspekte van ‘n alternatiewe verhaal versterk. Anders as verwag sou kon word weens haar versigtige houding ten opsigte van finansiële sekuriteit, het sy ‘n oop gesindheid geopenbaar en selfs haar seën en aanmoediging op sy planne gegee. ‘n Verdere versterking van ‘n alternatiewe verhaal was haar betrokkenheid by ‘n bejaarde dame wat aanpassingsprobleme ervaar het, simptome van Alzheimer se siekte geopenbaar het en vereensaamd was. Sylvia het dit haar taak gemaak om dié dame periodiek te besoek en saam met haar tee te drink.

Een ander faset van Sylvia se verhaal moet gemeld word in verband met eksternalisering**.** Daar is reeds verwys na haar gemengde kulturele herkoms. Dit is opmerklik dat sy haarself uitstekend kon uitdruk in sowel Afrikaans as Engels. Sy was baie gesteld op korrekte taalgebruik en druk haarself duidelik in grammaties-korrekte taal uit. Hoewel haar huistaal Engels was, die taal waarin sy ook met haar seun en sy vrou praat, is gesprekke met die berader deurgaans volgens haar keuse in Afrikaans gevoer. In haar keuse van Afrikaans as gesprekstaal, en die bekwame wyse waarop sy haar daarin uitdruk, word ook elemente van ‘n alternatiewe verhaal ervaar. In hierdie verhaal vind haar hunkering na sekuriteit, wat teruggaan na die kinderjare saam met ‘n Afrikaanssprekende moeder, ook uiting deur die soeke na vastigheid weg van die hobbelrige pad van die gemengde kultuur.

Hierdie verryking van ‘n verarmde verhaal word ook versterk deur haar hoë waardering vir die direksie en bestuur van die Afrikaanse inrigting waarin sy oor ‘n tydperk van ‘n dekade goeie behandeling ervaar het. Haar aanpassing in hierdie tuiste wat kultureel-godsdienstig ‘n voortsetting was van ‘n kosbare deel van haar jeugjare, vorm deel van ‘n unieke uitkoms in ‘n verstewigde alternatiewe verhaal wat bygedra het tot ‘n gerespekteerde en menswaardige lewe as bejaarde. Tog reflekteer haar optrede en verhoudings ‘n onderliggende spanning wat mag saamhang met die spanning tussen kultuur- en taalverwante identiteits-

behoeftes (outentisiteit) en selfgelding in die ontplooiing van innerlike potensiaal (Louw 2005: 30).

#### *4.2.2.3 Versterking van alternatiewe verhaal*

Uit bostaande opmerkings blyk dit dat die moontlikhede tot suksesvolle implementering van eksternalisering beperk word deur die feit dat merendeels afgeslote verhale uit die verlede hier ter sprake is. Die rolspelers mag reeds oorlede of nie meer beskikbaar wees nie. Nogtans illustreer die bostaande weergawe en interpretasie van Sylvia se verhaal die impak wat die terugroep van verhale uit die verlede, en die eksternalisering en uitbouing van verwaarloosde aspekte daarvan, ten opsigte van unieke uitkomste kan hê. Die waarde lê daarin om vir die bejaarde ‘n hoopvolle toekomsperspektief te help skep deur die knellinge van ‘n dominante verhaal in hulle relatiewe onbelangrikheid met betrekking tot ligpunte van alternatiewe verhale te beklemtoon. Fragmente van verhale wys na ander verhale wat betekenisvol is vir ‘n geheelbeeld en net so belangrik is vir die identiteit van die verteller as dié wat wel vertel is (Ganzevoort 2007: 123). Deur ‘n besef van die invloed van die probleem of probleme in die eie lewe, soos byvoorbeeld Sylvia se versteurde verhouding met Ria wat deur afstand in perspektief gestel is, en die invloed van die eie lewe op die “lewe” van die probleem, kom daar groter bewustheid van die verhouding met die probleem. Daardeur word so ’n persoon uit ‘n statiese wêreld wat intrinsiek is aan persone en verhoudings, oorgeplaas na ‘n fluktuerende wêreld van ervaring met nuwe moontlikhede vir bevestigende, plooibare aksie (White & Epstone 1991: 42).

### 4.2.3 Samevatting van metateoretiese psigoterapeutiese aspekte by Sylvia

In die ontmoetings met Sylvia het haar fisiese en psigologiese omstandighede die berader se deelname hoofsaaklik tot die rol van luisteraar beperk. Haar gehoorgestremdheid het gesprek bemoeilik, terwyl die manifestasie van sterk vooroordele en gevestigde idees (Cox 2001: 22,23) in die pad gestaan het van geredelike meningsverandering. In hierdie situasie was die aanwending van ‘n sosiaal-konstruksionistiese benadering om tot werklike verstaan van haar dieper dryfvere deur te dring, aangewese. Die positiewe aspekte van so ‘n benadering is vanuit die diakoniologiese posisionering van die berader benut.

In die praktykteologiese aanwending van narratiewe psigoterapeutiese metodes is die dominante verhaal van Sylvia se lewe gekarteer. Deur dekonstruksie en eksternalisering

kon unieke uitkomste aangewend word om 'n verskraalde alternatiewe verhaal sterker uit te bou. Hierin het die belangrike rol van familiebetrokkenheid en versorgende karakter-eienskappe na vore gekom. In die ontwikkeling van die verhaal het praktykteologiese en basisteoretiese benaderingswyses dikwels in wisselwerking met mekaar tot vordering gelei.

Verandering was gerig op die fusie van horisonne − om die eie verhaal met die verhaal van God se reddende genade te laat saamsmelt. Die ervaring was dat Sylvia se eie verhaal van nood kon lei tot die verbreding van horisonne, deurdat opnuut teruggegryp moes word na die geloofsgrondslae van haar lewe. Skeefgeloopte verhoudings het gelei tot 'n nuwe besef van die behoefte aan die genadegawe van vergifnis, en die vertedering van hart teenoor andere wat verkeerd optree. Uiteindelik het daar groter geloofsvolwassenheid en beter toegerustheid gekom om die pad na die einde te voltooi. Dit was alleen moontlik binne die gerontologiese metateoretiese beperkings wat met hoë lewensjare gepaardgaan, en binne die bestek van eie identiteit wat gedurende die lewe vasgelê is.

### 4.2.4 *'n Sosiaal-konstruksionistiese benadering*

Die noue verbondenheid van die mens se identiteit met sy/haar kernverhaal beklemtoon die noodsaaklikheid van werklike pastoraal-terapeutiese betrokkenheid om tot "verstaan" te kom. "God, my lewensverhaal en my soeke na sin, behels ten slotte dieselfde tema …" (Müller 1996: 28). Die gedagte dat God Hom aan die mens openbaar in sy/haar menslike ervaringswêreld, gewoonlik indirek deur waarnemings- en bewuswordingsprosesse, sluit hierby aan (Heitink 1998: 71).

Lewensverandering binne hierdie opset is moontlik deurdat verandering gesien word as 'n narratiewe proses wat in 'n omgewing van pastorale omgee vergestalt word (Müller 1996: 29). Geloof figureer as 'n "rollespel" waarin die rol van God en dié van mense op mekaar afgestem moet word (Ganzevoort &Visser 2007: 172). Deur die vertel van verhale, die herinterpretasie en die rekonstruksie van die kernverhaal tot in sy kern vind 'n innerlike ommekeer plaas deur die na vore bring van onderdrukte potensiaal (Müller 1996: 29).

Vanuit 'n diakoniologiese posisie word die betrokkenheid van die Heilige Gees erken in die bereiking van begrip en insig. Calvyn sien bekering as 'n voortdurende beweging tussen

God en die mens, maar uiteindelik is dit ‘n menslike handeling deur die Gees gewek (Immink 2005: 92). Hiertoe kan die narratief instrumenteel wees.

Aspekte van bogenoemde uitgangspunte word geïllustreer in die ontmoetings met Sylvia, wat die stelling belig dat die pastor die gespreksgenoot intersubjektief moet benader om die denkpatroon en onderliggende motiewe van die persoon te leer ken. Die belangrikheid van luister na bejaardes in ‘n Afrika-konteks (Ayete-Nyampong, S. 2009: 10) om tot empatiese begrip en dieper dryfvere deur te dring, was in Sylvia se situasie ewe relevant. In die begeleidingsproses is sterk-bewoorde vooroordele, onvergewensgesindheid en kritiese uitsprake met begrip vir die kontekstuele agtergrond aangehoor. Die herhaaldelike uitspreek van liefdelose of gekrenkte reaksies het die geleentheid gebied om die verlossende evangeliese weg aan te dui.

Daar word verwys na relevante fasette in Sylvia se verhaal:

> *Sylvia (reeds ‘n hele aantal jare lank ‘n inwoner van ‘n aftreeoord) se probleme met kosvoorsiening was aan personeel welbekend. Volgens vorige klagtes van haar het die kos haar sodanig geaffekteer dat sy geglo het dat dit vergiftig word deur huishulpe, met wie sy nie ‘n goeie verhouding gehad het nie. Uit vorige ondervinding het sy geglo dat onsmaaklike, afskeep-voedsel voorgesit word as die kelnerinne nie voortdurend met fooitjies “aangemoedig” word nie. Haar kos is in haar kamer bedien weens haar probleem om te loop.*
>
> *Daar is reeds verwys na die episode toe Sylvia na bewering ‘n huishulp met ‘n kierie geslaan het, ‘n aanklag wat sy ontken het. Haar weergawe was dat die huishulp haar geklap het. In die lig van sy ervaring met Sylvia het die berader ook nie rede gehad om dit te betwyfel nie. In die loop van die gesprekke was die berader steeds die geduldige luisteraar. Stadigaan het ‘n prentjie ontvou, ‘n patroon van versteurde verhoudings met en gewaande verontregting deur inwoners en familie. Deur geduldig te luister, deur ‘n “not knowing”-posisie in te neem en haar die geleentheid te gee om die “deskundige” te wees, het die geleentheid hom voorgedoen om ‘n kykie agter die skerms van haar lewe te kry, en ook van die mooie en positiewe te verneem. Die “bemagtiging” het daaroor gegaan dat die berader ‘n geduldige luisteraar van die gespreksgenoot was en binne haar eie gedagtewêreld*

*oplossings gesoek het, in plaas van om verpleegpersoneel en familie te konfronteer.*

Die verloop van gebeure rondom die insident word ter aansluiting kortliks herhaal: Sylvia se bitterheid oor die gemelde episode het gegaan oor die wyse waarop die saak gehanteer is. Ná die voorval het die *huishulp* die matrone ontbied en haar weergawe van die gebeure vertel. Omdat Sylvia hardhorend is, het sy nie aan die gesprek deelgeneem nie en het sy ook nie probeer om haarself te verweer nie. Die saak is gerapporteer en haar seun is daarvan in kennis gestel. Die konsensus was dat die dame deur 'n psigiater ondersoek en na die siekeboeg verskuif moes word waar sy onder deurlopende toesig en aandag sou wees.

*In gereelde gesprekke met Sylvia kon op 'n kalme en gebalanseerde wyse gesels word omdat haar vertroue gewen is. Die saak is ontlont en sy is toegelaat om in haar kamer aan te bly. Na meer as 'n jaar het besoeke steeds plaasgevind en het dinge redelik kalm verloop.*

*'n Ou probleem het egter weer kop uitgesteek: nuwe klagte oor die kos wat haar maag in so 'n mate affekteer het dat sy vas geglo het dat sy vergiftig word. Hoewel daar nuwe personeel was wat die etes bedien, het die fooitjiekwessie weer eens kop uitgesteek. Hier moes die berader probeer om sinvol te verduidelik dat vergiftiging hoogs onwaarskynlik is en dat geen ander sodanige klagtes ontvang word nie. Dit het ook geblyk dat sy self soms 'n fooitjie gee. Deur sy "objektiewe" waarneming het die berader hom die gramskap van die gespreksgenoot op die hals gehaal en gevaar geloop dat die vertrouensverhouding versteur word. 'n Situasie soos hierdie vereis besondere takt en wysheid om binne die bestaande parameters die goeie verhouding te handhaaf, en te voorkom dat 'n breuk tot skade kan lei aan 'n verhouding wat vir die gespreksgenoot 'n kosbare uitlaatklep bied.*

In 'n situasie soos hierdie mag dit vir aanvaarbaar wees dat die berader op 'n omsigtige, nie-direktiewe wyse met sy meerdere insig van die "nie-wetende" benadering afwyk, regstellende stappe doen en die rigting van die gespreksverhouding beredder. Hier kan 'n "buitestaander"-siening 'n belangrike faktor wees in die vind van 'n oplossing.

‘n Belangrike aspek in die situasie as geheel is die ouderdom van die gespreksgenoot wat liggaamlike en psigiese implikasies inhou. Fisiek moet gebreke soos gestremdheid van gehoor en mobiliteit, gepaardgaande met erge pyn, deur die gespreksgenoot gehanteer word. Psigologies is Sylvia se sterk en vasberade persoonlikheidsinstelling en die rol van argwaan in interpersoonlike verhoudings belangrike faktore (Cox 2001: 22,23).

Voeg daarby dat histories-bepaalde gedragspatrone teenoor huishulpe in ‘n vorige era vasgelê is. In ‘n veranderde sosiaal-politieke milieu lei dit onvermydelik tot verhoudingsprobleme. Hierdie sake moes dekonstruktief aandag geniet om sodoende diep vasgelegde diskoerse in die lig te stel. Om hiervan weg te beweeg, het geblyk ‘n haas onbereikbare ideaal te wees in die konteks van geykte waardes wat oor ‘n leeftyd vasgelê is. Beperkte sukses is behaal wat tot ‘n mate van gedragsverandering en konformering aan institusionele vereistes gelei het.

*4.2.4.1 Diakoniologiese perspektiewe op die waarde van ‘n sosiaal-konstruksionistiese (MIV-positiewe) prakties-teologiese benadering*

Die volgende diakoniologiese perspektiewe verteenwoordig ook ‘n visie deur ‘n *basisteologiese lens* op die besondere problematiek wat in menslike interaksie rondom hulpverlening in die lig van die Woord na vore kom.

Die onderstaande beskouings is in die breë ook toepaslik op die sosiaal-konstruksionisties gebaseerde MIV-positiewe prakties-teologiese benadering (Müller 2005) wat onder 4.1.9 bespreek is. Volgens postfoundationalistiese uitgangspunte word getrag om die absolute standpunte van moderniteit en postmoderniteit te vermy of te oorbrug.

Die lokaal-kontekstuele benadering wat gevolg word ten einde die Praktiese Teologie aan die moment van *praxis* te verbind (Müller 2005: 74) beklemtoon die induktiewe element (die mens in nood). Aan die deduktiewe kant wys Louw (1999: 19) daarop dat “die verband tussen praktiese teologie en sosiale aksie die dissipline van etiek benodig”. In bogenoemde prakties-teologiese benadering word die deduktiewe element slegs verteenwoordig deur ‘n sosiaal-konstruksionistiese verstaan van die teenwoordigheid van God deur navorsers en mede-navorsers (Müller 2005: 84, 85). Die vraag ontstaan of hierdie komponent genoegsaam verreken is.

Kritiek word op die sosiaal-konstruksionistiese benadering uitgespreek vanweë die beskouing dat die kliënt die ekspert is. Die terapeut werk dus uit ‘n “not knowing”-posisie, ‘n posisie van onkunde rakende die kliënt se probleem. Dit word beweer dat hierdie benadering die passie verloor het om mense te verander. Daar is nie die wil om die kliënt te verander nie − selfs nie al skryf die Bybel dit voor. Dit hou verder in dat die moontlikheid van “objektiewe waarheid”, en dus by implikasie die absolute waarheid van die Bybel, verwerp word. Wêreldbeskouing en etiek word in die konteks van die individu of sosiale situasie geplaas (Van Rensburg 2000: 50). In reaksie op die betwyfeling van absolute waarheid met die stelling “Daar is geen vaste waarheid nie” moet gewys word op die self-ondermynende aard van so ‘n stelling, omdat dit bedoel is om ‘n waarheidsuitspraak te wees (Van Wyk 2006: 18)

Die strewe na die inneem van ‘n “not knowing”-posisie in die narratiewe benadering binne ‘n sosiaal-konstruksionistiese epistemologie beklemtoon ‘n induktiewe benadering, waarin gestreef word om “die gespreksgenoot te bemagtig tot die eintlike deskundige ... die pastor se storie is nooit méér outentiek, méér korrek en méér gesaghebbend nie” (Müller 2000: 17). Die ervaring met Sylvia soos onder 4.2.4 beskryf, bevestig die geldigheid van hierdie benadering onder bepaalde omstandighede.

Vanuit ‘n Skriftuurlike pastorale benadering sou ‘n ko-konstruktivistiese raamwerk as ‘n alternatief vir realisme, konstruktivisme en sosiaal-konstruksionisme, ruimte laat om ook die deduktiewe sy tot sy reg te laat kom. Ko-konstruktivisme aanvaar “structured reality ... but recognizes that reality is constructed or mediated in the sense that different aspects are highlighted according to ideas that people individually or in groups have about it” (Speed 1991: 401). Deur gestruktureerde realiteit te aanvaar en diakoniologies die normerende posisie van die Skrif in ag te neem, kan erkenning van die lig wat die gedeelde kennis van ‘n gespreksgenoot daarop kan werp, ook ‘n korrektief wees ten opsigte van ‘n absolutistiese sosiaal-konstruksionistiese siening.

Binne “‘n gestruktureerde realiteit” sou daar ruimte wees vir “objektiewe waarheid” en die erkenning van die meesterverhaal wat ‘n positief-opbouende rol vervul in die oplossing van probleme. Terwyl die terapeut dus steeds moet waak teen onsensitiewe direktiewe optrede, moet God se wil rakende probleemaspekte wat nie volgens sy wil is nie, in ag geneem en gekommunikeer word.

Hiertoe word die Bybel aanvaar as Gods Woord wat in die geloofsdimensie van ‘n Skriftuurlike benadering figureer (Janse van Rensburg 2000: 51). Die Bybel verwys na ons etiese plig as gelowiges om die waarheid te praat, ook in pastorale gesprek, en die belofte van groei wat daaraan verbind is: ”Let us speak the truth in love; so shall we fully grow up into Christ” (NEB Ephes. 4: 15; Clinebell 1984: 56).

Die oorweging dat die ontmoeting “binne ‘n ruimte van pastorale betrokkenheid gefasiliteer word” (Müller 1996: 29) sluit by hierdie gedagtegang aan. Dit bevestig ook dat binne prinsipiële beperkings die welsyn van die gespreksgenoot steeds die oorkoepelende doelwit van ontmoetings is.

In die geval van Sylvia was dit op die langer termyn in haar beste belang om die pad van betrokkenheid en inlewing in haar intieme leefwêreld te bewandel. Die einddoel was steeds verandering in ooreenstemming met Skriftuurlike norme vanuit ‘n diakoniologiese benadering. Die stelling dat verandering nie die doel van berading is nie, kan aanvaar word binne die opset van deelnemende interaksie wat die dialektiek van die ingewyde (“insider”) en die buitestander akkommodeer (Müller & Van Deventer 2001: 78; Dreyer 1998: 20).

Vanuit ‘n skriftuurlike paradigma sou die inspraak van waarheid soos dit deduktief uit die Woord spreek, epistemologies beslissende inspraak hê op die waarheid van die individu se besondere lewensituasie soos dit deur die narratief en daaruit voortvloeiende gesprek na vore kom. Diakoniologies word hierdie “soeke na waarheid” verwesenlik deur die aanvaarding van die Heilige Skrif as meesternarratief en dus as lewensnorm.

Binne hierdie paradigma sou die pastor deur empatiese betrokkenheid toegang verkry tot die persoon in terapie se intieme godsdiens- en wêreldbelewenis soos dit in die narratief gestalte kry. Dit sou die pastor in staat stel om insae en inspraak te kry in die persoon se vasgeloopte verhaal, ‘n dominante versadigde verhaal te karteer en ‘n verskraalde alternatiewe verhaal en unieke uitkomste te identifiseer deur geykte gesindhede te dekonstrueer (Van den Berg & de Wet 2008: 154). Deur die gelowige konstruering van die narratief (Gerkin 1986: 19) word deurbreking van die vasgeloopte situasie moontlik (Janse van Rensburg 1996: 75).

Hierdeur word dit vir die pastorale terapeut moontlik om die uitbouing of verdigting van die verskraalde alternatiewe verhaal in die lig van die Skrif te fasiliteer. So kan die hulpbehoewende gehelp word om sy/haar verhaal te herskryf tot ‘n volkome nuwe verhaal wat in die Groot Verhaal inpas. Sodoende word aan die gespreksgenoot ‘n lewende hoop gegee. Hy/sy word opnuut versterk met kragtige singewing deur die versoeningsoffer en vergifnis in Christus vir die huidige lewe, en met die vooruitsig op ‘n lewe hiernamaals deur die waarborg van Christus se opstandingsbeloftes. In die totstandkoming van hierdie gedeelde konstruk gebeur singewing in die interaksie tussen persone met die “pastor as medespeler in die verhaal van die soeke na die waarheid” (Muller 1996: 16). In hierdie opset sal die norme van die meesternarratief steeds rigtinggewend bly, want twee teenstrydige paradigmas kan nie terselfdertyd aanvaar word nie.

Foucault het beswaar aangeteken oor die wyse waarop “constructed ideas that are accorded a truth status” persone se lewe bepaal, en op die onderdrukkende invloed van “global and unitary knowledges” (White en Epston 1990: 20). Daar moet kennis geneem word van die geldige implikasies van hierdie beswaar binne die intieme betrokkenheid van ‘n ekohermeneutiese pastorale narratiewe benadering. Hierdie benadering maak voorsiening vir “die verstaan van die geheel en die ontdek van die betekenis van die geheelkonsep binne verskeie kontekste” (Müller 1996: 14). In ‘n pastorale benadering mag die Skriftuurlike perspektief in die verstaan van die geheel-konsep nie buite rekening gelaat word nie. Hier geld die Skrif as absolute waarheid, en nie as ‘n waarheid waaraan ‘n “truth status” toegeken is nie. Die pastorale terapeut moet egter bedag wees op ander ideekonstrukte en globale waarhede wat in die gespreksgenoot se denke teenoor die skriftuurlike meesternaratief mag staan.

Pastoraal is geloof die oorkoepelende faktor in die soeke na sin. Die geloofsfaktor het ingrypende implikasies vir die vind van betekenis in pastorale verband. Die krisis van geloof duik op wanneer mense negatief reageer sonder ‘n horison van sin in terme waarvan hulle doelgerig kan lewe. Hulle kan dan maklik deur angs oorval word. Dan word interpretasie en evaluasie van die lewe met betrekking tot die sinsdimensie nodig om as normatiewe en rigtinggewende faktor vir die toekoms te dien  (Louw 1999: 91). Die perspektief van die eskatologie, nie bloot in verband met die eind-gebeure nie, maar primêr in verband met die eintlike gebeure in hierdie tyd (Louw 1999: 90), hou vir die pastorale bediening die konstruktiewe implikasie in van God se beloftes as sinshorison, verbind aan God se trou, met die Woord as kritiese norm:

> Die geloofskategorie stempel die pastoraat tot 'n eiesoortige dissipline deurdat die pastoraat onlosmaaklik gekoppel bly aan die rigsnoere van die Skrif en die Godsbeskouinge waarmee die geloof werk (Louw 1996: 91,92).

Ook in Sylvia se geval, waar 'n lang pad saam met haar gestap is om deel van haar leef-wêreld in 'n omvattende, ekohermeneutiese sin te word, en waar krisisse in haar eie klein wêreld vir haar lewensbedreigende omvang aangeneem het, was die terugkeer en inkeer tot die eskatologiese, singewende waardes die uiteindelike uitkoms- en rigtinggewende faktore in die afloop van 'n narratiewe hermeneutiese ontmoeting.

*4.2.4.2 Prinsipiële besinning oor die relevansie vir die huidige navorsing van 'n MIV-positiewe prakties-teologiese benadering*

In ontmoetings met Sylvia is 'n praktykteologiese sosiaal-konstruksionistiese benadering vanuit 'n diakoniologiese posisionering gevolg. Met inagneming van die uitgangspunte van 'n MIV-positiewe prakties-teologiese benadering, word besin oor die relevansie van so 'n benadering vir die huidige navorsing.

Die vraag ontstaan of die ontwikkeling van 'n pastoraal-terapeutiese benadering vir ouer persone volgens die uitgangspunte van 'n MIV-positiewe prakties-teologiese model 'n haalbare mikpunt is. Die huidige navorsing is nie met hierdie moontlikheid in gedagte ont-werp nie. Tog dui die toepassing van 'n sosiaal-konstruksionistiese benadering, veral in gesprekke met Sylvia, op die relevansie en die moontlikheid van positiewe uitkomste deur aspekte van bogenoemde benadering. Daar word gewys op die verband wat die MIV-positiewe prakties-teologiese benadering, benewens met die sosiaal-konstruksionisme, ook het met die narratiewe beskouings van Ricoeur in sake soos kontekstualiteit en dia-loog met tradisie (Demasure & Müller 2006: 419).

Met inagneming van 'n diakoniologiese posisionering dui toepassing van 'n MIV-positiewe prakties-teologiese metode op bejaardes, byvoorbeeld op die besondere wyses waarop hierdie groep, wat oor kenmerkende eienskappe beskik, bedien behoort te word. Die besondere psigo-fisiese, sosiale, emosionele en religieuse konteks van bejaardes plaas hulle in 'n eie pastoraal-terapeutiese verwysingsraamwerk. Betekenisvolle uitkomste sou interdissiplinêre dialoog met vakwetenskappe soos gerontologie en psigoterapie impliseer.

### 4.3 Praktyktoepassing van aspekte van ‘n pastoraat van narratiewe betrokkenheid.

Die verwagting is dat die toepassing van aspekte van ‘n pastoraat van narratiewe betrokkenheid (Müller 1996: 1) sal bydra tot insig in die verhaal van Sylvia. Die volgende aspekte word in oënskou geneem aanvullend tot prakties-teoretiese perspektiewe: ‘n sosiaal-konstruksionistiese benadering (Müller 1996: 15,16); die praktiese toepassing van verskillende vorms van die verhaal (Müller 1996: 109-134) en van verskillende aanwendings van die verhaal (Müller 1996: 141-207).

#### 4.3.1 Praktiese toepassing van verskillende vorms van die verhaal

Sylvia se verhaal word hieronder beskou binne die raam van die verskillende vorms waarin die verhaal hom voordoen. Daar word verwys na ‘n verhaal van nood, ‘n verlede-verhaal, ‘n verduisterde toekomsverhaal, ‘n hergestruktureerde verledeverhaal en ‘n gerekonstruktueerde nuwe verhaal.

- Die *verhaal van nood* is sterk na vore gebring deur ‘n enkele voorval wat *‘n* krisis aangebring het. In semantiese sin is die feite waarom dit gebeur het, duidelik oorgedra. In die nasporing van die wát van die gebeurtenis is die “politiek” of verwysingsraamwerk van ‘n tragiese situasie oopgevlek (Müller 1996: 109). Hier word verwys na motiewe en diskoerse wat gedrag beinvloed wat aan die lig gekom het in die nadraai van die insident waarin Sylvia beskuldig is van aanranding op ‘n huishulp.

- Uit die *verlede-verhaal* het stories na vore gekom van stukkende verhoudings en die wyse waarop dit gehanteer is. Die interpretasie wat aan hierdie gebeure geheg is, het veel geopenbaar oor die persoonlikheid en innerlike dryfvere van die besondere persoon (Müller 1996: 111). Ondertone van die deurwerking van ‘n sterk patriargale agtergrond kom hierin na vore (Ganzevoort & Veerman 1999: 77), byvoorbeeld in die bepalende nawerking van skadelike faktore in ‘n vader se leefwyse op die latere lewe van ‘n kind.

- Die naspoor van ‘n *verduisterde toekomsverhaal* waarin die hede so ‘n groot rol speel, is in die geval van Sylvia problematies. Sy het byna die einde van die pad bereik, en die toekomsperspektief deur die lens van die verlede het versteur geraak. Hierdie situasie dwing haar om opnuut te gryp na die eskatologiese, die ewige singéwende

waardes. Dit het haar in wanhopige soeke gebring tot die hunkering na die herstel van skynbaar onherroeplik-versteurde verhoudings (Müller 1996: 115,116).

- In die *herstrukturering van die verlede-verhaal* word terugverwys na betekenisse wat in die loop van die verhaal toegeken en geïnterpreteer is. Met oorvertelling word ander, nuwe betekenisse toegeken en vind herstrukturering plaas (Müller 1996: 117).

In die loop van Sylvia se vertellings het nuwe, sagter gesindhede begin deurskemer teenoor diegene met wie vertroebelde verhoudings beleef is, teenoor wie in vorige gesprekke sterk antagonisme uitgespreek is. Hierdie soort van onthou werk genesend, en stadig word daar geneig in die rigting van herinterpretasie en gehoop op 'n ommekeer in die rigting van herstrukturering! Deur herroeping van die verlede word verswyging wat dui op vergeet en ontkenning oorkom (Van Dongen 2004a: 117).

In die onthou, was daar die Christelike tradisie van 'n leeftyd as sinshorison waarheen beweeg kon word. Sekere simptome kon subtiel benut word om te beweeg na herstrukturering – simptome soos die bewuswording van 'n oormatige agterdog teenoor medeinwoners, of 'n oordrewe beskermende verhouding met 'n enigste seun, tot nadeel van familieverhoudings; asook versagtende verhoudings teenoor sommige huishulpe (Müller 1996:117-123).

- Die *verbeelding van 'n nuwe verhaal* deur rekonstruksie, waarin die ideaal is om vanuit die toekoms na die hede terug te werk, is analogies met die verstaan van die Christelike hoop in die wete dat God êrens uit die toekoms na jou toe op pad is, en met jou êrens heen op pad is (Müller 1996: 134).

Die verhaal van Sylvia het 'n onvoorsiene wending geneem: Sy was konstant gekant teen die opgee van haar kamer en die verplasing na die sorg van die siekeboeg. Swak verhoudings met senior verpleegpersoneel het so 'n skuif bykans onmoontlik laat lyk, totdat dit weens haar kwynende gesondheid afgedwing sou moes word. Te midde van wroeging oor verskillende sake het daar 'n ommekeer gekom. Sylvia het vrywillig ingestem om verskuif te word en het haar volle samewerking gegee! In gesprekke nà haar verskuiwing het sy haar tevredenheid met haar nuwe omstandighede te kenne gegee. Dit is verblydend dat hierdie positiewe uitkoms kon plaasvind by 'n bejaarde

waar daar eintlik niks vorentoe was waarop ‘n nuwe toekoms gerekonstrueer kon word nie – behalwe die eskatologiese dimensie van Christelike hoop!

4.3.2 Praktiese toepassing van verskillende aanwendings van die verhaal

Sommige wyses waarop die verhaal aangewend word om bepaalde uitkomste in die gesin te bereik (Müller 1996: 141-207), word hieronder toegepas op Sylvia se verhaal met inagneming van die sistemiese verband waartoe sy behoort. Hierdie verband sluit haar deelwees van die gemeenskap van inwoners in ‘n aftreeoord in, sowel as die gesins-, familie- en sosiale verbande waaraan sy behoort het of steeds behoort.

Sylvia was oor ‘n tydperk van bykans twee jaar gereeld in gesprek met die berader. Hoewel berading oor so ‘n lang tydperk buitengewoon is, dui dit op ‘n situasie wat in die besondere konteks van ‘n aftreeoord kan ontstaan en waarin die berader daarop bedag moet wees om ‘n afhanklikheidspatroon te voorkom.

- In die aanwending van die *sirkulêre verhaal* word anders, naamlik nie-lineêr, gedink oor oorsaaklikheid. Daar word gesoek na ‘n simptoom (simptome) waaromheen die sisteem − in hierdie geval die gemeenskap van ‘n aftree-oord − “sirkuleer….met wederkerige betrokkenheid”. Dit plaas groter verantwoordelikheid op mede-inwoners, ook in die toerekening van skuld, en vereis van die terapeut neutraliteit of “meervoudige partydigheid.” In die verhaal van Sylvia het die kultuur van fooitjies om personeel te beloon vir spesiale dienste enersyds, en gebrekkige kommunikasie met ander betrokkenes rakende probleemsituasies wat haar leefwêreld as ‘n inwoner drasties raak, andersyds, sulke simptome verteenwoordig (Müller 1996: 141-143).

- Sylvia se *chronologiese verhaal* bied ‘n belangrike raamwerk vir die interpretasie van haar huidige lewenservaring. Kernelemente daarin is haar herkoms uit ‘n huwelik tussen ‘n Engelse vader en ‘n Afrikaanse moeder en haar eie huwelik met ‘n Engelssprekende, waaruit ‘n seun gebore is. In die handhawing van gesinsekuriteit het sy ‘n leidende rol gespeel deur goed na die gesinsfinansies om te sien en so te bespaar dat later ‘n vakansiehuis aangekoop kon word. Die vertolking van hierdie rol is aan haar opgelê ook as gevolg van haar eggenoot se drankmisbruik. Daar is ‘n verdere geskiedenis van betrokkenheid by die finansiële welsyn van haar seun en kleinseun; maar ook van ‘n gesteldheid op eie onafhanklikheid.

- Die *grafiese verhaal* wat die verhoudinge in ‘n genogram binne die chronologiese verhaal uitbeeld, is ‘n verhaal van Sylvia se uitlewing van haar rol as moeder, skoon-moeder en ouma-figuur. Dit gebeur binne die beperkinge wat die belewing van haar chronologiese verhaal aan haar opgelê het.

  Hierdie verhaal vertel van haar verhoudings met ‘n seun en skoondogter en met ‘n geskeide kleinseun wat ‘n tweede huwelik met ‘n vrou met drie kinders beplan. Op die periferie lê herinneringe aan mooi vakansie-ervarings met familie, maar ook aan vervreemdende gebeure in die eie familiekring. ‘n Ekokaart dui op kerklike invloede as opgroeiende lidmaat binne ‘n Afrikaanse kerkverband, en die oorgaan na ‘n Engelse kerk met haar huwelik. Op ‘n latere stadium, as nie-werkende ma, is sy aktief betrokke in die gemeenskap. Nog later, as alleenlopende weduwee, is sy sosiaal aktief en lief om haar uit te leef deur byvoorbeeld danspartye by te woon.

- Die *ekosistemiese verhaal* vloei natuurlik voort uit die voorafgaande verhale. Faktore soos die afkoms uit ‘n kultureel-gemengde huwelik en vermoedelike gebrek aan sekuriteit in die eie huwelik weens verskillende faktore, is aanduidende oorsake van ‘n lewenservaring van gebrekkige sekuriteit, waarbinne geldelike sake en besittings met groot sorg gehanteer moet word. Terselfdertyd dui die behoud van eie kultuur, en die keurige gebruik van Afrikaans ten spyte van ‘n minder gunstige historiese agtergrond, op ‘n sterk persoonlikheid met geartikuleerde opvattings.

- In die verhaal van Sylvia by wie ‘n bepaalde dominante storie geïdentifiseer is, is gepoog om die *geëksternaliseerde verhaal* aan te wend om dit vir haar moontlik te maak “om erkenning te gee aan vroeëre verwaarloosde, maar belangrike aspekte van (haar) lewenservaring”, die sogenaamde unieke uitkomste (Müller 1996: 166).

  Uiteraard is dit ‘n baie moeilike saak om sodanige eksternalisering by hoog-bejaardes teweeg te bring, weens die teenstand teen verandering en vasgelegde lewenspatrone wat hulle lewenstyl kenmerk. By Sylvia is haar eensaamheid in die aftreeoord vererger deur agterdog oor die motiewe van inwoners. Hierteenoor, uit tye toe sy gelukkiger was, word episodes in haar lewe beklemtoon toe sy groot welwillendheid teenoor mense geopenbaar het. ‘n Voorbeeld hiervan is haar spesiale moeite met die

versorging van ‘n baie siek inwoner, asook in die finansiële bystand wat sy haar kind gebied het.

- Sylvia se *geloofsverhaal* gaan ver terug as sy vertel van haar kinderdae, toe daar gereeld huisgodsdiens gehou is. Dit was haar taak om die Bybel te gaan haal. Nadat daar gelees is, moes sy sê waaroor dit gegaan het. Hierdie herinnering is vir haar kosbaar as aanduidend van die godsdienstige wortels in haar kinderdae wat in haar huidige menswees steeds belangrik is (Ganzevoort 2006: 85). Maar as bejaarde persoon loop sy nou met seer oor dinge wat ander haar aangedoen het: mede-inwoners, huishulpe (soos die insident waar sy vals beskuldig is van aanranding) en die liefdelose optrede van ‘n skoondogter.

  Waar sy nou aan die einde van haar lewe verleë staan om vergifnis te vind oor kwelvrae, oor folterende pyn wat sy verduur, om oor die weg te kom met ‘n liggaam wat afgetakel is, is haar uitroep: “Ek wil nie meer nie! Wat moet ek doen?” Dit is dan dat die enigste antwoord uit die Skrif kom: ”Daar is vergifnis deur Christus se volkome offer.” Maar dit vereis ook bereidheid, in die woorde van die “Onse Vader”, om ons skuldenaars te vergewe. Só kan die moeilike laaste treë na die eindpunt ‘n pad van innerlike versoening en berusting word – deur “geloofsintegrasie in die geval van nood” (Müller 1996: 175) en deur transendente simbole te vind wat ‘n persoon in staat stel om antwoorde te vind oor die sin van die lewe en van veroudering en oud-word (Louw 2008: 507).

- In die geval van Sylvia het die *hipotetiese verhaal* onder andere gefigureer toe daar, na aanleiding van haar aanhoudende klagte oor huishoudelike personeel, en in die besonder oor spesifieke lede van die personeel, aan haar gesuggereer is dat dit moontlik is dat hierdie personeel op ‘n dag nie meer daar sal wees nie. Daar was tóé geen so ’n vooruitsig nie. Nogtans het dit die moontlikheid geskep vir ruimte in die gesprek. En toe gebeur dit dat ‘n ander firma gekontrakteer word vir die bediening van etes, en op ‘n goeie dag is al die ou personeel weg! Dit bied toe ‘n kans om nuwe verhoudings aan te knoop, om oor te begin, die verhaal te herskryf.

  In ’n ander opsig is die hipotetiese verhaal aangewend om Sylvia voor te berei vir die onvermydelike verskuiwing na die kliniek − iets waarteen sy hewig gekant was. Nogtans is dit aan haar hipoteties voorgehou dat haar kwynende gesondheid uiteindelik ‘n

verandering onvermydelik sou maak. Met die oog hierop was dit vir haar belangrik om haar verhoudings met die verpleegpersoneel te verbeter, want sy sou uiteindelik heeltemal afhanklik wees van hulle sorg. Die berader meen dat aanwending van hierdie metode meegehelp het dat sy uiteindelik sonder teenstand en in 'n positiewe gemoedstoestand die verskuiwing aanvaar het. So is die simptome van verhoudings- en aanpassingsprobleme "geherformuleer as 'n poging om moeilikhede op te los" wat op die ontwikkelingspad ervaar word (Müller 1996: 180).

- *Verhaal en ritueel*. Die belangrikheid van die betekenis wat geheg word aan 'n bepaalde wyse van optrede as tipe van rituele gedrag kan met die volgende gebeure geïllustreer word:

  Sylvia se seun, wat verantwoordelikheid aanvaar het vir die maandelikse betaling van haar verblyf, het elke maand vooruit die inbetaling by die kantoor van die aftreeoord gedoen. Vergesel van sy vrou het hulle dan ook hul ma besoek en in haar geringe behoeftes aan toiletware en 'n klein kontantbedrag voldoen. Hierdie gereëlde maandelikse optrede deur Sylvia se seun en sy vrou is maand na maand gevolg en het aan haar 'n mate van gemoedsrus besorg. Toe daar egter een maand 'n onderbreking was as gevolg van spesiale verpligtinge wat nagekom moes word, het dit by Sylvia tot groot kommer en onrus gelei. Onmiddellik het sy finansiële probleme vermoed. Sy was vermoedelik ook nie ten volle ingelig oor die rede vir die afwesigheid van haar kinders nie. Herstelling van die normale patroon het mettertyd die vrese laat verdwyn.

  Hierdie eenvoudige voorbeeld van 'n gedragspatroon wat byna rituele waarde kry, is 'n aanduiding van die belangrikheid van sodanige gedrag vir die bejaarde. In die bogenoemde geval is die ritueel as 'n "simboolhandeling wat die mens in kontak bring met 'n diepere werklikheid en 'n intense belewing skenk" (Müller 1996: 184), verbreek en het dit gelei tot 'n intense besef van die dieper werklikheid wat die ervaring van sekuriteit vir haar ingehou het.

- *Verhaal en empatie*. Om met empatie te luister, beteken dat met 'n persoon saamgevoel word. Dit is meer as om met begrip te luister. "Dit is om te identifiseer met die lewensruim van 'n ander en om toe te laat om daarin getrek te word", met ander woorde om betrokke te raak (Müller 1996: 196).

In die verhaal van Sylvia is hierdie diepte van verstaan bereik toe sy beskuldig is dat sy ‘n huishulp in haar kamer met ‘n kierie geslaan het, en sy deur gesagsfigure skuldig bevind is. Weens haar doofheid en afsydigheid, en die bevooroordeeldheid teenoor haar weens voorvalle in die verlede, is daar nie aandag gegee aan haar verweer nie, en is sy ook beskou as versteurd. In hierdie geval het die bereidheid van die berader om empaties te luister en nie tot vinnige konklusies te kom nie, beteken dat haar vertroue gewen kon word. Dit het die berader in staat gestel om die pad met haar te loop en haar deur die krisis te begelei.

- *Verhaal en verantwoordelikheid*. In die geval van Sylvia het die krisis wat sy beleef het, haar voor ‘n keuse gestel. Sy wou in haar kamer aanbly waar sy meer onafhanklikheid beleef en geniet het, en nie na die siekeboeg verskuif word soos gedreig is nie. Nadat haar saak om in die kamer aan te bly by die owerhede bepleit is, het die berader dit duidelik aan haar uitgespel dat sy in haar kamer kon aanbly, mits sy deur haar optrede bewys dat sy die eise wat verblyf in ‘n eie kamer stel, sou nakom. Hierdie verantwoordelikheid het sy nagekom deur baie van die take om haar kamer netjies te hou, self te verrig; en nie onnodige eise aan die verpleegpersoneel te stel nie. Daarby het sy gepoog om haar persoonlike verhoudinge reg te hanteer.

  Die uitkoms was dat sy vir nog twee jaar in haar kamer kon aanbly, voordat sy uit vrye wil na die kliniek verhuis het. Die waarheid van die volgende stelling is deur bostaande verhaal bewys: “Alleen as ons aanvaar dat mense vry is om besluite te kan neem en daarom te kan verander, het dit enige betekenis om terapeuties by hulle betrokke te raak” (Müller 1996:202). Bybels-teologies word die uniekheid van die mens sedert die skepping betrek met inbegrip van menslike verantwoordelikheid (Ganzevoort 2006: 80).

#### 4.3.3. Evaluasie

Die aanwending van verskillende vorms en aanwendings van die verhaal op Sylvia se vertellings het verhelderend bygedra om fasette van haar lewe, en in besonder van haar interpretasie van gebeure in haar lewe, beter te verstaan. Deur vanuit hierdie verskillende invalshoeke na haar lewe te kyk, word lig gewerp op aspekte wat verskuil is in die oorheersende indrukke van die geheelkonteks.

### 4.4 Navorsingsverslag 3: Joan

*Joan, 'n 94-jarige bedlêende inwoner van 'n aftreeoord, word versorg in 'n twee-bedkamer in die sorgeenheid. Sy is reeds 'n aantal jare bedlêend, aangesien sy nie kan loop ná 'n beenbreuk wat nie herstel kon word nie. Haar verstand is helder en sy vertel onderhoudend van haar lang lewe. Sy het op versoek van die berader onderneem om haar lewensverhaal op skrif te stel. Aangesien sy graag skryf, is gemeen dat dit ook vir haar van terapeutiese waarde sou wees om haar ervaringe neer te pen.*

*Ten spyte van haar gebondenheid aan 'n bed is sy 'n persoon wat haar situasie met gelatenheid aanvaar het. Aangesien sy Engelssprekend is en nooit Afrikaans leer praat het nie, is daar nie baie mense wat met haar gesels nie en ervaar sy groot eensaamheid. Die tragiek van 'n persoon in hierdie ouderdomsgroep is dat die konneksie met die sosiale weefsel ("fabric") waarin sy geleef het, verloor is en dat begrypende luisteraars ontbreek (Van Dongen 2004b: 78). Soos in die geval van ander gespreksgenote het haar lewe grotendeels in die era voor 1994 afgespeel.*

*Joan is gebore in die eerste jaar van die Eerste Wêreldoorlog waar haar ouers op 'n klein myn in Oos-Transvaal gewoon het. Haar grootouers aan vaderskant het as 1820-setlaars van Engeland af gekom aan boord van die "Champion". Na hulle aankoms moes hulle in tente bly – vir hulle 'n ongewone ervaring. Toe hulle gearriveer het, het hulle drie kinders gehad, maar uiteindelik was daar 14! Haar Pa was die sewende van die sewe seuns. Daar was ook sewe dogters. Toe goud ontdek is naby Barberton het haar grootmoeder met sewe van die jonger kinders van die Kaap af gekom nadat haar man oorlede is. Joan se pa het op die Sheba-myn werk gekry.*

*Joan se grootouers aan moederskant het in Pietermaritzburg ontmoet nadat hulle van Engeland af gearriveer het. Ná hulle huwelik het hulle per ossewa Transvaal toe getrek – 'n reis van ongeveer drie maande! Haar moeder is in Barberton gebore, en haar oupa het 'n winkel naby die myn geopen. Haar ouers is in Barberton getroud. Ná die oorlog het die myn gesluit waar haar pa gewerk het, met gevolglike armoede vir hulle gesin. In hierdie tyd is haar broer gebore. Hy het baie gehuil, maar daar was nie 'n dokter naby nie. Daar is later vasgestel dat sy hart aangetas*

*was, en hy kon nie aan sport deelneem nie. Haar ma het gedink sy het skuld aan sy ongesteldheid, omdat sy 'n griepinspuiting gekry het terwyl sy verwagtend was.*

*Haar Pa het 'n slaghuis bedryf en het dikwels vir 'n drankie en geselskap na die kroeg toe gegaan. Dit het hul huislike lewe ontwrig, omdat hy laat en soms besope tuis gekom het. Haar Pa het later die slagtery verloor en hulle het in Barberton gebly waar sy skoolgegaan het. Omdat sy verskoon is van die Afrikaanse klasse het sy nooit Afrikaans geleer nie. Om finansiële redes moes sy die skool vroeg verlaat en in 'n kantoor begin werk teen 'n klein salaris. Sy het daarna 50 jaar as boekhouer gewerk en sonder Afrikaans reggekom. Sy skryf die volgende oor haar Pa se drinkgewoonte:*

*"I was ashamed of my father's drinking and did not mix easily with others, so I adopted an unfriendly manner and some thought I was very shy. I was not attractive and had no boy or girl friends but one day a strange man came into the shop and was very friendly…."*

*Sy spreek 'n woord van waarskuwing uit na aanleiding van die keuses wat sy gemaak het. Dit pla haar dat sy met hierdie man getroud is voordat hy na die Noorde oorlog toe vertrek het. Sy het by haar Ma agtergebly en in 1940 geboorte geskenk aan 'n dogter. Hulle moes alleen die mas opkom, en toe die baba ses maande oud was, het haar man tuisgekom. Hulle het naby Johannesburg gebly, en sy het, in haar woorde, "did not worry much about leaving my mother alone". Skuld-gevoelens oor die alleen-laat van haar Ma kom hier na die oppervlak. Teen die agtergrond van haar moeilike vroeë huislike omstandighede manifesteer hiermee 'n dominante storielyn van selfblamering.*

*Joan sê dat hierdie 'n baie slegte tyd vir haar was en sy moes eintlik nie toegelaat het dat die huwelik voortgaan nie. Sy het egter weer swanger geraak en het in 1942 geboorte geskenk aan 'n tweede dogter. Dit was in die middel van 'n bitter koue winter. Sy het later by vriende gebly wat baie gaaf was vir haar. Nog later het sy verneem dat haar man dood is en sy moes weer begin werk. Haar kinders is in 'n in-rigting versorg.*

*Sy is terug na waar hulle voorheen gebly het, en hier het sy 'n man, George, ontmoet wat haar uitgeneem het en haar gevra het om met hom te trou. Hulle sou egter na sy dogter se plaas in Natal moes verhuis. Sy was nie regtig geïntereseerd nie, maar die moontlikheid om haar kinders weer by haar te hê, het haar laat besluit om "ja" te sê. By nabetragting vra sy haarself af: "Wouldn't you think I would have had sense enough after one bad marriage to say "no" and go on working?" In Natal het teleurstelling op haar gewag. In plaas van 'n eie huisie soos belowe, moes hulle saam met familie in een huis woon. Sy was nogtans dankbaar dat haar kinders na 'n goeie skool kon gaan en ook hul hoërskoolopleiding suksesvol kon voltooi.*

*Intussen was haar broer baie siek in hospitale. Hy is uiteindelik toegelaat om terug te gaan na sy werk op die myn. Hy het verlief geraak en is getroud met 'n baie oulike meisie. Die dokter het hulle egter afgeraai om te trou. Hulle is wel getroud en na slegs twee maande se getroude lewe is hy oorlede. Sy vroutjie het verpleging opgeneem en in verskillende lande gewerk voordat sy teruggekom het na Suid-Afrika.*

Skuldgevoelens kom weer na vore as sy vertel dat haar ma baie ongelukkig was ná haar seun se dood. Sy is in 1974 oorlede. Joan voel dat as sy 'n beter dogter was, sou sy nie weer getrou het nie en haar Ma opgepas het. Sy sou dan "… spent every evening of my life sitting at home with her reading or knitting, but if I had done that I would not have had my two clever daughters". Sy sou ook nie die boekhoukennis opgedoen het wat haar in staat gestel het om finansieel die mas op te kom nie.

4.4.1 Perspektiewe deur 'n basisteoretiese lens

In gesprekke met Joan was die vertroostende boodskap van die evangelie gereeld ter sprake, veral weens haar worsteling met skuldgevoelens. Dit was vir haar moeilik om die gedagtes van selfverwyt heeltemal te ignoreer en daarvan te vergeet, veral waar sy reeds 'n aantal jare bedlêend was en met die verswakking en pyn van haar hoë ouderdom moes saamleef. In omstandighede soos hierdie moet die individu gehelp word om sin te vind te midde van lyding. Geestelike verdieping deur die verskaffing van toepaslike literatuur, bespreking daarvan ter geleëner tyd, en gebed te midde van liefdevolle sorg en belangstelling, kan tot hernude geestelike groei lei (Koenig & Weaver 1998: 22, 23).

Die ontmoetings met Joan en die aanhoor van haar verhaal het weer eens bevestig hoe sterk die denke oor die wel en wee van ‘n lang lewe in die geheue ingeëts is. Die herhaalde vertelling van laagtepunte wat ervaar is en van die skuldgevoelens wat daarmee gepaard gaan, dui op geykte betekenisse wat daaraan geheg is en wat bykans onveranderlik is. Tog bied gesprekke die geleentheid om telkens die positiewe aspekte van keuses wat gemaak is te beklemtoon. Hierdeur ervaar so ‘n bejaarde persoon ‘n kortstondige glimp van unieke uitkomste. ‘n Nuwe interpretasie van gebeurtenisse en nadenke wat tot dankbaarheid stem oor die baie mooi dinge wat ook gedurende so ‘n lang lewe plaasgevind het, skep ‘n ontvanklike gemoed wat die lewe in ewigheidsperspektief plaas.

Dit blyk duidelik uit Joan se verhaal dat haar veelbewoë lewe ‘n geestelike vakuum laat ontstaan het. Sy ervaar dit op hierdie stadium sterk. Sy is reeds vir jare aan ‘n bed gekluister in ‘n kultuurvreemde omgewing. As Christen het sy aan die wortels van haar geloof vasgehou. Met die verswakking van haar oë word haar vermoë om die Bybel te lees egter steeds meer beperk.

Basiese eksistensiële probleme wat ‘n uitdaging stel vanuit ‘n geloofsperspektief het in Joan se verhaal na vore gekom, naamlik angs, skuld en die verlies van lewensin (Louw 1999:2). Haar angstigheid het om klein dingetjies gesentreer, dinge wat egter in haar omstandighede as bedlêende ouer persoon buite verhouding belangrik kan voorkom. Haar teistering deur muskiete snags, voorsorgmaatreëls ten spyt, en die nadelige allergiese na-effekte daarvan, is een so ’n skynbaar onbeduidende faktor wat tot angstigheid en ongemak lei. So beleef sy ook die ervaring van slaaploosheid wanneer ‘n pasiënt wat die kamer deel, heelnag sorg en aandag nodig het. Saam met hierdie ontwrigting verrys die skimme van die verlede, en die folterende vrae oor keuses wat in die lewe gemaak is: “Moes ek na ‘n eerste mislukking ‘n tweede huwelik aangaan terwille van my kinders? Moes ek nie liewers my sorgbehoewende moeder bygestaan het nie?”

Daar is reeds verwys na die ervaring van skuld deur Joan omdat sy nie beter na haar moeder omgesien het nie. Ongelykheid in die kanse wat sy aan haar twee dogters kon bied, is ‘n verdere oorsaak van wroeging. Daarby kom nog die ervaring van die verlies van sin in die lewe van iemand wat reeds jare belêend is. Haar gemoedstoestand spreek uit haar versugting as sy sê: “Toe ek hier toegelaat is, het ek gedink dis tydelik en dat ek spoedig huis toe sou gaan. En nou is ek reeds soveel jare hier!” Hier is dit weer die klein

dinge, soos ‘n kind wat haar in ‘n rolstoel uitstoot om ‘n tydjie in die tuin deur te bring, of die gesprek van ‘n belangstellende, wat vir haar sin in die lewe bring.

Basisteoreties word konvergensie tussen die menspool en die goddelike pool ten doel gestel. Dit is by die ligbrekingspunt tussen hierdie pole, wanneer die heil in Christus vir die eie lewe ervaar word, dat angs en skuld vanuit ‘n eskatologiese perspektief geïntegreer word in die ontdekking van nuwe sin. Hermeneuties-pastoraal beteken dit die samesmelting van horisonne, ook deur die beter begrip wat metateoretiese insigte soos dekonstruksie, eksternalisering en die ontginning van unieke uitkomste moontlik maak.

Vir Joan beteken hierdie konvergensie die toenemende siening van haar lewe in ewigheidsperspektief, waarbinne angs en skuld versag word en hierdie gewaarwordings binne ‘n ewigheidskonteks gerelativeer word. Dit is in hierdie konteks en lewenstadium dat die geestelike of “’noölogical’ (from the Greek noös meaning mind) dimension of human existence” (Frankl 1985: 123), in teenstelling met die biologiese of psigologiese dimensies, sterk op die voorgrond tree soos in Frankl se konsep van dimensionele ontologie voorgestel (Kimble 2001: 35). Volgens hierdie benadering lê die oplossing vir eksistensiële probleme nie in die psigoterapie nie, maar in logoterapie. Hiermee word terapie bedoel “which dares to enter the specific human dimension” (Frankl 1985: 123), wat op die toekoms en op sinvervullende dinge in die toekoms fokus.

Dit is dan dat die rare gebeurtenis van die besoek van ‘n agterkleinkind van oorsee en dié se vonkelende ogies en opgewonde laggie, of ‘n kaartjie by geleentheid van ‘n verjaarsdag, opnuut die lewe die moeite werd maak met die belofte wat dit inhou van toekomstige sinvervulling.

4.4.2 Perspektiewe deur ‘n prakties-teoretiese lens

Gesien deur ‘n narratiewe psigoterapeutiese prakties-teoretiese lens ontvou die dominante verhaal (Morgan 2000: 9) in Joan se lewe as ‘n verhaal van teleurstellings en mislukkings. Kernmomente wat in haar verhaal verweef is en tendense bepaal, is ‘n kinderlewe oënskynlik sonder opwinding as deel van ‘n gesin wat worstel om kop bo water hou en ‘n pa wat lang ure in die kroeg deurbring.

Met geen naskoolse opleiding nie moes 'n loopbaan êrens uitgekerf word. In haar jongmenslewe is daar nie baie geleentheid vir sosiale verkeer nie. Sy laat haar die attensies welgeval van 'n man wat belangstelling in haar toon. Twee dogters word uit die huwelik gebore. Maar haar man faal haar gedurende die oorlogsjare, waartydens sy lank alleen oor die weg moet kom, totdat hy haar ontval. 'n Tweede ongelukkige huwelik volg, en sy moet steeds die pot aan die kook hou. Sy help haar kinders suksesvol deur hulle skoolloopbane − die een geniet selfs voltydse universiteitsopleiding. Nou, in haar negentigerjare, as inwoner van 'n aftreeoord, is die ongesteldheid van 'n diabetiese dogter en onmin tussen haar dogters, en die lewens van haar kleinkinders, steeds vir haar 'n bron van sorge.

In hierdie lig gesien, is dit duidelik dat die dominante skakels in Joan se verhaal 'n ketting van ongeluk en teenspoed vorm. Dit is egter waar dat so 'n dominante verhaal gevorm word deur gebeurtenisse, sowel as deur die interpretasies van ander persone en die persoon self. Ander gebeure, ander interpretasies kan lei tot die ontwikkeling van 'n alternatiewe storie van Joan se lewe (Morgan 2000: 8). Terwyl sy dus in haar interpretasie van gebeure in haar lewe baie bewus is van die donker sy, meen die berader dat sy deur hervertelling meer bewus geraak het van die ligter sy deur die versterking ("thickening") van (terloopse) verhaalfragmente.

Deur hervertelling val die lig op haar heroïese stryd, om ten spyte van 'n armoedige kinderlewe en gebrekkige skoolopleiding, haarself te vestig in die sakewêreld en 'n loopbaan te skep deur harde werk. Dit stel haar in staat om haar dogters, ten spyte van twee teleurstellende huwelike, stabiliteit en goeie onderwys te laat geniet. Op haar hoë ouderdom is sy daar vir haar kinders, kleinkinders en agterkleinkinders, vir wie sy steeds baie beteken.

Die belangrikste aan die einde van 'n veelbewoë lewe is dat sy die geloof behou het. Die berader glo dat haar worsteling met gebeure in haar verlede deur vertelling kan bydra daartoe dat sy met gemoedsrus sal kan sterf. Die betekenis vir haar van gespreksgeleenthede spreek uit haar dankbaarheid: "Thanks for making life bearable for me." Dit som die waarde van gesprekke met 'n hoog-bejaarde persoon op, vir wie daar nie meer die geleentheid is om 'n nuwe storie te leef nie. Vir so 'n persoon is herinneringe dít wat die lewe nog die moeite werd maak. Deur hervertelling kan die gebeure uit die verlede steeds herbeleef en geïntegreer word om van sulke persone innerlik ryker en wyser mense te

maak. Dit kan voorgestel word deur die beeld van herinnering (hervertelling) van episodes uit die lewe in die konteks van die geheel en die plasing van sulke gebeurtenisse en hulle voorlopige betekenisse in nuwe rame, waarin die sin van hulle finale betekenis in die lewe bepaal word (MacKinlay: 2001: 162).

Gesien deur 'n praktykteologiese lens bied die wyse waarop haar kinders en kleinkinders gepresteer het na hulle moeder se harde werk en getrouheid grond vir die koestering van *unieke uitkomste*. Haar kinders is vir haar lief en sien steeds na haar om. Die skuldgevoelens wat maar nog knaag, kan oorkom word deur te fokus op die positiewe wat sy bereik het deur die sukses van haar kinders. Hierin vorm haar geloof die sterk basis waarop sy terugval. Op hierdie stadium van haar lewe is die bereiking van vrede in haar gemoed en die vooruitsig na 'n vredevolle einde van oorwegende belang.

Die volgende paragrawe in haar verhaal het aanknopingspunte gebied vir 'n *alternatiewe verhaal*. Dit verwys na positiewe fasette wat deur die *dominante verhaal* van swaarkry na die periferie van haar vertelling verdring is. Deur hierdie verskraalde momente en wat dit vertel van haar as worstelende moeder en ouma vollediger in die gesigsveld te bring, kon dit die botsels van 'n verdigte alternatiewe verhaal vorm. Hierin kon *dekonstruksie* van skuldgevoelens in die afstand verkry deur *eksternalisering* haar 'n verhelderde terugblik op die verlede bied, en nuwe moed om die toekoms hoopvol aan te pak in 'n realistiese evaluering van háár bydrae tot die lewens van hulle wat naby haar is.

> *Joan het onder moeilike omstandighede die beste gedoen wat vir haar moontlik was; ook vir die beswil van haar kinders. Haar oudste dogter het 'n huishoudkunde-onderwyseres geword. Toe die jonger een matrikuleer, "the Mother Superior rang me and told me Lucy must go to university … she was adamant that Lucy was brilliant". Dit was vir haar 'n skok, want sy het finansieel gesukkel. Maar sy het deurgedruk en haar dogter vier jaar op universiteit gehou, waar sy as natuurwetenskaponderwyser gekwalifiseer het. Hierdie dogter het haar moeder ook later na Londen laat kom waar sy gewerk het, en haar op 'n toer deur Europa geneem, iets waarvoor Joan steeds dankbaar is.*

*Joan is baie erg oor die aangenome dogter van haar kleindogter wat in Weenen woon. Joan se ouer dogter is geskei. Twee dogters is uit die huwelik gebore, van wie een in Londen woon en een 'n verpleegsuster in Johannesburg is. Joan is trots op haar dogter wat as alleen-ouer gesorg het dat haar kinders goeie onderwys en opleiding kry. Ondersteuning deur familie is van groot waarde vir die ouer persoon, asook die koestering van familiebande van diegene wat elders woon, soos in die geval van Joan. Emosionele onderskraging van familielede in spanningstye is vir die ouer persoon 'n bron van krag (Koenig 1994: 403). Joan sluit haar verhaal af deur op te merk: "Although I have been a bookkeeper for 50 years, I did not have much chance of saving money due to being married to two useless individuals".*

Die narratief van Joan se lewensverhaal soos by verskeie geleenthede aan die berader vertel, verskil weinig van die verhaal hierbo wat op haar skriftelike weergawe gebaseer is. Die waarde van die narratiewe herhaling in die geval van die bejaarde persoon lê dus nie soseer in die herskepping van die lewensverhaal nie, as in die herkenning, beklemtoning en plasing in perspektief van *unieke uitkomste* wat die verhaal positief belig. Deur opbouende aspekte van die verlede op hierdie wyse opnuut haar eie te maak en in haar geloofslewe te integreer, kon bevrydend ervaar word deur 'n persoon soos Joan.

4.4.3 Perspektiewe deur 'n metateoretiese lens

Die perspektief deur 'n gerontologiese metateoretiese lens dui op die betekenisvolheid van die ouderdom as faktor in die hermeneutiese proses. Bejaardheid impliseer dikwels die afwesigheid of nie langer beskikbaar wees nie van belangrike elemente in die samestelling van die verhaal. Hervertelling kan nuwe lig op sodanige elemente laat val om vrede te maak met die verlede. Joan se berou oor ongelukkige huwelike is getemper deur dít wat sy ten spyte van uiters moeilike omstandighede vir haar kinders tot stand kon bring.

Uit die voorgaande bespreking het geblyk dat metateoretiese psigoterapeutiese insigte in 'n prakties-teologiese aanwending bygedra het tot die interpretasie van die verhale wat Joan meegedeel het. Deur dekonstruksie kon die strawwe eise waaraan Joan onderwerp was as kind, as jong dame en as eggenote en moeder in perspektief gestel word. Sodoende kon haar kommer geëksternaliseer en 'n mate van distansie daargestel word

om met ‘n nuwe oog te kyk na die geloofsoorwinnings wat sy ook kon behaal as unieke uitkomste.

‘n Sistemiese metateoretiese lens openbaar die verweefdheid van Joan se verhaal binne ‘n totale sisteem. Gewortel in sterk bande met die Britse kultuur as 1820-setlaar-afstammeling – bande wat gekoester is in die geslotenheid van ‘n myngemeenskap waarin sy grootgeword het – moes sy op haar oudag as geïsoleerde individu haar lewe inrig tussen inwoners in ‘n oorwegend Afrikaansgeoriënteerde aftreeoord. Dit het ‘n groot behoefte aan normale sosiale omgang geskep, en ‘n gekeerdheid-na binne en besig-wees met die eie verlede teweeggebring. Godsdienstig het dit ook afgeslotenheid meegebring van haar tradisionele kerkgenootskap. Binne hierdie opset is dit verstaanbaar dat sy gesprekke verwelkom het met ‘n berader met wie sy openhartig kon praat.

### 4.5 Navorsingsverslag 4: Kallie

*Tydens die eerste kennismaking met Kallie, ‘n 93-inwoner van ‘n aftreeoord, was dit duidelik dat, hoewel verswak na die liggaam, hy nog met helderheid kan vertel van die verlede en dat die handhawing van hoë etiese en morele standaarde by hom ‘n besliste prioriteit is. As plaasseun uit ‘n huis waar die eise om kop bo water te hou van jongs af hardwerkendheid vereis het, was dit duidelik dat vlytigheid ‘n deurlopende tema dwarsdeur sy lewe was.*

*Hoewel grotendeels bedlêend en geteister deur erge pyn in die ledemate wat loop moeilik maak, met verswakkende sig weens suikersiekte, is Kallie ‘n persoon wat pragtige verhoudings handhaaf met almal met wie hy in aanraking kom. Dit geld die verpleegpersoneel sowel as die dienspersoneel wat sy kamer skoonmaak en help met sy versorging. Ook diegene wat as bure die kamers naby hom deel, is vir hom lief en gee graag aandag aan hom.*

*Kallie het pragtige lewenswaardes wat ooreenstem met die Christelike geloof wat hy bely. In gesprekke skemer dit deur dat hy altyd in sy verhoudings hoë eise aan homself gestel het. Op skool is hy reeds as betreklike junior in ‘n leiersposisie aangestel. Hy en sy toekomstige eggenote was vanaf sy skooldae vriende. Hulle was meer as 60 jaar getroud toe sy ‘n paar jaar gelede oorlede is. Van hulle huwelik en hul verhouding het hy slegs die mooiste herinneringe.*

*Menseverhoudings is vir Kallie uiters belangrik. As iets hier gepla het, was dit vir hom 'n baie sensitiewe saak. Hy het die berader op 'n stadium in sy vertroue geneem en meegedeel dat daar iets gehaper het in sy verhoudings met 'n mede-inwoner. Hy was baie gevoelig hieroor en wou nie openhartig daaroor praat nie. Tog kon afgelei word dat dit gegaan het oor die verhouding met een van die dames in 'n naburige kamer. Dit skyn asof iets gepla het in 'n goeie en normale verhouding. Dit blyk toe dat hy beskuldig is dat hy die dame se kamer binnegegaan het terwyl sy besig was om aan te trek. Die deur het egter half-oop gestaan en Kallie het geklop. Sy verskoning is nie aanvaar nie. Hy het besluit om niks verder aan die saak te doen nie en net sy normale gang te gaan. Hy het dit 'n gebedsaak gemaak en my later meegedeel dat hulle verhouding na normaal teruggekeer het.*

Die blote geleentheid tot gesprek en die luister na Kallie se verhaal was 'n opbouende ervaring. Die geskiedenis van sy agtergrond, sy positiewe lewensinstelling en sy konsiderasie vir ander is 'n riem onder die hart vir die luisteraar. Elemente van sy verhaal is verskeie kere aangehoor. Dieselfde waardes is deurgaans deur hom beklemtoon: hardwerkendheid, eerlikheid, eerbaarheid en mensliewendheid.

Vervolgens word Kallie se verhaal nou deur verskillende lense bekyk.

4.5.1 'n Basisteoretiese hermeneutiese lens

Basisteoreties is dit waar dat Kallie se belewing en hantering van teenslae in sy lewe en die positiewe Christelike uitlewing van sy liefde en geloof beteken dat die konvergensiepunt, die punt van heilsbelewing, juis daardie laagtepunte in sy lewe was waarin hy as gelowige oorwinnend kon tree deur vereenselwiging met sy Verlosser. Binne die eskatologiese perspektief wil die pastoraat juis deur geloof en hoop die oorwinning van die heil laat deurbreek in die lewe van elke dag, ook waar daar lyding is. "Die sinshorison van die evangelie word dus wesenlik bepaal deur die oorwinningsdimensie van die opstandingshoop" (Louw 1999: 87). Die belewing hiervan vind plaas deur geloofsmoed en vertroue van die individu in die ontmoeting met God, maar dit berus nie op selfvertroue nie (Immink 2005: 234).

Die vind van sin in die verband tussen die interpretasie van eie ervaring in die geloofskonteks is ter sake in die geval van Kallie se dominante verhaal, wat mooi in die volgende woorde uitdrukking vind:

> I have established the basis for an image of the self as interpreter of its own experience and of the life of the soul as that arena in which the self's interpretive process must find whatever resolution is possible to the force/meaning dynamics of human existence in the context of its life in God (Gerkin 1984: 116).

In Kallie se lewe vind bostaande stelling op 'n besondere wyse uitdrukking in die wyse waarop hy sy eie lewe interpreteer. As hy in sy swaar stem sê: "Ek het my nooit te buite gegaan aan drank nie", dan gee dit uitdrukking aan 'n diepgesetelde sedelike waarde wat ten nouste gekoppel is aan sy eerbied vir God en die verhouding tot sy naaste. As hy vertel hoe arm hy was en hoe hard hy gewerk het, dan spreek dit terselfdertyd van sy eerlikheid en sy nederigheid. Sy getuienis van 'n gelukkige huwelik en van die liefde tussen hom en sy eggenote wat hom ontval het, getuig van hulle eerbare huweliks- en gesinslewe wat in hierdie skemerjare 'n vervullende integrale deel van sy menswees as gelowige vorm. So het Kallie aan die positiewe sowel as die negatiewe ervarings van sy lewe betekenis gegee in die konteks van sy belewenis van God.

Basisteoreties beteken dit dat die uitlewing en illustrasie van die Christelike waardes van skuldvergifnis en vrede met God en die naaste die taak van die berader hoofsaaklik beperk tot luisteraar en versterker van dit wat reeds gestalte gevind het in 'n lewende getuienis. Die waarde van 'n positiewe godsdienstige ingesteldheid en eskatalogiese sinsbelewenis as psigologiese hanteringsmeganismes ten opsigte van die eise van die ouderdom, kan in Kallie se verhaal waargeneem word (Crowther *et al* 2002: 5).

4.5.2 'n Prakties-teoretiese hermeneutiese lens

Wanneer Kallie se verhaal deur 'n prakties-teoretiese, narratiewe hermeneutiese lens beskou word, is dit opvallend dat die verskillende fasette van 'n dominante verhaal as't ware deur 'n deurlopende goue draad aaneengeskakel word. Dit is in pas met die effek van 'n dominante verhaal op die verloop van die lewe. Positiewe vertolking van gebeure in die hede beïnvloed toekomstige besluitneming en handelinge (Morgan 2000: 7). "The lives

and relationships of persons evolve as they live through or perform these stories" (White & Epston 1990: 40).

Die goue draad in Kallie se lewenstorie is die suksesverhaal van sy huwelik. Gebore uit 'n mooi vriendskapsverhouding tydens die skooljare groei dit tot 'n oorheersende aaneen-skakelende tema in sy lewensverhaal. Ná die dood van sy lewensmaat vorm dit steeds as deel van 'n geïntegreerde geloofservaring (Van der Walt 2005: 148) 'n belangrike faset van sy laaste jare as treurende eggenoot. In hierdie tyd dien die bevestiging van rigting-gewende beginsels in sy lewensverhaal vir hom tot geloofsversterking en as riglyn ook in sy verswakte en afhanklike omstandighede.

Psigoterapeuties word alternatiewe verhale − wat eintlik persone se beleefde ervaring weerspreek (White & Epston 1990: 40) – normaalweg aangewend om negatiewe, "yl"-beskryfde dominante stories om te keer (Morgan 2000: 14). In teenstelling hiermee word stilgestaan by 'n dominante verhaal in Kallie se lewe, waarin negatiewe elemente op-geneem en verwerk is tot positiewe boustene. Hoe het Kallie daarin geslaag om sy lewenservaring in 'n positiewe dominante verhaal te omskep? Slegs die individu besluit op watter wyse ervaring sy of haar lewe gaan beïnvloed: ... met ervaring alleen kan 'n mens niks doen nie. Die ervaring word eers bruikbaar wanneer daarin geslaag word om dit in 'n verhaal te omskep (Müller 2000: 10).

Verskillende gebeure in Kallie se verhaal kan geïdentifiseer word as "skadu"-momente, in teenstelling met glansoomblikke of unieke uitkomste. Die temas van armoede, harde werk en swaarkry kom telkens in sy vertellings na vore, maar word nooit dominant nie. Kallie het geredelik vertel van hierdie herinneringe uit die verlede, en so tot die volledigheid van 'n geheelbeeld bygedra (Müller 1996: 111):

> *Op die platteland waar hy grootgeword het, het sy vader sy brood verdien deur handearbeid, onder andere deur "jakkalsdraad" op plase te span. Kallie was die oudste van 'n paar kinders. Hy is egter van die begin af gekortwiek weens 'n probleem met sy spraakontwikkeling. Eers op agtjarige ouderdom kon hy skool toe te gaan. 'n Lewensveranderende slag tref hom as sy moeder gedurende sy eerste skooljaar in haar middeldertigerjare aan tering te sterwe kom.*

*Uit Kallie se vertelling kan afgelei word dat daar tussen die seun met die spraakprobleem en sy moeder ‘n baie hegte band bestaan het. Kan dit wees dat die hegte grondslag wat ‘n liefdevolle moeder gelê het, verhoed het dat hierdie jare van swaarkry ná haar dood, as skadumoment die oorhand in sy vorming as jongmens gekry het?*

*Op skool maak hy goeie vordering. Verstandelik is hy goed bedeel, en binne twee jaar haal hy die agterstand in en vorder hy tot dieselfde standerd as die maats in sy ouderdomsgroep.*

*Wat die situasie tuis betref, blyk dit dat ‘n huishoudster na die kinders moes omsien tydens sy pa se afwesigheid gedurende die week. Sy pa trou later met die huishoudster. ‘n Potensiële skadumoment ontstaan in die problematiese verhouding met sy stiefma. Hy vertel dat sy die kleintjies wat stout was aan ‘n tafelpoot vasgemaak of in ‘n streepsak in ‘n boom opgehang het. Kallie het dan sy stiefma se gramskap op die hals gehaal as hy hulle bevry het!*

*Ten spyte van sy huislike omstandighede vorder Kallie steeds goed op skool en vervul hy ‘n leierskapsrol. Die bestendige vriendskap met sy toekomstige vrou, gebou op gesonde moreel-etiese beginsels, dra by tot stabiele karakterbou. Daar is egter nie geld vir ‘n lang skoolloopbaan nie, en Kallie moet vroeg reeds begin werk. As plaashulp vir ‘n boer verdien hy ‘n karige loon.*

*Ná hulle huwelik sluit sy vrou sluit by hom aan op die plaas. Wanneer hulle deur die boer tekort gedoen word, bedank hy summier. Hy word hierin deur sy eggenote ondersteun. Nou volg daar vir hulle ‘n stryd om oorlewing. Kallie moet na die Transkei vertrek om daar ‘n inkomste te verdien as klipkapper en randsteenlêer by nuwe paaie, ‘n werk wat al sy kragte opeis. Hy verdien egter genoeg om wanneer hulle eersteling gebore word, alle uitgawes kontant te betaal.*

*‘n Skadumoment waarmee Kallie in sy ouderdom worstel, is ‘n seun wat teleurgestel het en sy eie paadjie loop. Hieroor treur Kallie, maar hy laat nie toe dat dit hom onderkry nie. Afgesien van die negatiewe aspekte in Kallie se lewe, illustreer sy verhaal dat die skadus wat oor sy lewenspad geval het, nooit deel van ‘n dominante verhaal geword het nie. Hierin word aangesluit by die aanvanklike op-*

*merking dat gebeure wat vir hom buite die dominante verhaal van sy lewe geval het, binne die konteks van die dominante verhaal geïnterpreteer is. Daardie dominante verhaal is gekenmerk deur 'n oorwinnnende Christelike kruis- en opstandingsgeloofsbenadering. Hiervolgens sou Kallie se geloofslewe tuisgebring kon word in 'n self-transenderende, toekomstige lewe-gerigte universaliserende stadium (Fowler (1981: 199).*

4.5.3 'n Metateoretiese hermeneutiese lens

Die narratiewe psigoterapeutiese konsepte van *dominante* en *alternatiewe verhale*, *unieke uitkomste* en die teensy daarvan wat as "skadu-oomblikke" getipeer is, dra by tot die praktykteologiese en basisteoretiese interpretasie en verheldering van Kallie se verhaal.

'n Blik deur die metateoretiese gerontologiese lens gee begrip vir die effek van siekte, pyn, en degenerasie wat die hoog-bejaarde liggaamlik en psigies ervaar. Emosioneel en kognitief word menswaardigheid afgetakel deur toenemende afhanklikheid wat menseverhoudings en die ervaring van eiewaarde affekteer. Teen hierdie agtergrond bring die verhaal van Kallie opnuut die besef van die oorwinning op geestelike vlak deur die belewing van die laaste jare met waardigheid as skepsel van God − die aftakeling van die liggaam ten spyt.

Fisies is Kallie se selfbeeld steeds dat hy "'n baie gesonde mens" is. Dit is net die blindheid as gevolg van diabetes en die pyn in sy bene waardeur hy gestrem word. Sy afhanklikheid vir sy lewensfunksies hanteer hy in nederigheid en handhaaf sulke goeie verhoudinge met almal wat hom help, dat hy alom geliefd en gerespekteer is. Tekenend van Kallie se reaksie op die aanvegtinge van die ouderdom is sy gelowige aanvaarding van sy omstandighede – in teenstelling met die opstandigheid wat baie persone in so 'n situasie mag ervaar (MacKinlay 2001: 116).

# HOOFSTUK 5
# EVALUERENDE OORSIG

> *Dit gaan dus in die ontwikkeling van my eie teologiese en terapeutiese self nie om die aanleer van 'n aantal tegnieke ten einde vooropgestelde doelwitte te bereik nie, as om 'n bepaalde posisie-inname teenoor ander en die lewe (Van den Berg 2006 :9).*

Aan die einde van hierdie studie kan retrospektief besin word oor in watter mate die aanwending van die drie pastoraal-terapeutiese hermeneutiese lense in die pastoraat aan persone bo 80 jaar daartoe bygedra het om die uitkomste in reliëf te plaas. Evaluerend kan vasgestel word in hoeverre die narratiewe pastoraal-terapeutiese metodes wat aangewend is, bygedra het tot die ervaring van sin en geloofsgroei in die lewens van gespreksgenote. Hierdie gespreksgenote is aftreeoordinwoners bo 80 jaar.

Die evaluasie van resultate so ver dit die teikengroep in hierdie navorsing in die besonder raak, laat die lig val op die spesifieke behoeftes en leemtes in pastorale beradings- en terapeutiese dienste. Daar word in die besonder verwys na die fisieke, emosionele, geestelike, sosiale en ander behoeftes van ouer mense wat aandag verg in die lig van die besondere eise wat die snelle toename in die veroudering van bevolkings stel.

Die navorsing is vanuit 'n diakoniologiese posisionering gedoen teen die agtergrond van paradigmatiese en epistemologiese ontwikkelings in die teologie, en in die besonder in die Praktiese Teologie, wat kenmerkend is van die huidige hermeneutiese akademiese en kulturele klimaat. In die soeke na perspektief in die komplekse wetenskaplik-wysgerige klimaat wat die postmoderne era kenmerk, is ook kennis geneem van Christelik-wysgerige denke.

### 5.1 Sistemiese samehang

Met inagneming van die belangrikheid van sinvolle samehangendheid vir hermeneutiese verstaan, is die volgende komponente geïdentifiseer as van kardinale belang:

- Begrip van die vakwetenskaplike teoretiese posisie van die pastorale terapie as deel van die teologie as eiesoortige vakwetenskap binne 'n veranderende geesteswetenskaplike paradigmatiese klimaat;

- Insig in ingrypende ontwikkelinge in hermeneutiese denke en die effek daarvan op pastoraal-terapeutiese denke en die ontwikkeling van pastoraal-terapeutiese modelle; en ten slotte, en

- Kennis van die fokusgroep van die praktiese navorsing, naamlik die toenemende aantal bejaardes bo 80 jaar.

Dit is duidelik dat die groeiende getal bejaarde persone pastoraal-terapeutiese implikasies inhou weens hulle spesiale behoeftes en afhanklikheid. Vooruitgang op mediese gebied en sosio-ekonomiese ontwikkelinge bied aan persone bo 65 jaar 'n langer lewensverwagting wat hulle in staat stel om tot op 'n hoër ouderdom aktief te bly. Demografies maak bejaardes 'n groter proporsie van bevolkings oor die wêreld uit. Hierdie wêreldwye tendense geld ook alle bevolkingsgroepe in Suid-Afrika met implikasies op alle lewensterreine. In die besonder raak dit ook pastorale sorg en geestelike welsyn. Proporsioneel groei die ouderdomsgroep bo 80 die vinnigste. Hierdie groep sluit ook die meeste verswakte bejaardes in met besondere behoeftes aan pastoraal-terapeutiese ondersteuning en betrokkenheid.

Ontwikkelinge in die Praktiese Teologie dui op die effek van 'n hermeneutiese verwysingsraamwerk in die lig van postmoderne en "postfoundationalist"-paradigmas. In verband met teorietoepassing word in die navorsing kennis geneem van die meer tradisionele basisteoretiese uitgangspunte, maar ook van praktykteoretiese ontwikkelinge en die waarde van metateoretiese uitgangspunte vir die pastorale terapie aan bejaardes, soos byvoorbeeld deur die gerontologie en psigoterapeutiese narratiewe benaderings.

Historiese tendense in die ontwikkeling van ‘n hermeneutiese denkraamwerk word in hoofstuk 2 nagegaan as belangrike aanduidings vir ‘n narratiewe hermeneutiese benadering. Die ontwikkeling van ‘n besef van die belangrikheid vir die pastorale terapie van ‘n sistemiese en narratiewe benadering is nagegaan, met besondere verwysing na die potensiële waarde vir pastorale terapie van postmodern-geïnformeerde narratiewe metodes. Metateoretiese bydraes sowel as pastoraal-terapeutiese modelle en denkrigtings word, vanweë die paradigmatiese uitgangspunt van die studie, vanuit ‘n diakoniologiese posisionering beoordeel.

In hoofstuk 3 word metateoretiese gerontologiese en psigologiese uitgangspunte in oënskou geneem. Praktyktoepassing vind plaas in samewerking met persone woonagtig in ‘n aftreeoord vir bejaardes, wie se omstandighede en sienings in ‘n meningsopname verken word. Basisteoretiese uitgangspunte word ondersoek na aanleiding van die modelle van Louw en Gerkin. Hierdie sowel as prakties-teoretiese en metateoretiese uitgangspunte wat in hoofstuk 4 bespreek word, word as lense toegepas in deelnemende-aksienavorsing.

Praktykteoretiese benaderings in die pastorale terapie word aan die orde gestel met besondere verwysing na Müller se praktyk-teorie-praktyk-spiralende model. In verdere ontmoetings met persone bo 80 bied die verskillende perspektiewe waardevolle aanvullende en verhelderende uitkomste. Basisteoreties verleen die herbesinning oor Christelike heilswaarhede en in besonder die troos van ‘n eskatalogiese uitsig opnuut die geleentheid tot geloofsbevestiging. Deur terapeutiese narratiewe betrokkenheid word herinneringe uit die eie lewensverhaal, en in die besonder die realiteit van die belewenis van swakheid, pyn en afhanklikheid, in die konteks van die Groot Verhaal geplaas.

Die metateoretiese gerontologiese en psigologiese lens voeg waardevolle perspektiewe tot die belewing van die hoër ouderdomsfases toe, wat tot sinvolle pastoraal-terapeutiese aanwending bydra. Groter begrip is verkry vir die behoefte by die bejaarde persoon aan geestelike verdieping en die bereiking van integriteit in eie lewe deur selfaanvaarding en gero-transendensie. Psigoterapeutiese narratiewe metodes soos dekonstruksie, eksternalisering en unieke uitkomste is binne ‘n diakoniologiese skriftuurlik-normatiewe benadering met vrug aangewend.

‘n Praktykteoretiese spiralende praktyk-teorie-praktyk-lens het besondere waarde toegevoeg deur nuwe perspektiewe tot die verstaan en interpretasie van die storie te open, gespieël in die verhaal van die Bybel. Hoewel gedragsveranderinge by ouer persone met vasgelegde denkpatrone moeilik haalbaar is, is daar tog ‘n mate van sukses behaal in die positiewe hantering van onderlinge verhoudings en beïnvloeding ten opsigte van optrede. Die voordeligste pastoraal-terapeutiese effekte is waarskynlik behaal in die integrasie van herinneringe soos dit in lewensverhale na vore gekom het, met die realiteit van die Christelike belewenis op hierdie laat stadium van die lewe.

## 5.2 Die pastoraat aan die persoon bo 80 benader uit verskillende perspektiewe

As ontwikkelende dissipline ontlok die Praktiese Teologie en die pastoraat aansienlike debat oor die posisionering daarvan binne die teologie as eiesoortige wetenskap, sowel as oor metodologiese kwessies. In hierdie verband is daar belangrike implikasies met betrekking tot die verskuiwing na ‘n hermeneutiese paradigma waar die klem op verstaan val. Dit beteken ‘n verandering in klem van meer tradisionele Skrifgebonde deduktiewe nuanserings soos in kerugmatiese en noutetiese modelle verteenwoordig, na sterker induktief-geneigde nuanserings wat kontekstualiteit beklemtoon soos byvoorbeeld in korrelatiewe en kontekstuele benaderings. Die uitgangspunt in hierdie studie is dat ‘n gebalanseerde aanwending van die verskillende nuanserings binne ‘n diakoniologiese benadering realisties is en positiewe resultate lewer binne ‘n skriftuurlike normatiewe benadering.

Daar word rekening gehou met metodologiese veranderinge. Waar prakties-teologiese navorsing vroeër sterk basisteoreties georiënteer was, word vandag ook ‘n praktyk-teorie-praktyk-spiralende benadering gevolg, waarin *praxis* en die kennis van bestaande teorieë in wisselwerking aangewend word volgens die *phronesis*-begrip. Hierdie benadering het ‘n sterk kontekstuele, induktiewe inslag, soos in die pastoraat van narratiewe betrokkenheid (4.1) wat ‘n wisselende praktyk-teorie-praktyk-benadering volg en illustratief is van ‘n praktykteoretiese uitgangspunt.

In ‘n basisteoretiese benadering word teologies-gefundeerde uitgangspunte wat teoreties geformuleer is, prakties toegepas in pastorale berading en terapie (Vergelyk 3.2 in dié verband). In hulpverlening word doelgerig beweeg in die rigting van die verwesenliking van bepaalde doelwitte. ‘n Voorbeeld hiervan is die konvergensiemodel wat ‘n deduktiewe

karakter vertoon en waarin sterk gefokus word op eksistensiële verstaan in die lig van die Skrif. Verdere aspekte van ‘n basisteoretiese benadering word aan die hand van die pastoralesorgmodel bespreek (sien 3.2.4).

Dit is insiggewend dat die basisteoretiese en praktykteoretiese modelle hierbo genoem uitgaan van ‘n hermeneutiese paradigma waarin dieselfde basiese elemente aanwesig is. Daardie elemente is ‘n sistemiese benadering, 'n hermeneutiese denkraamwerk en die beklemtoning van die narratief en storievertelling. In die sistemiese benadering is die nadruk op konteks, met alle beïnvloedende faktore en diskoerse ingesluit. ‘n Hermeneutiese denkraamwerk is epistemologies hermeneuties gefundeer – dus met die klem op vertolking, verstaan en singewing. Die narratief en storievertelling is die media waardeur die verwesenliking van bogenoemde doelstellings nagestreef word, met die einddoel dat die gespreksgenoot God beter sal verstaan in die eie lewenskonteks en in die konteks van die Christelike geloofstradisie.

Komplementêr tot die bogemelde uitgangspunte as lense tot ‘n nadere blik op die bejaarde-pastoraat, word ‘n derde lens toegevoeg wat ‘n metateoretiese perspektief verteenwoordig. Vanuit hierdie hoek word voorsiening gemaak vir die toepassing van buite-teologiese teorieë en denke ter aanwending in die verheldering en aanvulling van praktykteologiese teorie en praktyk

### 5.3 Pastoraal-terapeutiese toepassings

Beoordeel as hermeneutiese lense tot die leefwêreld van persone bo 80 wat tydens die navorsing as gespreksgenote opgetree het, is die uitkomste wat vanuit al drie uitgangspunte aan die lig gekom het, as beduidend en sinvol ervaar. Die opbou van ’n vertrouensverhouding met ouer gespreksgenote word as van kardinale belang beskou vir die verkryging van sinvolle resultate. Die 80- of 90-jarige wat terdeë daarvan bewus is dat hy of sy die laaste fase van hul lewe betree het, maak nie maklik sy of haar hart oop teenoor ‘n vreemdeling nie. Persone van hierdie ouderdomsgroep en selfs jonger het vasgelegde gedagtepatrone en gewoontes, en die pastor of berader moet bereid wees om geduldig te luister en die nodige tyd af te staan om ‘n kykie in hierdie persone se innerlike te kry. In hierdie verband maak dit sin dat beide basisteoretiese en praktykteoretiese benaderings die belangrikheid van betrokkenheid beklemtoon. Hiertoe is dit noodsaaklik dat pastoraalterapeuties met opregte empatie uitgereik word binne die besondere fisieke, psigiese en

emosionele omstandighede van die bejaarde persoon, wat dikwels worstel met verswakking, pyn en trauma. 'n Sterk kontekstuele benadering is in hierdie fase van kennismaking en meelewing belangrik.

5.3.1 Indrukke ervaar deur 'n basisteoretiese lens

Die basisteoretiese uitgangspunt maak die berader deurgaans bewus van die heilswaarhede wat die mens as hulpbehoewende, afhanklike geskape wese raak – maar ook van die mens se verhewe roeping as die kroon van die skepping met 'n ewigheidsbestemming. Hierin kom die skriftuurlike antropologiese siening van die mens as rigtingaanduidend na vore. Uit die verhale wat vertel word, kom optredes van persone aan die lig waar verkeerde keuses gemaak is en wat tot hartseer en skade gelei het. Dikwels is daar ook erkenning van die eie aandeel en van eie verantwoordelikheid in die uitoefening van keuses. In die angs, skuld en wanhoop wat uit verhale na vore kom, moet die berader die draer van hoop wees in 'n trialogiese gesprek waarin die boodskap van hoop deur die verbond uitdrukking vind in 'n promisioterapeutiese benadering.

Vir die noodlydende bejaarde is dit belangrik om opnuut verseker te word van die heilswaarhede. Vir hom of haar is dit in hierdie tyd van hulle lewe lewensbelangrik. Van die gesprekke wat gevoer word, is miskien 'n laaste geleentheid voordat die einde aanbreek. Dit is in hierdie tyd dat 'n konvergensiepunt moontlik bereik word – soos in die geval van persone met wie gesprekke gevoer is – tussen die eie benarde en onvolkome omstandighede en die heilsboodskap. Dan word die koestering van 'n eskatologiese vooruitsig van hoop lewensbelangrik om die stryd voort te sit. Selfs in hierdie tyd kan vernuwende geloofsgroei ervaar word in 'n nuwe visie van God as die barmhartige Vader wat hom of haar gedra het, dikwels deur benouende omstandighede, tot by hierdie beslissende punt in sy of haar lewe.

Navorsing uit die gerontologie is prakties-teologies in die navorsing aangewend rakende die hermeneutiese benadering in die pastoraat aan persone bo 80. Studies oor die lewensfases, bedrywighede en ervaring van bejaardes is van pertinente belang in 'n studie waarin begrip van lewenskonteks en problematiek noodsaaklik is. In die lig van die voortdurende verhoging van die lewensverwagting van die bejaarde-bevolking weens mediese en sosio-ekonomiese vooruitgang, skyn dit asof hierdie 'n veld is waaraan in die toekoms dringend meer aandag bestee sal moet word.

5.3.2 Indrukke ervaar deur ‘n markties-teoretiese lens

Die prakties-teoretiese uitgangspunt bied by wyse van ‘n praktyk-teorie-praktyk-spiralende benadering die geleentheid om in die aanhoor van ‘n verhaal tydens ‘n terapeutiese ontmoeting onmiddellik die verband te lê met narratiewe teorie en Christelike tradisie. Dit maak direkte wisselwerking tussen praktyk en teorie in gesprekke moontlik. In die geval van die verskillende gespreksgenote het die aanvanklike vertellings uit die verloop van hulle lewens kernverhale blootgelê waarin die wyse van beklemtoning en interpretasie van gebeure gedui het op dominante verhale. In hierdie verband kon psigoterapeutiese narratiewe metodes effektief benut word deur verskraalde aspekte van alternatiewe verhale sterker na vore te laat kom by wyse van oorvertelling en die aanwending van eksternalisering. Sodoende kon bepaalde unieke uitkomste skerper in die soeklig geplaas word om steunpunte te vorm vir ‘n verdigte alternatiewe verhaal. Hierdie tydsame proses het nie noodwendig tot ingrypende gedragsveranderinge gelei nie. Dit was egter ‘n uitlaatklep vir geykte denke wat tot broodnodige ontlading en, volgens gespreksgenote, groter gemoedsrus gelei het. In sommige gevalle het ontmoetings oor ‘n tydperk gelei tot die aanvaarding van veranderde omstandighede en tot berusting in die beperkinge wat met die tyd onvermydelik die deel is van die ouer persoon.

In die toepassing van ‘n praktykteoretiese benadering kon metateoretiese insigte binne ‘n Christelike paradigma vanuit ‘n diakoniologiese posisionering aangewend word. Die handhawing van ‘n Christelike paradigma is onvermydelik, aangesien die Bybel steeds as die meesternarratief gehandhaaf word. Binne die lewensperspektief van gespreksgenote, gewortel in die Woord, was hul verhale oor die lewe steeds ingeklee in hul Christelike lewenservaring. Waar daar unieke uitkomste na vore gekom het, is dit ervaar binne die geloof in die verlossende genade deur Jesus Christus. Wanneer daar soms ‘n punt van wanhoop bereik is weens ‘n toekoms wat menslik-gesproke uitsigloos lyk, is daar weer eens gegryp na die verlossingsboodskap van die Evangelie.

Daar is kennis geneem van “postfoundationalistiese” denke en die effek daarvan op praktykteologiese denke. Die toepaslikheid daarvan in die konteks van die studie en in praktyktoepassing is beoordeel en geëvalueer.

5.3.3 Indrukke ervaar deur ‘n metateoretiese lens

Metateoretiese teorie en denke het op verskeie wyses bydraes gelewer tot die verheldering en aanvulling van praktykteologiese uitgangspunte. In hierdie verband word verwys na sisteemdenke wat die klem op konteks laat val, sowel as na verdere ontwikkelings in die kubernetika. In die Praktiese Teologie is hierdie insigte veral relevant in die konteks van die gemeente. Die ontwikkeling van hermeneutiese teorie wat oor die afgelope 200 jaar plaasgevind het, het ‘n paradigmatiese invloed gehad op die ontwikkeling van hermeneutiese denke in die Praktiese Teologie. Konsepte soos die hermeneutiese sirkel en die ineensmelting van verstaanshorisonne vorm deel van prakties-teologiese hermeneutiese denke. Dit het veral waarde waar getrag word om mense in terapie se narratiewe sinshorisonne en dié van die Skrifverhale hermeneuties ineen te laat vloei. Die benutting van teorieë uit die psigologie wanneer toestande soos trauma, depressie en rou gehanteer word, is onmisbaar binne pastorale verband. Ontwikkelinge in die psigoterapie, byvoorbeeld die metodes van die narratiewe psigoterapie, is van groot waarde in die Praktiese Teologie, en is sinvol aangewend in ontmoetings met bejaardes. In hierdie verband vloei metateoretiese psigoterapeutiese en prakties-teologiese konsepte in ‘n groot mate ineen.

## 5.4 Persoonlike posisionering binne die praktiese teologie

In die lig van die ontwikkelinge binne die Praktiese Teologie, grootliks teweeggebring weens die impak van ‘n hermeneutiese paradigma en die invloede van postmoderniteit, was dit verruimend om die hermeneutiese pastoraat in teorie en praktyk deur drie prakties-teologiese lense te benader. In hierdie proses is die verskillende uitgangspunte in perspektief gesien, en is gefokus op betrokkenheid by die persoon-in-berading in ‘n gesindheid van Christelike meelewing. Binne so ’n konteks vervul metodologie ‘n relatiewe rol in die bereiking van die ware bedoeling van die pastoraat. Posisionering binne ‘n diakoniologiese benadering is deurgaans gehandhaaf en verantwoord.

Waar die wese van sinvolle berading en terapie beskryf word as “‘n bepaalde posisie-inname teenoor ander en die lewe” (Van den Berg 2006: 9), word die belangrikheid, bo metode en tegniek, van die gesindheid teenoor ander en teenoor die lewe beklemtoon. By die Christen-gelowige behels hierdie posisie-inname ‘n gesindheid van empatie, meelewing en omgee teenoor die hulpbehoewende persoon binne ’n lewens- en

wêreldbeskouing van begrip en deernis vir menslike swakheid en feilbaarheid, en ‘n bewustheid van voortdurende afhanklikheid van die genade van Bo in die pastoralesorg-bediening.

Soortgelyke sentimente word uitgespreek wanneer, na aanleiding van rype teoretiese besinning en praktyk-ervaring, die voorrang in pastoraal-terapeutiese hulpverlening, bo die verskeidenheid van teorieë en metodes, geplaas word op “wie jy as mens is, wat die kwaliteit van jou bestaansfunksies, besluitneming en lewensdoelwitte is”. Alleen só, deur wie jy as mens is, deur die inherente waardes wat jou lewe en wese bepaal en ook na buite rig, kan jy meewerk om helende groei te bemiddel, soos in die volgende aanhaling uitgespreek:

> Stadig maar seker moes ek uitvind dat heling nie opgesluit lê in ‘n metode of ‘n teorie nie. Of dit nou die kliëntgesentreerde benadering van Rogers is; die rasioneel emotiewe terapie van Ellis; gedragsterapie en gedrags-modifikasie; Gestalt-terapie of narratiewe terapie; die faktor wat deurslaggewend is vir groei deur probleme, lyding en krisisse heen, is nie ‘n metode nie, maar ‘n verstaan van wie jy as mens is, wat die kwaliteit van jou bestaansfunksies, besluitneming en lewensdoelwitte is (Louw 2005a: 4).

## 5.5 Bereiking van die navorsingsdoelstellings

In die lig van die proporsionele toename in die getalle van bejaardes en die vereistes wat deur hulle versorging gestel word soos onder 1.8 geskets, is die navorsing toegespits op persone bo die ouderdom van 80 jaar. Hulle is diegene wat die ingrypendste deur huidige omstandighede geraak word. Daar is getrag om die navorsingsdoelstellings te verwesenlik deur in deelnemende aksienavorsing met bejaardes in ‘n aftreeoord in gesprek te tree.

### 5.5.1 Werkwyse

Deur teoretiese besinning en praktiese toepassing in spiralende wisselwerking rakende die probleemstelling soos onder 1.2 vemeld, is verwag dat die doelstellings, onder 1.8 aangedui, op die beste wyse bereik sal word. Praktiese illustrasie van teoretiese stellings in die teks kon deurlopend aangebied word deur die spiralende praktyk-teorie-praktyk-

benadering. In die navorsingsverslae van ontmoetings met die verskillende gespreksgenote kon pastoraal-terapeutiese uitgangspunte geïllustreer word aan die hand van die verhale van gespreksgenote.

5.5.2 Aanwending van ‘n hermeneutiese benadering

‘n Duideliker begrip van die omvang en effek van die hermeneutiese benadering in Skrif en pastoraat soos dit ouer persone raak, is gevisualiseer. Die verwagting was dat ‘n narratiewe hermeneutiese pastorale benadering aan persone in hierdie ouderdomsgroep geleenthede tot kommunikasie en ontboeseming sou bied in omstandighede wat dikwels vereensamend is. Op ‘n ouderdom waar daar ‘n behoefte is aan die integrasie van lewenservarings binne ‘n eie geloofsbelewenis sou juis die vertel en hervertel van lewensverhale hiertoe kon bydra. Dit sou dan ook die geleentheid bied dat verhale hermeneuties-sinvol met die Skrif verbind kon word.

In die pastorale terapie aan ouer persone is die begrip en werking van die hermeneutiese benadering soos ervaar deur verskillende lense effektief gerealiseer. Die vrymoedige meedeel van verhale deur gespreksgenote in vertroulike gesprekke het die geleentheid gebied om die hermeneutiese ondersoekmoontlikhede te ontgin op wyses wat terapeuties voordelig was. Hierdie dialogiese wisselwerking het die geleentheid tot psigiese en geestelike ontlading gebied aan ouer persone wat dikwels isolasie en vereensaming ervaar.

Die behoefte wat op hierdie stadium van die lewe ervaar word om vrede te maak met die verlede, om die herinneringe van die verlede sinvol te integreer in die werklikhede van die huidige situasie, kon fasiliterend aandag geniet. Inwoners het deurgaans uit ‘n Christelik-godsdienstige agtergrond gekom wat hulle lewensuitkyk weerspieël het. Daar kon dus sinvol gekommunikeer word vanuit ‘n diakoniologiese posisionering met die Skrif as norm.

5.5.3 Pastorale terapie en die hermeneutiese benadering

Verheldering van die effek van ‘n hermeneutiese benadering in die pastorale terapie is onderneem. Hierin het historiese en hedendaagse postmodernistiese asook “postfoundationalistiese” insette bygedra, soos dit in prakties-teologiese denke in die literatuur en in pastorale modelle neerslag vind.

Groter perspektief is gekry op die relatiwiteit van moderne en postmoderne waardes, en die vryheid om waardes te kies ooreenkomstig etiese en morele norme. In hierdie sin word die werklikheid van die postmoderne tydsgees erken en word aanvaar dat dit gehanteer moet word. In plaas van gebondenheid deur postmoder*nisme* as 'n absolute verskynsel, word 'n ander siening daarvan, wat dialoog moontlik maak, met die begrip *postmoderniteit* verwoord. Die ontwikkeling van 'n "postfoundationalistiese" paradigma wat die beste waardes van die modernisme en postmodernisme wil behou en 'n rasionele basis vir transversale dialoog tussen vakgebiede en paradigmas wil daarstel, is oorweeg en geëvalueer in die konteks van die posisionering in die studie.

5.5.4 Praktyktoepassing en teoretisering

In die navorsing is proefondervindelik ervaar dat aspekte van praktyktoepassing in die terapie en berading aan bejaardes teoretisering terugwerkend affekteer. Bepaalde vereistes en behoeftes het na vore gekom wat verhelderend terugkaats na die teorie.

Krisisomstandighede in die opset van 'n aftreeoord bring dikwels vereensaming en sosiale onttrekking van die verswakte bejaarde mee. Daarby het hierdie persone gewoonlik sterk gevestigde opvattings en beskouings. In hierdie opset word die belangrikheid van die opbou van 'n vertrouensituasie deur noue betrokkenheid en meelewing beklemtoon. Dit dien as bevestiging van teoretiese denke in hierdie verband wat inlewing in die gedagte- en leefwêreld van die gespreksgenoot bevestig as vereiste om enige noemenswaardige impak uit te oefen op denke en gedrag.

5.5.5 Vernuwing deur herinterpretasie van lewensverhale

In die gevallestudies word die narratief pastoraal-terapeuties aangewend as 'n middel om mense se lewens in nuwe bane te stuur deur die herinterpretasie en herskrywing van hulle lewensverhale. Sodoende word verfrissende en vernuwende vergesigte geopen ooreenkomstig die impetus wat verleen word binne 'n hermeneutiese benadering.

Deur die aanwending van die narratief en die rol van herinnering by persone bo 80 jaar is bevind dat sodanige gesprekke terapeuties en helend kan wees. In die proses kan 'n mate van herinterpretasie en herskrywing van lewensverhale teen die agtergrond van die Skrifverhaal plaasvind. Veranderinge in vasgelegde gewoontes en gedagtepatrone vind moeilik

op hierdie stadium van die lewe plaas, maar is nie onmoontlik nie − soos in die navorsingsverslae aangetoon. Die grootste terapeutiese waarde vir gespreksgenote op hierdie ouderdom het geblyk te wees in die verkryging en versterking van innerlike vrede en in die verfrissing en vernuwing van vergesigte van hoop deur die eskatologiese toekomsdimensie van die Skrif.

Dit sluit aan by die reeds gemelde werklike waarde van die narratief vir die ouer persoon in die bereiking van innerlike integriteit deur herbesinning. Dit gebeur deur groter begrip van hoe die eie verhaal van lief en leed, van geluk en swaarkry, sukses en mislukking, inpas by die perspektief wat aan die aand van die lewe bereik is. Die bonus word verwesenlik wanneer die eie bestaanshorison en die eskatologiese horison van die Woord in hierdie proses van verhaal en interpreteer ineenvloei. Sodoende word die bejaarde beter toegerus om die laaste, moeisame skof van die reis met vertroue aan te pak.

5.5.6 Aanwending van prakties-teoretiese uitgangspunte

In die studie word basisteoretiese, prakties-teoretiese en metateoretiese uitgangspunte in praktiese toepassing ontgin as lense wat verskillende perspektiewe open wat in navorsingsverslae van ontmoetings met persone bo 80 jaar weergegee word. In die gevallestudies word die hantering van krisisomstandighede in die lig van ‘n hermeneutiese benadering en met inagneming van navorsingsbevindings geïllustreer.

Hiermee is die oorhoofse doelstelling van die studie aangedui wat in die evaluasie van die uitkomste in paragrawe 5.5.1 tot 5.5.6 hierbo uiteengesit is. Opsommend kan gestel word dat die beskouing van die gevallestudies deur die verskillende prakties-teologiese lense insiggewend was deur komplementêre areas aan die lig te bring ooreenkomstig die unieke bydrae van elke uitgangspunt. Die aanpassing van uitgangspunt en metode na gelang van spesifieke vereistes wat deur die bepaalde omstandighede van ‘n gespreksgenoot gestel word, was ‘n geldige gevolgtrekking wat na vore gekom het.

Die oorhoofse waarneming word bevestig dat ingrypende verandering in gedrags- en denkpatrone baie moeilik by die persoon bo 80 jaar verwesenlik word weens ‘n gevestigde lewenstyl en opvattings. Desnieteenstaande realiseer die waarde van die vertel en hervertel van stories by hierdie persone in die bereiking van integriteit en outentisiteit, wanneer die verhale van die lewe sinvol in plek val deur groei in geestelike rypheid.

### 5.6 Die waarde van die studie vir die pastoraal-terapeutiese sorg aan die persoon bo 80 jaar

Daar word vertrou dat die studie ‘n bewuswording sal help aanwakker van die groeiende behoefte aan pastoraal-terapeutiese berading aan persone bo 80 jaar in die lig van die dramatiese toename in getalle as gevolg van faktore soos die vordering in die geneeskunde. Hiermee word verwys na die vermeerdering van ouer persone as persentasie van die bevolking, maar selfs in ‘n groter mate van die persentasie verswaktes bo 80 jaar. Dit vereis nie alleen uitbreiding van fisiese versorgingsgeriewe nie, maar ook van geriewe en middele vir psigiese en geestelik-pastorale versorging.

Die studie het die besef laat ontstaan van die belangrikheid van berading in die beperkte tyd wat die ouer persoon dikwels nog sinvol kan kommunikeer. ‘n Beduidende bydrae tot lewenskwaliteit kan nog in hierdie kritiese lewensfase gemaak word. Die geleenthede hiertoe neem drasties af met die verswakking en uiteindelike verlies van gehoor en visie. Die verlies van ander liggaamsfunksies soos mobiliteit en helderheid van verstand kan verdere hindernisse vorm tot inspraak in hul welsyn. Uiteindelik is dit ‘n realiteit dat baie van hierdie persone met wie in die hede nog ‘n betekenisvolle gesprek gevoer kan word, oor ‘n jaar of twee nie meer daartoe in staat sal wees nie as gevolg van agteruitgang deur Alzheimer se siekte of weens ander redes.

‘n Bemoedigende uitkoms van pastoraal-terapeutiese gesprekke is dat die geleentheid om verhale te vertel aan ‘n berader of pastor wat met empatie en deernis luister, nuwe moed en lus vir die lewe aan gespreksgenote gee. Nuwe perspektiewe maak die lewe die moeite werd, en gee moed om aan te gaan en weer te probeer. Uiteindelik mag dit lei tot berusting, en miskien antwoorde, op die vrae van ‘n lewe wat agter lê.

### 5.7 Die navorser en die navorsing

In die loop van die navorsing het die navorser onder die indruk gekom van die vereistes wat hierdie besondere navorsing stel. Die aard en omstandighede van gespreksgenote in ‘n aftreeoord bepaal in ‘n groot mate die benadering van die berader as navorser.

Afsydigheid kan by inwoners ervaar word. Persone wat in baie gevalle al vir etlike jare ‘n woonstel, ‘n kamer of die siekeboeg bewoon, het gevestigde lewensgewoontes met ‘n eie lewensuitkyk en sterk oortuigings. Aanvaarding van ‘n buitestaander gebeur nie oornag nie, en daar kan ‘n mate van agterdog teenoor ‘n nuweling wees. Ouer persone se privaatheid is vir hulle kosbaar.

Met die verloop van tyd, deur belangstellende gesprekke en deur betrokkenheid soos byvoorbeeld by wyse van ‘n meningsopname ondervind is, word geleidelik ‘n vertrouensverhouding opgebou. Mettertyd word spontaan vertel van belewenisse uit die verlede. Die natuurlike vermoë en begeerte by die ouer persoon om te vertel en kosbare herinneringe op te diep, kom na vore.  Die berader is opnuut bewus van die belangrikheid van luister, om hom of haar met respek in te leef in die leefwêreld van die verteller. Die wysheid van ‘n leeftyd spreek dikwels uit die stories en die berader kan alleen gepas reageer na geduldige herbelewing en meelewing.

Wanneer hartsgeheime en diepgevoelde seer geopenbaar word, moet die berader ‘n posisie van absolute vertroue handhaaf. ‘n Eerlike en opregte verhouding is ‘n vereiste indien die berader in staat wil wees om uiteindelik ‘n betekenisvolle bydrae te lewer. In hierdie posisie mag die berader eensaamheid ervaar omdat mededelings aan hom of haar ook ander partye mag betrek met wie goeie verhoudings gehandhaaf moet word. Dit mag negatiewe of afbrekende kritiek insluit, en die berader moet dit hanteer sonder om enigeen te benadeel, terwyl na oplossings gesoek word.

In bogenoemde konteks bied pastoraal-terapeutiese perspektiewe vanuit die verskillende prakties-teologiese uitgangspunte as lense aanknopingspunte wat moontlik waardevol kan wees vir teorie en praktyk. Basisteoreties word ‘n vaste begronding gevind in die heilswaarhede wat as kostelike geloofsbesit vir die ouer persoon lewensbelangrik is. Praktykteologies kan die berader praktiese metodes en teoretiese insigte in noue wisselwerking operasionaliseer, terwyl metateoretiese bydraes wat uit verskillende hulpdissiplines geïntegreer word, nuwe perspektiewe verleen.

# BIBLIOGRAFIE

Adams , J.E. *1970. Competent to counsel.* Grand Rapid: Baker Book House.

*Afrikaanse woordelys en spelreëls (AWS)*. (Sien Taalkommisssie).

Alberts, L. 2002. *Is Jesus Christus uniek?* Vereeniging: Christelike Uitgewersmaat-skappy.

Anderson, H. & Goolishian, H. 1992. The client is the expert: a not-knowing approach to therapy. In: Mc Namee, S. & Gergen, K.J. (Eds.). *Therapy as social construction.* London: Sage.

Atchley, R.C. 1976. *The sociology of retirement*. New York: Schenkman.

Augustine. 1952. The confessions. In: *Augustine. Great books of the Western World*. Ed. R.M. Hutchins, Part 18. The University of Chicago.

Ayete-Nyampong, S. 2009. *Pastoral care approach to gerontological needs in Africa*. Paper read at the 6th African Congress on Pastoral care and counselling, 14-18 September, Stellenbosch: 1-20.

Babbie, E. R. 1998. *The practice of social research*. 8th ed. Belmont: Wadsworth.

Becker, A.H. 1986. *Ministry with older persons*. Minneapolis: Augsburg Publishing House.

Becvar, D.S. & Becvar, J. 1996*. Family therapy. a systemic integration.* 3rd ed. Boston: Allyn and Bacon.

Berger, P.L. & Berger, B. 1972. S*ociology. A biographical approach*. New York: Basic Books.

Bhana, A. 2002. Participatory action research: a practical guide for realistic radicals. In: *Terre Blanche, M and Durheim, K. Eds. Research in Practice.* Cape Town: UCT Press.

Blaikie, N. 2003. *Analyzing quantitative data*. London: Sage.

Boisen, A.T. c. 1936. *The exploration of the inner world; a study of mental disorder and religious experience.* Philadelphia: University of Pennsylvania Press.

Bons-Storm, R. 1984. *Kritisch bezig zijn met pastoraat*. 's-Gravenhage: Boeken-centrum.

Bons-Storm, R. 1989. *Hoe gaat het met jou? Pastoraat als komen tot verstaan.* Kampen: Kok.

Bosman, D.B., Van der Merwe, I.W. & Hiemstra, L.W. 1984. *Tweetalige woordeboek.* Kaapstad: Tafelberg.

Bouwer, J. 2004. No salvation without health? Health and illness in relation to salvation and damnation. In Ganzevoort, R.R. & Heyen, H.K. Eds. *Weal and woe. Practical-theological explorations of salvation and evil in biography.* Munster: Lit Verlag.

Britz, R. 2002. Twee standpunte oor die Skrif … en 'n dilemma vir die N.G. Kerk*. NGTT* deel 43 nommers 3 & 4, 354-367.

Browning, D. S. 1991. *A fundamental practical theology*. Minneapolis: Fortress Press.

Bruner, J. *1986. Actual minds, possible worlds*. Cambridge, M.A.: Harvard University Press.

Brunsdon, A.R. 2006. *Pastoraat aan die afgetrede egpaar deur kanker geaffekteer. 'n Narratiewe benadering.* Proefskrif in die Fakulteit Teologie, Departement Praktiese Teologie aan die Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein.

Buckley, T. 2007 *Traumatic stress and motor vehicle accidents.* http://www.ncptsd.va.gov/ncmain/ncdocs/fact_shts/fs_mva.html?printable=true. Date of use: 1 Feb.

Burger, C. 1991. *Praktiese teologie in Suid-Afrika. 'n Ondersoek na die denke oor sekere voorvrae van die vak*. RGN-reeks in Metodologie; Reeksred. J. Mouton. Pretoria: RGN.

Burger, I. 2004. *Dán is ek graag 'n fundamentalis*. *Beeld,* 11 Oktober.

Cahoone, L. Red. 1996. *From modernism to postmodernism*. An anthology. Cambridge: Blackwell.

Capps, D.1990. *Reframing. A new method in pastoral care.* Minneapolis: Fortress.

Caputo, J.D. ed. 1977. *Deconstruction in a nutshell – a conversation with Derrida (The Villanova Roundtable)*. New York: Fordham University Press.

Clandinin, D.J. Ed. 2007. *Handbook of narrative inquiry*. Mapping a methodology. London: SAGE Publications.

Clayton, 2003. God and world. In: *The Cambridge Companion to Postmodern Theology ed. by Kevin J. Vanhoozer, 5-25*. Cambridge: University Press.

Clinebell, H. 1984. *Basic types of pastoral care and counseling*. Nashville: Abingdon.

Coetzee, A. 2008. *Die heling wat kan spruit uit vertelling*. Resensie van "Narrating our healing" deur Van der Merwe, C.N. en Gobodo-Madikizela, P. in *Perspektief 5, Rapport 13 April*.

Coetzer, W. 2008. *Traumaberading.* Potchefstroom: Prof. Wentzel Coetzer.

Collins, K. 1999. *Participative research: a primer*. South Africa: Prentice Hall.

Costello, P.J.M. 2002. *Action research*. London: Continuum.

Covey, S.R. 1999. *The 7 habits of highly effective people. Restoring the character ethic*. London: Simon & Shuster.

Covey, S.R. 2004. *The 8th Habit. From effectiveness to greatness*. London: Simon & Shuster

Cox, H.G. 2001. *Later life. The realities of aging.* Fifth edition. New Jersey: Prentice Hall.

Crowther, M.R., Parker, M.W., Achenbaum W.A., Larimore, W.L. & Koenig, H.G. 2002. Rowe and Kahn's model of successful aging revisited: Positive spirituality – the forgotten factor. *The Gerontologist. Washington: Oct. (42) 5: 613 –620.*

De Klerk, B. 2005. 'n Liturgie van aftrede. *In die Skriflig 39(3):1-24.*

De Lange, F. 2004. Modern life course as "choice biography". In: *Ganzevoort, R.R. & Heyen, H.K. Eds. Weal and woe. Practical-theological explorations of salvation and evil in biography, 34-49* . Munster: Lit Verlag.

Demasure, K. & Müller, J. 2006. Perspectives in support of the narrative turn in pastoral care. *Ned Geref Teologiese Tydskrif.* 47(3-4): 410-419.

Denzin, N.K. & Lincoln, Y.S. Eds. 1994*. Handbook of qualitative research*. London: SAGE Publications.

Derrida, J. 1994.*Of grammatology*. Translated by Gayatri Chakrovorty Spivak. Delhi: Banarsidass Publishing.

Derrida, J. 1996. The end of the book and the beginning of writing. In: Cahoone, L. (Ed.) *From modernism to postmodernism: an anthology.* Cambridge: Blackwell.

De Villiers, F. 1977. *Sterwensbegeleiding.* Johannesburg: Perskor-uitgewery.

Dill, J. & Kotze, D.J. 1997. Verkenning van 'n postmoderne epistemologiese konteks vir die praktiese teologie*. Acta Theologica: 17 (1): 1 - 26.*

Dilthey, W. 1927. *Der Aufbau der geschichtlichen Welt in den Geisteswissenschaften*. Berlin: Van den Hoeck & Ruprecht.

Dingemans, G.D.J. 1996. *Manieren van doen. Inleiding tot de studie van de praktische theologie.* Kampen: Kok.

Dooyeweerd, H..1979. *Roots of western culture*.Toronto: Wedge.

Dooyeweerd, H. 1997. *A new critique of theoretical thought, vol. 1-4*. Lewiston: The Edwin Mellen Press.

Dreyer, J.S. 1998. The Researcher and the researched: methodological challenges for practical theology. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika,* 13(1): 14-27.

Du Plooy, C.W. 1995. Paradigmatic points of departure for pastoral care. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika,* 10(2): 27-39.

Durban: Tuinsig-Aftreeoord. 28.04.09. *Alzheimerseminaar vir vrywilligers* (ongepubliseerd).

Du Toit , A. 2002. *Hebreërs vir vandag*. Vereeniging: CUM.

Du Toit, B. 2000. *God? Geloof in 'n postmoderne tyd.* Bloemfontein:CLF- Uitgewers.

Du Toit, C. 1990. Perspektiewe op lyding. In: Vos, C. & Muller J. *God in ons lyding.* Pretoria: Orion.

Du Toit, C.W. 2006. Secular spirituality versus secular dualism: Towards postsecular holism as model for a natural theology. *Hervormde teologiese studies,* 62(4):1251-1268.

Eriksen, E. 1959. *Identity and the life cycle.* Psychological issues monograph series, vol. 1, no. 1. International Universities Press Inc.

Erikson, Erik, Erikson, Joan M. & Kivnick, Helen Q. 1986. Vital Involvement in old age. In: *The experience of old age in our time.* New York: W.W. Norton.

Faber, H. & Van der Schoot, E. 1966. *Het Pastorale gesprek. Een pastoraal-psychologische studie.* Utrecht: Bijleveld.

Ferreira, M. & Van Dongen, E. 2004. *Untold stories. Giving voice to the lives of older persons in new South African society. An anthology.* University of Cape Town: The Albertina and Walter Sisulu Institute of Ageing in Africa.

Firet, J.1987. *Spreken als een leerling. Praktisch-theologischen opstellen.* Kampen: Kok.

Flax, J. 1990. *Thinking fragments: Psycho-analysis, feminism, and postmodernism in the contemporary West.* Los Angeles: University of California Press.

Fontana, A. & Frey, J.H. 1994. Interviewing. The art of science. In: Denzin, N.K. & Lincoln, Y.S*. Handbook of qualitative research,* 361-376. London: Sage Publications.

Foucault, M. 1980. *Power/knowledge: selected interviews and other writings.* New York: Pantheon Books.

Fowler, J.W. 1981. *Stages of faith*. San Francisco: Harper.

Fowler, J.W. 1991. *Weaving the new creation. Stages of faith and the public church.* San Francisco: Harper & Row.

Frankl, V.E. 1963. *Man's search for meaning*. New York: Pocket Books.

Frankl, V.E. 1985. *Man's search for meaning. An introduction to logotherapy.* Revised and updated. New York: Pocket Books.

Freedman, J. & Coombs, G. 1996. *Narrative therapy. The social construction of preferred realities. New York: Norton.*

Gadamer, H.G. 1975 & 1979. *Truth and method*. Tr. and ed. G. Barden &

J.Cumming. New York: Continuum.

Gadamer, H.G. 1976. *Philosophical hermeneutics*. Berkeley: University of California Press.

Galovski, T.E. & Veazey, C. 2006. Surviving the crash: Stress reactions of motor vehicle accident victims*. Gift from within 1995-2007*, Camden, Maine04843 .http://www.giftfromwithin.org/htm/crash.html. Used: 01/02/2007.

Ganzevoort, R.R. 2004. A lifetime yearning for shalom. In: Ganzevoort, R.R. & Heyen, H.K. eds. 2004*. Weal and woe. Practical-theological explorations of salvation and evil in biography, 50-65.* Munster: Lit Verlag.

Ganzevoort, R.R. 2006. *De Hand van God en andere verhalen. Over veelkleurige vroomheid en botsende beelden.* Zoetermeer: Uitgeverij Meinema.

Ganzevoort, R.R. 2007. Waarheen met de praktische theologie? In: *Theologisch Debat* 4/1, 20-24.

Ganzevoort, R.R. & Heyen, H.K. reds. 2004. *Weal and woe. Practical-theological explorations of salvation and evil in biography.* Munster: Lit Verlag.

Ganzevoort, R.& Veerman, A.L.1999. *Geschonden liggaam*. Zoetermeer: Uitgeverij Boëkencentrum.

Ganzevoort, R.R. & Visser, J. 2007. *Zorg voor het verhaal. Achtergrond, methode en inhoud van pastorale begeleiding.* Zoetermeer: Uitgeverij Meinema.

Gerkin, C.V. 1984. *The living human document*: *Re-visioning pastoral counseling in a hermeneutical mode.* Nashville: Abingdon Press.

Gerkin, C.V *1986. Widening the horizons: Pastoral responses to a fragmented society.* Philadelphia: Westminster.

Gerkin, C. V. 1991. *Prophetic pastoral practice. A Christian vision of life together.* Nashville: Abingdon Press.

Gerkin, C.V. 1997. *An Introduction to pastoral care.* Nashville: Abingdon Press.

Graham, L.K. 1992. *Care of persons, care of worlds: a psychosystems approach to pastoral care and counseling.* Nashville: Abingdon.

Grenier, A. 2008. Recognizing and responding to loss and “rupture” in older women’s accounts. *Journal of Social Work Practice*, vol 22 no 2 July: 195-210

Habermas, J. 1981. *The theory of communicative action*. Boston: Beacon.

H.A.T. *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal.* 2005. 5de uitgawe. Odendal, F.F., Gouws, R.H. (reds).

Heelan, P.A. 1985. Perception as a hermeneutical act. In: *Silverman, H.J. & Ihde, D., Hermeneutics and deconstruction*. Albany: State University of New York Press.

Heidegger, M. 1962. *Being and time*, translated by Macquarrie, J. & Robinson, E. Oxford: Blackwell

Heitink, G. 1977. *Pastoraat als hulpverlening*. Kampen: Kok.

Heitink, G. 1993. *Praktische theologie: geschiedenis, theorie, handelingsvelden.* Kampen: Kok.

Heitink, G. 1998. *Pastorale zorg: theologie, differentiatie, praktijk*. Kampen: Kok.

Hesse-Biber, S.N. & Leavy, P. 2006. *Emergent methods in social research*. London: SAGE

Heyns, J.A. en Jonker, W.D. 1977. *Op weg met die teologie*. Goodwood: N.G. Kerk-Uitgewers.

Heyns, L.M. en Pieterse, H.C.J. 1990. *A primer in practical theology*. Pretoria: Gnosis.

Hillman, J. 1999. *The force of character and the lasting life*. New York: Random House.

Hiltner, S.1958. *Preface to pastoral theology.* Nashville: Abingdon Press.

Hoffman, J. 2009. South Africa. In: Palmore, E., Whittington, F. & Kunkel S. *International handbook on aging*. Abingdon: Praeger Publishers:.

Human, L.H. 2001. Fiction writing as metaphor for therapy notes. *Practical Theology in South Africa 16 (2).*

Immink, F.G. 2005. *Faith. A practical theological reconstruction*. Grand Rapids: Eerdmans.

Janse Van Rensburg, J. 1996. Verbond en pastoraat. Perspektiewe vir die ontwerp van ‘n paradigma. *Ned. Geref. Teologiese Tydskrif: 152 –165.*

Janse van Rensburg, J. 1999. Etiek en pastoraat in hermeneutiese konteks.*Tydskrif vir Geesteswetenskappe 39 (2): 158 – 167.*

Janse van Rensburg, J. 2000.*The paradigm shift.* Pretoria: Van Schaik.

Janse van Rensburg, J. & Hoffman, L. 2003. Die impak van die verbond op ‘n paradigma vir pastoraat. *Acta Theologica 2003: 2, 239-253.*

Janson, M. 2002. *Op soek na die ware Jesus*. Wellington: Lux Verbi.

Jonker, H. 1983*. Theologische praxis. Problemen, peilingenen, perspektieven bij kenterend getij*. Nijkerk: Callenbach.

Jonker, W.D. 1981. *In diens van die Woord.* Pretoria: N.G. Kerkboekhandel.

Kastenbaum, R. 1979. *Growing old.* Kenwyn: Juta.

Kaufmann, W. red. 1971. *The portable Nietzsche.* Tr. and ed. by Walter Kaufmann. London: Chatto & Windus.

Kiefera, C.W. 1990. The elderly in modern Japan: elite, victims, or plural players? In: Sokolovski, J. ed. *The cultural context of aging*. New York: Bergin & Harvey.

Kimble, M.A. 2001. Beyond the biomedical paradigm: generating a spiritual vision of ageing. In: MacKinlay, E, Ellor, J.W. & Pickard, S. eds. *Aging, spirituality and pastoral care: a multi-national perspective, 31- 41*. New York: The Haworth Press.

Kimmerli, H. red. 1977. *Hermeneutics: the handwritten manuscripts*, by Schleier-macher, F.D.E., ed. by Kimmerle, H.; trans. by Duke, J. & Forstman, J. (American Academy of Religion, texts and translations.) Missoula: Scholars Press.

Kinsella, K. & Phillips, D.R. 2005. Global aging. The challenge of success. In: *Population Bulletin. March, 3-40*.

Koenig, H.G. 1994. *Aging and God. Spiritual pathways to mental health in midlife and later years*. New York: Haworth Press.

Koenig, H.G. 2002. A commentary. The role of religion and spirituality at the end of life. *The Gerontologist. Special issue III: End-of-life research.* Washington, October (42) 20-23.

Koenig, H.G. & Weaver, A.J. 1998. *Pastoral care of older adults. Creative pastoral care and counseling.* Minneapolis: Fortress Press.

König, A. 2006*. Die groot geloofswoordeboek.* Vereeniging: CUM*.*

Kotze, E. & Kotze, D.J. 1997. Social construction as a postmodern discourse: an epist-emology for conversational therapeutic practice. *Acta Theologica 1997: 1,* 27-49.

Kübler-Ross, E. 1970. *On death and dying*. London: Tavistock Publications.

Kübler-Ross, E. & Kessler, D. 2005. *On grief and grieving. Finding the meaning of grief through the five stages of loss*. London: Simon & Schuster.

Kuhn, T.S. 1977. *The essential tension*. University of *Chicago Press.*

Kysar, R. 1991. *Called to care. Biblical images of social ministry.* Minneapolis: Fortress Press.

Lauer, R.H. 1992. *Social problems and the quality of life*. Dubuque: Wm. C. Brown.

Lester, A.D. 1995. *Hope in pastoral care and counselling*. Louisville: Westminister John Knox Press.

Louw, D.J.1999. *Pastoraat as vertolking en ontmoeting.* Wellington: Lux Verbi.

Louw, D.J. 2002. A practical theological ecclesiology of relocalisation and globalisation from below: towards a viable African Renaissance. *Journal of Theology for Southern Africa,* 112 (March) 69-87.

Louw, D.J. 2005a. *Ratwerke van die menslike siel. Oor volwasenheid en lewensvaar-dighede.* Stellenbosch: Sun Press.

Louw, D.J. 2005b. Geloofsvolwassenheid en Christelike spiritualiteit binne die knyptang van prestasiedruk tydens vroegbejaardheid. *In die Skriflig* 39(3) 423-429.

Louw, D.J. 2008. *Cura vitae. Illness and the healing of life*. Wellington. Lux Verbi.

Lyotard, J.-F. 1984. The postmodern condition: a report on knowledge. Minneapolis: University of Minnesota Press. In: Calhoune, L.E. 1996. *From modernism to post-modernism*. Cambridge: Blackwell.

MacKinlay, E. 2001. The spiritual dimension of caring: applying a model forspiritual tasks of ageing. In: MacKinlay, E, Ellor, J.W. & Pickard, S. Eds. 2001. *Aging, spirituality and pastoral care: a multi-national perspective.* New York: The Haworth Press.

MacKinlay, E. 2001. Understanding the ageing process: a developmental perspective of the psychosocial and spiritual dimensions. In: MacKinlay, E., Ellor, J.W. & Pickard, S. eds. 2001. *Aging, spirituality and pastoral care: a multi-national perspective*. New York: The Haworth Press.

MacKinlay, E., Ellor, J.W. & Pickard, S. eds. 2001. *Aging, spirituality and pastoral care: a multi-national perspective*. New York: The Haworth Press.

Madison, G.B. 1991. Beyond seriousness and frivolity; a Gadamerian response to deconstruction. In: Silverman, H.J. ed*. Gadamer and hermeneutics* (Continental Philosophy IV). 119-135: New York: Routledge.

Maraldo, John C.1974. *Der hermeneutische Zirkel. Untersuchungen zu Schleiermacher, Dilthey und Heidegger.* (Symposion. Philosophische Schriftenreihe, herausgegeben von Max Müller, Bernhard Welte, Erik Wolf). Freiburg/München: Verlag Karl Alber.

Marx, W.1985. Hermeneutics and the history of being. In: Sovermann, H.J. & Ihde, D. *Hermeneutics and deconstruction*. Albany: State University of New York Press.

Maturana, H. 1985. An interview with Humber – to Maturana. *Networker,* May/June, 36-43.

Maxwell, J.A. 1998. Designing a qualitative study. In: Bickman, L. & Rug, D.J. ed. *Handbook of applied social research methods*, 69 – 100. London: Sage.

May, R. 1950. *The meaning of anxiety*. New York: Ronald Press Company.

Morgan, A. *2000. What is narrative therapy?* Adelaide: Dulwich.

Morgan, D.L. 2006. Practical strategies for combining qualitative and quantitative research methods (applications to health research). In: Hesse-Biber, S.N.& Leavy, P. 2006*. Emergent methods in social research*, 165-182. Londen: SAGE.

Müller, J. 1991. Pastoral care in post-apartheid South Africa. *Praktiese Teologie*

*in Suid-Afrika 6(2): 184 - 192.*

Müller, J. 1996. *Om tot verhaal te kom.* Pretoria: R.G.N.-studies in Praktiese Teologie**.**

Müller, J. 1998. *Spirituality and the Narrative*. http://www.julianmuller.co.za/articles/doc_view/98-spirituality and thenarrative?tmpt.component & format=raw. Used 8 Feb. 2009.

Müller, J. 1999. *Tweede en Derde Orde. Kubernetiek*. http://www.julianmuller.co.za/articles/doc_view/99-tweede en derdeorde kubernetiek?tmpt.component&format=raw. Gebruik 28 Jan. 2009

Müller, J. 2000. *Reisgeselskap*. *Die kuns van verhalende pastorale gesprekvoering.* Wellington: Lux Verbi

Müller, J. 2002. *Gesinne van binne*. Bloemfontein: CLF-Drukkers.

Müller, J. 2003. HIV/AIDS narrative practical theology and postfoundationalism: the emergence of a new story. *Hervormde Teologiese Studies* 60 (1-2) 293-306.

Müller, J. 2005. A Postfoundationalist, HIV positive practical theology. *Practical Theology in South Africa,* vol. 20 (2) 72-88.

Müller, J., Van Deventer, W. & Human, L. 2001. Fiction writing as metaphor for research: a narrative approach. *Praktiese Teologie in S.A.* 16(2) 76-94.

Murray, A. 1942. Die moderne ongeloof. In: *Versamelde werke. Dr. Andrew Murray*, *deel 2.* Kaapstad: Nasionale Pers.

Murray, M. 1985. Hermeneutics of the world. In: Silverman, H.J. & Ihde, *Hermeneutics and deconstruction*. Albany: State University of New York Press.

Newton, J.F. A minister's mail. 1960. In: *The best of twenty-one years.* The Reader's Digest Association Limited.

Niemandt, N. 2007. *Nuwe drome vir nuwe werklikhede*. Wellington: Lux Verbi.

Oates, W.E. 1964. *The Christian pastor*. Pennsylvania: Westminster Press.

*Ons Glo … Die Drie formuliere van eenheid en ekumeniese belydenisse.* 1992. Tweede druk. Kaapstad: N.G. Kerk-Uitgewers.

Osrovech, S. 2006. *Jou God is koning! 'n Bybelse dagboek*. Wellington: Lux Verbi.

Ouweneel, W.J. 1993. *A critical analysis of the external and internal prolegomena of systematic theology*. Doctoral thesis, Department of Dogmatology, Faculty of Theology, University of the Orange Free State, Bloemfontein.

Palmore, E., Whittington, F. &. Kunkel, S. 2009. *International handbook on aging*. Abingdon: Praeger Publishers.

Potgieter, J., Heyns, M. & Bam, R. 2007. The road twice travelled: understanding the grieving process of the Alzheimer caregiver. *The Social Work Practitioner-Researcher,* vol. 19 (1): 40 – 59.

Putman, W. 1994. Het zelf en het pastorale gesprek. *Coda: Tijdschrift voor therapeu-tische hermeneutiek,* 3:140 – 164.

Reagan, C.E. & Stewart, D. (reds.) 1978. *The philosophy of Paul Ricoeur: an anthology of his work*. Toronto: Beacon.

Resseguie, J.L. 2004. *Spiritual landscape. Images of the spiritual life in the Gospel of Luke.* Massachusetts: Hendrickson Publishers**.**

Ricoeur, P. 1973. The critique of religion. *Union Seminary Quarterly Review,* 28 (3): 203-212; Also included in: Reagen, C.E. & Stewart, D. (1978: 213-222).

Ricoeur, P. 1978. Response. In: Reagan, C.F. & Stewart, D. (Eds), *The philosophy of Paul Ricoeur: an anthology of his work*. Boston: Beacon.

Ricoeur, P. 1981. *Hermeneutics and the human sciences: essays on language action and participation*. Cambridge: Cambridge University Press.

Ricoeur, P. 1983-1985. *Time and narrative* (vol.1-3). Chicago: University of Chicago Press.

Ricoeur, P. 1991. *Tekst en betekenis. Opstellen over de interpretatie van literatuur*. Baarn: Amco, cop.

Roels, A.B. s.d. *Vijfentwintig eeuwen filosofie*. 'S-Gravenhage: Uitgave N.V. Maandblad Succes.

Roets, J. 1995. Die Christelike grondmotief en die Heilige Skrif by Dooyeweerd. *Koers 60 (2): 259 –275.*

Rogers, C.R. *1942. Counseling and psychotherapy.* Boston: Houghton Mifflin.

Rogers, C.R. 1951. *Client-centered therapy*. Boston: Houghton Mifflin.

Rorty, R. 1991. *Objectivity, relativism, and truth*. Philosophical Papers, vol.1. Cambridge: Press Syndicate of the University of Cambridge.

Ryan, E.B., Martin, L.S. & Beaman, A. 2005. Communication strategies to promote spiritual well-being among people with dementia. *The Journal of pastoral care and counseling 59 (1-2) 43-55.*

Sarantakos, S. 2005. *Social research,* 3rd edit. New York Pallgrave: Macmillan.

Schaefer, R.T. & Lamm, R.P. 1995. *Sociology*. 5th edit. New York: McGraw-Hill.

Scheffler, E. 1992. Naasteliefde in die Lukas-Handelinge. *Scriptura. Tydskrif vir Bybel en teologie in Suider-Afrika.* Spesiale Uitgawe S9a: 55-73.

Schleiermacher, F.D.E. 1830. *Angeführt in Scholz, H. red. 1910. Kurze Darstellung des theologischen Studiums. Kritische Ausgabe mit Einleitung und Register*. Leipzig.

Schleiermacher, F.D.E.1977. *Hermeneutics*: *the handwritten manuscripts.* Kimmerle, H. (ed.), translated by Duke, J. & Forstman, J. (American Academy of Religion, texts and translations) Missoula, Montana: Scholars Press.

Scholz, H. red. 1910. *F.D.E.Schleiermacher.* Angeführt in "Kurze Darstellung des theologischen Studiums". Kritische Ausgabe mit Einleitung und Register. Leipzig.

Schrag, C.O. 1992. *The resources of rationality: a response to the postmodern challenge.* Bloomington: Indiana University Press.

Senekal, D.P. 2006. Die funksionering van Bybelse inhoude in 'n narratiewe pastorale gesprek. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika. 2006,* 21(2): 134-146.

Shamy, E. 2003. *A guide to the spiritual dimension of care for people with Alzheimer's and related dementia.* London: Jessica Kingsley Publishers.

Silverman, H.J. ed. 1991. *Gadamer and hermeneutics*. (Continental Philosophy IV.) New York: Routledge.

Sirr, R. 2001. Key learnings after two weeks. *Dulwich Centre Journal (3 & 4): 37 - 38.*

Smit, D. 2006. *Neem, lees! Hoe ons die Bybel hoor en verstaan*. Wellington: Lux Verbi.

Smuts, A.J. 1969. *Die pastorale gesprekvoering*. Proefskrif in die Fakulteit Godgeleerdheid (Afd. B), Universiteit van Pretoria.

Speed, B.1991. Reality exists O.K.? An argument against constructivism and social constructionism. *Family Process* 30: *1991: 395 – 409.*

Statistics South Africa. (2008). *Mid-year population estimates: South Africa.* Pretoria, SouthAfrica.

Stone, J.A. 2006. Book reviews: Van Huyssteen, J. Wentzel – *Alone in the world?: Human uniqueness in science and theology. H.T.S.* 62 (3): 1145-1149.

Strauss, D.F.M. 1998a. Die postmodernisme – metodologiese oorwegings. *Tydskrif vir Christelike Wetenskap*, April, 13 – 34.

Strauss, D.F.M. 2002 (a). Understanding in the humanities: Gadamer's thought at the intersection of rationality, historicity, and linguisticality – with special reference to the dialectics of causality and history. *South African Journal of Philosophy* (21) 4: 291 – 305.

Strauss, D.F.M. 2002 (b). Filosofiese onderstrominge in die kontemporêre teologiese debat – van "ewige waarhede" tot "gekontekstualiseerde metafore". *Tydskrif vir Christelike Wetenskap* (38) 3 & 4: 111 – 132.

Strauss, D.F.M. 2002 (c). Voorvrae rondom die geloofwaardigheid van die Bybel in 'n "postmoderne tyd". In: *Ned. Geref. Teologiese Tydskrif* (43) 3 & 4, September en Desember: 570 – 592).

Strauss, H.J. 1964. *Christelike wetenskap en Christelike nderwys*. Bloemfontein: Sacum.

Strauss, S.A.1998b. Gereformeerde teologie tussen modernisme en postmodernisme. *Tydskrif vir Christelike Wetenskap,* April: 95 - 106.

Strydom, H. 2002. Participation action research*. In: Research at grass roots for the social sciences and human service professions.* Edited by A.S. de Vos. Pretoria: Van Schaik.

Taalkommissie van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. 2009. *Afrikaanse woordelys en spelreëls (AWS)*. Tiende hersiene druk.

Taylor, Mark C. 1984. Erring: a postmodern A/theology. Chicago : University of Chicago press. In: Cahoone, Lawrence (ed.) *From modernism to postmodernism.* An anthology. Cambridge: Blackwell, 514 – 533.

Thompson, J.B. 1981. *Critical hermeneutics: a study in the thoughts of Paul Ricoeur and Jürgen Habermas.* London: Cambridge University Press.

Thurneysen, E. 1963. *A Theology of Pastoral Care*. Richmond, Virginia: John Knox Press.

Thurneysen, E. 1968*. Seelsorge im Vollzug*. Zürich: EVZ.

Tieleman, D.1993. Pastoraat en zingeving. *Gereformeerd Theologisch Tijdschrift*. 93ste Jaargang 1-32.

Tomm, K. & Lannamann, J.W. 1988. Constructivism applied: the constructivist challenge. *Networker,* September/October, 37 ff.

Tracy, D.1*981.The analogical transformation.* London: SCM*.*

United Nations Population Division [UNDP]. (2006). *Population ageing 2006*. *Wall-chart*. New York.

Van Aarde, A. 2004. Skrifbeskouing in die lig van postmoderniteit. *Hervormde Teologiese Studies*, 60 (1-2): 503-532.

Van den Berg, J-A. 1999. *Metaforiese gesinsterapie*. PhD.-Proefskrif, Departement Praktiese Teologie, Universiteit van Pretoria.

Van den Berg, J-A. 2006a. Voeg die daad by die woord. Diensleer en teologiese onderrig*. Ned Geref Teologiese Tydskrif*, deel 47 nommers 3 &4, September en Desember, 697-707.

Van den Berg, J-A.2006b. 'n Verandering in tongval….? 'n Verwoord-(beeld)ing van pastoraal-teologiese perspektiewe. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika.* 21 (2): 164-181.

Van den Berg J-A. 2007. *'n Beliggaamde siel. Voorgestelde perspektiewe vir 'n pastorale antropologie*. Werkswinkel tydens die 8ste Wêreldkongres van die International Council on Pastoral Care and Counselling met as tema "Treasure in earthen vessels-care of souls facing fragility and destruction-individual and systemic perspectives", Krzyżowa, Pole, 7-14 Augustus.

Van den Berg, J-A. & De Wet, R. 2008. Sketse van 'n pastoraat van narratiewe betrokkenheid in die Lukasevangelie met besondere klem op die Saggeusverhaal. *In die Skriflig*. 42(1): 145-157.

Van den Berg, J-A. & Pienaar, S. 2005.HIV/AIDS, violence and children: A Bottom-up practical theology from Atteridgeville and Katlehong, South Africa. *Practical Theology in South Africa*. 20(1): 99-118.

Van der Laan, J.H. 1979. *De Praxis van de praktische theologie*. In: G. Heitink e.a.(red.). Kampen: Voortgang.

Van der Vegt, W.H. s.d. Deel 1. Advent en Kerststoffen met inleiding door ds. W.H. van der Vegt. In: Calvijn, J. *Het gepredikte woord. Preeken van Johannes Calvijn*. Vertaald door ds. J. Douma en W.H.van der Vegt. 2e ongewysigde druk. Franeker: T. Wever.

Van der Walt, B.J. 2005. Growing together in faith – How can it be understood theoretically and achieved practically? *Journal of Christian Scholarship* 41, 3 & 4: 141 –168.

Van der Walt, B.J.2009. Die betekenis van Bybelse antropologiese wetenskap. *Tydskrif vir Christelike Wetenskap 45ste Jaargang, 1ste en 2de Kwartaal: 127-151.*

Van Dongen, E. 2004a. Epilogue: Sorrows and resilience. Hope for the future. In: *Ferreira, M. & Van Dongen, E. Untold stories.Giving voice to the lives of older persons in new South African society. An anthology.* Chapter 20, 115-119. University of Cape Town: The Albertina and Walter Sisulu Institute of Ageing in Africa.

Van Dongen, E. 2004b. Doing memory in times of misery. Can older people in South Africa "work through"? In: *Ferreira, M. & Van Dongen, E. Untold stories. Giving voice to the lives of older persons in new South African society. An anthology.* Chapter 11, 67-79. University of Cape Town: The Albertina and Walter Sisulu Institute of Ageing in Africa.

Van Heerden, P.R. & Kotze, D.J. 1997. Die pastorale gesprek binne 'n narratiewe diakonale pastoraat. *Acta Theologica 1: 81 – 98.*

Vanhoozer, K.J. 1991. Philosophical antecedents to Ricoeur's time and narrative. In: Wood, D. ed. *On Paul Ricoeur. Narrative and interpretation.* London: Routledge.

Vanhoozer, K.J. 2001. Theology and the condition of postmodernity: a report on knowledge (of God). In: *The Cambridge Companion to Postmodern Theology ed. by Kevin J. Vanhoozer, 5-25*. Cambridge: University Press.

Van Huyssteen, J. W. 1989a. *Theology and the justification of faith. Constructing theories in systematic theology.* Vert. deur H.F. Snijders, van "Teologie as kritiese geloofsverantwoording". Grand Rapids: Eerdmans.

Van Huyssteen, J.W. 1989b. Narrative theology: an adequate paradigm for theological reflection? *Hervormde Teologiese Tydskrif*, 45 (4): 767-777.

Van Huyssteen, J.W. 1998. *Duet or duel? Theology and Science in a Postmodern World.* London: SCM Press.

Van Huyssteen, J.W. 1999. *The shaping of rationality. Toward interdisciplinarity in theology and science.* Cambridge: Eerdmans.

Van Huyssteen, J.W.*2004. Lez Eyzies Symposium, May 2004.*

Van Huyssteen, J.W. *2006. Alone in the world? Human uniqueness in science and theology.* The Gifford Lectures, The University of Edinburgh, Spring 2004. Cambridge: Eerdmans.

Van Jaarsveld, F.J. 2002. *Die Rol van Godskonsepte vir pastorale terapie – 'n konstrukteoretiese benadering.* Ph.D.-proefskrif. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat, Departement Praktiese Teologie.

Van Loon, A.M. 2001. The challenges and opportunities of faith community (parish) nursing in an ageing society. In MacKinlay, E., Ellor, J.W. & S.Pickard eds.*: Aging, spirituality and pastoral care: a multi-national perspective, 167-180*. New York: The Haworth Press.

Van Niekerk, A.A. 2005. *Teodisee en misterie: oor God, kwaad en lyding*. *Nederduits-Gereformeerde Teologiese Tydskrif,* deel 46, nrs. 3 &4, September en Desember.

Van Wyk, A. 2006. God kan 1 ding nie doen – en dis lieg. *Beeld* 26 Junie, 18.

Viau, M. 1999. *Practical theology. A new approach*. Leiden: Brill.

Viljoen, J.J. 2008. Perspektiewe met betrekking tot veranderings in ons Skrifbeskouing. *Roeping en Riglyne*, 56: 2 Augustus, 16-17

Vollenhoven, D.H.Th.1950. *Geschiedenis der wijsbegeerte*. Franeker: Wever.

Von Bertalanffy, L. 1968. *Organismic psychology and systems theory.* Massachusetts: Clark University Press.

Vos, C. & Müller, J. 1990. *God in ons lyding*. Pretoria: Orion.

Webster's new international dictionary of the English language. 1910. London: Merriam.

White, S.K.1990. *Political theory and postmodernism*. New York: Cambridge University Press.

White, M. & Epston, D. 1990. *Narrative means to therapeutic ends*. New York: Norton.

Whitehead, E.A. and Whitehead, J.D. 1992. *Christian life patterns: The psychological challenges and religious invitations of adult Life*. New York: Crossroad.

Woordeboek van die Afrikaanse taal, 1961. Deel 4, H-I. Pretoria: Staatsdrukker.

Yancey, P. & Brand, P. 2005. *Na God se beeld. Die wonder van die menslike liggaam as beeld van die liggaam van Christus*. Kaapstad: Struik.

Zerfass R. & Greindsche, N. 1974. *Einführung in die praktische Theologie*. Kaiser: Grünewald.

# OPSOMMING

In hierdie studie word gefokus op die groeiende getalle bejaarde persone en die pastoraal-terapeutiese implikasies wat dit inhou. Die vooruitgang op mediese gebied en sosio-ekonomiese ontwikkelinge bied aan persone bo 65 jaar ‘n langer lewensverwagting en stel hulle in staat om tot op ‘n hoër ouderdom aktief te bly. Demografies beteken dit dat bejaardes ‘n groter proporsie van bevolkings oor die wêreld uitmaak. Hierdie wêreldwye tendense is ook in Suid-Afrika onder alle bevolkingsgroepe merkbaar met omvangryke implikasies op alle lewensterreine, en in die besonder ook op die gebiede van pastorale sorg en geestelike welsyn. Persone in die ouderdomsgroep bo 80 vorm die segment waar die groeiende getalle proporsioneel die hoogste is. Terselfdertyd sluit hierdie groep die meeste verswakte bejaardes in met besondere behoeftes aan pastoraal-terapeutiese ondersteuning en betrokkenheid.

Ontwikkelinge op die gebied van die Praktiese Teologie word nagegaan met besondere verwysing na die effek van ‘n hermeneutiese benadering in die lig van postmoderne en “postfoundationalist”-paradigmas. Basisteoretiese, praktykteoretiese en metateoretiese uitgangspunte word aangedui as navorsingslense soos aangewend vanuit ‘n diakoniologiese posisionering. Die bedoeling is om pastorale terapie aan persone bo 80 deur hierdie prakties-teologiese uitgangspunte te bestudeer.

In hoofstuk 2 word die historiese ontwikkeling van hermeneutiese teorie wat lei tot die vorming van ‘n hermeneutiese denkraamwerk nagegaan. Die pastoraal-terapeutiese implikasies van ‘n hermeneutiese paradigma, met insluiting van ‘n sistemiese benadering en die aanwending van die narratief en storievertelling word krities ondersoek. Meta-teoretiese psigoterapeutiese narratiewe metodes en pastoraal-terapeutiese modelle wat verskillende prakties-teologiese aksente verteenwoordig, word vanuit ‘n diakoniologiese posisionering beoordeel.

In hoofstuk 3 word metateoretiese gerontologiese en psigologiese uitgangspunte in oënskou geneem. In die praktyktoepassing word gefokus op persone woonagtig in ‘n aftreeoord vir bejaardes. Inwoners se omstandighede en sienings word in ‘n menings-opname verken. Basisteoretiese uitgangspunte word bespreek met verwysing na die modelle van Louw en Gerkin. Hierdie en ander prakties-teologiese uitgangspunte word as lense toegepas in deelnemendeaksienavorsing.

In hoofstuk 4 word praktykteoretiese pastoraal-terapeutiese benaderings aan die orde gestel met besondere verwysing na Müller se praktyk-teorie-praktyk-spiralende model. Verdere navorsingsverslae van ontmoetings met persone bo 80 volg, soos gesien deur die verskillende prakties-teologiese lense. Die verskillende perspektiewe bied waardevolle aanvullende en verhelderende uitkomste. Basisteoreties verleen die herbesinning oor Christelike heilswaarhede en in besonder die troos van 'n eskatalogiese uitsig opnuut die geleentheid tot geloofsbevestiging. Deur terapeutiese narratiewe betrokkenheid word herinneringe uit die eie lewensverhaal, en in die besonder die realiteit van die belewenis van swakheid, pyn en afhanklikheid, in die konteks van die Groot Verhaal geplaas.

Die metateoretiese gerontologiese en psigologiese lens voeg waardevolle perspektiewe tot die belewing van die hoër ouderdomsfases toe, wat tot sinvolle pastoraal-terapeutiese aanwending bydra. Insig is toegevoeg tot die verstaan van die behoefte aan geestelike verdieping en die bereiking van integriteit in eie lewe deur selfaanvaarding en gero-transendensie. Psigoterapeutiese narratiewe metodes soos dekonstruksie, ekster-nalisering en unieke uitkomste is met vrug binne 'n diakoniologiese skriftuurlik-normatiewe benadering aangewend. 'n Praktykteoretiese spiralende praktyk-teorie-praktyklens het besondere waarde toegevoeg deur nuwe perspektiewe tot die verstaan en interpretasie van die storie te open, gespieël in die verhaal van die Bybel. Hoewel gedragsveranderinge by ouer persone met vasgelegde denkpatrone moeilik haalbaar is, is daar tog 'n mate van sukses behaal in die positiewe hantering van onderlinge verhoudings en beïnvloeding ten opsigte van optrede. Die voordeligste pastoraal-terapeutiese effekte is waarskynlik behaal in die integrasie van herinneringe soos dit in lewensverhale na vore gekom het, met die realiteit van die Christelike belewenis op hierdie laat stadium van die lewe.

# ABSTRACT

Chapter 1 of this study focuses on the growing numbers of older persons and the corresponding pastoral-therapeutic implications. Progressive developments in medical research and treatment and socio-economical change offer persons older than 65 a longer life expectancy and enable them to remain active for a longer period. The demographical implication is that persons in this age group form a larger proportion of populations across the world. These worldwide trends are also evident among all population groups in South Africa with comprehensive consequences in all areas of life, in particular also in respect of the pastoral care and spiritual well-being of the aged. The largest proportional increase in numbers is in the age group above 80. This population segment also includes the largest number of frail elderly persons, who have a special need of pastoral therapeutic support and involvement.

In the context of developments in Practical Theology special reference is made to the effects of a hermeneutic approach manifested in post-modern and post-foundationalist paradigms. A diaconiological frame of reference is maintained in the discussion of basis-theoretical, meta-theoretical and practical-theoretical methods of approach. In research studies of meetings with elderly residents, based on participative action research, observations are made using the different pastoral-therapeutic approaches as lenses.

In chapter 2 the historical development of hermeneutic theory leading to the construction of a hermeneutic paradigmatic frame is pursued. Pastoral-therapeutic implications of a hermeneutic paradigm, which include a systemic and narrative approach, are critically considered. Metatheoretical psychotherapeutic narrative methods and pastoral therapeutic models, which represent different emphases, are critically evaluated from a diaconiological position.

In chapter 3 metatheoretical gerontological and psychological scientific contributions are discussed. Residents in a retirement village who wish to receive pastoral therapy are involved in practical applications. The circumstances and views of residents were solicited in a general opinion survey.

Basis-theoretical points of departure are elucidated with reference to the pastoral-therapeutic models of Louw and Gerkin. Basic-theoretical and other practical theological points of departure are applied as lenses in participative action research.

Practical theoretical pastoral therapeutical approaches are introduced in chapter 4 with special reference to the practice-theory-practice spiralling model of Müller. This is followed by research reports of meetings with persons older than 80, in which perspectives that arose from views through the different practical-theological lenses are given. Perspectives gleaned from the different approaches enhanced the value of results separately and jointly.

Contemplation of the Christian truths of salvation and particularly the comfort of eschatological promise afforded basis-theoretical opportunities for the affirmation of faith. Memories from the respondents' own life stories, in particular of the experience of weakness, pain and dependency, could be placed in the context of the Grand Narrative in the process of therapeutic narrative involvement. The metatheoretical gerontological and psychological lenses contributed valuable perspectives to the experience of later old age, leading to meaningful pastoral-therapeutic application. A better understanding of the need for spiritual growth and the achievement of integrity through self-acceptance and gero-transcendancy could be gained. Psychotherapeutic narrative methods such as deconstruction, externalization and unique outcomes could be applied with good outcomes in a diaconiological scriptural normative approach. Through the application of a practical-theoretical spiralling practice-theory-practice lens special value could be added by close integration of the own story with the story of the Bible. Although behavioural changes in older persons who have set thinking patterns are difficult to achieve, limited success was achieved in the positive handling of mutual relations of inmates and influencing their actions. The most beneficial pastoral-therapeutical effects were probably achieved in respect of the integration of memories of life, which surfaced in stories told in conjunction with the reality of Christian experience at this late stage of life.

# TREFWOORDE

Persone bo 80 jaar

Bejaardes

Pastorale terapie

Pastorale berading

Deelnemende aksienavorsing

Prakties-teologiese uitgangspunte

Diakoniologiese benadering

Narratiewe pastorale benadering

Hermeneutiese pastorale benadering

Basisteoretiese uitgangspunt

Metateoretiese uitgangspunte

KEYWORDS

Persons older than 80

The aged

Pastoral therapy

Participation action research

Practical theological approaches

Diaconiological approach

Narrative pastoral approach

Hermeneutical pastoral approach

Basis-theoretical viewpoint

Metatheoretical viewpoint